



**DIE BESKIKBAARSTELLING, DEUR DIE BYBELGENOOTSKAP
VAN SUID-AFRIKA, VAN DIE BYBEL IN DIE INHEEMSE
TALE VAN SUID-AFRIKA – 'N MISSIOLOGIESE STUDIE**

deur

CHARL FRANCOIS SIEBERHAGEN

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

aan

die Fakulteit Teologie

Universiteit Pretoria

Promotor: prof JJ Kritzinger
Mei 2000
Pretoria

VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie proefskrif wil ek die behoefte om dankie te sê verwoord in die volgende paragrawe. My dank aan die volgende persone:

Aan my studieleier, prof JJ Kritzinger, 'n opregte woord van dank. Sonder u hulp, raad en leiding sou hierdie proefskrif nie tot voltooiing kon kom nie. Dit was voorwaar 'n voorreg om saam met iemand te werk wat 'n passie en liefde het vir die gedrukte Woord, die Bybel en wat glo aan die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Aan my vrou, Andrea en my twee kinders, Charlea en Francois wat tevrede moes wees met 'n pa wat té veel en té lank voor die rekenaar moes sit. Julle liefde en ondersteuning is vir my kosbaar en ek sal julle altyd innig dankbaar bly.

Aan my ma, Mana wat nooit getwyfel het aan my vermoë om die werk af te handel nie en my altyd aangemoedig het. My skoonma, Heila du Plessis wat opreg belanggestel het in my vordering met die proefskrif.

Aan Sanet van Niekerk, dankie dat jy die pad saam gestap het. Ek waardeer dit baie. Vena Rabe wat die proefskrif taalkundig versorg het, baie dankie. Tersia Oelofse wat my ingelei het in die gebruik van die rekenaar en wat baie tikwerk moes korrigeer. Aan Paul du Plessis, wat as vriend vir my oneindig baie beteken.

Aan die Hoofsekretaris van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Raad, wat my die geleentheid gebied het om hierdie studie te onderneem. Ek waardeer dit. Aan ds Kobie Krige, jou insig en raad was altyd vir my kosbaar.

Aan my hemelse Vader wat my die krag en leiding gegee het om hierdie proefskrif te voltooi. Mag Sy Woord, in watter formaat ook al, deur die hele wêreld triomfeer.

SOLI DEO GLORIA

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1	Relevansie van die studie	1
1.2	Navorsingsprobleem	2
1.3	Hipotese	3
1.4	Inligtingversameling	3
1.4.1	Gepubliseerde bronne	4
1.4.2	Persoonlike onderhoude	4
1.4.3	Agendas en Notule	5
1.4.4	Artikels	5
1.4.5	Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Inligtingsentrum	5
1.4.6	Metode van navorsing	6
1.5	Hoofstukindeling	6
1.5.1	Hoofstuk 2	6
1.5.2	Hoofstuk 3	7
1.5.3	Hoofstuk 4	7
1.5.4	Hoofstuk 5	7
1.5.5	Hoofstuk 6	8
1.5.6	Hoofstuk 7	8
1.6	Slotopmerking	8

HOOFSTUK 2

SENDINGVISIE – 'N UITGANGSPUNT (DEFINISIE)

2.1	Inleiding	10
2.2	Die Bybel	12
2.3	Definisie van sending	16
2.4	Doel van Sending	20
2.5	Medewerkers in die sendingpoging	24
2.5.1	Die Kerk as vennoot en rolspeler in die sendingpoging	25
2.5.2	Sendinggenootskappe as rolspelers in die sendingpoging	30
2.5.3	Die gelowiges/sendelinge as rolspelers in die sendingpoging	36
2.5.4	Die Bybelgenootskappe as rolspelers in die sendingpoging	37
2.5.4.1	Ontstaansgeskiedenis van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika	37
2.5.4.2	Die rol van die gedrukte Bybel in die sendingpoging	43
2.6	Sendingvisie - 'n definisie	47
2.6.1	Visie	47
2.6.2	Die funksionering van die visie	48

HOOFSTUK 3

DIE MISSIONÊRE GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA, 'N OORSIG

3.1	Inleiding	50
3.2	Teologiese en Sendingparadigmas in Europa rakende die Bybel	50
3.2.1	Ontwaking en Evangeliese Beweging 1700-1800	50
3.2.2	Modernisme 1800-1900	55
3.2.3	Die oorgang van die modernisme na die post-modernisme 1900 – 2000	56
3.3	Sendingontwikkeling in Suid-Afrika sedert 1652	60
3.3.1	Die tydperk 1652 tot 1800	60
3.3.2	Die tydperk 1800 tot 1824	65
3.3.3	Die tydperk 1824 tot 1900	71
3.3.3.1	Die invloed van die Groot Trek	73
3.3.3.2	Die invloed van die Boere Republieke	76
3.3.3.3	Die invloed van die ontdekking van goud	78
3.3.3.4	Die invloed van die Anglo-Boereoorlog	79
3.4	Die tydperk 1900 tot 1994	81
3.4.1	Staatkundige ontwikkeling	82
3.4.2	Kerklike ontwikkeling	82
3.4.3	Die ontwikkeling en invloed van Apartheid	85
3.4.4	Die opkoms van die Onafhanklike Swart kerke	88
3.5	Die tydperk 1994 en daarna	90

HOOFSTUK 4

DIE BYBEL, EN DIE BYBELGENOOTSKAP SE ROL IN DIE SENDINGPOGING IN SUIDER-AFRIKA

4.1	Inleiding	92
4.2	Heilige Skrif, Woord van God en Bybel – sinonieme?	93
4.3	Die gedrukte Woord - die noodsaaklikheid daarvan	99
4.4	Die relevansie van die Bybel	103
4.5	Die gesag van die Woord	104
4.6	Die Bybel as sendingmedium	107
4.7	Taal en Sending - motivering vir vertalings	109
4.8	Die geskiedenis van Bybelvertalings in Suider-Afrika	115
4.8.1	Tswana	117
	4.8.1.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Tswana Bybelvertaling	118
4.8.2	Sentraal Tswana (Setswana)	120
	4.8.2.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Setswana Bybelvertaling	121
4.8.3	Xhosa (isiXhosa)	121
	4.8.3.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Xhosa Bybelvertaling	122

4.8.4	Suid-Sotho (Sesotho)	125
	4.8.4.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Suid-Sotho Bybelvertaling	125
4.8.5	Zulu (isiZulu)	126
	4.8.5.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Zulu Bybelvertaling	126
4.8.6	Tsonga (Xitsonga)	128
	4.8.6.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Tsonga Bybelvertaling	128
4.8.7	Noord-Sotho (Sepedi)	129
	4.8.7.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Noord-Sotho Bybelvertaling	130
4.8.8	Venda (Tshivenda)	130
	4.8.8.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Venda Bybelvertaling	131
4.8.9	Afrikaans	131
	4.8.9.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling	132
4.8.10	Swati (siSwati)	134
	4.8.10.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Swati Bybelvertaling	134
4.8.11	Suid-Ndebele (isiNdebele)	135
	4.8.11.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Suid-Ndebele Bybelvertaling	135

4.9 Buitelandse betrokkenheid	135
4.9.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van Namibië	137
4.9.1.1 Herero	137
4.9.1.2 Nama	137
4.9.1.3 Ndonga	138
4.9.1.4 Kwanyama	139
4.9.1.5 Kwangali	139
4.9.1.6 Dhimba	139
4.9.1.7 Kung	140
4.9.1.7.1 Kung (Tsumke)	140
4.9.1.7.2 Kung (Gobabis)	140
4.9.1.7.3 Kung (Ekoka)	140
4.9.1.8 #'Akhoe	141
4.9.1.9 Gciriku	141
4.10 Die resultaat van hierdie vertaalwerk?	141

HOOFSUK 5

DIE ROL VAN KERKE EN DIE CHRISTELIKE GEMEENSKAP IN DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE BYBELGENOOTSKAP MET VERWYSING NA DIE PRODUKSIE EN VERSPREIDING VAN BYBELS

5.1 Inleiding	148
----------------------	------------

5.2	Verhouding: Kerk en Bybelgenootskap	150
5.2.1	Die rol van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe (WBG) wêreldwyd	150
5.2.1.1	Chiang Mai, Thailand	150
5.2.1.2	Budapest, Hongarye	152
5.2.1.3	Mississauga, Kanada	154
5.2.2	Die implementering van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe se besluite in Afrika	156
5.2.3	Wet No 15, 1970. Wet op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1970	161
5.2.4	Die verhouding tussen kerk en Bybelgenootskap van Suid-Afrika	163
5.3	Bybelproduksie in Suid-Afrika	165
5.4	Bybelverspreiding in Suid-Afrika	167
5.4.1	Verspreidingsyfers volgens dekades	168
5.4.2	Binnelandse verspreidingsyfers	170
5.4.3	Verspreidingsyfers volgens streke	173
5.4.4	Verspreidingsyfers volgens tale	175
5.4.5	Verspreidingskanale	181
5.4.6	Verspreidingsyfers volgens subsidie	183
5.5	Verspreidingsyfers in Transkei	184
5.6	Spesiale Formate Bybels	185
5.6.1	Braillebybels en Skrifdele	185
5.6.2	Oudiobybels en ander materiaal	187

5.6.3	Nuwe Lesergedeeltes	189
5.7	Bybels gelewer aan die Buiteland	190

HOOFSUK 6

DIE FINANSIËLE ONDERBOU VAN DIE BYBELGENOOTSAP VAN SUID- AFRIKA

6.1	Inleiding	193
6.2	Finansiële posisie sedert 1965	195
6.3	Finansiële posisie sedert 1990	197
6.4	Bronne van inkomste	198
6.5	Inkomste volgens streke	200
6.6	Inkomste van Transkei	201
6.7	Bibliathon 1991 en 1994	202
6.8	Verkope van Bybels	204
6.9	Bedryfsuitgawes van die Bybelgenootskap	205
6.10	Rol van die Sekretariskorps in die werksaamhede van die Bybelgenootskap	207
	6.10.1 Sekretariskorps	207
	6.10.2 Die definiëring van die sekretariskorps	208
	6.10.2.1 Hoofkantoor	209
	6.10.2.2 Streekkantoor	210

6.10.3	Werkswyse van Sekretarisse	212
6.11	Donateurs	217
6.11.1	Individue	217
6.11.1.1	Ontleding van skrywes	218
6.11.1.2	Kwalitatiewe ondersoek	220
6.11.1.3	Kontak met donateurs	223
6.11.2	Kerke	225
6.11.3	Testamentêre bemakings	228
6.11.4	Besighede	228
6.12	Terugblik: Die Bybelgenootskap en sy fondsinsamelingspoging	229

HOOFSTUK 7

DIE BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA EN DIE UITDAGINGS IN DIE TOEKOMS

7.1	Uitdagings ten opsigte van die toekoms	234
7.2	Uitdagings ten opsigte van Vertalings	235
7.2.1	Afrikaanse Bybel vir Dowes	235
7.2.2	Suid-Ndebele vertaling	237
7.2.3	Die ongeletterdes	238
7.2.4	Ander Godsdienste	244
7.3	Uitdagings ten opsigte van produksie	245



7.3.1	Produksie vir die buiteland	245
7.3.2	Buiteblaaie van produkte	246
7.4	Uitdagings ten opsigte van verspreiding	248
7.5	Uitdagings ten opsigte van fondsinsameling	251
7.6	Uitdagings ten opsigte van internasionale betrekkinge	255
7.6.1	Opportunity 21	255
7.6.2	Buitelandse betrokkenheid	258
7.6.3	Transkei	260
7.7	Uitdagings ten opsigte van die dag-tot-dagaktiwiteite	260
7.8	Slot	261
	BIBLIOGRAFIE	263
	OPSOMMING	284
	SUMMARY	286

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Relevansie van die studie

Die Vlootkommissaris, Jahleel Brenton, se ywer en passie vir Bybelverspreiding lei tot die stigting van die tweede Hulpvereniging van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap in Afrika. Hierdie stigtingsvergadering vind plaas onder voorsitterskap van die luitenant-goewerneur aan die Kaap, sir Rufane Donkin, op 23 Augustus 1820. Hierdie Hulpvereniging aan die Kaap het aanvanklik goed en met baie passie gefunksioneer.

Die entoesiasme het egter begin taan en uiteindelik het die Hulpvereniging net in naam en op papier bestaan. Op 26 Julie 1846, onder leiding van TJ Bourne, word daar nuwe lewe in die Suid-Afrikaanse Hulpvereniging of “South-African Auxiliary” geblaas.

In April van 1961 vind daar ’n naamsverandering plaas en word die nuwe naam: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Hulpvereniging van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap. Vier jaar later, op 1 November 1965, word die Bybelgenootskap van Suid-Afrika losgemaak van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap en kon die Bybelgenootskap van Suid-Afrika sy volwaardige plek inneem as onafhanklike Bybelgenootskap by die Wêreldbond van Bybelgenootskappe.

Die Bybelgenootskap as unieke organisasie, (dit is nie ’n kerk nie en ook nie ’n nie-regeringsorganisasie nie) word gereguleer deur ’n landswet. Sedert Wet 15 van 1970 geproklameer is in die Staatskoerant, funksioneer die Bybelgenootskap van Suid-Afrika op ’n geordende manier soos deur die Bybelgenootskap Wet bepaal is. Tot op hede is die werk van die Bybelgenootskap onderhewig aan die voorskrifte van die wet ten opsigte van sy werksterrein en daaglikse funksionering.

Deur die jare heen het die Bybelgenootskap erns gemaak met die opdrag: ’n Bybel aan elke mens in sy eie taal teen ’n bekostigbare prys. Met hierdie visie as

vertrekpunt, het die Bybelgenootskap van Suid-Afrika 'n groot rol gespeel ten opsigte van die kerstening van Suid-Afrika.

Die geskiedenis van die Bybelgenootskap is wel deur AP Smit geboekstaaf. Die boek: God het laat groei, is die geskiedenis vanaf 1820 tot en met 1970. Die voormalige Hoofsekretaris van die Bybelgenootskap, ds Gerrit van der Merwe, is gevra om die geskiedenis op te teken vanaf 1971 tot en met 1995. Hierdie werk is tot op hede nog nie gepubliseer nie.

Daar is egter nog nooit vanuit 'n missiologiese hoek gekyk na die interaksie van die kerke, sendingorganisasies en die Bybelgenootskap nie ten einde vas te stel op welke manier die Bybelgenootskap die kerke en sendingorganisasies behulpsaam was in die uitvoering van die missionêre opdrag, soos verwoord in Matteus 28:19 en Handeling 1:8.

1.2 Navorsingsprobleem

Jare gelede, in 1970, is die geskiedenis van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika geboekstaaf deur AP Smit vanuit 'n ekklesiologiese oogpunt. Daar was verder nog ander pogings om die geskiedenis te verantwoord, hetsy van die Bybelgenootskap self of van sy werksaamhede soos byvoorbeeld van die vertalings wat gedoen is.

Allerweë word daar deur beide die kerke en sendingorganisasies, asook die Bybelgenootskap aanvaar dat laasgenoemde die kerke en sendingorganisasies se “arm” geword het ten opsigte van Bybelvertaling, -produksie en -verspreiding. Bybelverspreiding per definisie hou die voorsiening van Bybels en verwante materiaal vir gebruik en verspreiding deur die kerke en sendingorganisasies in.

Die vraag wat egter nog nooit gestel is nie, is: wat motiveer die Bybelgenootskap om met sy werksaamhede voort te gaan? Wat is onderliggend aan die goeie samewerking tussen die kerke en sendingorganisasies en die Bybelgenootskap?

Ek sal graag hierdie “kreatiewe spanning” tussen die Bybelgenootskap en die kerke asook sendingorganisasies wil belig vanuit die enorme rol wat beide die kerke en

sendingorganisasies asook die Bybelgenootskap gespeel het ten opsigte van die kersteningsproses in Suid-Afrika.

Daar moet in gedagte gehou word dat die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap juis ontstaan het uit die Evangeliese bewegings in Brittanje in die vroeë 1800. Hierdie beweging het vanuit die staanspoor 'n groot sendingywer geopenbaar. Ek is van mening dat hierdie missionêre atmosfeer deurentyd aanwesig is in die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, alhoewel dit nog nooit eksplisiet so gestel is nie.

Hierdie aanname is nog nie wetenskaplik ondersoek en beredeneer nie, en ek sal graag daarop wil fokus, aangesien ek daagliks by die Bybelgenootskap betrokke is as werknemer van hierdie organisasie. Ek is nie slegs 'n werknemer van die Bybelgenootskap nie, maar my denke het ook 'n sterk missionêre inslag.

1.3 Hipotese

Die hipoteses wat ek graag sal wil bewys is:

- a) dat die kerke en sendingorganisasies nie hulle missionêre taak en roeping sonder die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika sou kon volvoer nie;
- b) dat die Bybelgenootskap nie sy missie kan volvoer sonder die ondersteuning van die kerke, sendingorganisasies en van medegelowiges nie; en
- c) dat die kerk, sendingorganisasies en gelowiges juis by die Bybelgenootskap betrokke raak as gevolg van 'n missionêre visie wat by hulle aanwesig is.

1.4 Inligtingversameling

Die doel van die navorsing is om nie net die geskiedenis van die Bybelgenootskap asook die sendinggeskiedenis van Suid-Afrika na te spoor nie, maar om aan te toon wat die verband was tussen die werk van die Bybelgenootskap en die kerke asook die sendingorganisasies. Die inligting vir hierdie studie is op die volgende maniere

ingesamel:

1.4.1 Gepubliseerde bronne

Daar was ten opsigte van die kersteningsproses in Suid-Afrika en die verskillende rolspelers genoegsame en relevante inligting beskikbaar. Die gepubliseerde bronne is gelees ten einde die relevante stof te versamel.

Bronne in verband met die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se betrokkenheid by hierdie aktiwiteite was baie min en daar moes merendeels staatgemaak word op die Bybelgenootskap se eie dokumentasie. Nie net bronne wat handel oor die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is gelees nie, maar ook bronne wat handel oor die werksaamhede van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, die Wêreldbond van Bybelgenootskappe, asook ander relevante teologiese werke.

1.4.2 Persoonlike onderhoude

Daar is 'n formele onderhoud gevoer met die huidige Hoofsekretaris van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, maar ook met van die voormalige Hoofsekretarisse. Met ander Sekretarisse van die Bybelgenootskap is daar op 'n ad hoc basis onderhoude gevoer. Daar is persoonlik en telefonies met donateurs geskakel ten einde 'n volledige beeld te kry van hulle ingesteldheid ten opsigte van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se werksaamhede.

Lede verbonde aan die Streekraad van die Johannesburgstreek is ook genader vir onderhoude wat nie almal formeel gestruktureerd was nie. Hulle sieninge en insette is aangehoor en daar is aantekeninge van gemaak.

Op 'n ad hoc basis is daar gesprekke gevoer met die personeel verbonde aan die Suider-Afrika Streekkantoor van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe. Hulle was uiters behulpzaam veral ten opsigte van sake wat hulle kantoor raak.

Aangesien die navorser 'n werknemer van die Bybelgenootskap is en self by deputasiewerk of ander genoemde promosiewerk betrokke is, is daar uit die aard van

die saak wye skakeling met leraars, van 'n wye verskeidenheid van kerke asook betrokkenes by sendingorganisasies. As gevolg van my optrede by gemeentes en ander byeenkomste word daar op 'n gereelde grondslag met donateurs omgegaan en van hulle sieninge en gevoelens kennis geneem.

1.4.3 Agendas en Notule

'n Belangrike deel van die navorsing handel oor die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Die belangrikste inligting wat nie reeds geboekstaaf is nie, moes versamel word vanuit notules en agendas van die Nasionale Raad en Uitvoerende Komitee van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Hierdie inligting word geberg in die Bybelgenootskap se Inligtingsentrum en Argief te Kaapstad. Jaarverslae en notules van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is deurgewerk ten einde statistiek en ander relevante inligting te versamel.

Die notules en verslae van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe is deurgewerk ten einde 'n beeld te kry van hierdie sambreelorganisasie se werksaamhede en die rol wat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika daarin speel. Ten einde sekere statistiek te kon versamel, is daar ook na die notules en jaarverslae van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap gekyk en deurgewerk.

1.4.4 Artikels

'n Wye verskeidenheid artikels is in verskillende tydskrifte gelees ten einde 'n indruk te vorm oor die reikwydte van die Bybelgenootskap se werksaamhede asook die missionêre aktiwiteite van kerke en sendingorganisasies in Suid-Afrika, maar ook in Suider-Afrika en in ander wêrelddele.

1.4.5 Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Inligtingsentrum

Besoek is gedurende Junie 1999 en Februarie 2000 gebring aan die Inligtingsentrum by die Hoofkantoor van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika in Kaapstad ten einde navorsing te doen, primêr oor die aktiwiteite van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Tydens hierdie besoek is daar formeel onderhoude gevoer met Bybelgenootskap-personeel wat bepaalde rolspelers is en wat kennis dra van sekere aangeleenthede.

1.4.6 Metode van navorsing

Die bestudering van ongepubliseerde bronne wat meestal Bybelgenootskapnotules en agendas is.

Die bestudering van gepubliseerde bronne in Suid-Afrika wat bestaan uit Sendingteologiese werke, kommunikasie georiënteerde werke met teologiese asook nie-teologiese aanslag.

Die bestudering van gepubliseerde en nie-gepubliseerde sendingteologiese artikels en navorsing.

Onderhoudvoering met relevante rolspelers binne die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Onderhoudvoering met relevante rolspelers binne die Wêreldbond van Bybelgenootskappe

Die doen van 'n kwalitatiewe navorsing ten einde donateurs se beweegredes ten opsigte van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te ondersoek.

1.5 Hoofstukindeling

Die opset van die navorsing is die volgende:

1.5.1 Hoofstuk 2

Hoofstuk 2, wat as inleiding dien tot hierdie navorsing, neem as vertrekpunt die Bybel, sy rol en funksie asook die unieke kenmerke wat dit besit.

Sending as missionêre aktiwiteit word belig en die doel en omvang van sending word

bespreek ten einde parameters vir hierdie studie vas te stel.

Nadat die rolspelers in die sendingpoging asook die onstaansgeskiedenis van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika bespreek is, word daar gepoog om 'n sendingvisie te definieer. Aan die einde van hierdie hoofstuk word die terreine wat getoets moet word duidelik uitgespel.

1.5.2 Hoofstuk 3

Hierdie hoofstuk neem die leser op 'n voëlvlug deur die missionêre geskiedenis van die wêreld asook Suid-Afrika. Die sendingontwikkeling in Suid-Afrika word bespreek en die verskillende paradigmaterskuiwings wat deur die jare plaasgevind het word uitgelig.

1.5.3 Hoofstuk 4

Hierdie hoofstuk maak erns met die vraag na die rol en invloed van die gedrukte Woord in die sendingpoging in Suid-Afrika, maar ook in Suider-Afrika.

Alvorens bogenoemde vrae aangespreek is, is die problematiek aangaande die gedrukte Woord verreken en aangespreek. Die vertalingsgeskiedenis word in detail bespreek en sekere tendense word uitgelig.

Suider-Afrika kom ook aan die beurt as veral die rol van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika in Namibië, Lesotho en Botswana ten opsigte van vertaling bespreek word.

1.5.4 Hoofstuk 5

In hierdie hoofstuk word die rol en betrokkenheid van die breë christelike gemeenskap ten opsigte van die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika bespreek.

In hierdie hoofstuk word daar indringend aandag geskenk aan die werksaamhede en

verhouding tussen die Wêreldbond van Bybelgenootskappe en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Die hoofstuk werp verder lig op die verskillende werksterreine van die Bybelgenootskap en hierdie inligting word deur middel van tabelle en grafieke bespreek. Positiewe asook negatiewe tendense word uitgelig, bespreek en toegelig.

1.5.5 Hoofstuk 6

In hierdie hoofstuk word daar gekyk na die finansiële onderbou van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Daar word teruggegaan in die geskiedenis ten einde sekere patrone te belig en sekere tendense vas te stel.

Die rol van die Bybelgenootskappersoneel word belig in die proses van fondsinsameling en die donateurskorps word onder die loep geneem. Hierdie hoofstuk werp lig op die vraag waar die fondse vandaan kom sodat hierdie organisasie kan bly bestaan en sy taak kan verrig.

1.5.6 Hoofstuk 7

Hierdie hoofstuk neem die uitdagings wat daar wag op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika in oënskou en hierdie sake word in diepte bespreek.

Aan die einde van die hoofstuk word konklusies aangaande hierdie studie gemaak en word die hipoteses beoordeel. Die bydraes deur kerke, sendingorganisasies, die Wêreldbond van Bybelgenootskappe asook die Bybelgenootskap van Suid-Afrika tot die sendingpoging in Suid-Afrika word saamgevat en beoordeel voordat daar tot 'n finale konklusie gekom word.

1.6 Slotopmerking

Dit is die navorser se opregte wens en begeerte dat hierdie proefskrif reg sal laat geskied aan die groot taak wat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, ten spyte van gebreke, uitgevoer het en verder dat die leser van hierdie proefskrif onder die besef sal

kom dat sending nie net die taak van een organisasie of instelling is nie, maar dat die missionêre uitreik spanwerk is. Spanwerk tussen die kerk, sendingorganisasies, gelowiges en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Hierdie spanwerk is tweerigting-verkeer en my bede is dat dit ook in die toekoms in hierdie gees sal bly funksioneer sodat die Koninkryk van God op aarde daardeur verheerlik kan word.

HOOFSTUK 2

SENDINGVISIE – 'N UITGANGSPUNT (DEFINISIE)

2.1 Inleiding

Wanneer Petrus en Johannes voor die Joodse Raad verskyn op aanklagte van dwaalleer aangaande die opstanding van Jesus Christus het hulle met groot waagmoed en oortuiging hulle saak gestel. Hulle relaas word na my mening goed saamgevat in die volgende aanhaling uit die boek Handeling. (Soos aangehaal uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel, wat deurentyd gebruik word.)

Hy bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie (Hand 4:12).

Nadat die twee apostels vrygelaat is deur die Joodse Raad het hulle in gebed getree saam met die ander medegelowiges en gebid:

En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig. Laat u hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van u heilige Dienaar, Jesus. Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig (Hand 4:29-30).

Stefanus, en manne soos Paulus en Barnabas, was van die apostels wat hierdie drang ervaar het om die boodskap aangaande die verlossing in en deur Jesus Christus uit te dra. Hierdie passie en liefde vir God Drie-enig het hulle deur moeilike omstandighede heen na die Jode en die nie-Jode gedryf. Onwrikbaar was hulle in hulle geloof en vasberade om hierdie boodskap van verlossing te proklameer.

Hierdie manne het gehoorsaam kennis geneem van die opdrag deur die Here Jesus:

Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld (Handelinge 1:8).

Sedert daardie tyd het derduisende gelowiges hierdie bemoediging en opdrag ter harte geneem en die boodskap inderdaad tot in die uithoeke van die wêreld gaan uitdra. Maar hierdie uitdra van die evangelie het nie altyd so glad en gelykmatig verloop nie.

Dit is nie sonder rede dat Paul G Hiebert die opmerking maak in die voorwoord van die boek van Charles van Engen, Mission on the Way, as hy skryf:

Mission outreach has always disturbed the peace of the church. This was true of the early church as it encountered and finally incorporated Gentile converts into Christian fellowship (Acts 13, 15). It was true when missionaries evangelized the tribes of Europe and Inner Asia. It is true today as Western Churches encounter non-Western cultures and religions on a global scale (Van Engen 1996:9).

Ten spyte van hierdie skynbare konflik tussen gelowiges wat selfs binne die kerk plaasvind, en plaasgevind het, en in die toekoms sal plaasvind, is daar 'n passievolle dryfkrag agter die sendingpogings of sendinguitreike deur die jare heen.

In die voorwoord tot die boek van Samuel Escobar en John Driver (1978:7) maak R Pierce Beaver die volgende stelling aangaande sendelinge en hulle betrokkenheid by die mense wat hulle bedien het as hy skryf dat dit nie net vir sendelinge gegaan het oor die sieleheil van die wat hulle bedien het nie. Sending het veel wyer gestrek en het ingesluit dat die sosiale omstandighede van hierdie mense moes verbeter en dat hulle beskerm moes word teen die uitbuiters in die vorm van die koloniserende magte en later groot sakeondernemings. Sendelinge het dus gepoog om die mens in sy volle omvang te bedien. Hierdie werk is dan ook gedoen in navolging van Jesus en die voorbeeld wat Hy gestel het.

En dit is hierdie dryfkrag, of anders gestel die gehoorsaamheid aan die sendingopdrag vanuit die Bybel, wat ek wil belig, maar vanuit die perspektief van die

Bybelgenootskap, en dan veral met die klem op die rol van die gedrukte Bybel in die Suid-Afrikaanse sendinggeskiedenis.

2.2 Die Bybel

Bo die deur van Zwingli se kerk in Switserland staan daar uitgekerf in klip: “If you give the Word of God to the people of God, God will speak to His people through it the word they need for their day” (Glasser & McGavran 1983:27).

Vir die bestek van hierdie proefskrif word daar in diepte gekyk na die rol van die gedrukte Woord. Om egter die volle betekenis daarvan te begryp, is dit noodsaaklik dat die rol en plek van die Woord self beoordeel sal word.

Omdat ek die Bybel vanuit ’n gereformeerde teologiese standpunt benader, wil ek sterk aansluit by Johan Heyns in sy beoordeling van wat die Bybel is en waarvoor dit staan en wat die betekenis daarvan vir die gelowige is.

Wat is die Bybel? Die Bybel is die geopenbaarde woord van God. Vir die Christen is dit die hoogste gesag vir leer en lewe. Vir elkeen wat die Bybel goed lees en geestelik hoor, staan een ding sentraal: die stem van God. Maar dan nie die naakte stem van God nie, dog aangekleed met, weggeleë in en aangebied as woorde van mense (Heyns 1978:17-18).

Onder alle boeke neem die Bybel ’n unieke plek in. Geskrywe deur mense, is die Bybel tog direk van God afkomstig. Twee tekste werp besondere lig op hierdie allerdiepste geheim van die Skrif. Petrus skrywe:

want geen profesie is ooit deur die wil van ’n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig (2 Pet 1:21).

Iets van die onweerstaanbare werking van die Gees in die mens, kom hier duidelik na vore in die beeld van ’n stormwind (vgl Hand 2:1-6; Joh 3:8), sodat as die mense spreek, hulle nie uit hulleself spreek nie, maar vanuit God. En Paulus sê:

Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek (2 Tim 3:16) (Heyns 1978:19).

Die Woord het ook 'n bepaalde skopus. Dit moet verstaan word ten einde ten volle te begryp watter rol dit speel as instrument in die sendingpoging. Inderdaad is dit so dat daar heelwat verskillende sieninge gehuldig word deur teoloë aangaande die skopus van die Bybel.

Heyns (1978:28) sê, en ek wil daarby aansluit, dat as die skopus van die Skrif Gods heerskappy is, soos ons dit in Jesus Christus leer ken en daaraan deel kry, spreek dit vanself dat die sleutel vir die verstaan van die Skrif in besit kom alleen van diegene wat alreeds in gehoorsaamheid voor Gods heerskappy gebuig het. Wie die Skrifte wil ontsluit, moet alreeds oopgesluit wees. Die boodskap van die Skrif is 'n boodskap vir alle gelowiges om op alle lewensterreine uit te dra.

Om die Bybel te gebruik as instrument vir die beoefening van sending en as onontbeerlike hulpmiddel vir die kerk en ander rolspelers, moet die eienskappe van die Bybel verstaan word ten einde geloofwaardigheid te verleen aan die boodskap van die Bybel.

Hierdie saak wil ek steeds benader vanuit 'n gereformeerde teologiese siening en weereens sterk aansluit by Heyns wat hierdie kwessie rondom die eienskappe van die Woord soos volg belig. Volgens hom het die Bybel basies vier eienskappe naamlik: dit het gesag, dit is betroubaar, dit is genoegsaam en is duidelik.

Die Bybel het gesag. Aangaande die gesag van die Woord sê Heyns dat die Bybel gesag het, omdat, en alleen omdat dit die boek is van God se spreke. Die gesag van die Bybel kom van God af. Die Bybel het iets om aan die mens te sê, en het 'n reg om dit te sê, ten diepste omdat dit God is wat aan die mens iets wil sê. Dit is dan ook die eerste wortel waaruit die gesag ontspring, naamlik dat die Bybel sy oorsprong in God self het. Die tweede is die boodskap van die Skrif. Komende van God, het die Bybel 'n boodskap wat vir elke mens lewensbelangrik is.

Die Bybel is betroubaar. Verskillende kere lees ons in die Bybel self van sy betroubaarheid (vgl oa Joh 17:17; Tit 3:8; 1 Tim 1:1-15; 2 Petr 1:19; Luk 1:4). Soos in die geval van die gesag, sal ons ook hier moet sê: die Bybel is betroubaar, omdat, en alleen omdat dit die boek is van God se spreke. Die betroubaarheid van die Skrif is die betroubaarheid van God self. Die Bybel is nie vals nie, maar waar, want Paulus sê God lieg nie (Tit 1:2), en Jesus sê: Ek is die waarheid (Joh 14:6) en die Heilige Gees is die Gees van die waarheid (Joh 16:13).

Die Bybel is genoegsaam. Die boodskap van die Skrif, net soos ons dit het, sonder weglating of aanvulling, is genoegsaam en noodsaaklik (vgl Joh 20:30; 2 Tess 2:15; Openb 22:18,19). Daarom beluister ons 'n skerp protes teen 'n ander evangelie (Gal 1:8; 2 Kor 11:46), 'n ander Jesus (2 Kor 11:4a), en 'n ander leer (1 Tim 1:3). Maar hoe kan dit ook anders as Jesus sê: Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook (Joh 11:25). En elders het Hy verklaar: Ek is die ingang, as iemand deur My ingaan, sal hy gered word (Joh 10:9). Van die Jesus wat die heil op so 'n eksklusiewe wyse met Homself verbind, getuig die Bybel, en juis daarin is sy genoegsaamheid en noodsaaklikheid gegrond (vgl Joh 20:31; 2 Tim 3:15; Deutr 4:2;11;32). Die heil en die weg tot die heil wat geopenbaar is, en in die Bybel op Skrif gestel is, is voldoende, iets anders of iets meer is nie nodig nie.

Die Bybel is duidelik. Die feit dat die Bybel 'n openbaringsboek is, impliseer dat die Bybel nie 'n geslote boek kan wees nie. Wat sou die sin van openbaring wees, as die mens dit nie kan begryp en verstaan nie? Dan was dit immers geen openbaring nie. En tog impliseer die duidelikheid van die Skrif nie dat alle dinge waaroor gehandel word, so eenvoudig en deursigtig is, dat alle mense sonder onderskeid dit as 't ware met die eerste oogopslag kan verstaan nie.

Inteendeel, dit gaan in die Skrif inderdaad om die verborgenhede wat ver bo die natuurlike menslike verstand uitgaan (2 Pet 3:16). Daarom moet die duidelike betekenis van die Skrif ontworstel word langs die weg van Skrifondersoek (Joh 5:39), in die gees van gebed om die opening van oë wat van nature geslote is (Ps 119:18) en die opening van harte wat traag is om te glo (Luk 24:25) - uiteraard in vertroue op die verliggende werking van die Gees. As die Bybel die boek is wat die Gees laat skrywe het, spreek dit vanself dat dit alleen Hy is wat dit ook aan mense kan verduidelik (1

Kor 2:14). (Vir die voorafgaande formulerings sien Heyns 1978:11-14.)

Hendrik Kraemer skryf aangaande die unieke karakter van die Bybel soos volg:

The peculiar character of the Bible is that it is radically religious. The Bible is also intensely ethical. The ethical is always in the Bible submerged in, derived from, and subordinated to, the religious, because the Bible is radically theocentric. In calling the Bible a radically theocentric book we simply mean to say that the Bible takes in a radically serious fashion the fact that God is God, that He is the absolute Sovereign and the only rightful Lord, with all the consequences that are implied for the world, human life and the position of man (Kraemer 1938:63).

In Die Kerkbode van 3 Desember 1999 (Deel 163,nr 14) is die Geloofsverklaring 2000 gepubliseer wat in die woorde van prof Danie du Toit 'n werksdokument is wat handel oor hoe ons geloof gesien word. Hierdie eietydse dokument raak die Bybel aan en in die Tweede Verklaring word daar geskryf:

Ons glo

- dat ons deur die Bybel leer wie God is
- dat God vandag nog deur die Bybel met ons praat
- dat die Bybel onder leiding van die Heilige Gees deur mense geskryf is en dat die Heilige Gees die gelowiges as gemeenskap kan lei om die Bybel in hulle tyd nuut te verstaan
- dat die Bybel die blye boodskap is van God se liefde vir mense
- dat die Bybel ook vertel van God se veroordeling van die kwaad
- dat die onderskeie dele van die Bybel verskillend aangebied word – as vertellings oor die voorgeskiedenis, profesieë, gedigte, reisbeskrywings, verhale, briewe – en dat elke Skrifdeel aan die hand van sy besondere aard en lig van die geheel verstaan en verklaar moet word.

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat die Bybel onontbeerlik is om die geopenbaarde wil van God en die heil wat daar in Christus is, aan mense bekend te maak. Die Bybel moet egter beskikbaar en toeganklik wees. In hierdie proses van

besikbaarheid en toeganklikheid speel die Bybelgenootskap 'n wesenlike rol. Tereg kan die vraag gevra word of die Bybel in sy huidige gedrukte vorm ten volle toeganklik is vir almal in hierdie land. Hierdie toeganklikheid sal inderdaad bespreek moet word.

2.3 Definisie van Sending

Vir die daarstelling van 'n sendingvisie is dit noodsaaklik dat daar 'n duidelike beeld sal wees wat bedoel word met sending, aangesien die definisie van sending bepalend is vir die uitgangspunte in 'n sendingvisie.

Barrett (1987:41) worstel in sy boek Evangelize juis met die vraag wat word met evangeliseer en evangelisasie bedoel en wat is die verwantskap tussen hierdie twee begrippe en sending. Nadat hy 'n deeglike studie gemaak het van die ontwikkeling van hierdie begrippe, kom hy tot twee gevolgtrekkings. Die eerste is dat, nadat hy die definisie van McGavran ontleed het wat evangelisasie soos volg definieer: "Evangelism is the process of presenting the Gospel with the intent that the person hearing it should become a follower of the Lord Jesus Christ", daar nie werklik onderskeid gemaak kan word tussen sending en evangelisasie nie.

Tweedens kom Barrett (1987:79) tot die konklusie dat die kerk 'n behoefte het aan die teoretiese fundering van evangelisasie, maar net soveel behoefte het aan die praktiese vergestaltung van evangelisasie. Nie net die waarom nie, maar ook die hoe.

Na my mening handel dit in die hele debat van wat bedoel word met sending, en die paradigmaskuiwe wat inderdaad deur die eeue plaasgevind het, juis oor die inkorporering van bogenoemde begrippe in sending. Hierdie poging wat deur die jare aangewend is, word baie goed verwoord deur Bosch wat skryf:

During the past half a century or so there has been a subtle but nevertheless decisive shift towards understanding mission as Gods mission. During preceding centuries mission was understood in a variety of ways. Sometimes it was interpreted primarily in soteriological terms: as saving individuals from eternal damnation. Or it was understood in cultural terms: as introducing

people from the East and the South to the blessings and privileges of the Christian West. Often it was perceived in ecclesiastical categories: as the expansion of the church (or a specific denomination). Sometimes it was defined salvation-historically: as the process by which the world – evolutionary or by means of a cataclysmic event – would be transformed into the kingdom of God (Bosch 1991:389).

Dit word vandag algemeen deur sendingteoloë aanvaar, in aansluiting by Karl Barth, wat by die Brandenburg Sendingkonferensie in 1932 aangevoer het dat sending 'n aktiwiteit van God self is. By die sendingkonferensie by Willingen (1952) bereik Barth se invloed sy hoogtepunt wanneer hy sê dat sending sy oorsprong in die natuur van God het en dat sending daarom Trinitaries benader moet word.

Mission was understood as being derived from the very nature of God. The classical doctrine on the *missio Dei* as God the Father sending the Son, and God the Father and the Son sending the Spirit was expanded to include yet another movement: Father, Son, and Holy Spirit sending the church into the world (Bosch 1991:390).

Teoloë aanvaar vandag almal dat sending in die eerste en laaste plek *missio Dei*, God se sending is. Sending is God se selfopenbaring aan en betrokkenheid in en met die wêreld.

Bosch maak in sy boek Transforming Mission onderskeid tussen sending (mission) en sendingwerk of sendinguitreike (missions). Sending of “mission” verwys primêr na die *missio Dei* (God se sending). Sending is dus God se sending.

God's selfrevelation as the One who loves the world, God's involvement in and with the world, the nature and activity of God, which embraces both the Church and the world, and in which the church is privileged to participate. *Missio Dei* enunciates the good news that God is a God-for-people (Bosch 1991:10).

Sending word dus deur Bosch gesien as 'n beweging van God na die wêreld (*Missio Dei*) en die kerk word as 'n instrument beskou om die koninkryk van God uit te brei

(missio ecclesiae) (Bosch 1991:390-392).

In een van sy vroeëre werke skryf Bosch dat sending by God self begin. Hy sê verder:

God is dus 'n sendende God. 'n God wat grense na die wêreld oorsteek. Reeds by die skepping is God die sendende God, met die Woord en Gees as “sendelinge” (vgl Gen 1:2,3).

God stuur ook die vleesgeworde Woord, sy Seun, in die wêreld in. En Hy stuur sy Gees. Sending is die selfprysgawe van God, sy gedaanteverwisseling, sy menswording, sy verruiling van sy godheid om die mensdom ontwil, sy beweging in die wêreld in, in die gestalte van sy Seun en sy Gees (Bosch 1979:239).

Vanuit hierdie siening van wat sending ten grondslag lê, sal daar gekyk moet word na 'n gepaste sendingdefinisie wat aanvaarbaar sal wees en sal meehelp om 'n sendingvisie daar te kan stel.

Charles van Engen poog om 'n sendingdefinisie daar te stel in sy boek Mission on the Way en dit lui soos volg:

Mission is the people of God intentionally crossing barriers
from church to nonchurch, faith to nonfaith,
to proclaim by word and deed
the coming of the kingdom of God
in Jesus Christ;
this task is achieved by means of the church's participation
in God's mission of reconciling people
to God, to themselves, to each other, and to the world,
and gathering them into the church
through repentance and faith in Jesus Christ
by the work of the Holy Spirit
with a view to the transformation of the world

as a sign of the coming of the kingdom
in Jesus Christ (Van Engen 1996:27).

Nog 'n sendingdefinisie is die NG Kerk se definisie van wat sending is en wat in die Sendingreglement van die NG Kerk saamgevat word. Sending word daar soos volg gedefinieer:

Sending is
die handeling van die drieënige God
(Vader, Seun en Heilige Gees)
met die mens en met die wêreld,
waardeur Hy
(uit die ganse menslike geslag)
vir hom 'n gemeente
(deur sy Woord en Gees)
vergader
(Heidelbergse Kategismus Sondag 21),
deur wie Hy
sy woord laat verkondig
(aan die gevalle wêreld),
die gemeenskap van heiliges tot stand bring
(uit alle nasies en volke),
en diens laat lewer
(aan die wêreld in sy nood),
tot die uitbreiding van Gods koninkryk
tot met die voleinding (soos by Kritzinger 1988:37).

Ek verkies die NG Kerk se sendingdefinisie aangesien dit die elemente bevat wat onderliggend behoort te wees aan die sendingpoging, en verder die doel van sending duidelik uitspel.

As ek die term sending gebruik, dan beteken dit voorts ook die volgende:

- Sending as missio Dei vind sy neerslag op aarde deurdat God een van sy organe,

hetsy die gemeente, gelowiges of organisasies gebruik as die rolspelers in die sendingpoging.

- Sending en evangelisasie verskil nie op die wyse soos wat dit dikwels in die verlede gebruik is nie. Veral iemand soos die Teoloog Paul Tillich, was 'n bekende eksponent van hierdie denke. Sy siening dat evangelisasie te doen het met die bring van die Woord aan die mense in jou onmiddellike omgewing en sending het te doen met die bring van die Woord aan heidene ver van jou af. Hierdie “onderskeid” het tog by baie vasgesteek.

Wat dus met bogenoemde gesê word, is dat in die verlede sending as term gebruik is as daar na die verkondiging van Gods heilswoorde aan die heidene of ongekerstendes verwys is. Evangelisasie het gedui op die verkondiging van die heilswaarhede aan die kerklos mens. Daarom hierdie kwalifisering wat met sending bedoel word. Sending word verder nie beperk tot die verkondiging aan een spesifieke taal- of rasgroepering nie. Trouens, sending word gesien as die bediening van die Woord aan die totale spektrum van mense in die ganse wêreld.

- Sending het 'n universele konteks. Sending is gerig op alle mense en tale van die wêreld. Hierdie tale sluit per definisie ook dialekte in, sodat die ganse mensdom die evangelie kan hoor.

Sending is dus per definisie die bediening deur die hele kerk van die volle evangelie aan die volle mens in sy plaaslike situasie.

2.4 Doel van Sending

Die doel van sending word klaar aangeraak deur die definisie van sending soos verwoord in die Sendingreglement van die NG Kerk. Voortspruitend daaruit is dit duidelik dat om sending te beoefen sonder enige doelwitte geen doel dien nie. Daar moet 'n bepaalde, verantwoordbare asook konstruktiewe doel aanwesig wees ten einde sending sinvol te beoefen.

Charles van Engen (1996:20) sê die volgende:

Missiologists have differed in the integrating idea or phrase they have chosen to use as the center of their missiology. Examples of integrating ideas would include the conversion of the heathen, the planting of the church and the glory of God (Gijsbert Voetius), the Great Commission (William Carey), the lostness of humanity (Pietism), the praise of God (Orthodox missiology), the people of God (Vatican II), making disciples of panta ta ethne (Donald McGavran), the God of history, God of compassion, God of Transformation (David Bosch), the kingdom of God (Arthur Glasser), and humanization (the World Council of Churches). Among other integrating concepts are the pain of God, the cross, bearing witness in six continents, ecumenical unity, the covenant, and liberation.

Hierdie opsomming van Van Engen sistematiseer die verskillende uitgangspunte wat daar is ten opsigte van die doel van sending deur die jare. Trouens, dit bevestig Bosch se siening van die paradigmaterskuiwings wat deur die jare ten opsigte van sending plaasgevind het.

Kritzinger probeer om die doel van sending te verwoord en op 'n baie toepaslike manier saam te vat as hy praat van die enger en breëre sieninge van sending.

Hy sê:

oor die algemeen sou die enger siening van sending daarop neerkom dat sendingwerk allereers en feitlik uitsluitlik, gerig word op die geestelike verlossing van sondaars. Die strategie wat gebruik word, sal dus bestaan uit 'n kombinasie van metodes van kommunikasie, met gebruikmaking van allerlei media, maar steeds met die uitgangspunt dat al die metodes ten dienste moet wees aan hierdie hoogste doel, naamlik die bereiking van "siele" met die evangelie van Christus.

Die breëre siening sê sending is veel meer as die bewustelike mondelinge kommunikasie van die evangelieboodskap, al is dit 'n onmisbare en essensiële

aspek van sending. Net soos wat die mens veel meer as net maar 'n "siel" is, is sending op die hele mens gerig en op sy hele situasie (Kritzinger 1988:34).

In aansluiting by hierdie toepaslike uiteensetting van Kritzinger maak dit wat Bosch in sy boek, Transforming Missions, skryf baie sin as daar staan:

The Christian faith is intrinsically missionary. The Christian faith sees "all generations of the earth" as objects of God's salvific will and plan of salvation or, in New Testament terms, it regards the "reign of God" which has come in Jesus Christ as intended for "all humanity". Christianity is missionary by its very nature, or it denies its very reason d'être (Bosch 1991:9).

H van der Merwe, in sy boek Verwagting en voleinding, wys daarop dat die sending wat in Trinitariese verband uitgevoer word, en gerig is op die koninkryk van God, egte bevryding bewerk en as nuwe-produkte geseënde vrugte afwerp: beskawing, kultuur, ordelike vooruitgang, stabiliteit, groei en ontwikkeling. Word 'n neweproduk van die koninkryk egter tot hoofdoel verhef en nagejaag, verval die hele proses en "word ons in pseudowaardes van 'n nuwe heidendom terug gewerp" (Van der Merwe 1981:128).

Möller in sy DD-skripsie vat die gerigtheid van die sending saam as hy sê dat dit die taak en geleentheid is om die totaliteit van God se heil aan die hele wêreld in sy totale nood te bring en sigbaar te maak. Dit is die hele kerk wat die hele evangelie aan die hele wêreld in die volle omvang van sy nood bring (Möller 1995:252).

Die doel van sending gaan dus oor die koms en die uitbreiding van God se Koninkryk in hierdie wêreld - binne die huidige wêreldse sosiale, kulturele en ekonomiese strukture.

Die doel van die sendingbediening word deur Bosch (1991:512) soos volg verwoord:

Mission is a multifaceted ministry, in respect of witness, service, justice, healing, reconciliation, liberation, peace, evangelism, fellowship, church planting, contextualization, and much more.

Dit is egter nie net Bosch wat sterk voel oor die multidimensionele karakter van die sending nie, trouens daar is baie akademici wat verskillende aksente lê. Een so 'n persoon is Du Preez wat praat van die tiendimensionele karakter van sending.

Volgens du Preez kan en moet sending gesien word as verkondiging, materiële voorsiening vir missionêre verkondiging, heiligmaking (hagiasmos), perspektief in die gemeenskap (Koinonia) en eenheid van gelowiges, in die gemeentelike samekoms, as diakonaat (diakonia), geregtighedsbeoefening (dikaiosune), geregtigheid teenoor die kosmos, koninkryksmetodiek en ten laaste as gebed (proseuche). (Vir die bespreking van die voorafgaande sien Du Preez 1985: 1-20)

Du Preez sê egter dat hy terdeë besef dat die verskillende dimensies ten nouste met mekaar saamhang, mekaar soms tot 'n mate kan oorvleuel en goedsikks weer tot drie of vier gereduseer kan word. Dit hang op sy beurt saam met die feit dat die omvattende sendingtaak van die kerk van Christus ten slotte een ondeelbare getuienis teenoor die wêreld vorm (Du Preez 1985:1-20).

Kritzinger se aanvoeling vir die doel van sending is nie noodwendig 'n "nuwe" idee nie, maar 'n aanslag wat baie toepaslik en maklik hanteerbaar is. Hy praat van die drie-dimensionele sendingdefinisie. Hierdie siening verteenwoordig die meer omvattende siening van die doel van sending en beweeg weg van die siening dat sending slegs woordverkondiging is.

In die driedimensionele sendingdefinisie word verskillende redes aangevoer vir die toepassing van hierdie definisie. Die eerste rede is 'n heel praktiese rede. Sendingbetrokkenheid het te doen met die hele mens in sy/haar hele situasie, as antwoord op die hele evangelie – dit is konkreet, driedimensioneel.

Die tweede rede is 'n teologiese rede. In die missiologiese kringe is daar 'n groeiende aanvaarding dat daar drie Bybelse begrippe is wat die omvang en daarmee saam die doel van sending omskryf. Die begrippe is prediking (kerugma), diens (diakonia) en gemeenskap (koinonia). In 'n wyer sin beteken kerugma, evangelisering. Diakonia impliseer sosiale betrokkenheid deur barmhartighedsdiens en koinonia gaan oor die opbou van die kerk – gemeenskapstigting (Kritzinger 1989:12).

Bosch (1991:512) bring hierdie drie begrippe onder een sambreel byeen, in wat hy martyria noem - die roeping om getuie te wees. 'n Verdere element wat missioloë wil inbring, is die leitourgia of die liturgiese element of aanbiddingselement.

Hierdie doel van sending word vir my toepaslik saamgevat deur die siening van Glasser en McGavran as hulle skryf:

Our definition of mission does not narrowly confine mission to verbal announcements of the gospel. It accepts the practice of the last 150 years that a great variety of activities may be used to communicate the gospel across linguistic and cultural barriers to those who have yet to believe: education, literacy programs, agricultural, medicine, presence, dialogue, proclamation and social action.

All these are mission when their purpose is so to witness to Christ that men and women may know Him, love Him, believe Him, be found in Him, become members of His church, and create in the segments of society they control, a social order more agreeable to God (Glasser & McGavran 1983:27).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat 'n sendingvisie sekere elemente sal moet bevat ten einde teologies aanvaarbaar te wees. Elemente wat die rol van die gelowige, die rol wat die omvattende verlossing in Jesus Christus speel, en die konteks waarbinne hierdie blye boodskap moet geskied, bevat.

'n Sendingvisie sal ook 'n skopus moet hê, en in aansluiting by Glasser en McGavran asook Du Preez, Kritzinger en Bosch en ander teoloë sou ek wil sê die skopus van die sendingvisie behoort gerig te wees op die praktiese vergestaltung van die Koninkryk van God-drieënig in die leefwêreld van die gelowige.

2.5 Medewerkers in die sendingpoging

As sending, soos in die voorafgaande paragrafe bespreek is, dan gerig is op die sondaarmens in die wêreld, en dit gedoen word sodat God se koninkryk gestalte kan vind op aarde, dan is daar medewerkers nodig. God Drie-enig is en bly die

opdraggewer en die medewerkers is diegene wat sending (die opdrag) prakties tot uitvoer bring in antwoord op Matteus 28:19, maar op die manier soos beskrywe in 1 Korintiërs 3:5-9.

2.5.1 Die Kerk as vennoot en rolspeler in die sendingpoging

Onder hierdie punt sal ek graag na 'n tweeledige funksie van die kerk wil verwys. Hierdie funksie is om as medewerker van God betrokke te wees in die sendingpoging en as seker dié belangrikste rolspeler naas God Drie-enig sy verantwoordelikheid in die sendingpoging na te kom. Hierdie onlosmaaklike verbondenheid tussen Kerk en sending sal vir duidelikheid bespreek.

Soos alreeds in 'n vorige punt aangevoer is, is sending in die eerste en laaste plek *missio Dei*, God se sending. Dit is God se selfopenbaring aan en betrokkenheid in en met die wêreld. In die mate waarin God gelowiges op verskillende tye en plekke laat deelneem aan die *missio Dei*, kan ons praat van *missiones ecclesiae*, die sendingpogings van die kerk (Möller 1995:252).

Bosch (1991:390) onderstreep die voorreg van die kerk om instrument in die hand van God se sendingpoging te wees. Hierdie feit bevestig hy deur te sê dat die kerk daar is omdat daar sending is en nie andersom nie. Hy sê verder dat om deel te neem aan sending is om deel te neem aan die uitbeweeg van God se liefde na mense omdat God die fontein van liefde is.

Verkuyl (1978:3) bevestig hierdie siening as hy George Vicedom aanhaal wat skryf:

“He, God, is the acting Subject in mission.” God the Father sent the Son, and the Son is both the Sent One and the Sender. Together with the Father, the Son sends the Holy Spirit, who in turns sends the church, congregations, apostles, and servants, laying them under obligation in discharging his work.

Hierdie onlosmaaklike verbondenheid tussen kerk en sending word deur Du Preez in 'n artikel in Missionalia verwoord as hy skryf dat die Kerk van Jesus Christus 'n onvervreembare sendingtaak het: die roeping om as liggaam van Christus, in

gehoorsaamheid aan sy Vader (dit wil sê onder leiding van die Heilige Gees). getuies vir Jesus Christus in die wêreld te wees met die oog op die koms van die koninkryk van God. Hierdie roeping rus in, en kom uit op, die sending van die Seun van God na die wêreld (Joh 3:16). So kom die kerk se sending uit op, en word gedra deur, die liefdeshart van God. Die doel van sowel die Seun se koms na die wêreld, as die doel van die sending van die kerk wat daaruit opkom, is die koninkryk van God (Du Preez 1985:1).

Frazier, wat deur Bosch aangehaal word, deel dieselfde siening as hy sê: “The church begins to be missionary not through its universal proclamation of the gospel, but through the universality of the gospel it proclaims” (Bosch 1991:9).

Biskop L Newbigin (1978:22) vat hierdie verbondenheid tussen kerk en sending, waaraan ’n bepaalde uitdrukking gegee word, vir my saam as hy in The Open Secret skryf:

The mission of the church is in fact the church’s obedient participation in that action of the Spirit by which the confession of Jesus as Lord becomes the authentic confession of every new people, each in its own tongue.

Hierdie verbondenheid en interaksie tussen kerk en sending is duidelik sigbaar deur die kerkgeskiedenis heen. As daar gekyk word na die geskiedenis van die Nuwe Testamentiese kerk, die eerste gemeentes, dan is hulle sendingaktiwiteite deurentyd op die voorgrond.

Inderdaad kan daar gesê word in aansluiting by Hedlund (1991:16), dat die vroeë kerk ’n missionêre kerk was, aangesien dit gefunksioneer het as gevolg van sending en ter wille van sending.

Dit is verder nodig dat die begrip kerk vir duidelikheid omskryf sal word. Wanneer daar van kerk gepraat word binne die bestek van hierdie proefskrif en daar na die verbondenheid tussen kerk en sending verwys word, word daar die kerk soos verwoord in die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 27 bedoel as daar staan:

Ons glo en bely 'n enige, katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees (Handboek by die Erediens 1988:174).

Hierdie definisie van wat met kerk bedoel word, word verder omskryf deur die Heidelbergse Kategismus Sondag 21 Vraag 55 in antwoord op die vraag: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?:

“Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly” (Handboek by die Erediens 1988:199).

As Verkuyl in sy boek Contemporary Missiology die geskiedenis van die sendingontwikkeling gedurende die negentiende en twintigste eeu bespreek, raak hy die teologie van Gustav Warneck aan.

Warneck het 'n interessante en relevante siening aangaande die rol van die kerk in sending en die verbondenheid tussen die kerk en sending wat hy soos volg saamvat:

Only the Christian religion has a church, [and] to her belongs the inherent task of world mission. The church is “the institute of healing [Heilsanstalt] for all humanity.” But “...she must engage in mission for her own sake [as well]. From it she exists; if she were to give it up, she would be cutting off her own lifeline.” Through missionaries and the churches which they establish, the “Christianizing of nations” takes place (Verkuyl 1978:27).

Hierdie verbondenheid tussen kerk en sending word vir my ten einde laaste raakgevat deur Bosch wat die volgende sê:

Die kerk is dus by sending betrokke omdat Christus 'n naam bo elke naam het (Fil 2:9), omdat Hy met krag verklaar is as die Seun van God deur die

opstanding uit die dode (Rom 1:4), omdat God in Hom die Wêreld met homself versoen het (2 Kor 5:19) en Hy Jood en heiden saam “in een liggaam met God kom versoen deur die kruis” (Ef 2:16). As die kerk “in Christus” is, is sy by sending betrokke. Haar hele bestaan het dan ’n missionêre karakter (Bosch 1979:84).

Die rol wat die kerk as vennoot in sending speel en wat nie altyd so geredelik aanvaar is nie, word vanuit ’n ander hoek deur Andrew Walls belig wat sê:

The Christian mission is not simply about the multiplication of the church; it is about the discipling of the nations. It is about the penetration of cultures and ways of thought by the word about Christ. It is about the translation of Scripture into thought and action, as the word about Christ is brought to bear on the points of reference within each culture, the things by which people know themselves and recognize where they belong (Walls 1996:86).

Hierdie proses om die kultuur van mense deur die Woord te laat verander, het deur die jare die sendingpoging ernstig geskaad. Wat egter vas staan en wat nooit uit die oog verloor moet word nie is dat sonder sending daar nie ’n kerk sou wees nie en sonder die kerk daar nie sending sou wees nie.

Krities gekyk, moet ons erken dat die kerk nie altyd geslaag het in sy doel om missionêre kerk te wees nie, maar dit mag nooit aan die goed wat gedoen is, afbreek doen nie, want immers is die kerk nog in onvolmaaktheid op pad om gehoorsaam te wees aan die sendingopdrag.

Met bogenoemde in gedagte, moet die tekortkominge van die kerk bespreek word. Enkele punte van kritiek kan genoem word ten opsigte van ontsprings wat plaasgevind het.

Kerk en sending, wat deur baie as sinonieme gebruik word, het ook ’n negatiewe sy. Die grootste kritiek wat ingebring kan word teen die verbondenheid van en wisselwerking tussen die kerk en sy sending, en die noue band met die regering deur die jare in Suid-Afrika, word deur Smith gestel: “Vanweë ’n alte noue verbintenis

tussen die Sending en die koloniserende moondhede, is die Sending medeverantwoordelik gehou vir al die euwels van kolonialisasie” (Smith 1980:145).

’n Verdere punt van skerp kritiek kom wanneer Smith vir McGavran aanhaal:

Missions were carried on from the ruling, wealthy, literate, modern countries, which were experiencing all the benefits of ... an expanding production, and universal education.” Dit het ’n onvermydelike “separateness” van die sending teenoor die inheemse bevolking teweeg gebring (Smith 1980:142).

Stephen Neill se kritiek kan ook nie verby gegaan word nie. Hy sê:

It is to be remembered that in the nineteenth century the alternatives for many peoples were not independence and enslavement but total destruction (by unscrupulous exploiters or through the slave-trade) and the possibility of survival in a state of colonial dependence (Neill 1965:249).

In Suid-Afrika het die Bybelse fundering van Apartheid deur sommige denominasies die kerk se beeld as die bringer van die heil in Christus ernstig geskaad. Die grense wat mense kunsmatig geskei het in verskillende kerkverbande is nog steeds nie geheel en al afgebreek nie.

Ten spyte van die kritiek wil ek weer aansluit by Smith wat gesê het:

Vanuit die Sending van God het die kerk te voorskyn getree. Deur Sy voortgaande Sending (handeling) word die kerk nog weer telkens in aanskyn geroep, diegene in wie Jesus Christus sy doel in die tussentyd bereik het. So word hulle getuies van God se Sending en handeling in Jesus Christus (Hand 1:8). Tot hierdie getuienislewering is die kerk bestem en deur hierdie getuienislewering ontvang die kerk deel aan die missio Dei (Smith 1980:181).

Hierdie unieke vennootskap tussen God en kerk met sy doel word uitstekend verwoord deur Tippett:

The ministry of Christ, the thrust into the world by the Church which is His Body (Eph 1:22-23) comprises the following aspects:

1. the ministry of mission - the proclamation of the good news for the salvation of a person's soul;
2. the ministry of service - the work of Christ meeting the physical and material needs of people;
3. the ministry of reconciliation - the restoration of broken human relationships that people may live in peace together (Tippett 1987:33).

Kritzinger haal Gensichen aan wat 'n vroeëre idee van Newbiggin verder uitgewerk het rondom twee begrippe wat hierdie verbondenheid tussen sending en kerk baie toepaslik toelig, maar ook saamvat, naamlik dimensie en intensie.

Nie alles wat die kerk doen, het noodwendig 'n missionêre intensie nie. Die Kategese, die fondsinsameling vir onderhoud aan geboue, ens. kan tog nie as sendingwerk gesien word nie. Maar alles wat die kerk doen, het (of behoort te hê) 'n sendingdimensie, sy dit aanbidding, erediens, kategese, en die insameling van fondse. Die kerk moet eenvoudig beseef dat hy as God se verteenwoordiger leef voor die oë van die buitestaanders (Kritzinger 1988:42).

Ten spyte van gebreke in die verbondenheid tussen die kerk en sending is en bly die kerk die belangrikste instrument waardeur God na die wêreld uitreik, en moet die kerk gehoorsaam bly aan die opdrag van Matteus 28:19.

2.5.2 Sendinggenootskappe as rolspelers in die sendingpoging

Dit is nodig om daarop te let dat die verhouding kerk en sending deur die jare heen deur verskillende stadia gegaan het. Dit is so, en daarvan is die geskiedenis 'n getuie, dat die kerk nie altyd sending so entoesiasies en met oorgawe prakties uitgevoer het nie.

Vir 'n baie lang tyd het die kerk toegelaat dat sending deur sendingorganisasies bedryf

is. Hierdie sendingorganisasies was die resultaat van die herlewing in Engeland en Amerika teen die einde van die agtiende eeu en die begin van die negentiende eeu.

Dit is egter nodig om te verstaan dat die genootskaplike sendingpogings gebore is uit die teruggryping van die Piëtisme na die individuele mens en sy persoonlike geloofsverhouding tot God. Dit was in besonder die individualisering van die geloofslewe deur die Piëtisme wat daartoe gelei het dat die verloreheid van die mens wat nie in 'n herstelde verhouding tot God geleef het nie, onder die aandag gestel is (Smith 1980:187).

Smith maak die opmerking: “'n Latente sendingbewussyn was wel in die Protestantisme aanwesig en is deur die Piëtisme slegs tot aktiewe deurwerking gevoer.” Aangaande die verhouding met die kerk skryf hy:

Daarvoor was die Piëtisme te afsydig teenoor die kerk as instituut ingestel en te véél op sy eie individuele kringe van ware gelowiges wat alleen bekwaam en geskik beskou is om Christelike aktiwiteite te onderneem (Smith 1980:188).

Aangesien daar 'n opstand was teen die kerk se gebrek aan ywer en visie in Europa was die noodwendige weg waarlangs die Piëtisme sy sendingywer sou kanaliseer, nie die kerk of die kerklike organe nie, maar langs die weg van “eigen groepjes” wat tot die vorming van genootskappe saamgesnoer is.

Smith beoordeel die werk van die sendinggenootskappe soos volg:

Nie die kerk as mistieke liggaam van Christus waartoe alle gelowiges gevoeg moet word nie, maar 'n “vereniging” van bekeerdes wat van die wêreld bewaar moes word, het die kern gevorm van die genootskaplike sendingdoel (Smith 1980:188,192).

Alhoewel daar ernstige kritiek op die genootskaplike sendingmodel sou kon wees sal dit positief in die loop van hierdie proefskrif blyk dat hierdie genootskappe diep spore in die kerklike lewe van baie volkere in Suid-Afrika getrap het.

’n Kort oorsig van die vernaamste sendinggenootskappe se aktiwiteite in Suid-Afrika lyk soos volg.

In 1737 kom die eerste Morawiese sendeling in die Kaap aan. Georg Schmidt kom van Herrnhut, Duitsland, en beweeg uit om onder een van die inheemse volke aan die Kaap te arbei. Hy slaag daarin om omstandighede vir sewe jaar te oorleef alvorens hy terugkeer na sy vaderland. Die terugkeer na sy vaderland is juis genoep deur konfessionele verskille met leraars en die owerheid aan die Kaap.

In 1799 arriveer die eerste vier sendelinge van die Londense Sendinggenootskap (London Missionary Society of LMS) aan die Kaap. Afgesien van kontroversiële figure soos Van der Kemp, Read en Philip, wat gereeld in konflik was met die regerende owerhede in die Kaap, was hierdie Genootskap ook verteenwoordig deur manne soos Kicherer en Schmelen van die noordweste, en Moffat en sy skoonseun Livingstone in die noordelike binneland. Hierdie manne se werk ten opsigte van vertaling en produksie van Bybels sal later weer onder die vergrootglas kom.

In 1806, na die tweede besetting van die Kaap deur Brittanje, word die Kaap weer eens die teiken van genootskaplike sending in die vorm van Barnabas Shaw wat gekoppel was aan die Wesleyan Methodist Missionary Society wat in 1816 hier begin werk. Die werk van ’n ander sendeling, William Shaw, aan die oosgrens het verreikende invloed op die lewe van die Xhosavolk gehad.

Die Skotse of Glasgow Sendinggenootskap doen verder sedert 1824 groot werk in die Oos-Kaapse grensgebied. ’n Latere vrug van hierdie arbeid is die totstandkoming van die Universiteit van Fort Hare in Alice, die eerste Universiteit uitsluitlik vir swart studente in Suid-Afrika.

Die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap en Rynse Sendinggenootskap reageer in 1829 op ’n oproep om meer sendelinge deur dr Philip van LMS. Daar word deur die Franse in Lesotho en Vrystaat gewerk terwyl die Rynse sendelinge met groot vrug in die westelike dele van die land en in Zoeloeland gewerk het.

In 1834 sluit die sendelinge van die Berlynse Sendinggenootskap hulle aan by die

groep sendelinge wat alreeds in Suid-Afrika werksaam was. Hulle werk onder veral die Xhosa, Zulu en sedert 1860, die Bapedi en Vhavenda, was baie geseënd.

Die lys van sendinggenootskappe wat uitgereik het, hou nie op by hierdie genootskappe nie. Daar is nog die Hermannsburgse Sendinggenootskap wat onder die Zoeloes en later die Tswanas werksaam was, die American Board of Commissioners for Foreign Missions (ABCFM) wat ook sedert 1834 onder die Zoeloes in KwaZulu-Natal gaan werk het.

Die bekende Church Missionary Society (CMS) van die Britse Anglikaanse Kerk het ook in die dertigerjare van die vorige eeu sy voelers na Suid-Afrika uitgesteek. Ook hierdie organisasie het sy werksaamhede begin onder die Zoeloevolk in KwaZulu-Natal.

Genootskappe uit die Skandinawiese lande soos die Noorweegse Sendinggenootskap (1844) en die Sweedse Sendinggenootskap het hulle geroepe gevoel om plaaslik te begin werk. Die Switserse Sendinggenootskap het veral weer groot werk onder Shangaans van die Oos-Transvaalse Laeveld, vandag Mpumalanga, gedoen.

Sedert 1840 kon die Rooms-Katolieke Kerk ook die sendingvelde van Suid-Afrika betree en het met groot vrug hier begin arbei. Veral was Lesotho en die oostelike dele van die Vrystaat die aanvanklike teikengebied.

Die werk wat die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap (Zuid-Afrikaanse Genootschap ter bevordering van de uitbreiding van Christus Rijk) wat in 1799 in samewerking met die LMS ontstaan het, moet nie te gering geskat word nie aangesien vir baie jare die sendingwerk van die NG Kerk deur hierdie organisasie gekanaliseer is (Vir hierdie oorsig sien Kritzinger 1988:13-17).

Van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap sê Crafford : “Dit was van die begin af ’n interkerklike genootskap wat alle Christene wou saamsnoer vir die ideaal van die verkondiging van die ware Christendom” (Crafford 1982:25).

Die grootste enkele punt van kritiek teen die genootskaplike sending is, soos vroeër

alreeds aangetoon, die feit dat hulle langs die kerk gefunksioneer het en waar daar planting van kerke was, dat hierdie kerke nie verinheems was nie.

Roland Allen, 'n gewese Anglikaanse sendeling, lewer baie skerp kritiek op die verhouding tussen die kerk en genootskaplike sending. Hy skryf aangaande hierdie verhouding die volgende:

For missionary work we have two organizations; one which is ancient and one which is modern; one simple, the other very cumbrous: the simple necessary organization is the organization of the Church, the cumbrous modern organization is the organization of missionary societies (Allen 1971:97).

Stephen Neill sluit na my mening by bogenoemde siening aan as hy die volgende waarneming aangaande die Genootskaplike sendingpoging maak:

All unnoticed, the mission had slipped into the position of the church. Many missionaries went out with the best intentions of carrying out the declared intention of the London Missionary Society to preach the pure Gospel without tying it to any western form of organization or policy, but they usually ended by producing a copy, faithful down to the minutest detail, of that form of the Christian faith to which they themselves were accustomed in their own country (Neill 1964:259).

Neill in kontras met Allan verdedig die sendelinge as hy sê dat die nuwe bekeerlinge 'n behoefte geopenbaar het om die Westerse manier van aanbidding oor te neem, na te volg en hulle aanbiddingsvorme daarvolgens te klee.

Allen in The Spontaneous Expansion of the Church is baie uitgesproke aangaande die rol van die sendingorganisasies en die sendelinge wat deel vorm van hierdie organisasies.

Hy het dit veral teen die feit dat die kerk se rol in sending amper ongevraagd deur die sendingorganisasies oorgeneem is. Die sendingorganisasies was van mening dat die kerk as gevolg van geestelike doodsheid sending nalaat en daarom is die taak deur

hierdie organisasies oorgeneem.

Sy verdere besware lê op die praktiese vlak. Hy het ernstige besware teen die oordrewe klem op die organisatoriese ontwikkeling van die sendingorganisasies en die, volgens hom, oordrewe klem op fondsinsameling.

Hy het verder probleme met die professionele sendelinge wat verbonde is aan hierdie organisasies. Hiervan sê hy en ek haal aan:

Missionary societies began their crusade, not by striving to call out the spirit of christian men whose occupation carried them abroad, not by trying to impress upon the church at home that Christ calls *all* His people to witness for Him wherever they may be, wherever they may go, but by creating an army of professional missionaries (Vir hierdie oorsig sien Allen 1971:96-116).

Smith het weer 'n ander invalshoek en hy sluit op 'n manier aan by Neill en by Voetius as hy aangaande kerkplanting sê:

Dat die planting van die kerk “a real and definite end to be sought, a goal to be reached, an objective to be attained” is, moet gehandhaaf bly. Hierin moet egter 'n noodsaaklike wysiging aangebring word, naamlik dat kerkplanting nie die doel van die Sending moet wees nie, maar wel vrug van die Sending is (Smith 1980:180).

Dat daar egter later wel kerke as vrug van hierdie sendingpogings ontstaan het, is waar. Kerke wat vandag nog sterk staan en binne bepaalde volksgroepe funksioneer. Daaroor egter later meer wanneer daar aan die vertaling en verspreiding van die Bybel aandag gegee word.

Ten spyte van grondige en soms geregverdigde kritiek teen die genootskaplike sendingpoging, kan die rol wat hierdie genootskappe gespeel het om die sendingbelangstelling onder die Kerke in Suid-Afrika aan te moedig nooit te gering geskat word nie. Die genootskappe het voorts tog daarin geslaag om gelowiges oor kerklike grense heen te verenig in 'n sendingbewustheid en hierdie gelowiges

aangespoor om by die uitreik na die ongelowiges betrokke te raak.

Cronje vat vir my die rol en seker dié belangrikste nalatenskap van die genootskaplike sending saam as hy skryf: “Die grootste erfenis wat ’n sendinggenootskap kan nalaat aan die volk onder wie hy werk, is die Bybel in die volk se taal” (Cronje 1981:127).

Hierdie grootse nalatenskap sal bespreek word wanneer daar in diepte gekyk gaan word na die vertaalwerk asook die produksie van Bybels en die verspreiding daarvan. Deurentyd sal die name van sendelinge wat aan een of ander sendinggenootskap verbonde was na vore kom.

Dit is dus nodig om vir die res van hierdie proefskrif van die verbondenheid tussen die sendinggenootskappe en sending kennis te neem.

2.5.3 Die gelowige/sendeling as rolspelers in die sendingpoging

In Mattheus 28:19-20 staan daar: “Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het.”

Met hierdie opdrag het Christene deur die jare heen groot erns gemaak omrede dit gesien is as nie net ’n opdrag aan die kerk of sendinggenootskap nie, maar ook aan die gelowige.

Scherer (1964:45) maak die opmerking dat die vroegste Christene se sendinggewete hulle gedwing het om die krag van Jesus in hulle alledaagse lewens te reflekteer eerder as om sendelinge die wêreld in te stuur.

Vir die doel van hierdie proefskrif is die individuele gelowige vir my deel van die kerk of sendinggenootskap en die sendeling ressorteer ook onder hierdie twee kategorieë. Hierdie definisie is nodig aangesien die saak weer later aan die orde kom wanneer die finansies van die Bybelgenootskap bespreek word.

Alhoewel die rol van die individuele gelowige en die rol wat binne kerkverband

gespeel is bespreek gaan word, moet die spontane uitreik deur individue nooit onderskat word nie. Deur die spontane uitreik en getuienislewering is baie mense aan die Bybel blyotgestel.

2.5.4 Die Bybelgenootskappe as rolspeler in die sendingpoging

Voordat daar verder gekyk kan word na die Bybelgenootskap en die rol wat dit in die sendingpoging speel is dit noodsaaklik om kortliks kennis te neem van die verskillende asook ooreenkomste tussen die Bybelgenootskap en ander Sendinggenootskappe.

Die Bybelgenootskap en sendinggenootskappe, soos wat alreeds bespreek is, is beide organisasies wat op 'n geloofsgrondslag funksioneer en dan veral ten opsigte van vrywillige finansiële bydraes.

Beide hierdie verskillende organisasies het daarin geslaag om kerke en gelowiges oor die verskillende dogmatiese grense heen by hulle werksaamhede te betrek.

Die belangrikste en kritiese onderskeiding tussen hierdie unieke organisasies is dat die sendinggenootskappe gerig is op die kerstening van mense terwyl die Bybelgenootskap primêr daarop ingestel is om die Bybel sonder enige dogmatiese kommentaar in die tale van die volke daar te stel en teen 'n prys wat bekostigbaar is.

Die Bybelgenootskap is dus nie 'n sendingorganisasie of sendinggenootskap nie. Dit is juis die onderwerp van hierdie ondersoek om vas te stel of daar nie 'n onderliggende sendingvisie teenwoordig is in die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika nie.

Om dus die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te verstaan en na waarde te skat, is dit allereers noodsaaklik dat daar kortliks kennis geneem sal word van hierdie organisasie se ontstaansgeskiedenis aangesien dit die rol wat die Bybelgenootskappe gespeel het in die sendingpoging binne perspektief sal plaas.

2.5.4.1 Ontstaansgeskiedenis van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Die rol wat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika in die sendingpoging in Suid-Afrika gespeel het is van groot belang en om hierdie rol na waarde te skat en te beoordeel, is dit uiters noodsaaklik dat die ontstaansgeskiedenis van hierdie organisasie bespreek word.

Chirgwin maak die baie relevante opmerking as hy sê :

Basically the Evangelical Revival was a return to the Bible, or at least it was accompanied by such a return, in much the same way as the Reformation was accompanied by a rediscovery of the Bible. In the years immediately before the Revival the Bible had not been suppressed, it had merely been neglected. It was a book that few read and fewer acted upon (Chirgwin 1954:43).

Hy maak 'n verdere opmerking dat die Evangeliese Herlewing of Ontwaking in Engeland nie net sy wortels in die Woord gehad het nie, maar ook aan die Woord weer die sentrale plek gegee het op die kansels en in die lewens van mense. Hierdie herlewing in Engeland het daarvoor gesorg dat gelowiges weer opgewonde begin word het oor die Woord. Met hierdie opgewondenheid het daar 'n krisis opgeduik.

Hierdie krisis was die gebrek en tekort aan Bybels in Engeland, Skotland en Wallis. Die krisisse het egter 'n uitdaging geword waaraan daar indringend aandag gegee is soos deur Kane waargeneem en opgesom is.

Kane maak die volgende opmerking:

Special mention should be made of the Bible societies, without which the missions would have been greatly handicapped. In time each of the Protestant countries of the world organized its own Bible Society. Through the years four of these Bible societies have made an enormous contribution to Christian missions around the world: the British and Foreign Bible Society (1804), the National Bible Society of Scotland (1809), Netherlands Bible Society (1814), and the American Bible Society (1816) (Kane 1978:95).

Ek sal kortliks die ontstaansgeskiedenis van die Britse en Buitelandse

Bybelgenootskap (BBBG) onder loep wil neem aangesien hierdie Bybelgenootskap die moeder is van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA).

As gevolg van die geestelike herlewing in Engeland, Skotland en Wallis moes die tekort aan Bybels aangespreek word. Met die herlewing in Wallis (1791-1793), het eerw Thomas Charles en sy ampsgenote die nypende tekort so ter harte geneem, dat hul die “Society for Promoting Christian Knowledge” (SPCK) dringend versoek het om meer Walliese Bybels.

In 1800 is die voorraad uitgeput en die vereniging laat weet dat nog ’n oplaag van Bybels vir Wallis nie gedruk kan word nie. In Desember 1802 lê eerw Charles sy probleem in die bestuursvergadering van die “Religious Tract Society” ter tafel: hoe ’n groot en goedkoop uitgawe van die Bybels in Wallis verkry kon word, en ’n gereelde toevoer daarvan, veral vir die minderbevoorregtes in Wallis, verseker kon word.

In die loop van ’n ernstige bespreking wat hierop volg, het sekretaris, eerw Joseph Hughes, hierdie betekenisvolle opmerking gemaak: “Surely a society might be formed for the purpose; and if not for Wales, why not for the Kingdom: why not for the whole world.” Op die algemene vergadering van die “Religious Tract Society” in Mei 1803 is die stigting van so ’n Bybelgenootskap - wêreldwyd in opset - dan ook sterk bepleit.

Teen die begin van 1804 het hul reeds die steun van invloedryke manne soos William Wilberforce (bekende parlamentslid), Granville Sharp, Zachary Macaulay (bekende sakemanne) asook rev Henry Venn (predikant te Clapham) en Lord Teighmouth verkry. Hierdie groep manne saam met nog ander het die bekende “Clapham Sect” gevorm wat ten doel gehad het om ’n sigbare en voelbare verskil ten opsigte van die geestelike en volkslewe van die Engelse in Engeland te weeg te bring (Renwick 1958:178).

Op 7 Maart 1804 daag ongeveer 300 mense van verskillende kerklike denominasies op vir die stigtingsvergadering in die London Tavern onder voorsitterskap van Granville Sharp. Die stigting van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap vind

plaas en op die daad word £700 ingesamel. Hierdie insameling het die grondslag gelê waarop daar in die toekoms voortgebou sou word.

Eric Fenn maak die volgende gevolgtrekking aangaande die stigting van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap en die invloed wat daaruit gegaan het as hy skryf:

The foundation of the British and Foreign Bible Society at a meeting in the London Tavern, Bishopgate, on 7 March 1804, was more than the beginning of a national institution: it was the birth of a world-wide movement of Bible translation, printing and distribution which was destined to draw into its orbit men and women of many different nations and languages and of most, if not all, Christian traditions (Fenn, in Greenslade 1963:388).

Die primêre doelstelling van hierdie pasgestigte Bybelgenootskap was kort en baie kragtig: om die Woord van God sonder enige nota of kommentaar te versprei - aan elkeen in sy eie taal en teen 'n bekostigbare prys. Hierdie baie sterk standpunt was in reaksie op die voorafgaande tydperk in die geskiedenis waar daar 'n stryd was tussen die Rooms Katolieke en Protestante aangaande die Bybels wat deur hierdie groepe geproduseer is. Fenn skryf aangaande hierdie stryd:

The new Society did not wish to get involved in such discussions: its sole concern was that men should have access to the sources of Christian faith in the Bible, rather than to any one interpretation of the Gospel itself (Fenn, in Greenslade 1963:389).

Om hierdie doelstelling rondom die beskikbaarstelling van die Bybel te verwesenlik was fondse en verspreidingskanale van die begin af baie nodig. Die BBBG het hierdie probleem op 'n unieke wyse ondervang deur die daarstelling van Hulpverenigings of "Auxiliaries" wat behulpsaam was met die insameling van fondse vir die drukwerk, asook die verspreiding van die Bybels, Nuwe Testamente en Skrifgedeeltes. Hierdie Hulpverenigings is dwarsdeur die destydse Britse Kolonies gestig. In Afrika is die eerste sodanige Hulpvereniging so vroeg soos 1807 in Sierra Leone gestig.

Met die kolonisasieproses wat volstroom aan die gang was, en die gepaardgaande kompetisie vir kolonies deur die Europese moondhede, het deure skielik begin oopgaan vir sendelinge en is die nood van Asië, Indië en Afrika ten opsigte van Bybels voor die deur van die Europese Bybelgenootskappe gelê. Die BBBG het met sy stelsel van Hulpverenigings daarin geslaag om sy net wyd te span ten opsigte van hulpverlening.

Die BBBG lewer so vroeg as in 1806 die eerste besending Bybels aan die Kaap, weliswaar vir die Britse soldate wat die Kaap so pas beset het. Die taak van Bybelverspreiding het klaar begin.

Chirgwin skryf oor die stigting van die BBBG die volgende :

Men of substance and culture, like those who formed the “Clapham sect” were drawn into the company of the evangelicals. They read the Bible diligently themselves, and they also launched organizations to make it more widely known. They helped to start Sunday schools whose central aim was to teach the Bible; they encouraged the running of Bible classes and often conducted them themselves; above all they founded Societies for the printing and circulation of the Scriptures. The British and Foreign Bible Society was their most notable achievement, as it was also the clearest possible demonstration of the close connection between the Evangelical Revival and the Bible, in that those who founded it were evangelicals to the man (Chirgwin 1954:45-46).

Op 23 Augustus 1820, onder voorsitterskap van sir Rufane Donkin, die waarnemende Goewerneur aan die Kaap, word die “South African Bible Society” in “Government House” (die huidige Tuynhuys) gestig. Sir Donkin willig in om as eerste president en beskermheer op te tree (Genade in Oorvloed 1994:43).

Met die uitsondering van Sierra Leone in Wes-Afrika was dit destyds nog die enigste “Auxiliary” of Hulpvereniging op die hele vasteland van Afrika (Smit 1970:11).

Hierdie Hulpvereniging ervaar na 'n tyd van groot opbloei sy eie krisis en die entoesiasme en energieke deelname begin afwater. Reeds vanaf 1826 val dit op dat

die Moedergenootskap geen jaarverslae meer van die Kaapse Hulpvereniging ontvang nie. Formeel het die SA Hulpvereniging nooit ontbind nie. In praktyk het hierdie Hulpvereniging later kwalik meer gefunksioneer, alhoewel iemand soos dr Philip. deur gereelde briefwisseling met Londen en met sy ywer vir Bybelverspreiding, steeds die saak van die Bybelgenootskap bepleit het (Smit 1970:21).

Teen 1845 is die Moedergenootskap in Londen tydig en ontydig oorval met noodroepes vanuit Suid-Afrika om steeds meer en meer Bybels. Op 29 Julie word die SA Hulpvereniging onder leiding van TJ Bourne weer op die been gebring. Hierna het Bourne begin om uitgebreide organisasiewerk te doen - die stigting van takke en verenigings in verband met die Bybelgenootskap dwarsdeur die land.

Die grondwet van “Het Zuid-Afrikaansch Hulp Bijbelgenootschap” se doel is soos volg gestel: Om in samewerking met die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap Bybels te versprei “binne sowel as buitenslands” en dit in ooreenstemming met die grondbeginsels van die Moedergenootskap “zonder aantekening en verklaring” - en wat die Engelse taal betref “van de geautoriseerde vertaling alleen” (Smit 1970:26).

Meer as ’n honderd jaar later, in 1961, vind daar ’n statusverandering plaas. Sedert April van daardie jaar - so het Londen reeds besluit - staan die organisasie amptelik bekend as “Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika - Hulpvereniging van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.”

“Die nuwe naam” so het die destydse Hoofsekretaris, ds Van Arkel verduidelik:

dui aan dat ons ’n Suid-Afrikaanse vereniging is, met verantwoordelikheid om die Skrif in al die tale en hoeveelhede soos dit in Suid-Afrika benodig word, te verskaf; ook nog, dat ons ’n deel bly van die groot en historiese Britse en Buitelandse Bybelgenootskap. Die verandering van naam wys ook op die toename in selfstandigheid, wat op sy beurt groter verantwoordelikheid meebring (Smit 1970:82).

Die finale stap is gedoen op 1 November 1965, toe die “Bybelgenootskap van Suid-Afrika” heeltemal losgemaak is van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap,

waarvan dit nou nie meer 'n Hulpvereniging (Auxiliary) sou wees nie. So het die Bybelgenootskap van Suid-Afrika na 145 jaar (1820-1965) 'n volwaardige Bybelgenootskap geword (Smit 1970:82).

Op 3 Maart 1970 word die “Wet op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, No 15 van 1970” deur die destydse Staatspresident, JJ Fouché geteken. Hierdie wet dien as riglyn waarvolgens die Bybelgenootskap in die toekoms sy sake sou reël asook verslag sou doen aan sy donateure. Hieroor later meer.

Vir die doel van hierdie proefskrif sal ek graag vir duidelikheid wil verwys na die Bybelgenootskap van Suid-Afrika as per definisie dat dit ook die Hulpvereniging, wat in 1820 gestig is, sal insluit. Waar verspreidingsyfers en vertalingsstatistiek aangehaal word sal daar vir duidelikheidshalwe 'n nouer afbakening van werksaamhede en tydvakke wees.

2.5.4.2. Die rol van die gedrukte Bybel in die sendingpoging

Wanneer Kane (1978:95-96) praat van die rol wat verskillende Bybelgenootskappe deur die jare heen in die sendingakker gespeel het, dan sê hy die volgende:

Never before in the history of the world have so many organizations been dedicated solely to the translation, publication, and distribution of one book. Through the years they have worked very closely with various missions, regardless of their ecclesiastical affiliation, their theological orientation, or their geographical location. Actually the Bible societies are responsible only for the publication of Scriptures.

The translation work is done by missionaries, with advice and supervision of the Bible societies linguistic experts. When it comes to distribution, the Bible societies depend quite heavily on the missionaries at the local level.

Kane (1978:96) maak die verdere opmerking dat as gevolg van die feit dat die Bybels sonder enige dogmatiese kommentaar gedruk word, die Bybels wat deur die Bybelgenootskappe geproduseer word, so ontvanklik is vir die hele spektrum van

kerklike denominasies.

Chirgwin, in sy boek wat handel rondom die rol van die Bybel in wêreld-evangelisasie, skryf:

It cannot be chance that the formation of Bible Societies is closely associated with the founding of missionary societies. The instances are too many and they are drawn from too many countries for them to be written off as mere coincidences. The only satisfactory explanation seems to be that the Bible, by the very nature of its message, leads to the formation of missionary societies, and missionary societies, needing Bible societies, help to bring them into being (Chirgwin 1954:47).

Die baie bekende teoloog, die Duitser Peter Beyerhaus (1996:21) skryf aangaande die rol van die Bybel in die sending soos volg:

..., daß Bibel und Mission in einem so durchgehenden inneren Zusammenhang stehen, daß die Bibel das Buch der Mission sowohl im subjektiven wie im objektiven Sinne ist: im Mittelpunkt aller biblischen Schriften steht die Missio Dei, und im Mittelpunkt der Missio Ecclesiae (der Sendung der Kirche) steht die Weitergabe des biblischen Offenbarungswortes an alle Völker.

Hierdie geweldige rol van die Bybel word bevestig deur die geskiedenis wat baie duidelik aantoon dat sendelinge waar hulle ook al gekom het, van die begin af erns gemaak het met twee sake. Die eerste was om die taal van die groep onder wie gewerk word aan te leer, dit op skrif vas te lê en dan tweedens te begin met die vertaling van die Bybel in daardie nuwe taal.

In die boek You Will Be My Witnesses word daar geskryf:

Since the days of the three Protestant pioneers, Carey, Marshman and Ward, missionaries have always given a high priority to making the Bible available to people in their own languages. Many missionaries made tremendous efforts to learn unknown languages, work out a written form and then translate the Bible

(Kritzinger 1984:45).

Daar is egter 'n skadukant aan hierdie behoefte om die Bybel toeganklik te maak vir alle mense. Die skadukant word soos volg beskryf:

In earlier years each missionary society or church usually went ahead on its own with projects for the translation of the Bible. Another unfortunate result was that some churches or missionary societies were inclined to regard their own translation as the only correct one and that Christians from certain of the younger churches refused to read one another's Bibles (Kritzinger 1984:47).

Hierdie skadukant is egter omgeswaai en kerke en sendinggenootskappe het begin saamwerk om die Bybel daar te stel.

Die Bybel in gedrukte vorm het deur die jare 'n belangrike rol gespeel in die lewens van mense asook in die breëre gemeenskap en kerk. Enkele van hierdie rigtinggewende invloede wil ek uitlig. Hierdie invloede behels die volgende en ek haal die sieninge aan van die volgende persone:

1. Kane se siening behels die volgende:

The missionary's chief task is to share Jesus Christ with the non-Christian world. All he knows about Christ he learned from the Bible. Therefore it behooves him to have a thorough working knowledge of the Scriptures, which are able to make men wise unto salvation (2 Tim 3:1) (Kane 1975:68).

Die Bybel is nodig om kennis aangaande God-drieënig op te doen en Sy wil te leer ken. Die weg van saligheid is opgeteken in die Bybel en daarsonder kan daar ook nie op die weg van saligheid gegaan word nie.

Kraemer som die gedagte treffend op as hy sê: "The only legitimate source from which to take our knowledge of the Christian faith in its real substance is the Bible" (Kraemer 1938:61).

2. Walls raak nog 'n baie belangrike punt aan:

...the Christian faith is not simply about the multiplication of the church; it is about the discipling of the nations. It is about the penetration of cultures and ways of thought by the word about Christ. It is about the translation of Scripture into thought and action, as the word about Christ is brought to bear on the points of reference within each culture, the things by which people know themselves and recognize where they belong (Walls 1996:86).

Sonder die Bybel sou hierdie aanraak van die wêreld nie plaasgevind het nie en sal dit in die toekoms 'n al hoe groter rol speel.

3. Die Bybel het daarin geslaag om kerke en gelowiges te versoen rondom die Woord deurdat die Bybelgenootskappe van die vroegste tye af die grootste ekumeniese liggaam is. Dit kan gebeur omdat die Bybel deur die Bybelgenootskappe sonder enige dogmatiese of leerstellige aantekeninge aangebied word vir die kerk.

Tereg word daar geskryf:

Churches and missionary organisations have learnt the important lesson that when people begin to co-operate in the name of Christ, they discover that their mutual differences fade into relative insignificance beside the vital issues on which there is mutual agreement and sympathy (Kritzinger 1984:5).

In hierdie opsig het die Bybel skitterend geslaag om gelowiges te verenig ten spyte van soms diepgaande dogmatiese verskille.

4. Hendrik Kraemer maak die baie belangrike en relevante opmerking:

In missionary circles it is an undisputed axiom although not always adhered to and a matter of course that the language of those to whom the Gospel is brought is used as the vehicle of Christianity (Kraemer 1938:341).

Inderdaad het die vertaalwerk deur sendelinge deur die jare die taal van volkere ontsluit en is die Bybel in baie gevalle gebruik om nie net die taal aan mense bekend

te stel nie, maar om in die proses die “voertuig” te wees vir die oordra van die evangelie. ’n Getuienis hiervan is die groot hoeveelheid sending- en kerkskole nie net in Suid-Afrika nie, maar regoor die wêreld.

Ek wil die rol wat die Bybelgenootskappe gespeel het in die sendingpoging deur die geskrewe Woord beskikbaar en toeganklik te maak, afsluit met wat Chirgwin geskryf het:

The Evangelical Revival was thus in large a return back to the Bible. It made the Bible the source of the preacher’s message and the substance of the gospel he declared. It used the Bible as its main, if not its sole tool of evangelism...above all, it founded Societies for the express purpose of making the Bible available to all men everywhere (Chirgwin 1954:45-46).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die Bybelgenootskap deur die jare heen ’n waardevolle en gewaardeerde rolspeler in die sendingpoging is en was. Inderdaad kan gesê word dat sonder die Bybel, as Gods Woord in mensetaal, die wêreld nie Jesus as die Verlosser sou leer ken het nie.

2.6 Sendingvisie – ’n definisie

In die voorafgaande punte is daar gekyk na ’n definisie van sending, die doel van sending, die rolspelers en medewerkers in die sendingpoging. Hierdie beredenering is nodig ten einde ’n teologies verantwoordbare sendingvisie daar te stel. Dit is verder nodig aangesien in hierdie proefskrif daar gevra word na die onderliggende intensie en dimensie van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika wat belig sal word met die begrip sendingvisie.

2.6.1 Visie

Dit blyk dat daar tog verwarring kan bestaan tussen die twee begrippe missie en visie binne kerklike kringe.

Aan die een kant kan die missie van die kerk verwys na die eeuoue bestaansfunksie en

doel van die kerk. 'n Visie aan die ander kant kan weer 'n spesifieke droom beteken wat gestalte gee aan die eeue oue doel in 'n spesifieke tydsgewrig (Van der Merwe 1995:41).

Coenie Burger verwys na visie as 'n wisselterm of aanduiding van die inhoud van die Christelike geloof, dit is die belydenis van die betrokke geloofsgemeenskap. Visie het verder 'n element van aangegrepenheid deur die inhoud van die geloof. Hy gaan verder en sê die visie waaruit die geloofsgemeenskap leef, omvat egter na sy wese al drie die funksies van die menslike bestaan: verstand, wil en emosie (Burger 1991:37-38).

Vir Burger het die missie meer te doen met die konkrete program waarin 'n groep of organisasie spesifiek bestaansdoelwitte vir hulleself formuleer. Dit gaan dus oor 'n menslike realiseerbare program in antropologiese terme (Burger 1991:43).

Ek verkies die gebruik van visie soos van der Merwe dit stel: 'n Visie is 'n spesifieke droom wat gestalte gee aan die eeououe doel in 'n spesifieke tydsgewrig.

Ek sal die begrip, droom, verder wil omskryf deur by Burger aan te sluit:

'n Droom is dit wat sin gee aan mense se bestaan, dit waarvoor mense leef en soms selfs bereid sal wees om te sterf. Dit is 'n saak ("a cause") wat groter as jy self is en waarin 'n mens jou bestaan kan laat opgaan (Burger 1991:38).

Odendaal omskryf 'n sendingvisie:

as ons na hierdie wêreld kyk deur die oë van Jesus Christus, wat met innerlike ontferming die skares van mense in hulle diepste nood raaksien. Die sendingvisie behels ook die besef dat die Heilige Gees die grootste geheim van die sending is (Odendaal 1988:204,208).

Gedagtig aan dit wat alreeds geskryf is, kan 'n sendingvisie soos volg gedefinieer word:

'n Sendingvisie is die voortdurende ingesteldheid, geroepenheid en gerigtheid in die gedagtes van die gelowiges en organisasies, onder invloed en leiding van die Heilige Gees, wat vergestalt word in hulle woorde en daade, om die omvattende verlossing wat daar in en deur Jesus Christus is, op die mees verstaanbare wyse aan (al) die ongekerstende(s) aan te bied, binne sy/hulle ekonomiese, kulturele en sosiale konteks sodat die Koninkryk van God gevestig en uitgebrei kan word.

Hierdie visie word aangevuur deur 'n passie wat aanwesig is by kerke, sendinggenootskappe, asook individuele gelowiges ten einde gehoorsaam te wees aan die Bybelse opdrag soos vervat in Matt 28:19; Hand 1:8; Joh 20:21; Luk 24:44-49.

2.6.2 Die funksionering van die visie

Die visie soos deur my gedefinieer, raak baie beslissende die missionêre dimensie en intensie van die vennote van sending aan.

Ten opsigte van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika sal die vraag deurentyd gevra moet word wat die dryfkrag agter al sy werksaamhede was en in watter mate daar 'n missionêre intensie aanwesig was wat deur die sendingvisie verwoord word. Hierdie vraag sal eers teen die einde van die proefskrif beantwoord kan word.

Verder sal daar gevra word na die rol wat die sendingvisie gespeel het ten opsigte van die vertaal van die Bybel in die inheemse tale van Suid-Afrika asook die verspreiding daarvan.

Die rol wat kerke, besighede en individuele gelowiges gespeel het ten opsigte van die befondsing van die werksaamhede van die Bybelgenootskap sal grondig ondersoek word na aanleiding van die sendingvisie met die vraag in hoe 'n mate daar 'n sendingintensie in die finansiële bydraes tot die werksaamhede is.

HOOFSTUK 3

DIE MISSIONÊRE GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA, 'N OORSIG

3.1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstuk is 'n sendingvisie daargestel wat onderliggend behoort te wees aan die werksaamhede van die Kerke en Sendinggenootskappe asook die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. In watter mate dit wel gefunksioneer het, sal in die loop van hierdie hoofstuk en die daarop volgende hoofstukke verder en deeglik aan die orde gestel word.

Aangesien sendelinge afkomstig vanuit Europa en Amerika 'n geweldige groot rol gespeel het in die vertaling en verspreiding van die Bybel in die inheemse tale, soos later aangetoon sal word, moet die teologiese invloede wat op hulle denke en sendingmetodes ingespeel het, belig word. Dit moet gebeur sodat daar 'n beter begrip geopenbaar kan word vir diverse kragte en magte wat in die sendingpoging in Suid-Afrika aanwesig was en is.

Suid-Afrika, met sy ryke verskeidenheid van nasies en tale asook dialekte, het deur die jare 'n ongelooflike uitdaging gebied aan die pioniersendelinge, kerke asook Sendingorganisasies wat hulle geroepe gevoel het om in hierdie pragtige land die Blye Boodskap te kom verkondig.

Hierdie uitdagings en die aanspreek daarvan deur Sendingorganisasies en Kerke asook sendelinge sal in hierdie hoofstuk veral vanuit die perspektief van die Bybelgenootskap aan die orde gestel word, maar veral dan om te kyk hoe hierdie werk die Bybelgenootskap beïnvloed het.

3.2 Teologiese en Sendingparadigmas in Europa rakende die Bybel

3.2.1 Ontwaking en Evangeliese beweging 1700 - 1800

Dit is noodsaaklik dat daar allereers na Europa gekyk sal moet word omdat dié Suid-

Afrika, soos ons dit ken, sy beslag gekry het met die ontdekkingsreise van Europese seevaarders. Na die ontdekking van die seeroete om die Kaap is Suid-Afrika later gekolonialiseer deur Europese moondhede, by name die Nederlanders en Engelse. As gevolg van hierdie prosesse was die inwoners in Suid-Afrika vir eeue blootgestel aan die invloede uit Europa, wat ook bepaalde teologiese denke insluit.

Met as doel hierdie voëlvlug wat onderneem gaan word ten einde sekere paradigmas in die teologie asook in die sendingontwikkeling te belig, sal dit binne die raamwerk van eeue bespreek word. Dit is voor die handliggend dat die indeling van die tydperke in eeue alleen dien as riglyn vir die bespreking aangesien denkrigtings in tyd ontstaan en daar nie noodwendig bepaalde datums aan denkrigtings of paradigmas gekoppel kan word nie. Daar vind verder oorvleueling plaas tussen tydperke, maar daar sal 'n poging aangewend word om van die belangrikste teologiese en sending paradigmas uit te lig.

Thomas omskryf die gebruik van die woord paradigma in teologie soos volg:

A paradigm is a constellation of beliefs and values of a given community. It is a model of interpretation by which a people give meaning to their lives. Christians, forming a distinct community of faith, need in every place and time to explain who they are and will be, in relation to God and God's purpose for their lives and to those outside the faith (Thomas 1996:3).

Om 'n diepgaande studie te maak van die sendingontwikkeling of paradigma-verskuiwings wat plaasgevind het in hierdie tydperk, is vir die bestek van hierdie studie nie noodsaaklik nie. Dit is egter noodsaaklik dat daar by hierdie tydperk begin word aangesien daar 'n definitiewe invloed vanuit hierdie tydperk ingewerk het op die denke en handeling van die stigterslede van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

Die agtiende eeu is aan die een kant gekenmerk deur die Piëtisme en die invloed daarvan op die Kerk en die gelowiges. Aan die ander kant staan dit ook bekend as die eeu van die Rede. Alles is getoets en onderhewig gestel aan die menslike rede, ook die Bybel.

Praamsma, die bekende Nederlandse kerkhistorikus, skryf oor hierdie kritiese kyk na die Bybel soos volg: “De Bijbel was het produkt van een dwaling onderhevige mensen en diende als elk ander boek kritisch te worden gelezen” (Praamsma III 1980:10).

Die agtiende eeu kan verder nog beskryf word as die eeu van die deug en van verdraagsaamheid. Hierdie beskrywing kan en moet nie vanuit 'n christelike hoek gelees word nie, intendeel hierdie optrede van die tydsges was geklee in die baadjie van vrede, gelykheid en broederskap.

Aan die einde van die agtiende eeu was al hierdie mooi ideale aan skerwe geruk met die Franse Revolusie van 1792 en daarmee saam Napoleon Bonaparte se militêre veldtogte in Europa en die gepaardgaande bloedvergieting, hongersnood en algemene onsekerheid.

Praamsma beskryf die einde van die agtiende eeu raak as hy skryf: “De 18de eeuw eindigt in vlamme kleuren in het grote drama van de Franse revolutie” (Praamsma III 1980:20).

Dat die gebeure van die agtiende eeu oorgespoel het en die denke beïnvloed het van die mense aan die begin van die negentiende eeu, is gewis en seker. So sterk was hierdie invloed dat daar 'n radikale nuwe denkrigting op kerklike, maatskaplike en sosiale terrein ontstaan het.

Hierdie paradigmaskuif wat deur kerke en die breë gemeenskap gemaak is, word beskryf as 'n herlewing.

Die herlewing wat in Engeland begin het as uitvloeisel van die Evangeliese beweging toon bepaalde kenmerke wat relevant was in die ontwikkeling van Bybelverspreiding in die wêreld.

Praamsma skryf van hierdie herlewing:

Engeland en vooral Amerika hebben vele revivals gekend, maar op het

vasteland van Europa kennen we maar één beweging die het Réveil is genoemd; een beweging die gepaard ging met “opwekkingen” in Wales en Schotland, met een voortgang en uitbreiding van “evangelische” invloeden in de Engelse staatskerk en met nieuwe “ontwakenings” in Amerika (Praamsma III 1980:253).

Praamsma, wat die herlewing vergelyk met die strominge binne die Romantiek, sien ’n radikale verskil tussen die twee bewegings. Alhoewel daar bepaalde en sterk ooreenkomste aanwesig is soos onder andere die klem wat gelê is op gevoel, ervaring en persoonlike belewenis, was daar ook verskille. Albei hierdie bewegings was in opstand teen die tydsgees, teen die oordrewe klem op die rede, die natuur en die koue intellektualisme. Die herlewingsbewegings en die aanhangers, of eerder die deelnemers aan die Evangeliese Beweging, was baie sterk gefokus en ingestel op die werk van die Heilige Gees in die harte van mense.

As gevolg van hierdie gerigtheid op die werk van die Heilige Gees is die liefde van God vir die begenadigde mens met ywer en passie verkondig. Die liefde van God vir die geredde mens, hy/sy wat glo in die Seun, was deurentyd aan die orde gestel.

Dit is verder insiggewend dat, waar die Bybel vroeër verwerp is en die oproep was dat dit krities gelees moes word, word daar nou gesê: “Reveil aanvaard de Bijbel als het gezaghebbende en onfeilbare Woord van God” (Praamsma III 1980:253).

Hierdie herlewing of ontwaking in Engeland lewer nie net ’n geweldige bydrae ten opsigte van die plek en gesag van die Woord nie, maar daar is ’n verdere stroming wat die wêreld radikaal sou beïnvloed.

Hierdie uitvloeisel word deur Praamsma soos volg verwoord:

het Réveil werd gekenmerkt daar een krachtige zendings- en evangelisatie drang. Het werd evenzeer gekenmerkt daar de verwachting van de (misschien spoedige) wederkomst van Christus, waarvan mede een stimulans uitging om het heil aan alle volken bekend te maken (Praamsma III 1980:254).

Dat die evangeliese herlewing in Engeland vure aan die brand gestee het, is inderdaad so. Nie net het Engeland, Wallis en Skotland in beweging gekom nie, maar hierdie vonk van herlewing het oorgespring na die Europese vasteland.

Andrew Walls (1996:84) beoordeel die Evangeliese herlewing wat plaasgevind het in Engeland tussen 1775 en 1825 soos volg:

The Evangelical Revival was perhaps the most successful of all the reformulations of Christianity in the context of changing Western culture.

Besides renewing the call to radical discipleship so often sounded in earlier Christian history, it retained the medieval concern for propitiation. It also extended and clarified the Reformation idea (particularly as developed by the English Puritans) of life of holy obedience in the secular world and in the family.

Above all, it combined the traditional framework of the Christian nation and the established church (whether with or without formal principle of establishment was really a matter of locality) with serious recognition of individual selfhood and personal decision. That reconciliation bridged a cultural chasm in Christian self-identity.

Gelykluidend met die Evangeliese beweging en die gepaardgaande tydsgees wat aan die orde van die dag was, het die hele proses van kolonialisering begin en heelwat later sy hoogtepunt beleef. Dit wat deur die Britse regering en ander Europese regerings bereik is nadat die seeweë ontsluit is, moet nooit geringgeskat of te lig beoordeel word nie.

Hierdie kolonialiseringproses het sy invloed laat geld en in hierdie verband haal Bosch Spindler aan wat praat van die “three C” of colonialism: Christianity, commerce and civilization (Bosch 1991:305).

Die geskiedenis toon baie duidelik aan dat Suid-Afrika nie ontkom het aan die “three C’s of colonialism” nie en dat die kolonialiseringproses veral hand aan hand gegaan

het met die uitreik na die ongekerstendes. Hieroor later egter meer.

3.2.2 Modernisme 1800-1900

Op die terrein van die teologie het die winde van verandering in Europa teen die einde van die agtiende eeu begin waai.

Die klagte het begin ontstaan dat die kerk met die evangelie nie meer daarin slaag om die mens aan te spreek nie. Kerke word gesien as duur geboue, maar wat leeg bly staan.

Die kritiese gees van die agtiende eeu het sy invloed nie verloor nie. Die liberale middelklas laat sy invloed deeglik geld. Praamsma skryf van die modernisme soos volg: “Het Modernisme is nooit een volksbeweging geweest, maar het legde wel beslag op de harten van een geestelijke elite” (Praamsma III 1980:306).

Hierdie kritiese gees van die “geestelike elite” het egter later omgeswaai in ’n grote vertwyfeling. Die tweede helfte van die negentiende eeu is ’n getuigenis van hierdie vertwyfeling en kritiese gees.

Prof Rauwenhoff skryf sover terug as in 1880: “De vernieuwing van het godsdienstig leven waarop wij hoopten is niet gekomen.” Hy gaan verder om die vraag te vra of te veel nie afgebreek is in die tydsges van die modernisme nie. Hy sê: “Wij zijn rijker oor negatieve dan oor positieve geloofsovertuigingen” (Rauwenhoff in Praamsma III 1980:310).

Die kritiese gees en daarmee die negatiewe gees van die modernisme het verder deurgewerk na die teologie en daarmee saam die Skrifgesag aangetas. Die Bybel as Woord van God word soos volg beoordeel: “het standpunt van alle modernen kritisch in die zin dat ze deze boekenverzameling hoog schatten in de religieuze wereldliteratuur, maar niet als volstrekt normatief beschauwden” (Praamsma III 1980:311).

Die aanhangers, of die wat hulle met die filosofieë van die modernisme geassosieer

het, het hulleself die reg toegeëien om sekere gedeeltes in die Bybel te bevraagteken en dan as irrelevant af te maak, veral ten opsigte van die openbaringsgeskiedenis. Ander gedeeltes in die Skrif is weer geherinterpreteer, herdateer en daar is selfs gepoog om sekere gedeeltes te hergroepeer.

Die skepping word bevraagteken en in die plek daarvan word die evolusie aangebied. Die sondeval, die godheid van Christus Jesus, en sy opstanding word saam met al die wondertekens wat Jesus op die aarde gedoen het, verwerp.

Hierdie denkrigting, wat onder die vaandel van liberalisme bekend gestaan het en wat oor Europa en Engeland gespoel het, is egter nie goedskiks deur almal en alle teoloë aanvaar nie. Groot teenstand is deur onder andere Abraham Kuyper en Herman Bavinck gebied.

Die aanhangers en getroue volgelingen van die gereformeerde leer het egter bly uitreik na die “onbekeerdes” en heidene. Dat die sendingywer egter ’n knou gekry het, is waar. Daar is weg beweeg van ’n suiwer uitdra van die evangelie met sy eiesoortige appél op die lewens van mense en die hervorming van daardie lewens as ’n gebaar van dankbaarheid. Daar is nou eerder gekonsentreer op ’n maatskaplike of sosiaal geïnspireerde betrokkenheid by mense. Nie meer die mens met sy siel was belangrik nie, eerder die sosiale strukture waarbinne beweeg moes word is op die voorgrond en onder die vergrootglas geplaas.

3.2.3 Die oorgang van die modernisme na die post-modernisme 1900-2000

Berkouwer verwys na die twintigste eeu as die eeu van katastrofale gebeurtenisse. Dit is die eeu met twee verwoestende wêreldoorloë. Die eeu waarin wêreldstede omskep is in puinhope en kerkgeboue ruïnes geword het. Die mens is geskud in sy visie van die toekoms en van homself. Die moderne mens het homself teleurgestel. Opnuut het mense begin soek na sin en betekenis in hulle lewens. Die mens het weer na God begin soek (d’Assonville 81:75).

Op die terrein van die teologie en die sending het daar paradigmaverskuiwings plaasgevind. Die Bybel as die Woord van God asook Skrifgesag is deurentyd onder

die soeklig geplaas. In reaksie het daar die siening in die 20ste eeu posgevat van die dialektiese teologie, met die nadruk wat gelê word op “die Woord van God”, maar dit is eerder “die Woord in die woorde” (van die Bybel). Veral Barth was ’n groot voorstander van hierdie denkraamwerk.

Daar was die opkoms van die eksistensialistiese teologie, met Rudolph Bultmann as die bekende eksponent van hierdie denke, wat kom met ’n radikale Bybelkritiek en met sy gedagte van die ontmitologiseringsprogram van die Bybel sodat die Bybel vir die moderne mens verstaanbaar en “verteerbaar” kan wees.

JAT Robinson, met sy siening van die mens se soeke na God en Thomas Altijer met sy teologie van “God-is-dood” skud die wêreld tot in sy fundamente.

Bo en behalwe die enkele teologiese onderstrominge word gelowiges verwar met die Neo-Marxisme as die vals evangelie: die mens moet homself deur revolusie, deur die daad verlos (d’Assonville 1981:79).

In die twintigste eeu ontstaan ook dinamiese nuwe godsdienbewegings met ’n bepaalde aanslag. Die pinksterbeweging, die Pentekostalisme en die Charismatiese bewegings plaas die Heilige Gees in die sentrum van aanbidding. Hierdie nuwe groepe begin ’n geweldige groot rol speel op die terrein van die sending.

As daar holisties na die afgelope twee eeue gekyk word, dan is dit duidelik dat daar tye was van groot sendingywer. Hierdie ywer het later weer afgeplat en ’n laagtepunt is beleef. Met ’n nuwe stimulus het die sendingywer dan weer toegeneem.

Met die omgang met die Bybel het dieselfde gebeur. Eers is die Bybel aan hartelose en felle kritiek onderwerp, later weer net so aanvaar, om weer later in ’n kritiese kurwe in te gaan.

d’Assonville maak die opmerking: “wat ookal die nood van die kerk mag wees, sy grootste nood is dat hy die Woord van God verlaat” (d’Assonville 1981:89).

Die mens van hierdie eeu het egter nie alles maar so gelate aanvaar nie. Stelselmatig

is die moderniteit met sy geweldige klem op die dominasie van die rede vervang met 'n nuwe paradigma. Hierdie nuwe paradigma beïnvloed die volle sfeer van die mens se bestaan. Sy gemeenskap, kultuur, godsdiens en wetenskapsbeskouing ondergaan 'n radikale verandering. Hierdie nuwe paradigma word post-moderniteit genoem.

Bosch (1991:349) skryf aangaande hierdie nuwe paradigma soos volg:

The situation with the postmodern paradigm is fundamentally different. New paradigms do not establish themselves overnight. They take decades, sometimes even centuries, to develop distinctive contours. The new paradigm is therefore still emerging and it is, as yet, not clear which shape it will eventually adopt.

In 'n artikel deur prof JM Vorster, "Ontwikkeling van postmoderniteit" word post-modernisme deur hom soos volg beskryf:

Oor die algemeen word aanvaar dat die post-moderniteit hom verset teen die mag van die rede, wetenskap en tegnologie, die humanisme en die groot super-sosiale strukture wat dit tot gevolg het. Die eg menslike soos ervaring, menslikheid, verskeidenheid en die geldigheid van verskillende waarhede word op die voorgrond gestel. Absoluuthede en absolutistiese stelsels word verwerp (Vorster 1999:10).

Soos alreeds opgemerk is, is die godsdiens nie hierdie nuwe paradigmaskuif gespaar nie. Daar word nou gewerk vanuit die mens se voorveronderstellings en dit raak die "bril" waarmee daar na die werklikheid gekyk word. Vorster (1999:11) belig die uitstaande kenmerke van post-moderniteit:

- Die fokus in post-moderniteit is nie die objek vanuit die sogenaamde objektiewe rede soos in die wetenskapsbeskouing van die moderniteit nie, maar op die subjek, die mens self met sy voorveronderstellings, gevoel, geloof en spiritualiteit. Daarom aanvaar post-moderniteit die geldigheid van meer as een moontlike waarheid oor dieselfde aangeleentheid. Reg en verkeerd word vervang met geldig en óók geldig

- Die tweede uitstaande kenmerk van die post-moderniteit is die nuwe belangstelling in die godsdiens. Die bestaan van God en die mens se inherente godsdienssin word erken. Waar die vraag in die moderniteit was na die bestaan van God, fokus die post-moderniteit op die vraag: “Hoe tree ’n mens in verbinding met God?” Spiritualiteit en godsdiens het weer belangrik geword, omdat dit erken word as die diepste essensie van menswees.

Hierdie klem op die mens en sy beleving plaas die Bybel ook in die kollig. Ten opsigte van die posisie en plek van die Bybel binne die post-modernisme skryf dr Wim Vergeer (1999:15)soos volg:

Dit is duidelik dat die postmodernisme met sy dekonstruksie van die Bybel uiteindelik op destruksie uitloop. Dit vernietig die boodskap van die Bybel. Die boodskap van die Bybel is nie meer God se boodskap wat hy aan ons geopenbaar en vir ons laat opteken het nie. Die blye boodskap van Christus word nou die boodskap van mense. Elke leser skep vanuit die Bybel sy eie evangelie, na gelang van hoe hy die Bybel lees.

Sodra die boodskap van die Bybel relatief tot die mens gemaak word, word ook God se waarheid op losse skroewe gestel. Daar is nie meer so-iets soos ’n objektiewe waarheid buite die mens – by God – nie, maar wat waarheid is, wissel van mens tot mens.

Seker die mees radikale van hierdie nuwe paradigma is dat daar geen plek vir die Christelike sending is nie. Dit gebeur omdat ek nie die Bybelse beginsels waaraan ek glo en waaraan ek vashou mag verkondig as die absolute waarheid nie. Ten opsigte van die Bybelgenootskap sal dit ’n bepaalde invloed inhou as hierdie post-modernistiese siening van sending tot sy volle konsekwensie deurgevoer word. Gebrek aan die Christelike sendingpogings sal beteken dat die vraag na Bybels sal afneem. Dit bly egter ’n ope vraag of dit werklik gaan gebeur.

Net tyd sal leer wat die teenreaksie op die post-modernisme gaan wees en watter nuwe paradigma daar uiteindelik in sy plek gestel sal word.

3.3 Sendingontwikkeling in Suid-Afrika sedert 1652

Die teologiese denke, en daarmee saam die sendingontwikkeling in Europa en later in Amerika, het 'n groot invloed uitgeoefen op die Suid-Afrikaanse sendingterrein. Dit was dus noodsaaklik dat daar eers aan die Europese ontwikkeling aandag gegee moes word, sodat die Suid-Afrikaanse sendingontwikkeling na waarde geskat kan word. Om in die bestek van hierdie hoofstuk die geskiedenis in detail te verreken, is nie moontlik nie. Daar is dus baie selektief te werk gegaan en enkele gebeure is uitgelig wat na my mening rigtinggewend ingewerk het op die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Hierdie selektiewe omgang moet deurentyd in gedagte gehou word.

3.3.1 Die tydperk 1652 tot 1800

Om die sendinggeskiedenis van Suid-Afrika te verstaan, moet daar by die ontstaan van Suid-Afrika as 'n kolonie begin word.

Om die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse sendinguitdagings te verstaan, moet in gedagte gehou word dat met die koms van Jan van Riebeeck daar hoofsaaklik drie verskillende inheemse volksgroepe suid van die Zambesirivier gewoon het. Hierdie verskillende nasies was die Khoi (Hottentotte), Boesmans en die Swart volkere (Du Plessis 1911:3).

Die eerste koloniste, Jan van Riebeeck en sy mede Hollanders, is van meet af aan voor die uitdaging geplaas om die evangelie aan 'n "multikulturele samelewing" te bring aangesien hulle die eerstes was wat 'n Europese kultuur moes probeer versoen met Afrika kultuur aan die suidpunt van hierdie kontinent..

Van hierdie verskillende inheemse volkere wat die Europeërs ontmoet het, word daar geskryf: "The three races whose early history we have attempted to trace differed widely from each other in physique, in speech, in occupation, in tribal custom and in religion" (Du Plessis 1911:5).

Die sieketrooster saam met van Riebeeck, Willem Wylant, het erns gemaak met die opleiding van die plaaslike bevolking. Hy het gepoog om hulle te leer lees en skryf en om die evangelie aan hulle te bring. Hy het verder 'n baie ernstige poging aangewend om die Khoitaal aan te leer.

In 1655 rapporteer Wylant aan die Classis Amsterdam dat sy pogings tot “kerstening” van die Khoi nie suksesvol is nie. Hy gee egter nie moed op nie.

Du Plessis (1911:26) skryf: “The attempts then of Wylant and his successor Pieter van der Stael, a brother-in-law of Van Riebeeck, to instruct the Hottentots in the Christian religion, were followed by no tangible results”.

Die eerste vrug op hierdie pioniersendingwerk bly egter nie uit nie. Op 3 Mei 1662 word die eerste Khoi bekeerling gedoop. Die jong Khoi-meisie met die naam Krotoa, beter bekend as Eva onder die setlaars, was nie net onderrig in die Hollandse taal nie, sy is geleer om te lees en te skryf en was deeglik onderleg in die grondwaarhede van die christelike geloof.

Hierdie nuwe bekeerling tree later in die huwelik met 'n Nederlander. De Gruchy (1979:7) skryf van hierdie huwelik dat gemengde huwelike aanvanklik aanvaar is. Hierdie aanvaarding van huwelike oor die kleurgrens het egter uitsluitlik berus op die feit dat beide partye gedooptes moes wees en dus by implikasie moes beide partye tot die christelike geloof behoort.

Voor hierdie gebeure is die Kaap bekend gestel met die slawehandel in 1660. Met die koms van die eerste slawe na die Kaap is daar dadelik werk gemaak van hulle christelike opvoeding.

Du Plessis skryf: “the Sick-comforter Pieter van der Stael was appointed teacher” en dan haal du Plessis aan uit die dagboek van Van Riebeeck:

To stimulate the slaves to attention while at school, and to induce them to learn the Christian prayers, they were promised each a glass of brandy and two inches of tabacco, when they finish their task (Du Plessis 1922:30).

Hierdie slaweskool met sy unieke metodes om prestasie aan te moedig, het egter nie lank bly bestaan nie, maar is tog later weer heropen onder die leiding van Ernestus Bax. Die leerplan by hierdie skool het bestaan uit lees en skryf, basiese wiskunde en die leer van kategismus en sekere christelike gebede.

Met die koms van die eerste voltydse leraar in 1665 na die Kaap, Johannes van Arkel en later sy opvolgers, is daar opnuut ernstig aandag gegee aan die geestelike lewe van die inheemse volke en aan dié van die slawe.

Du Plessis beskryf hierdie tyd asook die daaropvolgende gebrek aan sendingywer soos volg:

For the first quarter of a century after the establishment of the settlement there were attempts, as we have seen, to evangelise and christianise both slaves and natives. In course of time these efforts grew feebler, and whatever zeal there may have been in the direction of missionary effort, become confined to a few individuals of nobler sentiment than the rest.

The reason for this cessation of the efforts to spread the Gospel must be sought, primarily, in the low state of private morality into which the colonists speedily relapsed (Du Plessis 1911:36).

Die tydvak tussen die koms van die eerste setlaars na die Kaap en die koms van die eerste amptelike sendeling om onder die Khoi te kom werk, Georg Schmidt in 1737, was 'n tydvak waar daar 'n gebrek aan leraars was en tesame met die verspreidheid van die setlaars in die Kolonie, was dit geen maklike taak om die evangelie te bring nie.

Met Schmidt se koms het die fakkel vir die evangelie opnuut helder begin brand. Schmidt word in die Kaapshe Cyclopaedie, no 48 aangehaal waar hy 'n kort beskrywing van sy werkwyse gee.

Dit lui soos volg:

Every evening I visited the Hottentots, sat down among them, distributed

tobacco, and began to smoke with them. I told them that, moved by sincere love, I had come to them to make them acquainted with their Saviour, and to assist them to work. Upon this Afrika [one of the two Hottentots who had accompanied Schmidt from Cape Town] replied: “That is good. Baas” (sir). I asked them if they knew that there was a great Baas, who had given them their cattle and all they possessed. “Yes”, answered Afrika. “What do you call him ? “ “We call him Tui’qua,” was the reply. Thereupon I rejoined: “oh, dear people, this Tui’qua is our Saviour; He became man, and for us men He died upon the Cross!”

As soon as I had got my hut and my garden in order, I attempted to master the Hottentot language, seeing that very few of the Hottentots understand Dutch. They have three kinds of clicks, which I could not imitate; and I soon perceived that their language was too difficult for me to acquire. I therefore commenced to teach them to speak Dutch (Du Plessis 1911:54).

Schmidt tel egter later probleme op rondom die bediening van die sakramente aan die Hottentotte aangesien hy nie ’n geordende leraar was nie. In Maart 1744 verlaat hy die Kaap, maar laat tog ’n ryke erfenis van nuwe bekeerlinge uit die heidendom agter.

Die volgende amper vyftig jaar na Schmidt se vertrek staan weer eens in die teken van onbetrokkenheid by sending. Enkelinge het die belange van die sieleheil van die Khoi en slawe op die hart gedra, maar die meeste van die setlaars het afsydig en onbetrokke gebly.

Hierdie onbetrokkenheid neem ’n wending met die koms van die jong, maar briljante leraar na die Kaap. Helperus Ritzema van Lier begin op 8 Oktober 1786 sy werksaamhede aan die Kaap. Hierdie man was aangegryp deur die geestelike verval van die Khoi en die slawe. ’n Uitvloeisel van hierdie toedrag van sake was dat sekere mense onder van Lier se aansporing sekere dae afgesonder het om om te sien na die geestelike welsyn van die Khoimense asook die slawe.

To the first circle of mission friends belonged such men as Van Zulch of Drakenstein, Jacobus Vos, and CP Slotsboo, who subsequently became one of

the founders of the South African Missionary Society. And to these must be added the honoured name of Mrs Mathilde Smith, and was subsequently a devoted friend of missionaries and of mission work (Du Plessis 1911:64).

Van Lier sterf in die ouderdom van 28 jaar op 21 Maart 1793, maar daar is 'n nalatingskap wat 'n rimpeleffek ten opsigte van sending sou hê.

MC Vos, 'n boorling van die Kaap, raak aangeraak deur die sielenood van die slawe en Khoimense en dertien jaar nadat hy sy teologiese studies in Nederland afgehandel het, keer hy terug na die Kaap in 1794.

Tydens sy eerste diens in sy nuwe werkkring, Roodezand vandag Tulbagh, maak hy dit baie duidelik dat dit sy intensie is om die Khoi mense en slawe te bearbei.

He announced his intention of instituting classes for their instruction every Sunday and Wednesday evening, and urged it upon their master's and mistresses to see to it that their dependants attended these classes. Vos had, naturally, to contend with many difficulties. He had stirred deeply rooted prejudices, and awakened alarm and opposition. But his sincerity, his earnestness and his tact won the day (Du Plessis 1911:68).

Die uiteinde van sy ywer en entoesiasme was dat hy 'n vereenvoudigde Kategismus skryf, wat met die hand gedupliseer is en wat deur die boere versprei en gebruik word om hulle slawe en Hottentotte te onderrig.

Daar het intussen 'n belangrike gebeurtenis plaasgevind wat deur du Plessis soos volg verwoord is:

The arrival of the Moravian missionaries in 1792, and of the first band of men belonging to the London Missionary Society in 1799, drew the attention of Christian men and women, in a more marked manner than before, to the need of the slaves and heathen in their midst (Du Plessis 1911:69).

Die vlam van entoesiasme vir die sending het opgevlam en al hoe sterker begin brand

as gevolg van die sendingywer en entoesiasme van hierdie sendelinge.

3.3.2 Die tydperk 1800 tot 1824

De Gruchy beskryf hierdie periode in die geskiedenis van kerklike en sendingontwikkeling in Suid-Afrika as die tydperk van Setlaars Christendom. Hy skryf:

As the word 'transplanting' suggests, the development of settler Christianity and churches in South Africa took place along lines which mirrored the ecclesiastical situation in Europe. The same confessional and theological differences which divided the churches there into Protestant and Catholic, Reformed and Lutheran, Anglican and Nonconformist, took root. These differences were reflected, as in Europe, in everything from church architecture and liturgy to the way in which church members related to society and politics (De Gruchy, in Prozesky en de Gruchy 1995:29).

Gedagtig aan die opmerking en waarneming van de Gruchy, maar ten spyte daarvan, moet daar gemeld word dat daar met die aanbreek van die negentiende eeu 'n gees van sendingywer geheers het aan die Kaap soos nog nooit tevore nie. Behalwe dat daar 'n opregte gevoel was vir sending, was daar bepaalde afstroming vir die kerk, maar ook vir die staat, gekoppel aan die sendingpogings van die buitelandse sendelinge.

Die eerste en seker die belangrikste gevolg van die koms van die buitelandse sendelinge na die Kaap, was die stigting van sendingstasies.

Die eerste sendelinge van die Morawiese Sendinggenootskap het hulle gaan vestig by Baviaanskloof, of soos dit later bekend sou staan, Genadendal. As standaardmodel is daar eenvoudige huise opgerig, 'n soort kerkgebou opgerig asook 'n skoolgebou.

Hierdie Sendinggenootskap se werksaamhede het deur die jare uitgebrei en in 1808 is nog 'n sendingstasie geopen by Groenkloof, of soos dit later sou bekend staan, Mamre.

Die vrug op die arbeid van die pioniersendelinge van die Morawiese

Sendinggenootskap het nie uitgebrei nie. In 1813, een en twintig jaar nadat die eerste sendelinge van die Genootskap aan die Kaap begin arbei het, word daar soos volg geskryf:

The “Commissioners of Circuit” for the year 1813 praised the inhabitants of Genadendal for their “industry, order and subordination”, for the neatness and cleanliness of their homes, for their zeal in attending the religious exercises of the station, and for the excellent relations which obtained between them and the farmers in whose service they were for a portion of the year engaged (Du Plessis 1911:89).

Die Londense Sendinggenootskap se sendelinge het op hulle eiesoortige manier ’n indruk gemaak. In 1799 land die eerste vier sendelinge aan die Kaap, Johannes Theodorus van der Kemp, Johannes Jacobus Kicherer, John Edmond en William Edwards.

Met die koms van hierdie vier sendelinge na Suid-Afrika het die sendingpoging in twee verskillende rigtings ontwikkel, naamlik in ’n oostelike en noordelike rigting.

In die oostelike rigting het Van der Kemp en Edmond probeer uitreik na die Xhosastam van Gaika, maar hulle was nie suksesvol nie. Eerwaarde James Read sluit aan by Van der Kemp nadat Edmond vertrek het na Indië.

In 1802 stig die twee sendelinge die stasie en toevlugsoord vir Hottentotte genoem Bethelsdorp, naby die huidige Uitenhage. Crafford skryf van hierdie werk die volgende:

Van der Kemp wou ’n toevlugsoord skep vir die swerwende Hottentotte, maar die boere (aan die Oosgrens) het dit gesien as aanmoediging tot leegléery en luiheid. Ongelukkig het Van der Kemp, wat die Hottentotte benader het as “edele barbare” van die Franse filosoof Rousseau, nie ’n oog gehad vir hulle swakhede nie en het gefaal om dissipline te handhaaf.

Hy kon nie daarin slaag om die Hottentotte selfwerksaamheid aan te leer nie

en Bethelsdorp het sleg afgesteek by die Morawiese sendingstasie Baviaanskloof (Crafford 1982:29).

Die ander twee sendelinge van die Londense Sendinggenootskap het noordwaarts gewerk en hulle buite die grense van die Kaapkolonie gaan vestig met die oog op werk onder die Boesmans.

Crafford skryf van hierdie poging soos volg:

In die omgewing van die Sakrivier het hulle die Boesmans probeer bereik. Die poging misluk egter omdat die Boesmantaal en hulle nomadiese leefwyse onoorkomelike struikelblokke was. Die Sakriviersending was alleen van belang omdat dit die pad oopgemaak het vir latere sending onder die Griekwas en die Tswanas (Crafford 1982:31).

Wat veral navore gekom het van die noordwaartse uitreik was die werk van die Skot. Robert Moffat. Later baie meer oor hom en sy werk onder die Tswanas van hoofman Mothibi op die walle van die Kurumanrivier.

Nog 'n Sendinggenootskap wat 'n groot rol gespeel het in die aanvanklike sendingpogings in Suid-Afrika was die Wesleyaanse Sendinggenootskap wat sedert die stigting daarvan in 1813 'n groot sendingywer geopenbaar het.

Met die koms van Barnabas Shaw in Suid-Afrika in 1816 het die sendingwerk van die Metodiste van krag tot krag gegaan. Die sendingpoging in Suid-Afrika het ontplooi in drie vertakkinge, naamlik na die weste onder die Namakwas, na die ooste onder swartstamme van Kafraria en na die noorde onder die Barolong van Transvaal (Crafford 1982:32).

'n Verdere gebeurtenis wat van geweldige groot belang is, was die koms van die Britse setlaars na Suid-Afrika in 1820. Hierdie setlaars het nie net hulle opvoeding met hulle saamgebring nie, maar ook hulle godsdienstige erfenis. 'n Erfenis wat ingrypend sou inwerk op die lewens van die inboorlinge aan die destydse oosgrens, maar wat ook die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika deur die jare sou stimuleer en

tot groot hoogtes aanspoor.

In dieselfde jaar land William Shaw aan die Oosgrens en saam met van die Britse setlaars gaan vestig hy hom by 'n dorpie net suid van Grahamstad. Salem. William Shaw het nie alleen die Britse setlaars van verskillende kerke bearbei nie, maar ook die Boere. Hy het Hollands, wat op die grens al sterk afgewyk het in die rigting van Afrikaans, aangeleer om die Boere te bereik. Daarby het hy as yweraar vir die sending dadelik die groot, braak sendingveld raakgesien wat vanaf Salem tot by die Rooi See gestrek het (Crafford 1982:33).

'n Ander genootskap van die Britse Eilande wat groot werk kom doen het, was die Glasgow Sendinggenootskap. Crafford skryf:

In 1824 het John Ross en John Bennie die stasie Lovedale aangelê. Lovedale was die eerste poging tot hoëre onderwys vir die Swartes in Suid-Afrika. Hier is ook veel gedoen vir die literatuurvoorsiening in Xhosa (Crafford 1982:34).

Al die pioniersendelinge met hulle sendingstasies het daarin geslaag om 'n bepaalde rol te speel in die geletterdheidstoerusting van die inheemse volke asook die daarstelling van die taalreëls. Maar aan die anderkant het die sendelinge daarin geslaag om 'n buffer te wees tussen die koloniseringsmagte en die plaaslike inheemse volke.

Die pioniersendelinge het van die begin af tussen die plaaslike bevolking gaan woon, hulle taal aangeleer, en onder baie uitdagende en moeilike omstandighede die mense leer lees en skryf.

Van den Berg en Spindler is dit eens en Bosch onderstreep hierdie feit as hy skryf: "What better agents of its cultural, political and economic influence could a Western government hope to have than missionaries" (Bosch 1991:304).

Dat hierdie sendelinge, wat deur baie as agente van die koloniale magte beskryf word, groot werk gedoen het, wat van onskatbare waarde vir die mens van vandag is, sal verder belig word as hulle rol as Bybelvertalers en Bybelverspreiders bespreek word.

Sendelinge vanuit Europa, Engeland en Amerika het waarlik die nood in Suid-Afrika raakgesien. Manne en vroue het gereageer op die versoek vanaf die Kaap vir sendelinge. Tog moet 'n belangrike feit nooit uit die oog verloor word nie, en dit is dat hierdie “uitreik” vanaf die Europese vasteland en Amerika in 'n groot mate gepaard gegaan het en gekoppel was aan die koloniseringsproses.

Hierdie “uitreike” het egter ook gestaan in die tradisie van Gijsbertus Voetius (1589-1676) wat gesê het dat die sending drie doelstellings het naamlik: 1) Dat heidene tot bekering gelei moet word, 2) dat kerke geplant moet word, 3) en dat dit gedoen moet word tot eer van God.

Die proses van kerstening het egter later nie meer so glad verloop nie. Spanning het begin opplaa, nie net alleen tussen staat en kerk nie, maar ook tussen die setlaars en die sendelinge.

Skielik was sendelinge nie meer oral so welkom nie. Kritiek op en die beywering vir die afskaffing van die slawehandel het die kerke en veral sendelinge by die burgers in onguns gebring.

Bosch sien die werk en invloed van die pionierssendelinge in hulle pastorale sensitiwiteit, wat ironies genoeg weer tot konflik met die blanke setlaars aanleiding gegee het. Hy skryf aangaande hierdie sendelinge:

They became friends of the local people, they visited them in their homes. They proclaimed to them that God loved them so much that he sent his only Son for their salvation. They convinced them that, in spite of the way they were being treated by other whites, they had infinite worth in the eyes of the Almighty.

They demonstrated this by going out of their way to heal their sick and by offering education to both their boys and their girls. They studied the local languages and in this way proved that they respected the speakers of those languages. In summary, they empowered people who had been weakened and

marginalized by the imposition of an alien system (Bosch 1991:311).

Alan Paton huldig tot 'n mate dieselfde siening as Bosch as hy in die voorwoord van die boek van De Gruchy (1979:x) skryf:

The struggle between the church-in-Christ and the church-in-society first revealed itself with the advent of the missionaries from Europe. The society was essentially a white supremacist society, and the customs of the white settlers have finally come to rule us. But it was the missionaries who first challenged the customs. That is why the original Dutch settlers came to distrust intensely the interfering missionaries, a distrust that eventually came to be shared to a lesser or greater degree by the British settlers and their descendants more than a century and a half later.

Daar was egter nog verdere redes vir hierdie antagonisme jeens die sendelinge wat Du Plessis verwoord en toeskryf aan die burgers se eie geestelike nood omrede hulle nie altyd genoegsaam bearbei is nie, veral die wat op die grense van die kolonie woonagtig was.

Hy skryf:

Many of these colonists could neither read or write, nor could they secure teachers for their children. Is it to be wondered at that they resented the establishment of a school at which the children of Hottentots received an education which was denied to their own children? (Du Plessis 1911:78).

Sendelinge word deur die blanke gemeenskappe verantwoordelik gehou vir arbeidsonrus, en die sendingstasies waarvan daar baie gevestig is, word beskou as plekke waar daar wederregtelik skuiling aan wegloopslawe en ander ongewenste elemente gebied word.

Hierdie wrywing tussen die blanke boere, dit is Hollandse en Engelse Setlaars, hou veel meer in as wat alreeds geskryf is. De Gruchy (1979:13) skryf aangaande hierdie spanning dat sommige sendelinge meer gedoen het as om die inheemse volkere te

kersten. Die sendelinge het ook aktief kant gekies vir die inheemse volkere teen die setlaars en het hierdie groepe aktief ondersteun in hulle pogings om reg en geregtigheid te laat geskied asook om hulle behoefte aan land te bevredig. Daar het ongelukkig 'n persepsie onder die sendelinge geheers dat aangesien hulle self blankes was, hulle die gewetes van die blanke setlaars en boere moes wees en terselfdertyd moes optree as die beskermhere van die inheemse volke. Uit die aard van die saak was dit 'n onhoudbare situasie wat ontstaan het.

So erg het dit gegaan dat sendelinge van sekere Sendinggenootskappe soos onder andere die Londense Sendinggenootskap later in sekere dele van die land glad nie welkom was nie. Ander sendelinge daarenteen, soos van die Morawiese - en Berlyne Sendinggenootskap, was genooi om hulle arbeid te kom voortsit omrede hierdie sendelinge daarin geslaag het om goeie verhoudinge met die boere en ander setlaars op te bou.

Ten spyte van teenslae en verwerping en min vrug op hulle arbeid het die sendelinge nie tou opgegooi nie. Hulle roepingsbewustheid was te sterk.

3.3.3 Die tydperk 1824 tot 1900

Hierdie tydperk was en is die belangrikste tydperk in die geskiedenis van Suid-Afrika ten opsigte van die sendingontwikkeling, maar ook ten opsigte van Bybelvertaling, en Bybelverspreiding. Daar het soveel belangrike ontwikkelinge plaasgevind wat deeglik geboekstaaf is dat daar net na enkele belangrike momente verwys sal word, met 'n bondige toeligting.

Dat die sendingpatroon van na 1824 drasties verander het, is toe te skryf aan die amptelike toetrede tot die sendingarbeid deur die destydse staatskerk, die NG Kerk. Waar lidmate vantevore as lede van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap, wat op 22 April 1799 gestig is, 'n groot rol gespeel het in die sendingarbeid aan die Kaap en later op die grense van die Kolonie, was die NG Kerk nooit amptelik deel van die sendingpoging nie.

Crafford sê:

Hoewel hierdie Sendinggenootskap nie offisieel in verband met die NG Kerk gestaan het nie, is dit uit die aard van die saak hoofsaaklik deur lidmate van dié Kerk gedra. Die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap was van die begin af 'n interkerklike genootskap wat alle Christene wou saamsnoer vir die ideaal van die verkondiging van die ware Christendom (Crafford 1982:25).

Crafford is oortuig daarvan, en hierdie standpunt moet ondersteun word, dat die Genootskaplike sending en dan veral die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap en sy meewerkende Genootskappe die sendingbelangstelling in die NG Kerk geweldig gestimuleer het.

Die NG Kerk het by sy Sinodesitting in 1824 'n rigtinggewende besluit ten opsigte van die sending geneem. By hierdie sinode is daar besluit dat die NG Kerk voortaan self sendelinge sou orden en uitstuur om te gaan werk onder die inheemse volkere van die land.

Crafford skryf:

Die besluit lui dat sendelinge deur die NGK deur een algemene kerkvergadering zullen kunnen worden georden, om onder gemeenten door hun uit de heidenen verzameld, de heilige Sacramenten te bedienen, onder de bepalingen welke de Synode dienstig zal oordeelen desaangaande (Crafford 1982:37).

Met hierdie besluit het die Sinode nou amptelik standpunt ingeneem dat die praktiese doen van sending 'n kerklike verantwoordelikheid is. As uitvloeisel en bevestiging van hierdie standpunt word Leopoldt Marquard op 14 November 1824 as eerste amptelike sendeling van die NG Kerk georden. Nou het die kerk sy eie sendingaksie begin.

Na hierdie historiese besluit het daar in die daaropvolgende jare radikale gebeure plaasgevind wat 'n direkte invloed op die sendingpoging gehad het, maar wat veral die

werk van die Bybelgenootskap direk geraak het.

3.3.3.1 Die invloed van die Groot Trek

Seker een van die belangrikste momente in die geskiedenis van Suid-Afrika was die Groot Trek en die daaropvolgende uitvloeiensels.

Die Groot Trek wat tussen 1824 en 1862 plaasgevind het, het nie net die destydse Transvaal en noord van Limpoporivier ontsluit nie, maar ook is Natal binnegetrek en is daar kontak gemaak met die plaaslike Zoeloebevolking.

Alreeds met die aanvang van die Groot Trek in 1834, was daar talle Sendinggenootskappe aan die werk in die gebiede noord van die Oranje asook in Natal en in Transvaal. Die Voortrekkers het noodwendig op die trekpad met die werk van die verskillende genootskappe te make gekry en is deur hulle beïnvloed (Crafford 1982:36).

Die eerste ses sendelinge wat verbonde was aan die American Board of Commissioners for Foreign Missions (A.B.C.F.M) land in 1835 in Suid-Afrika. Die een groep sendelinge bestaande uit Daniel Lindley, AE Wilson en HL Venable het aanvanklik in die noorde van die destydse Transvaal gaan vestig. Die ander drie Amerikaners, N Grant, G Champion en N Adams het hulle in Natal gaan vestig en onder die Zoeloes begin werk.

Hierdie baanbrekerswerk is egter wreed ontwrig met die moord op Retief en die Voortrekkers. Die onrus wat tussen die Voortrekkers en die Zoeloes ontstaan het, het die aanvanklike sendingpogings erg gestrem.

Na die slag van Bloedrivier in 1838 en met die aansporing van sendingvriende aan die Kaap, kon die werk voortgaan en vanaf 1846 is die eerste bekeerlinge onder die Zoeloes gedoop (Crafford 1982:44-45).

Dit was nie net die Amerikaners wat onder die Zoeloes gearbei het nie. Sendelinge verbonde aan die Church Missionary Society (CMS) van die Anglikaanse Kerk het

sedert 1835 in Natal gewerk.

Aanvanklik was dit Allen F Gardiner en Francis Owen wat begin werk onder die Zoeloes, maar hulle word aan dieselfde probleme as die Amerikaners blootgestel. Hulle arbeid kom tot 'n einde en word eers in 1853 opnuut begin deur die ywer van biskop Colenso van die Anglikaanse Kerk.

Op die Wesgrens van Transvaal het die Boere veral te doen gekry met die Londense Sendinggenootskap. Soos alreeds gemeld, was die verhouding tussen die Boere en die sendelinge van hierdie genootskap nie altyd van die beste nie. Dit blyk dat verhoudinge verder versleg het met die kontak in Wes-Transvaal en die persepsie het bly voortleef dat hierdie spesifieke groep sendelinge die Boere nie goedgesind was nie.

Alhoewel van hierdie sendelinge en dan by name Moffat, 'n fenomenale rol gespeel het met Bybelvertaling, produksie en later verspreiding, was dit veral Livingstone wat 'n doring in die vlees van die Boere was.

Die Boere het verklaar dat hulle nie teen sendingwerk gekant is nie, veral as Morawiese sendelinge dit kon onderneem nie. Hulle het Livingstone egter daarvan beskuldig dat hy die Swartes opsteek teen die Boere en dat hy aan hulle wapens verskaf. Die Boere het Livingstone en die LSG gewantrou en hy het ook vir hulle geen liefde gehad nie (Crafford 1982:46).

Hierdie swak verhouding was egter wederkerig aangesien Livingstone geen begrip getoon het vir die Boere se teenstand teen die gelykstellingsbeleid nie. Hiervoor het hy die Boere erg verkwalik. Maar in sy persoon was hy iemand wat maklik baie sterk standpunt ingeneem het. Du Plessis (1911:251) skryf: "Livingstone was undoubtedly a man of strong sympathies and strong antipathies, and that his feelings towards the Boers were antipathetic in the extreme".

Aan die positiewe kant het die Duitse sendelinge 'n baie goeie verhouding gehad met die Boere. As gevolg van die opbouende werk wat op Morawiese sendingstasies gedoen is, het die Voortrekkers oor die algemeen baie meer positief gestaan teenoor

die Duitse Genootskappe. Daarom wou hulle die LSG hoegenaamd nie in die Transvaal toelaat nie, maar het die Berlynse en Hermannsburgse Genootskappe tog daarheen uitgenooi (Crafford 1982:47).

Die gevolg van hierdie positiewe verhouding tussen die Voortrekkers en die Duitse sendelinge was dat die Berlynse Sendinggenootskap in die Noord-Transvaal en die Hermannsburgse Sendinggenootskap in Wes-Transvaal gevestig geraak het.

Die Franse van die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap (PESG) het hulle hoofsaaklik in die Vrystaat gevestig en onder die Sotho-sprekende stamme begin werk. Nadat die Voortrekkers hulle in die OVS kom vestig het, het daar geleidelik spanning opgelaaie tussen hulle en Moshesh. Dit het veral gegaan om veediefstalle van die kant van die Basotho en die vaspens van grense tussen die twee gebiede (Crafford 1982:49).

Die sendingpoging van die Franse het later baie spanning veroorsaak as gevolg van hulle ondersteuning van Moshesh ten koste van die Boere in die Vrystaat. Uiteindelik is 13 families deur die Vrystaatse wetgewer verban, maar hierdie belangrike werk is hervat in 1858 met die koms van Eugene Casalis (jr) en Francois Coillard.

Saam met die Franse tree die Switsers in die persone van Creux en Berthoud toe tot die sendingtoneel in Suid-Afrika. Crafford skryf van hierdie sendelinge en organisasie die volgende:

Die sendelinge van die PESG, sowel as die Switsers wat onder die Shangaans gaan werk het, was van die Franse Gereformeerde Kerke in Frankryk en Switserland. Hulle het baanbrekerswerk gedoen op die gebied van Bybelvertaling en literatuurvoorsiening in Suid-Sotho en Tsonga, die tale wat in die twee gebiede gepraat word (Crafford 1982:50).

Gedurende die eerste dekade na die Groot Trek is die Trekkers bearbei deur sendelinge, wat nie altyd in verband met die NG Kerk gestaan het nie. Manne soos E Smit, vroeër van die Londense Sendinggenootskap, J Döhne, van die Berlynse Sendinggenootskap en J Archbell van die Wesleyaanse Genootskap, het waardevolle

dienste verrig onder die herderlose lidmate ten noorde van die Grootrivier, en hierdie werk is dan ook dankbaar erken en waardeur (Van der Watt 1977:49).

Nadat die noorde deur die Voortrekkers ontsluit is, het die Boere Republieke ontstaan. Crafford beskryf hierdie tyd as 'n rustige tyd wat die Kerk in staat gestel het om sy werk te konsolideer. Voortvloeiend uit hierdie konsolidasie was dat sending weer sy regmatige plek kon inneem.

Alhoewel dit mag blyk dat alles goed gegaan het met die sendingpoging van kerk en sendingorganisasies, gebeur daar tog iets by die Sinode van 1857 in die Kaap wat hierdie skynbare rustigheid sou versteur. Sosiale druk vanaf die kant van die blankes veroorsaak dat die NG Kerk sy standpunt ten opsigte van gesamentlike aanbidding in heroorweging moet neem. Hierdie besluit, wat die weg gebaan het vir aparte aanbidding en later die stigting van die NG Sendingkerk in 1881 en ander kerke onder gekleurdes en wat later jare die weg sou baan vir aparte aanbidding, lui soos volg:

De Synode die beschouwdt het wenschlijk en Schriftmatig dat onze ledematen uit de heidenen in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelyfd worden, overal waar zulks geschieden kan; maar waar deze maatregel ten gevolge van de zwakheid van sommigen de bevordering van de zaak van Christus onder de heidenen in de weg zouden staan, de gemeenten uit de heidenen opgerigt of nog op te rigten, haar Christelijke voorrechten in een afzonderlijke gebouw of gesticht genieten zal (Crafford 1982:42; De Gruchy 1979:8).

De Gruchy (1979:8) skryf dat as gevolg van hierdie ongelukkige besluit en die latere invloed van die teologiese denke van die Duitse teoloog, Gustav Warneck, daar op kerklike terrein ontwikkelinge plaasgevind wat later sou inwerk op die politieke denke van blanke Suid-Afrikaners. Warneck was 'n groot voorstander daarvan dat die evangelie gebring moes word aan mense binne hulle eie kulturele agtergrond en binne hulle milieu. Hierdie siening van skeiding het daartoe gelei dat die kerk in die breë in Suid-Afrika later volgens ras en kleur ontwikkel het.

3.3.3.2 Die invloed van die Boere Republieke.

Tydens die jare wat die Boere Republieke op die kruin van sukses gery het, het daar

op kerklike terrein van die blanke Afrikaner nog 'n baie belangrike gebeurtenis, alhoewel uiters onverkwiklik, plaasgevind. Sonder om hierdie gebeurtenisse in diepte te bespreek, is dit egter nodig om daarvan kennis te neem aangesien hierdie gebeurtenisse later groot implikasies sou hê vir die werksaamhede van die Bybelgenootskap.

Hierdie onverkwiklike gebeure was die twee kerkskeurings wat plaasgevind het. Met die Groot Trek was die NG Kerk in die Transvaal deels nog gebonde aan die Kaapse Kerk. 'n Verskeidenheid gebeure gee aanleiding daartoe dat lidmate nie meer daarmee tevrede was nie.

Die eerste afskeiding vind plaas onder leiding van ds Dirk Postma, 'n Hollander wat onder andere aansluit by die kwessie van die sing van Gesange tydens die eredienste. Op 10 Februarie 1859 word die Gereformeerde Kerk gestig met ds Postma as eerste leraar.

Buite die Transvaal in die Vrystaat en Noord-Kaapland het ds Postma spoedig nuwe gemeentes gestig - Reddersburg in 1859 en Burgersdorp, Middelburg en Colesberg in die volgende jaar (Van der Watt 1977:85).

Dit was egter nie die einde van die krisis in die NG Kerk in Transvaal nie. Eenheid met die Kaapse kerk was deurentyd op die agenda van die NG Kerk in Transvaal. Hierdie eenheidstrewes het onder leiding van ds van der Hoff asook di AJ Bergmann en GW Smits sterk afgeneem.

Van der Watt (1977:72) skryf:

Hiermee is dan die strewes na vereniging met die Kaapse Sinode vernietig, soos ook bevestig in 'n besluit van die Algemene Kerkvergadering op 2 September 1861 te Pretoria en waarvan kennis gegee is aan die Kaapse Sinode: "de Nederd. Hervormde Kerk in deze Republiek haar eigen bestuur hebben wil. Het is de wensch der Algemeene Kerkvergadering om voortdurend in eene zusterlike betrekking te blijven tot uwe Synode".

So word die tweede Afrikaanse kerk van Gereformeerde belydenis in die Transvaal gestig, die Nederduitsch Hervormde Kerk.

Hierdie gebeure sou later 'n groot rol speel in die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Alhoewel die stigting van drie Afrikaanse kerke met Gereformeerde belydenis 'n hartseer is en iets wat toentertyd voorkom moes word, het dit groot seën ingehou vir die Bybelgenootskap aangesien vertalers uit hierdie kerke diep spore getrap het ten opsigte van vertaalwerk in al die inheemse tale van Suid-Afrika. Hierdie kerke het later in die eeu hulle ingegrawe op die sendingvelde. Sommige definitief meer as ander, maar tog was daar 'n poging tot die kerstening van die mense van Suid-Afrika.

Met die totstandkoming van die Republieke van die Vrystaat, Natal en die Transvaal was die juk van Engelse oorheersing tydelik van die skouers af. 'n Uitvloeisel van hierdie afskeidingsbeweging van die Boere van die Engels beheerde kolonie was twee Vryheidsoorloë waarvan die Anglo-Boereoorlog tussen 1899 en 1902 deurslaggewend vir die Engelse was.

Voor hierdie tragiese gebeure word die noorde ontsluit met die ontdekking van goud in die Transvaal. Dit raak verder 'n tyd waarin ander denominasiespe as die tradisionele kerke hulle kom vestig in die Transvaal. Dit kon alleen gebeur nadat die verbod op die werksaamhede van ander kerke, anders as die tradisionele kerke, opgehef is. Veral van die Engelse kerke, dit is die Anglikaanse Kerk, Metodiste kerk en Presbiteriaanse kerk, asook die Rooms Katolieke Kerk het hierdie vryheid sedert 1870 deeglik aangegryp.

3.3.3.3. Die invloed van die ontdekking van goud

Johannesburg, wat die goudstormloop in 1886 beleef het en die gepaardgaande ekonomiese ontwikkelinge aan die Rand, werk mee om die sendingvelde meer toeganklik te maak. Dit gebeur deurdat paaie gebou en spoorlyne aangelê word om die noorde te bedien vanuit die suide en Mosambiek. Mense in hulle derduisende het na die Rand gestroom ten einde te kom deel in die nuutgevonde rykdom en om die geleentheid tot werk aan te gryp.

Inderdaad is die Noorde as die ekonomiese hartland nie net ontsluiting nie, maar met die instroming van mense het die sendingveld letterlik op die voorstoep van die Rand beland. Van hierdie sendingveld word daar geskryf:

The conditions in the compounds and locations - many of them unnatural and artificial - as also the absence of the tribal sanctions and, on the other hand, the inflammatory speeches of all and sundry, stirring up the passion and frequently desecrating the Lord's Day, all these accentuate the challenge of the city mission on the Rand and elsewhere.

From all possible points of the compass up to the equator and even beyond it, thousands of these workers in the bowls of the earth and hundreds on its surface come for longer or shorter periods. Most of them are as yet without any knowledge of the Christian Gospel and the main motive of their periodical visits is to earn enough money to make their way through life (Gerdener 1958:137).

Die direkte uitvloeisel van hierdie ontwikkeling aan die Rand was dat al wat 'n sendingorganisasie en kerklike denominasie die mense begin bedien het. Reeds so vroeg soos in 1923 was daar alreeds ses en twintig verskillende sendingorganisasies aan die Rand werksaam.

3.3.3.4. Die invloed van die Anglo-Boereoorlog

Terwyl die Rand begin bloei en ontwikkel as gevolg van die ontdekking van goud met die gepaardgaande verstedelikingsproses onder blankes, kleurlinge, swartes en Indiërs begin die onweerswolke sy kop uitsteek in die noorde van die land. Die Boere Republieke kom onder druk van 'n koloniseringsmag in die gestalte van Engeland.

The Three Years' War between the two Boer Republics and the British Empire brought much devastation of churches, parsonages and homes in its wake. "The outbreak of the Boer War in 1899", writes Father Brady, "was a severe setback in practically all spheres of missionary labour. Apart from the fact that missionaries, few in number, joined up as army chaplains and the flow of

priests from overseas was interrupted, the general work in town and country was upset” (Gerdener 1958:14).

Die Anglo-Boereoorlog was die blanke se oorlog teen die Britse kolonialisende magte. Hierdie oorlog op sigself het spanning gebring binne die Afrikaanse kerke, asook tussen Afrikaanse en die tradisionele Engelse kerke. Hierdie kerke word tradisioneel Engels genoem, nie omdat die voertaal binne die kerk Engels was nie, maar as gevolg van hulle historiese afkoms en bande met Engeland. Alhoewel die blanke Afrikaners ’n saak kon uitmaak dat die oorlog geregverdig was, het die Engelse kerke saam met hulle sendelinge hierdie oorlog toegeskryf aan die onnodige aggressie van die Boere en as gevolg van hulle onregverdigte behandeling van uitlanders en die plaaslike inheemse bevolking (De Gruchy, in Prozesky en De Gruchy 1995:41).

Die werk van die Bybelgenootskap kon nie die invloed van hierdie verwoestende oorlog vryspring nie. In die Jaarverslag van die S.A Hulpvereniging in 1901 word daar geskryf:

Before the war we had altogether 250 agencies and branches in the republics and within the Cape Colony. As soon as the war was declared all the depots situated in the first named ceased operations; contributions and trade accounts were discontinued. Many subscribers could not give as usual, and the would-be purchasers were unable to buy (Smit 1970:49).

Inderdaad is die Bybelgenootskap nie net organisatories deur die oorlog beïnvloed nie, maar definitief ook finansiële.

Ten spyte van die verskeurdheid en geweldige hartseer en ellende wat die Anglo-Boere oorlog gebring het, was daar ook positiewe uitvloeisels. Een daarvan was die ongekende sendingbelangstelling onder die Afrikaanse gemeenskap. Vele jongmanne het hulle aangemeld om opgelei te word as sendelinge.

Selfs van die Boere wat verban is na ander Britse kolonies, soos onder andere Ceylon (Sri Lanka), het nooit weer na hulle vaderland teruggekeer nie. Op die eilande het hulle aangebly om daar die Woord te bring. Gerdener (1958:15) skryf van hierdie

ontwaking:

More than 200 young men found their way from the islands of St Helena, the Bermudas, Ceylon and elsewhere to be trained as missionaries in the home or the foreign field.

3.4 Die tydperk 1900 tot 1994

De Gruchy (De Gruchy, in Prozesky en De Gruchy 1995:83) skryf aangaande hierdie tydperk in die geskiedenis van Suid-Afrika die volgende:

The transformation of Christianity, from a white, European-dominated settler religion, with expatriate missionaries engaged in evangelising the indigenous people of the country, to a black-majority religion rooted in African culture and engaged in the struggle against white social, political and ecclesial culture, is undoubtedly the most significant development of twentieth-century Christianity in South-Africa.

Maar was hierdie eeu dan net gekenmerk deur kerke wat polities aktief was? Is die evangelie dan nie aan al die mense van ons land gebring nie? Wat dan van die siening van iemand soos John M Waliggo wat skryf in sy artikel “Christianity and Liberation in Africa: some Obstacles” (red L Namwera e.a.) “Here in Africa many intellectuals and professionals, the freedom fighters, the nationalists and the radicals have found christianity irrelevant to their aspirations” (Waliggo 1990:33). Is dit nie ’n klag teen die kerk nie? Moet kerk en politiek radikaal van mekaar geskei word of is dit so verweef dat die een nie sonder die ander kan funksioneer nie?

Die ander kant van die saak is die vraag of die werk wat sendelinge begin het deur mense in sy volle konteks rondom die sendingstasies te bedien, oorgesien moet word? Wat dan van die gemeentes wat as gevolg van hierdie werk ontstaan het, asook die hospitale wat opgerig is, skole wat gebou is en die meer as een sendingstasie waar daar voorsiening gemaak is vir die gestremde, hetsy gehoor, fisies, verstandelik of gesig? Weliswaar het kerklike betrokkenheid later in die eeu afgeneem nadat skole en hospitale deur die staat vanaf 1953 oorgeneem is, maar kan hierdie werk net negeer

word?

Dat die situasie in Suid-Afrika die afgelope eeu baie kompleks was, is 'n feit. Daar is geen manier waarop daar simplisties gehandel kan word met die geskiedenis nie. Daar moet verder in gedagte gehou word dat met die voorreg om terug te kan kyk, daar nie onnodig krities en aan die ander kant weer te sagkens te werk gegaan moet word nie. Wat egter vasstaan is dat binne hierdie komplekse situasie die Bybelgenootskap bly funksioneer het en daar onverpoosd voortgegaan is met vertaalwerk, produksie en die verspreiding van Bybels.

'n Oorsig is egter nie net belangrik vir die verrekening van die sendingsituasie nie, maar daar sal tog probeer word om die agtergrond te skets waarbinne die Bybelgenootskap probeer het om te funksioneer.

3.4.1. Staatskundige ontwikkeling

Op staatskundige terrein moet die drie groot gebeurtenisse die afgelope eeu nie vergeet word nie. Hierdie gebeurtenisse is die Uniewording in 1910, Republiekwording in 1961 en die voltooiing van die staatskundige proses met die eerste demokratiese verkiesing in 1994.

Die invloed en uitkoms van die Anglo-Boere oorlog en die gepaardgaande opkoms van swart nasionalisme aan die begin van hierdie eeu, manifesteer in die stigting van die "Native National Congress" in 1912 in Bloemfontein wat in 1923 die "African National Congress" of ANC word. Hierdie organisasie saam met ander soos die "Pan Africanist Congress", gestig in 1959, word beide in 1960 verban en dertig jaar later in 1990 ontban. Beide hierdie organisasies, saam met ander frontorganisasies, sou deur die jare 'n verbete stryd voer teen die beleid van Apartheid met die gepaardgaande marginalisering en ekonomiese ontmagtiging van die swartmense van Suid-Afrika.

3.4.2. Kerklike ontwikkeling

Op kerklike terrein vir die periode 1910 tot 1948 was dit steeds die NG Kerk wat 'n leidende rol speel in die lewe van die Afrikaners. Die eerste tekens dat dit nie

onbeperk sou voortgaan nie, is die ontstaan en stigting van die Pinksterkerke. Die Apostoliese Geloofs Sending word in 1908 gestig met die “Assemblies of God” in 1914 en die Volle Evangelie Kerk van God in 1920. In die sestigerjare begin daar ’n nuwe beweging in Amerika wat oorspoel na Suid-Afrika. Dit was die begin van die Charismatiese beweging met sy verskeidenheid kleiner groeperinge. Teen die middel van die eeu was die beeld van die kerk nie meer dieselfde nie.

Die tradisionele Engelse kerke speel ook sy rol binne Suid-Afrika. Veral die Anglikaanse Kerk, een van die grootste verteenwoordigers van die Engelse kerkgemeenskap, laat sy stem hoor ten opsigte van sosio-politieke aangeleenthede. Sy Sinodes neem standpunt in teen die ongeregtigheid waaraan die swart gemeenskappe onderworpe was. Die besit van eiendom asook swart onderwys was deurentyd op die agenda. Die kerk het ook nie sy oë gesluit vir die behuisingskrisisse en swak lewensomstandighede waaraan die swart mense onderworpe was nie (De Gruchy 1979:37).

Die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) bring ’n kentering mee en laat sy invloed voel in Suid-Afrika. Die gees van nasionalisme begin onder die blanke minderheid posvat en vind sy hoogtepunt in die oorwinning van die Nasionale Party in die algemene verkiesing van 1948. Hierdie verkiesing word primêr geveg op die beginsel van gedwonge skeiding van volkere en die vestiging van die sogenaamde tuislande vir swartmense, wat op hulle beurt weer onafhanklike state moes word. Aparte ontwikkeling wat oorgaan in gedwonge segregasie raak die norm.

De Gruchy (1979:9) huldig die siening dat die NG Kerk met sy sendingaksie, wat volgens kulturele asook rassegrense bedryf is, dit juis maklik gemaak het vir die Nasionale Party om met sy beleid van apartheid die verkiesing van 1948 te wen. Die deursnee blanke was alreeds gewoond daaraan om apart te leef en te aanbid van die ander inwoners van die land. Die oorgang was dus maklik.

Hierdie beleid van gedwonge segregasie staan later as apartheid bekend en die wese van apartheid kan beskryf word as die gedwonge skeiding tussen volkere en dan by name die blanke minderheid en die anderskleurige meerderheid. Ras en velkleur raak die norm, terwyl stemreg, as grondslag vir demokrasie, net vir die blanke inwoners in

Suid-Afrika gereserveer word. Die eeuoue probleem van die klassifisering van mense op grond van velkleur vind sy hoogtepunt met die verkiesing van 1948.

Skole, woonbuurtes, tersiêre opleiding, mediese dienste en maatskaplike dienste word apart in bedryf gehou, met 'n duplisering vir die verskillende kleurgroepe. sodat vermenging ten alle koste gekeer kan word.

Op kerklike terrein gebeur daar iets wat 'n dramatiese invloed uitgeoefen het op die verhoudinge tussen die verskillende denominasiespe. Die byeenkoms van kerkleiers by Cottesloe, 7-14 Desember 1960, was 'n waterskeiding in die verhouding tussen veral die Engelse kerke en die Afrikaanse kerke. Weerstand teen amptelike ekumeniese skakeling ontstaan tussen hierdie groeperinge as gevolg van die gebeure by Cottesloe. Ten spyte van die verklaring van daardie beraad en die latere verwerping daarvan deur van die kerke wat daar teenwoordig was, was die hele byeenkoms nie verniet nie. De Gruchy (1979:69) skryf van hierdie gebeure en die uitvloeisel daarvan: "To many, it now seemed as if the only way forward for co-operation between Christians of different churches was through personal participation in a new kind of ecumenical thrust not tied to denominational structures".

Ten opsigte van hierdie ekumeniese kontak buite kerklike strukture het die Bybelgenootskap van Suid-Afrika tog 'n belangrike rol gespeel. Soos later weer aangetoon sal word, het die Bybelgenootskap met sy toegespitste visie en missie buite hierdie kerklike politieke terrein beweeg en is daar gesamentlik deur die Bybelgenootskap en kerke gewerk in die daarstelling van die Bybel in al die inheemse tale van ons land. Sover moontlik is alle kerklike denominasies ingetrek om deel te vorm van die onderskeie streeksrade ten einde die saak van Bybelverspreiding maksimaal te dien.

Nieteenstaande wat in die voorafgaande paragraaf geskryf is, kon die Bybelgenootskap nie die invloed van hierdie nuwe politieke bestel ontkom nie. Na die stigting van 'n Bybelhuis en die gepaardgaande organisasie rondom hierdie Bybelhuis in 1963, veroorsaak die tuislandbeleid dat die aktiwiteite in die Transkei 'n eiesoortige karakter sou aanneem. Dit gebeur deurdat die kantoor van die Bybelgenootskap in Transkei na die "onafhanklikheidswording" van die Republiek van Transkei, gespeen word van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en onder die

vleuels van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe ingeskuif word.

Een van die oorblyfsels van die era van apartheid, is na my mening, die huidige “onafhanklike” funksionering van die Bybelgenootskap van Transkei binne die grense van ’n verenigde en demokratiese Suid-Afrika. Hierdie saak sal later in die proefskrif weer aan die orde gestel word en bepaalde aanbevelings sal gemaak word.

Ten spyte van die woelinge op die terrein van die politiek en die invloed daarvan op die kerklike lewe, het die kerk in die breë tog getrou probeer bly aan die sendingopdrag van Matteus 28:19. Alhoewel dit dalk op ’n verskraalde wyse was.

Gerdener skryf treffend oor die eerste helfte van hierdie eeu:

Even with the depleted ranks of the missionaries, the soaring cost of living and the over-rapid awakening urge in some of the younger Churches to manage their own affairs, the Kingdom of God has nevertheless advanced considerably during the first half of the twentieth century (Gerdener 1958:17).

3.4.3 Die ontwikkeling en invloed van Apartheid

Alhoewel daar ’n ernstig bedoelde poging was by die kerke in die breë om aan die sendingopdrag gehoorsaam te wees, het die sendingpoging nie ontkom aan die politiek van die dag nie. Die persepsie het by baie blankes ontstaan dat sendingwerk die uitsluitlike opdrag van God aan die blanke is om die Woord te bring aan die anderskleurige. Dit is die blankes wat deel is van die uitverkore volk wat die lig van die evangelie moet bring aan hulle wat nog in duister verkeer, en dit het geïmpliseer die anderskleurige volkere. Hierdie siening van sending was deur die jare ’n groot bron van aanstoot en baie van die inheemse kerke wou met sending niks te make hê nie.

Die verdere jammerlike uitvloeisel van hierdie beleid was dat daar verskillende gemeentes, binne een familie van Kerkgenootskappe, met dieselfde belydenisgrondslag, parallel met blanke-gemeentes ontstaan het. Waar aparte gemeentes op ras grondslag die uitsondering was, raak dit nou die reël. Gelowiges

word van mekaar geskei deur landswette wat gesamentlike byeenkomste onmoontlik maak of op 'n baie beperkte skaal toelaat. Die hartseer is dat hierdie gesindheid nie net by een of twee kerklike denominasies aanwesig was nie, maar dat alle kerke in 'n meerdere of tot 'n mindere mate slagoffers van hierdie invloed was.

Die invloed het so wyd gestrek dat meeste kerke hulle predikante en evangeliste apart opgelei het. Kerke in die swart en gekleurde woongebiede het as gevolg van die marginalisering van die anderskleurige op die ekonomiese terrein finansiëel van die blanke kerke afhanklik gebly, maar ook as gevolg van die gees van paternalisme wat veral in die blanke kerke geheers het. Die verskille ten opsigte van onderwys en opvoeding het verdere verwydering tot gevolg gehad.

Dat daar uiteenlopende sieninge aangaande apartheid was, is uit die aard van die saak so. Jou vertrekpunt sou bepaal wat jou siening en standpunt is. Een so 'n siening is die van John M Waliggo (1990:43) wat die volgende populêre siening huldig as hy sê: "Apartheid is not simply or primarily a political or economic evil, but essentially a sinful, immoral and irreligious ideology which every authentic christian ought to fight against until it is fully dismantled". Hierdie siening het inderdaad aanleiding gegee tot die verklaring van Apartheid as 'n sondige praktyk wat teen die wil van God is.

In die NG Kerk se dokument Die verhaal van die Ned Geref Kerk se reis met apartheid 1960-1994 word daar gepoog om 'n omskrywing te gee van apartheid. Uiteindelik word die bruikbare omskrywing van Prof JA Heyns aangehaal.

Hy skryf:

Apartheid is 'n wetlik-gereguleerde politieke en maatskaplike model van denke en handeling, wat deur gedwonge skeiding van groepe mense, inderdaad die welsyn van al die betrokkenes beoog het, maar in die proses van die implementering daarvan, die aanvanklike oogmerke nie tot volle realisering kon bring nie; intendeel, dit het nie alleen die een bevolkingsgroep ten koste van die ander bevoordeel nie, dog ook individue verontreg (Heyns 1989:50).

Ten spyte van die skynbare negatiewe invloed van apartheid wat wyd gesny het, het Kerke egter deur die jare 'n geweldige groot rol gespeel in die ontwikkeling op sosio-ekonomiese en maatskaplike terrein in Suid-Afrika. Dit was nie net die hoofstroom kerke wat 'n rol gespeel het nie, maar alle kerke.

Van hierdie kerke word daar gesê:

There are those whose avowed object it is to proclaim the Gospel only, by way of beating up the bush for others to attend the formation of churches, or who pioneer with others for evangelistic purposes, without much thought for the future of daughter churches. They, too, have a role to play and an important one at that. For social betterment, cultural improvement and economic uplift are essential auxiliaries of the missionary task of the Christian Church (Gerdener 1958:165).

Warren Webster maak die baie interessante dog heel aanvegbare stelling as hy skryf:

Some critics allege that Christianity is and always was the handmaiden of imperialism. This is a widely current falsehood which deserves to be labelled for what it is. In many places the mission of the Christian church has spread in spite of rather than because of Western diplomatic and commercial interests whose representatives have often impeded the spread of the Gospel, both through direct opposition and through personal lives that sometimes reflect the worst rather than the best of Christian culture (Webster, in Wagner 1972:96).

As Webster hierdie gevolgtrekking kan maak, ontstaan die vraag dadelik of dieselfde siening nie van toepassing is op die situasie in Suid-Afrika nie? Het die invloed van die kerke en daarby saam die Bybelgenootskap nie juis bly groei ondanks die negatiewe invloed van Apartheid nie?

Ek is van oortuiging dat die produksie en verspreidingsyfers van die Bybelgenootskap juis hierdie stelling sal onderstreep. Die finansiële posisie van die Bybelgenootskap en die gepaardgaande steun van die kerke en individue sal verder kan aantoon dat ten spyte van die politieke situasie en die gepaardgaande onderdrukking van mense daar 'n groei was in die toetrede tot die breë Christendom. Hieroor later meer in die

volgende hoofstukke.

3.4.4 Die opkoms die Onafhanklike Swart kerke

Wanneer daar na die sendinggeskiedenis van Suid-Afrika gekyk word, is daar 'n ander aspek wat nooit uit die oog verloor moet word nie. Hierdie aspek is die totstandkoming van die onafhanklike Swart Kerke. Hierdie kerke het klein begin, maar met verloop van tyd het hulle dramaties en vinnig gegroei.

Gerdener haal prof KS Latourette aan wat skryf:

The multiplication of Bantu Protestant sects in South Africa, now with a total of more than a million members, may be ominous. Springing from the soil, they can be interpreted as a foretaste of what an indigenous African Christianity will be, divorced from the steady influence of missionaries from older Churches. They are a mixture of paganism and Christianity, and morally and intellectually their leadership and membership leave much to be desired (Latourette, in Gerdener 1958:188).

Om egter net so met die onafhanklike swart kerke af te reken, is nie so maklik nie. Sy miljoene aanhangers maak hierdie kerke 'n krag om mee rekening te hou. Hulle moet verder ook bereik en betrek word by die werksaamhede van die Bybelgenootskap.

Crafford toon in die boek Suid-Afrika, Land van baie godsdienste aan dat die onafhanklike swart kerke poog om die Christendom te versoen met die tradisionele, en om 'n Christendom met 'n eie Afrika-identiteit te ontwikkel.

Volgens Crafford word daar in die liturgie ruimskoots gebruik gemaak van warmte, empatie en gevoelsmeelewing. Danse en ritmiese bewegings speel 'n belangrike rol. Gebed word deur almal hardop en gesamentlik gedoen en die sang sluit aan by tradisionele melodieë.

Die kerkregeringsvorm is hiërargies van aard en sluit aan by die tradisionele

stamstruktuur. Aan tradisionele simbole word 'n nuwe inhoud gegee (Crafford. in Meiring 1996:25-26).

In die proses van kerkwees speel die Bybel 'n rol by hierdie kerke. Of die Bybel egter in die huidige formaat nog relevant en aanvaarbaar is vir die lidmate van hierdie kerke, is 'n ope vraag aangesien hierdie kerke sit met die probleem van grootskaalse ongeletterdheid onder sy miljoene lidmate.

Sanneh het 'n baie duidelike siening oor wat met die kerk in Afrika en die groei van die Christendom gebeur het as hy skryf:

The end of colonial rule has seen the acceleration of the real Christianization of Africa, with the vernacular force able to shift the residue of colonial antagonism. The real gains of mission have to be measured in the positive disposition towards the West in spite of colonialism, as well as in the great vernacular movements that have revitalized the traditional heritage (Sanneh 1989:124).

Dat die kerk besig is om die nalatenskap van die kolonisasietydperk af te skud, is gewis en seker. Waar daar aan die begin van die eeu groot gewag gemaak is van die daarstelling van aparte kerke binne die familie van NG Kerke, soos byvoorbeeld die NG Sendingkerk in Suid-Afrika (1881) en die NG Kerk in Afrika (1951) asook die Indian Reformed Church (1968), die sogenaamde dogterkerke, word daar aan die einde van hierdie eeu weer ernstig gepoog om strukturele eenheid te bewerkstellig. Die behoefte het ontstaan om die sirkel te voltooi by baie van die kerke se lidmate. Die kunsmatige brug tussen gelowiges moet finaal afgebreek word.

Ander denominasies het ook al begin om op hierdie pad van strukturele eenheid te beweeg, of is in die proses daarvan. Van die grootste denominasies, wat al hierdie pad gestap het, is veral die hoofstroom Engelse kerke, van die Pinksterkerke soos die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika en Volle Evangeliese Kerk, asook die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

3.5 Die tydperk 1994 en daarna

Met die eerste demokratiese verkiesing van 1994 en die gepaardgaande demokratisering van alle staatstrukture asook die samelewing en met die wegneem van die politiek mag uit die hande van die blanke minderheid, het daar 'n nuwe tydperk in Suid-Afrika aangebreek wat 'n nuwe sendingparadigma vereis wat ook die Bybelgenootskap sal betrek. Hieroor later meer as die vraag gevra gaan word wat lê in die toekoms opgesluit vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Alhoewel daar gepoog is om die sendinggeskiedenis in Suid-Afrika kortliks te verreken, is dit uit die aard van die saak te moeilik om in kort bestek daarvoor te skryf. Daar is alreeds deur akademici soos Du Plessis, Gerdener, Crafford, Bosch en De Gruchy en ander breedvoerig aan die sendinggeskiedenis aandag gegee. Hulle uitgangspunte is uit die aard van die saak uiteenlopend, tog word 'n holistiese beeld van wat plaasgevind het, geskets. Uit die aard van hierdie studie kan die fyn nuansverskille op kerklike- asook sosio-ekonomiese en politieke terrein nie in detail bespreek word nie en is daar net gepoog om daardie sake aan te raak wat in wese die werk van die Bybelgenootskap beïnvloed het.

Daar het die afgelope eeu in Suid-Afrika sekere gebeure plaasgevind wat die Kerk en sy sendingaksies nie noodwendig tot eer gestrek het nie. Apartheid en sy gevolge sal vir baie jare nog vlak in die gedagtes van gelowiges lê. Dit sal nooit geregverdig kan word nie.

Aan die ander kant wil ek aansluit by die Duitse joernalis, soos aangehaal in die boek Reis met Apartheid, wat Suid-Afrika besoek het en toe gesê het:

Daar moet 'n keer deeglik kennis geneem word van wat geslagte sendelinge gedoen het om tienduisende mense na Christus te lei, om sterk, inheemse gemeentes en kerke te help vestig, om skole en hospitale te bou, om liefdesdiens aan blindes, dowes, kreupeles, armes, hongeriges, oumense en jongmense te verleen, om predikante en geestelike werkers op te lei, om vir Bybelvertalings en ander lektuur te sorg, om die radio en televisie ter wille van die evangelie in te span... (Gaum 1997:70-71).



Peter Beyerhaus lewer die volgende kommentaar op die gebeure die afgelope eeu en vir die pad vorentoe as hy skryf:

There were disruptions and splits in the church, much disunity, to the detriment of the church. So, at least since the last century, people tried again to come together, and read the Scriptures in order to rediscover their essential unity for the sake of enjoying true fellowship in Christ. For the sake of serving together to the needs of God's lost children, and to have a greater unity in mission and evangelism (Beyerhaus 1992:7).

In hierdie proses sal die Bybelgenootskap 'n groot rol speel, soos later aangetoon sal word.

Hierdie hoofstuk toon duidelik dat die Bybel deur die jare 'n geweldige invloed uitgeoefen het op alle vlakke binne die samelewing. Dit was die boodskap van die Bybel wat gemeenskappe deur die jare saamgebind het, wat gemeenskappe in tye van swaarkry bemoedig het, maar wat ander gemeenskappe se gewetes weer aangespreek het. Die invloed van die Bybel het wyer gestrek as kerke en kerklike aktiwiteite. In skole, hospitale, tronke, in besighede, in voorspoed en in teenspoed van ons land, kan die Bybel se invloed nagespeur word.

HOOFSTUK 4

DIE BYBEL, EN DIE BYBELGENOOTSKAP SE ROL IN DIE SENDINGPOGING IN SUIDER-AFRIKA

4.1 Inleiding

Dit is haas ondenkbaar om aan Suid-Afrika te dink en nie die rol van die Woord en die invloed daarvan te herken, maar daarmee saam, die nodige erkenning daaraan te verleen nie.

Hierdie invloed van die Woord op die ontwikkeling van Suid-Afrika is moontlik gemaak deur die toegewyde werk van manne en vroue wat as sendelinge, meestal vanuit Europa, in Suid-Afrika werksaam was. Hierdie gelowiges, saam met gelowiges vanuit Afrika, was later jare weer pioniers ten opsigte van Bybelvertaling en verspreiding. Hulle werk sal later in hierdie hoofstuk aan die orde gestel word.

Voordat die rol van vertalers en die vertalings wat hulle gedoen het, bespreek word, moet daar eers gevra word of die Bybel, die Woord van God, en Heilige Skrif sinonieme is en of hierdie begrippe as wissel terme gebruik kan word en of hierdie begrippe inderdaad korrek gebruik word binne die raamwerk van alledaagse gebruik. Dit is nodig om hierdie vraag te beantwoord ten einde verwarring uit te skakel oor wat bedoel word wanneer daar van die Bybel en Bybelvertaling en Bybelverspreiding gepraat word.

Verder sal daar na die gesag van die Skrif gevra moet word voordat die vertalingsgeskiedenis van die Bybel in die inheemse tale aan die beurt kom. Dit is nodig sodat die kerke se missionêre arbeid binne die grense van ons land in perspektief gesien kan word en uiteindelik na waarde beoordeel kan word. Skrifgesag as verwysingsraamwerk is nodig aangesien daar maklik geredeneer kan word dat al die werk wat deur die jare gedoen is, onnodig was. Vertalings van die Bybel is afhanklik van mense se aanvaarding van Skrifgesag, want daarsonder sal vertalings nie aanvaar en gelees word nie. Nie net Skrifgesag speel 'n rol ten opsigte van die aanvaarding van 'n spesifieke vertaling nie, maar ook of daar al 'n vertaling in die taal

bestaan. Daar is van nature by mense 'n weerstand teen verandering en dit geld ook ten opsigte van die Bybel wat gelees word.

Voordat enige van bogenoemde sake aan die beurt kan kom, moet daar allereers gevra word na die relevansie van die gedrukte Woord vir die gelowige en dan veral as missionêre boek. Allereers moet 'n saak uitgemaak word of dit noodsaaklik is dat die Woord in gedrukte vorm moet verskyn of is dit 'n luukse wat onnodig is. Was dit moontlik om die kersteningsproses binne Suid-Afrika sonder die gedrukte Woord sy gang te laat gaan?

4.2 Heilige Skrif, Woord van God en Bybel - sinonieme ?

Voordat daar aan die vraag na die rol van die Bybel in die sendingpoging aandag bestee word, is dit allereers van belang om in kort uitsluitel te kry oor die begrippe: Heilige Skrif, Woord van God en Bybel. Terloops sal daar ook aandag gegee moet word aan die begrippe kanonieke en apokriewe boeke. Hierdie is terme wat nie sonder meer duidelik is nie.

Hierdie begrippe word aktueel eers nadat Johann Gutenberg die eerste Bybel in 1455 gedruk het. Of die invloed wat uitgegaan het van hierdie monumentale oomblik ooit genoegsaam na waarde en invloed geskat word, sal ook in die loop van hierdie proefskrif na vore kom. Wat nou alreeds gesê kan word, is dat hierdie beskikbaarstelling van die Woord die proses van kerstening aansienlik makliker gemaak het, aangesien daar nie net meer gehoor is nie, maar nou ook gesien kon word.

Jonker sê nie verniet nie:

Dit is bekend dat die uitvinding van boekdrukkuns die intuïtiewe en lukraak manier waarop die mens vroeër sy kennis in kontak en gesprekke met ander opgedoen het, vervang het met die logiese, geordende en rasonale manier van kennis-oordrag wat tiperend is van die geskrewe woord.

Met die boekdrukuns het daar egter 'n nuwe era in die menslike geskiedenis aangebreek. Voortaan sou dit vir elke mens wat kan lees, moontlik wees om sy kennis in die eensaamheid op te doen, nie in 'n lewende gesprek met ander nie, maar uit 'n boek wat hóm op 'n streng logiese manier en liniêr-agtermekaar gerangskik, 'n magdom van informasie sou deurgee (Jonker 1976:83).

Vanuit bogenoemde gesigspunt, wat die invloed van die boekdrukuns raak saamvat, sal dit ondenkbaar wees om enigsins 'n missionêre aksie sonder enige literatuur aan te pak. Die mens van die twintigste eeu is mos geletterd, of het die mensdom homself misreken met die vordering van geletterdheidsprogramme, ook in Suid-Afrika? Later meer oor hierdie saak.

Crafford skryf dat sending die kommunikasie is van die evangelie van Jesus Christus aan nie-Christene (Crafford, in Cronje 1982:299). As die stelling van Crafford waar is en as vertrekpunt geneem word, dan is die logiese konsekwensie daarvan dat daar erns gemaak moet word met die Bybel aangesien dit die enigste bron van kennis aangaande God is.

Heppe in sy boek Reformierte Dogmatik, of soos dit in Engels vertaal is deur GT Thomson en bekend staan as Reformed Dogmatics, skryf alreeds baie vroeg in die boek dat die enigste bron en norm van Christelike kennis die Bybel is, of dan die Heilige Skrif.

Hy stel dit so:

The one source and norm of all Christian knowledge is H Scripture, i.e., the (inner) content of all the books which God has allowed to be recorded by Prophets, Evangelists and Apostles (Heppe 1978:12).

Van hierdie behoefte van die mens om tog te leef vanuit 'n "stel reëls", of dan om ten minste deur iets tasbaar en verstaanbaar gerig te word, skryf Heppe en hy haal Maastricht aan:

Since the art of living to God is not a natural power but an acquired faculty, it really demands a rule by which it may be directed, one prescribed by God, which, apart from the life of Christ and our own conscience, we have earlier placed in the Word of God or Scripture (Heppe 1978:12).

Wanneer Karl Barth, wat groot klem lê op die teologie van die Woord, die betekenis van die Woord uitlig, bedoel hy daarmee in die eerste plek die geopenbaarde Woord van God: Jesus Christus. Hy bedoel daarmee verder ook die geskrewe Woord: die Bybel. Hy bedoel in die derde plek ook die gepredikte Woord: die prediking in die kerk. Uiteindelik gaan dit in die Bybel nie oor die mens se gedagtes oor God nie. Dit gaan oor God se gedagtes oor die mens.

Dit is dus belangrik om te onthou dat die terme “Heilige Skrif”, “Woord van God” en “Bybel” nie maar presies dieselfde sê nie. Daar is skakeringsverskille tussen die terme, soos die gebruik van Barth aandui, maar soos geïllustreer in die eerste stelling in 1934 van die Barmen verklaring. Hierdie eerste stelling begin met die woorde: Jesus Christus, soos die Heilige Skrif van Hom getuig, is die een Woord van God waarna ons moet luister, waarop ons in lewe en dood moet vertrou en aan wie ons gehoorsaam moet wees (Van Wyk 1999:11).

Vir alle praktiese doeleindes kan ons hierdie terme egter as sinonieme gebruik, as die 66 Boeke wat verdeel word in die Ou Testament en in die Nuwe Testament. Hierdie 66 boeke staan bekend as die kanon. Die kanon is egter nie al oorgelewerde boeke wat deur van die Christelike kerke gelees en bestudeer word nie.

Dit is egter nodig om kortliks te verwys na die ander boeke, die sogenaamde apokriewe boeke, wat ook naas die kanonieke boeke bestaan. Die apokriewe boeke word so genoem aangesien daar volgens oorlewering nie ’n apostel of ’n profeet as outeur opgetree het nie en hulle dus nie kanonieke status kan geniet nie. Van die apokriewe boeke leer Artikel 6 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dat die kerk hierdie boeke mag lees en leerstellig daarop mag bou, in soverre hulle met die kanonieke boeke ooreenstem. Hulle dra egter nie die nodige gesag dat daaruit enige punt van die geloof of van die Christelike godsdiens sou kon bevestig nie (Handboek by die Erediens 1988:157).

Hierdie ander of addisionele boeke, bekend as die apokriewe boeke, en word as 'n reël nie in die gewone alledaagse Bybel gevind nie. Tog is dit so dat sekere denominasies die apokriewe boeke gebruik en word daar wel sekere Bybels deur die Bybelgenootskap gepubliseer wat ook die apokriewe boeke bevat. Hierdie gebruik is oorgeneem by die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap wat in 1820 by 'n dispuut met kerke, veral ook met die Skotse Hulpvereniging, betrokke was oor die publisering van die apokriewe boeke. Eric Fenn skryf hieroor:

When the Bible Society came into existence it accepted the fact that there was a difference of practice on this matter and continued to include the Apocrypha in its editions for countries where it was the custom of the churches to use these books (Fenn, in Greenslade 1963: 391).

Dit is geensins die bedoeling van hierdie proefskrif om die ingewikkelde saak van die ontstaan van die kanon en die gepaardgaande probleme in die verband, te bespreek nie. Daarvoor is daar al vele goeie studies gedoen. Omdat die saak egter die publikasieprogram van die Bybelgenootskap raak, kan dit hier egter nie geïgnoreer word nie. Dit het te doen met die vorm waarin die Bybel gepubliseer word. Die Bybelgenootskap wou nooit by hierdie soort dispuut betrokke raak nie. Hierdie standpunt blyk 'n standpunt te wees wat die toets van die tyd goed deurstaan het.

Dit is my mening dat daar wel kennis geneem behoort te word van die feit dat daar van tyd tot tyd deur teoloë bepaalde menings gehuldig word aangaande die kanonieke boeke in die Bybel. Wat myself betref wil ek veral terugval op die Belydenisskrifte en dan veral die Nederlandse Geloofsbelydenis wat onder Artikel 4 hierdie saak aanspreek.

In samehang met bogenoemde kan daar by Berkouwer aangesluit word wat 'n hele hoofstuk in sy boek Studies in Dogmatics. Holy Scripture afsonder aan die beredenering van die kanon soos dit vandag algemeen aanvaar word. In sy beredenering toon hy die verskillende denkrigtings aan, maar uiteindelik sluit hy af deur die volgende te sê:

If we consider the manner in which the Word of God comes to us, our listening to God's voice does not need to be threatened by scientific research into Holy Scriptures.

Man's listening is only threatened when he stumbles over the *Skandalon*, which in the Bible reaches, limits, and blesses us as the "scandal" of Christ. That is why the most insistent warning regarding the canon concerns man's continual standing on the foundation: "Therefore let anyone who thinks that he stands take heed lest he fall" (1 Cor 10:12). This warning does not oppose the consolation which Scripture affords (Rom 15:4). It rather focuses on it. It is very much like the warning not to go beyond that which is written (1 Cor 4:6). And it is inseparably joined to the beatitude, "Blessed are those who hear the Word of God and keep it" (Luk 11:28) (Berkouwer 1975:104).

Arichea skryf aangaande die belangrikheid van die kanon en die rol daarvan binne die Bybelgenootskappe, die volgende:

There is another aspect that the canon reminds us of, and it is that the Bible Society movement is committed to the whole canon, and not only parts of it. This has traditionally meant the Old Testament and the New Testament. But since the Bible Societies now include the Roman Catholic Church and the Orthodox churches as part of their constituencies, then it is imperative to include the Apocrypha/Deuterocanon as part of Bible Society concerns on the principle of meeting the needs of the total Christian community (Arichea, in Stine 1990:47).

As die kanon dan vasstaan, en daar 'n bepaalde plek te vind is vir die apokriewe boeke, moet die vraag gevra word wat hierdie bundel van boeke dan genoem word. Is die regte benaming vir hierdie bundel die Bybel, of is dit die Woord van God, of die Heilige Skrif? Hierdie blyk 'n vraag te wees wat deur die jare heen tog 'n bepaalde debat ontlok het. Inderdaad is daar in die gereformeerde tradisie van baie jare terug wel 'n onderskeid gemaak tussen die terminologieë "Woord van God" en "Heilige Skrif".

Heppe skryf oor hierdie aangeleentheid soos volg, en ek wil hom uitgebreid aanhaal:

The older Reformed theology distinguished between the “Word of God” and “Holy Scripture” most definitely. By the first term they meant all that God had spoken to the fathers in diverse ways and in latter times by His Son.

It was therefore taught by Calvin and his immediate successors in Church teachings, that the “Word of God,” i.e., the manifold revelations or words in which God had spoken to men, were transmitted orally at the start and that it was only later that they were recorded. According to this account, then, the “Word of God” was the word spoken by God to individual men.

The later dogmaticians on the contrary, separating the idea of inspiration from that of revelation unanimously teach that the “Word of God” rests, not upon God’s personal acts of revelation, but upon the manner of their recording, upon inspiration. On this view the “Word of God” is “the word brought to record by inspiration,” whereby the concepts “Word of God” and “Holy Scripture” were identified. The canonical scriptures are the actual true word of God (Heppe 1978:15).

Die kollektiewe begrip van hierdie kanonieke boeke wat geskryf is, staan bekend as “Die Bybel” wat by implikasie ook “Die Woord van God” is, maar terselfdertyd bekend staan as “Die Heilige Skrif”.

Heyns gebruik in sy boek Dogmatiek “Die Bybel”, “Heilige Skrif” en “Die Woord van God” as wissel terme. Hy skryf die volgende:

Vir elkeen wat die Bybel goed lees en geestelik hoor, staan één ding sentraal: *die stem van God*. Maar dan nie die naakte stem van God nie, dog aangeklee met, weggeleë in en aangebied as woorde van mense. Dit beteken dat die Skrif nie nét van God kom nie, maar ook van die mens...Die Bybel is na sy oorsprong nie uitsluitlik ’n antroposentriese boek nie, maar ook nie uitsluitlik ’n teosentriese boek nie, ons sal eerder moet praat van ’n teo-antroposentriese boek (Heyns 1978:18).

Vir die verdere verloop van hierdie proefskrif sal die begrippe “Die Bybel”, “Die Woord van God” en “Heilige Skrif” as sinonieme en wissel terme gebruik word. Ten opsigte van die Bybelgenootskap word die gebruik van die begrip “Die Bybel” verkies om die “stem van God” in die wêreld hoorbaar te maak.

4.3 Die gedrukte Woord - die noodsaaklikheid daarvan

Al is daar in die voorafgaande paragrawe aangetoon dat “die Woord van God” en “die Heilige Skrif” as sinonieme gebruik kan word en dat daarmee saam een ding verstaan word, moet die vraag na die noodsaaklikheid van die gedrukte Woord vir die gewone mens gevra word. Is dit enigsins nodig dat die mens die gedrukte Woord moet besit? Sou die mondelingse oorlewering of die Woord binne orale tradisie nie genoegsaam gewees het nie? Was die ontwikkeling van die boekdrukkuns ’n Goddelike ingryping met ’n Goddelike plan of ’n afbrekende aanslag van Westerse tegnologie?

Die antwoorde op hierdie vrae blyk aanvanklik voor die hand liggend te wees, maar is tog aan die ander kant nie so eenvoudig nie. Die vertrekpunte wat geneem word, sal bepaal hoe daar oor hierdie saak geoordeel moet word.

Bavinck maak ’n onderskeid tussen die geskrewe woord en mondelingse tradisie. Dit is baie insiggewend en baie relevant vir hierdie studie, aangesien die geskrewe Woord ten grondslag lê aan die werk van die Bybelgenootskap. Verder is dit relevant, aangesien juis die geskrewe Woord die belangrikste bondgenoot van sendelinge was, ’n feit wat nog baie deeglik in die loop van hierdie studie na vore sal kom.

Bavinck skryf egter:

The written word differs from the spoken word in these respects that it does not die upon the air but lives on; it is not, like oral traditions, subject to falsification; and that it is not limited in scope to the few people who hear it, but is the kind of thing, rather, which can spread out to all peoples and to all lands. Writing makes permanent the spoken word, protects it against falsification, and disseminates it far and wide (Bavinck 1977:96).

Heppe sluit in 'n mate by hierdie siening van Bavinck aan, maar verskaf 'n ander interessante invalshoek as hy skryf:

Owing to the weakness of man's heart and the power dominant in the world, H Scripture is necessary, in order that pure knowledge of revealed truth may be maintained on earth. Scripture is necessary, not alone for the wellbeing of the Church, but for her being at all; she would lose herself, did she not possess an absolutely sure record of revealed truth (Heppe 1978:31).

Maar is dit genoegsame rede om die gedrukte Woord te besit? Heppe haal Turretin aan: "Three things confirm the need for Scripture, (1) the preservation, (2) the vindication, (3) the propagation of the Word".

Hy gaan verder en haal terselfdertyd Cocceius aan:

The written word of God is *necessitas* (1) because without it the theologian neither has nor knows of things to say, namely, God's word; (2) because without Scripture no one can so consider God's works, as to be able in them to know, praise and exalt God Himself; (3) because without it man cannot truly love God; (4) because without it justification and its cause is not known; (5) and in addition, because God's word had of necessity to be recorded (a) because of the forgetfulness of nations, (b) because of confirmed idolatry and the Jews' ἀπιστία and heresies and the defection that will exist in the last times, (c) because of the faith in Christ (so far as Christ is announced in prophecy and accredited by it); and (d) because of the clarity of the Gospel and of the NT (Heppe 1978:32).

Artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis verskaf 'n verdere rigtingaanwyser wanneer daar staan:

Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word.

Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe is, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel. Soos die apostel Paulus sê (Gal 1:8) (Handboek by die Erediens 1988:157).

Calvyn maak veel van die Woord van God in sy Institusies. In Boek 1 Hoofstuk 6 word daar baie duidelik aangetoon dat die Woord of Bybel nodig is as begeleier en leermeester om kennis aangaande God op te doen. God openbaar hom in besonder deur sy Woord aan die mens. Calvyn gaan verder deur te sê dat sonder die Bybel die mens sal dwaal en sodoende wegdryf van God af (Battles 1980:41-43).

Heyns beaam die noodsaaklikheid van die geskrewe Woord as hy van die Bybel sê : “Die Bybel is na sy aard en wese 'n gesprek en 'n ontmoeting van God met mense - met mense wat Bybelskrywers geword het en met mense wat Bybellesers geword het” (Heyns 1972:126).

Dat die mens wel die geskrewe of dan gedrukte Woord nodig het, word na my mening verder bekragtig deur Heyns se beskrywing van die Bybel:

Die Bybel is nie 'n staties-rustende sisteem van idees en gedagtes nie, maar 'n dinamies-bewegende gebeure. Dit vertel van die beweging van mense en dinge waarvan God Self die beweger is. Dit vertel ons dat die Beweger in Jesus Christus self in beweging gekom het - op weg na die vernuwing van Sy skepping.

Gehoorsaamheid aan die Skrif beteken: sien wat die Skrif bevat, verstaan wat hy bedoel, doen wat hy sê - en weet dat dit die werk is van die Heilige Gees (Heyns 1972:144).

Bavinck is na my mening reg as hy sê dat die Skrif nie 'n handboek wil wees om verskillende wetenskappe te bedryf nie, maar dit gaan uiteindelik in die Skrif om die mededelings aangaande die saligmakende kennis van God.

Berkouwer en Heyns sluit beide by hierdie gedagte van Bavinck aan. Berkouwer sê dat dit wat in die Bybel staan, soos 'n pyl in 'n boog is wat die hart van die mens moet tref. Heyns sê die Bybel wil die mens tot geloof bring en tot aanbidding stem en nie sy nuuskierigheid bevredig nie (Heyns 1972:135).

Fenn maak die opmerking dat met die vroegste sendinguitreike sendelinge erns gemaak het met die plasing van die Bybel in die hande van die mense wat die objekte is van die sendingpoging. Die Bybel bly vandag nog die hoofinstrument waarmee mense benader word en dit is onontbeerlik vir die sendeling.

Hierdie siening van die Bybel bring onmiddellik die behoefte van die ongeletterde of half-geletterde navore. Aangesien nie almal in ons land geletterd is nie, kan die behoefte van die ongeletterde nie verby gegaan word nie. Crafford (1999) skryf aangaande hierdie behoefte soos volg:

Vir mense in 'n pre-literêre kultuurmilieu is dit nog belangriker om die evangelie te verneem deur 'n medium wat baie nou aansluit by tradisionele kommunikasiehorisonne. Ongeletterdheid beteken dat mense slegs bereik kan word deur kanale wat vir hulle verstaanbaar en bevatlik is.

Ongeletterdheid en mense in 'n pre-literêre tradisie, soos later in hierdie proefskrif bespreek sal word, bly 'n uitdaging wat nie geïgnoreer kan word nie.

Beide bogenoemde sieninge belig die behoefte van mense om die Woord te hoor. Om te hoor is egter nie al waaroor dit in die missionêre uitreik gaan nie. Soos wat die Bybel vir die missionêre uitreik onontbeerlik is, stop die invloed van die Bybel nie daar nie. Die Bybel het dus nie net lewensverandering ten doel nie, maar is uiteindelik ook gerig op lewensgroei en lewensontwikkeling.

Fenn in sy opsomming van die Protestantisme en die rol van die Bybel is na my mening korrek as hy skryf:

Protestantism has laid great stress in its missionary work on the Bible, both as a source of strength for the Christian and as a means of evangelization: it has

acted in the faith that where the Word is proclaimed, whether by preaching or by Scripture distribution, there the Holy Spirit will be at work and the Church will be created (Fenn, in Greenslade 1963:405).

Vir die Bybel om dus aan die voorafgaande vereistes en verwagtinge te voldoen, is dit van uiterste belang dat die Bybel geredelik en bekostigbaar beskikbaar sal wees aan alle mense en verder in 'n idioom wat verstaanbaar sal wees vir die leser.

4.4 Relevansie van die Bybel

Uit die voorafgaande beredenering is dit duidelik dat daar 'n saak uit te maak is vir 'n geskrewe teks van die Woord en kan die vraag met reg verder gevra word wat moet gemaak word van die kulturele agtergrond van die Skrif?

Die Bybel is 'n boek wat 'n bepaalde ontstaansgeskiedenis het met 'n bepaalde kulturele agtergrond en tereg kan daar gevra word of die Bybel, as so 'n ou boek, dan nog relevant en geloofwaardig is binne die radikaal veranderde kulturele wêreld van vandag? Moet daar nie aanpassings gemaak word ten opsigte van die inhoudelike van die Woord sodat dit verstaanbaar en aanvaarbaar kan wees binne die diverse kulturele milieu van die mens van vandag nie?

Om hierdie vrae aan te spreek, wil ek begin deur te kyk na die rol van die Bybelskrywers. Van hulle skryf Heyns die volgende:

Die verskil is egter dat die werk van die Heilige Gees in die antwoord van die Bybelskrywers, en in die antwoord van die Bybellesers en Bybelverkondigers, nie identies is nie. Want, het ons gesien, die antwoord van die Bybelskrywers was van so 'n aard dat dit 'n betroubare en onfeilbare woord geword het, terwyl dit nooit van enige antwoord van enige Bybelleser of Bybelverkondiger – individueel of kollektief – gesê kan word nie.

En dit beteken dat die Bybel, hoe die kultuursituasie ook al mag verander, wel nooit weer oorgeskrywe hoef te word nie, maar dat die proses van verstaan van die Bybel nooit tot 'n einde sal kan kom nie. Altyd weer word nuwe

dieptes ontdek, wyer horisonne verskyn en verrassende perspektiewe geopen (Heyns 1972:145).

’n Verdere stimulerende perspektief word deur Heyns (1972:147) geopen as hy skryf:

Dit het God behaag om Hom in konkrete historiese situasies te openbaar en van mense in daardie situasies gehoorsaamheid te vra. Hierdie historiese bedding mag nooit geïgnoreer of selfs geringskat word nie. Maar *in* die gegewe historiese omstandighede – sonder enige verskraling daarvan – moet die boodskap verstaan word... Tot ’n juiste verstaan van die Bybel behoort dus ook ’n deeglike kennis van die historiese omstandighede waarin die Bybel ontstaan het. En vanselfsprekend sal dit al hoe moeiliker word in die mate waarin óns kulturele situasie al meer en meer gaan verskil van dié van die Bybelse ontstaansperiode.

Na dit wat uitgespel is, kan daar seker met reg gesê word dat die mens en dan ook die moderne mens van vandag, inderdaad die geskrewe of dan gedrukte Woord nodig het en dat die Bybel onvervangbaar is vir die mens in sy geloofslewe. Die vraag wat egter onmiddellik navore kom is, wat van die mense wat funksioneel ongeletterd of geheel en al ongeletterd is? Veral in Suid-Afrika word ons met hierdie problematiek gekonfronteer. Hierdie saak van ongeletterdheid sal in ’n latere hoofstuk bespreek word.

4.5 Die gesag van die Woord

Wanneer die Woord onder die loep geneem word, moet daar dadelik gevra word of die Bybel dan enigsins gesag het, hetsy in die grondtale of dan in nuwe vertalings van die moderne tale. Hierdie vraag is belangrik aangesien dit die wesenstaak van die Bybelgenootskap is om die Bybel in hedendaagse tale te vertaal. Skrifgesag sal uiteindelik bepaal of vertalings aanvaar gaan word, maar meer nog, gelees en bestudeer gaan word. Probleme aangaande Skrifgesag sal onmiddellik ’n vraagteken plaas oor die werksaamhede van die Bybelgenootskap deur die jare heen.

Heyns vra tereg of die mens se aandeel in die totstandkoming van die Bybel nie sy gesag ondermyn nie. Hierdie is 'n baie relevante vraag aangesien daar van tyd tot tyd vrae deur gelowiges en ongelowiges gevra word na die gesag van die Skrif.

Artikel 5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis handel oor die gesag van die Skrif en as antwoord word daar gesê:

Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind (Handboek by die Erediens 1988:156).

Is dit genoegsaam om net met Artikel 5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis te volstaan? Is dit nie 'n baie verskraalde en vereenvoudige siening aangaande die gesag van die Skrif nie?

In sy *Institusies*, Boek 1 Hoofstuk 7, skryf Calvin en maak die stelling dat die gesag van die Skrif nie van mense of die kerk af kom nie, maar van God self. Battles (1980:43) skryf soos volg:

Scripture has its authority from God, not from the church

- a. Scripture has full authority only when men consider it as God's living words sprung from heaven
- b. It is a pernicious error that the authority of Scripture rests upon the determination of the church

Heyns dui egter ook 'n ander denkrigting aan as hy sê dat die gesag van die Woord ten nouste saamhang met sy *oorsprong* en sy *bedoeling*. Die Bybel is wel deur mense op aarde geskrywe, maar dit wil nie sê dat dit uit die hart van mense opgekom het nie.

Die boodskap van die Bybel is in die hart van God self gebore, en daarom is die Bybel 'n betroubare boek. Elke Bybelskrywer het sy eie identiteit behou, die een het nie die ander of soos die ander geword nie, elkeen het vanuit sy eie, van die ander onderskeie lewensomstandighede gespreek – maar *in* die spreke van elkeen was en is daar twee belangrike eenheidskeppende en gesagfunderende faktore werksaam: in al die onderskeie Bybelboeke is dit die Heilige Gees wat spreek én Hy spreek in almal oor dieselfde saak. Die Spreker en die inhoud in al die boeke is ten diepste dieselfde – al is dit in die taal waarin die Spreker gehoor word en die wyse waarop die inhoud aangebied word, dié van die menslike Bybelskrywers.

Heyns (1972:139) sê verder: omdat die Bybel van Goddelike oorsprong is, en omdat die Bybel sê wat hy wil sê, en dit so duidelik sê dat almal dit kan verstaan, dáárom is hy betroubaar en het hy gesag.

Hy haal verder vir HW Rossouw aan wat sê:

Die gesag van die Skrif is sy gesag as lewende Woord van God, as Spreke Gods waardeur geloof opgeroep word en die mens in gemeenskap met God gestel word... Die gesag van die Skrif is ten slotte die *gesag van God self* wat daarom deur geen ander gesag gerelativeer kan word nie (Rossouw, in Heyns 1972:139).

Tereg word die opmerking gemaak (in aansluiting by Calvin) dat hoe meer die mens luister na die spreke van God in die Bybel, hoe meer gesag kry die Bybel oor hom, en hoe groter word God vir hom ook in die wêreld (Heyns 1972:140).

Verder moet daar onthou word dat die Bybel geen handboek wil wees vir die verskillende wetenskaplike rigtings nie, want alhoewel daar sekere historiese mededelings is wat na die Bybelse tyd teruggevoer kan word, gaan dit primêr in die Bybel om die mededelings van die saligmakende kennis van God.

Van hierdie siening skryf Heyns en hy haal Bavinck aan wat skryf:

“Daarvoor biedt de Schrift ons alle gegevens, in dien zin is zij volkomen genoegzaam en volmaakt.” Maar Bavinck gaan selfs nog verder: uit die Skrif kan ook geen geskiedenis van Israel en geen biografie van Jesus afgelei word nie – daarvoor is daar in die Skrif te groot leemtes. Dit was ook nie die bedoeling van die Heilige Gees om die Bybelskrywers tot notariële optekening van alle moontlike gegewens in die hemel en op die aarde te lei en dit as ’n sluitende stelsel te verewig nie (Bavinck, in Heyns 1972:134).

Dit gaan egter in die Bybel nie net oor die gesag nie, maar ook die verstaan en interpretering daarvan. In kort wil ek aansluit by Heppe wat aangaande hierdie saak soos volg skryf:

In order that this question may be correctly explained according to the norm of God’s Word, we say that Scripture is its own interpreter, or rather God, speaking in the Scriptures and through the Scriptures. In the clearer and essential passages He openly indicates His will to believers.... In obscure passages He more and more confirms the same will of His for them by comparison of them with clearer passages (Heppe 1978:35).

Dit is dus duidelik dat die Bybel nie net gesag in homself het nie, maar homself verder deur die werking van die Heilige Gees uitlê en verduidelik.

4.6 Die Bybel as sendingmedium

In aansluiting by wat in Hoofstuk 2 geskryf is en in die voorafgaande paragrawe uitgelig is, is dit baie duidelik dat die Bybel inherent missionêr gerig is.

Eric Fenn skryf in The Cambridge History of The Bible die volgende aangaande die unieke kwaliteit van die Bybel:

For nearly two thousand years the missionary work of the Church has been essentially Bible-centered, and that in three senses: the Bible has been the source of inspiration and of spiritual nourishment for the missionary himself: it has also been the basis of the worship of the Church into which he sought to

bring pagan or non-Christian tribes or individuals; and (to a larger extent than is commonly recognized) it has been a means of evangelism in itself (Fenn, in Greenslade 1963:383).

Du Toit onderstreep hierdie siening as hy aangaande die gedrukte Woord skryf:

Vandag is dit een van die belangrikste kommunikasiemiddels in die wêreld. Wyd en syd word mense hierdeur bereik wat andersins miskien nooit met die evangelie in aanraking sou gekom het nie. Ander wat reeds vir Christus gewen is, het steeds weer nodig om tot dieper insig in die Bybel te kom en te leer wat die evangelie vir hulle in al hul lewensverhoudinge wil beteken (Du Toit 1967:208).

Die invloed van die Bybel strek egter baie wyer as die individu en spreek die wese van kerk asook die sendeling aan wat hierdie boodskap van die verlossing in Jesus Christus uitdra. Fenn skryf hieroor:

The missionary, therefore, has been bound to the Bible by a threefold cord: his own spiritual life and his authority as a messenger of the Gospel depended on his own knowledge of the Scriptures; the message he sought to proclaim and the Church into which he brought his converts was centred on the bible; and the written Scriptures were a means by which the Gospel could lay hold of the minds and hearts of men and women, sometimes more effectively than by any word of his own (Fenn, in Greenslade 1963:383).

Die sendeling het dus ten doel dat die Bybel in verstaanbare taal en aanvaarbare formaat in die hande van mense wat kan lees geplaas word, of hulle Christene is of nie.

Peter Beyerhaus (1996:89) skryf aangaande die plek en rol van die Bybel:

Die Freude, die sowohl bei den Übersetzern als auch bei den Lesern mit der Fertigstellung der Bibel in die Lokalsprachen verbunden ist, darf nun nicht zu der Illusion verleiten, als ob damit alle Probleme der Kommunikation des

Evangeliums in diesem Gebiet ein für alle Male gelöst wären. Vielmehr ergeben sich unmittelbar darauf zwei neue, miteinander verbundene Aufgaben, nämlich die der Revision und die der Rezeption.

Inderdaad het die Bybel nie die probleme rondom kommunikasie met die inheemse volkere opgelos nie, maar na my mening 'n baie goeie en handige voertuig geskep waardeur die kersteningsproses 'n aanvang kon neem. Die volgende punt sal hierdie saak verder belig.

4.7 Taal en Sending – motivering vir vertalings

Dat die Bybel beskikbaar moet wees in die tale van die volkere wat bedien word en wat 'n behoefte daaraan gehad het, was van die ontstaan van die Bybelgenootskappe en selfs daarvoor, reeds op die agenda van die Kerke en Sendingorganisasies.

John Wycliffe, die eerste vertaler van die volledige Bybel in Engels, het meer as 600 jaar gelede sy motivering vir Bybelvertaling gegee toe hy gesê het:

Holy Scripture is the pre-eminent authority for every Christian, and the rule of faith and of all human perfection... “For as much as the Bible contains Christ, that is all that is necessary for salvation, it is necessary for all men, not for priests alone. It also is the supreme law that must rule Church, State, and Christian life, without human traditions and statues.” Christ and his Apostles taught the people in the language best known to them. It is certain that the truth of the Christian faith becomes more evident the more faith itself is known. Therefore, the doctrine should not only be in Latin but in the vulgar tongue and, as the faith of the Church is contained in the Scriptures, the more these are known in a true sense, the better. The laity ought to understand the faith and, as doctrines of our faith are in the Scriptures, believers should have the Scriptures in a language which they fully understand (Barrett 1982:22).

In die loop van hierdie proefskrif sal die feit dat Bybelvertaling 'n geweldige hoë prioriteit in die sendingontwikkeling en sendinguitreike na ongekerstende volkere

geniet het, uitgelig en onderstreep word. Sendelinge het deur die jare die standpunt en siening van Wycliffe in hulle sendingpoging weerspieël, soos gesien sal word.

Gedagtig aan die sendingvisie wat in Hoofstuk 2, punt 2.6.1 soos volg gedefinieer is: die voortdurende ingesteldheid, geroepenheid en gerigtheid in die gedagtes van die gelowiges en organisasies, onder invloed en leiding van die Heilige Gees. wat vergestalt word in hulle woorde en daede, om die omvattende verlossing wat daar in en deur Jesus Christus is, aan al die ongekerstendes op die mees verstaanbare wyse aan te bied, binne sy/hulle ekonomiese, kulturele en sosiale konteks sodat die Koninkryk van God uitgebrei kan word, is dit voor die hand liggend dat Bybelvertaling 'n hoë prioriteit moet geniet, aangesien dit die belangrikste bron van kennis aangaande Jesus Christus is.

Hierdie stelling is veral waar vir Suid-Afrika met sy verskeidenheid van volkere wat elkeen sy eie besondere taal besig. Verder moet dadelik in gedagte gehou word dat met die koms van die eerste sendelinge die tale van hierdie onbereikte volkere nog net 'n spreektaal was, en dat dit op skrif vasgelê moes word.

Crafford skryf aangaande die kommunikasie van die evangelie aan die nie-Christene soos volg:

In die proses van kommunikasie kan ons ten minste vier elemente onderskei, naamlik 'n bron, 'n boodskap, 'n kanaal waarlangs die boodskap gaan en 'n ontvanger. In die sending as proses van kommunikasie is die bron die drie-enige God self, die boodskap die geopenbaarde waarhede van die Skrif, die kanaal die kerk en sy missionêre strukture en die ontvanger die persoon wat buite die Christelike geloof staan.

Omdat God Homself deur sy Woord geopenbaar het, moet die woordaspek van die evangelie altyd sterk op die voorgrond staan. Die gesproke en geskrewe woord sal dus altyd primêre kommunikasiemiddels bly, hoewel nie die enigste nie. Taal bly eenvoudig die belangrikste kanaal waardeur boodskappe van een mens na 'n ander oorgedra kan word (Crafford, in Cronje & van Wyk 1982:311).

Eric Fenn, 'n voormalige Redaksionele Sekretaris (Vertaling) by die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap onderstreep hierdie belangrikheid van die geskrewe taal en die rol daarvan in kommunikasie soos verwoord in die voorafgaande paragraaf deur Crafford as hy skryf:

From the beginning there was the closest possible co-operation between missionaries in the field and the Bible societies. Hy skryf dan verder: Three phases may be distinguished in the story of Bible translation in which the Bible societies have worked closely with missionaries in various fields.

The first and most obvious was the putting of the Scriptures into languages which had a written form and in which there was already a considerable literature, such as India, China, Burma, Korea and Japan.

The second phase of translation work opened with the exploration of the interior of Africa and the beginning of the vast missionary activity... This brought men up against the problem of the unwritten language and the quest for words in which to express the Christian Gospel in tongues which might be very poor in abstract nouns.

The third phase in Bible translation has only recently opened. It was only natural that, in the attempt to put the Scriptures into the languages of the people among whom they were working, missionaries should at times produce what was in fact a dialect translation, without noting its similarity to neighbouring forms of speech (Fenn, in Greenslade 1963:396).

Barrett (1982:6) sluit by hierdie siening aan as hy skryf:

The role of vernacular translations of the Christian scripture in this growth of organised Christianity has been very marked. The Scriptures have motivated the planting of Christianity in Africa at every stage; they had directly caused its expansion in countless regions; they have produced the strong and mature

churches which we now observe in most parts of the continent; and they nurtured them throughout.

Dr Edward Hope (2000:12), 'n vertalingskonsultant van die WBG, maak dieselfde opmerking tydens die bekendstelling van die Kalanga Nuwe Testament in Botswana. Tydens hierdie geleentheid sê hy dié belangrikste geleentheid in enige kerk se geskiedenis die dag is waarop die Bybel in die moedertaal van die gemeentelede ontvang word. Gedagtig aan so 'n wonderlike geleentheid sê hy dat daardie lidmate wat die Bybel ernstig gaan lees, God sal hoor praat deur die geskrif. Die tweede saak wat opval, is dat geen vertaling perfek is nie, en daarom sal dit weer aan 'n hervertaling onderhewig wees.

Vir die verdere verloop van hierdie hoofstuk sal daar aandag gegee word aan die vertalingsgeskiedenis van die Bybel in Suider-Afrika ten einde 'n beeld te kry of die sendingvisie, soos gedefinieer, inherent deel was van die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Dit is verder nodig om die vertalingsgeskiedenis onder die loep te neem, aangesien Bybelvertaling 'n aanduiding is van die vordering van die kersteningsproses in 'n bepaalde land. Daar sal egter in gedagte gehou moet word dat sekere taalgroeperings eers met 'n vertaling verwant aan hulle moedertaal tevrede moes wees. Die Swazivolk moes vir baie jare met die Zuluvertaling tevrede wees, want beide is Ngunitale en is leksikologies feitlik identies. Dieselfde geld ten opsigte van die Suid-Ndebele wat ook verwant is aan Zulu, ook deel van die Ngunigroepering. Ten opsigte van Suid-Afrika kan daar met redelike sekerheid gesê word dat Bybelvertaling wel 'n betroubare aanduiding is van geslaagdheid van die kersteningsproses.

Ek baseer my stelling op die fyn en baie korrekte waarneming van Fenn. Hy merk op:

Bible translation provides a rough gauge of the success of the missionary enterprise in different parts of the world. The generalisation needs to be qualified in certain respects but it would seem that the appearance of a Gospel or other single book of the Bible in a "new" language was an indication that the Church (in one form or another) was at grips with its essential task among

those people: the language has been mastered at least to the stage when a first essay may be made in expressing the truth of the gospel in the mother-tongue of the people.

When after a decade or two, the New Testament is completed, its appearance usually indicates the emergence of a Christian community speaking the particular language: that is, there has been a response to the Gospel and a believing community has come into existence.

When, very much later, the complete Bible appears, it betokens a degree of permanence in the Christian community: the Gospel has taken root in the lives of people. Finally, the revision of a Bible comes at a point where the Christian community has attained a measure of maturity and possesses native members capable of critical appraisal of the text in the light of a real understanding of the Gospel (Fenn, in Greenslade 1963:398).

Die standpunt van Smith (1930:8) sluit aan by hierdie siening van Fenn, maar hy voeg 'n nuwe dimensie by:

Men need two kinds of language, in fact; a language of the home, of emotion, of unexpressed associations; and a language of knowledge, exact argument, scientific truth, one in which words are world-current and steadfast in their meanings. Where mother tongue does not answer both needs, the people must inevitably become bilingual; but however fluent they may succeed in being in the foreign speech, its words can never feel to them as their native words. He may bargain in the other, or pass examinations in it, but he will pray in his home speech. If you wish to reach his heart you will address him in that language.

Hierdie waarheid is beslis gesnap deur die eerste sendelinge vanuit Europa in Suid-Afrika. Bybelvertalings is gedoen deur sendelinge wat eers die taal van die mense wat deur hulle bedien is aangeleer het, die Bybel vertaal, en daarna begin versprei.

Die verdere ontwikkeling van vertaalwerk in Suider-Afrika het inderdaad verloop soos deur Fenn opgesom. Hierdie waarneming en gepaardgaande standpunt word bewys vanuit die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap se siening aangaande vertalings van die Bybel. Die Genootskap het die sendelinge wat plaaslik werksaam was, beskou as die hoofagente ten opsigte van vertalings. Hierdie vertalers is dan van tyd tot tyd finansiële ondersteun ten einde hulle toe te laat om voltyd met die vertalingswerk voort te gaan. Hierdie is 'n praktyk wat deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika voortgesit is.

Daar is ook 'n ander benadering in verband met die doen van vertaalwerk. Van die Europese Bybelgenootskappe lei hulle eie vertalers op wat saam met die sendelinge werk en vertalings voorberei. Een so 'n Bybelgenootskap is die Nederlandse Bybelgenootskap. Alle Bybelgenootskappe het egter personeel in hulle Hoofkantore om die vertalingsprojekte te monitor en toe te sien dat projekte afgehandel word.

Professor BB Keet skryf aangaande probleme rondom vertaalwerk die volgende:

Vertaalwerk is altyd moeilike werk; nie alleen moet die vertaler op die hoogte wees van die taal waaruit hy vertaal nie (brontaal), maar ook van die taal waarin hy vertaal (ontvangertaal). Bybelvertaling is dubbel moeilik omdat die tale waaruit vertaal word, nie meer gepraat word nie; dit word dus onmoontlik om deur die lewende taalgebruik kontrole uit te oefen – hier kan alleen deur deeglike studie van die ou tale gesorg word dat, sover moontlik, die regte betekenis aan woorde en uitdrukkings gegee word.

Om nog 'n ander rede egter is Bybelvertaling moeilik, naamlik dat in die Bybel kennis gemaak word met tradisie en gedagte-wêreld wat enig in sy soort is; dáár word toestande beskrywe en begrippe gebruik wat 'n buitengewone karakter dra. Dikwels, veral wanneer vertalings in primitiewe tale gemaak word, moet splinternuwe woorde en uitdrukkings geskep word, omdat die taal sulke begrippe nie het nie (Keet, in Oberholster 1958:89).

Fenn is myns insiens korrek in sy opsomming van die uitdagings ten opsigte van vertalings as hy opmerk en baie sterk die siening van prof BB Keet deel as hy skryf:

The task of translation is initially difficult, and it is never finished. Language is not static and men's knowledge of a foreign tongue is never complete. Even the most established versions reach a point where they are out of line with current speech (Fenn, in Greenslade 1963:397).

Dit is die fondament, na my mening, waarop die verantwoordelikheid van Bybelgenootskappe berus om voort te gaan met ortografiese hersienings van die Bybels en ander publikasies asook om hervertalings van die Bybel aan te pak.

Smit in die boek God het laat Groei haal dr Zwemer aan wat die Bybelgenootskap beskou het as die spilpunt waaromheen die ganse Protestantse Sending draai. Hy maak verder die opmerking dat sendingwerk sonder Bybelverspreiding haas onmoontlik is, dan is Bybelverspreiding sonder Bybelvertaling heeltemal ondenkbaar (Smit 1970:189).

4.8 Die geskiedenis van Bybelvertalings in Suider-Afrika

Ten einde die kerke en christelike gemeenskap in Suid-Afrika in staat te stel om sy missionêre roeping te volvoer, moes die Bybel in die inheemse tale van Suid-Afrika vertaal word. Soos alreeds aangetoon is, is die doen van sending die taak van die kerk, en by implikasie van gelowiges. Die Bybelgenootskap is in hierdie proses 'n baie belangrike medewerker in die sin dat die Bybelgenootskap die Woord in die tale van die sprekers beskikbaar stel.

Suid-Afrika is 'n land met elf amptelike landstale. Van hierdie elf tale is nege Afrika tale uit die Bantogroep, elk met verskillende dialekte. Die twee ander tale is Engels en Afrikaans. Vier van die tale uit die Bantogroep is Nguni, dit is Zulu, Xhosa, Swati en Suid-Ndebele. Drie tale kom uit die Sotho groepering, naamlik Suid-Sotho, Noord-Sotho en Tswana, en dan is daar nog Tsonga en Venda.

Die proses om die Bybel in die tale soos bo genoem te vertaal, was nie altyd so maklik nie. Aanvanklik het sendelinge begin om die Bybel letterlik te vertaal, dit is

woord vir woord en struktuur- vir struktuurvertaling. Hermanson skryf aangaande hierdie eerste pogings ten opsigte van vertaalwerk:

In preparation for their work, missionaries studied Hebrew, Greek and Latin. Translation theory was not well developed and so when they came to translate they did so with formal equivalence, in the same way as they had been taught to translate the Classics, matching word for word and structure for structure wherever possible (Hermanson 1999a:3).

Fenn meld dat vertalers wat bedrewe is in die grondtale Grieks en Hebreeus, daarvan gebruik gemaak het in hulle vertalingspoging, maar dit was en is nie as enigste verwysingsbron gebruik nie. Die bekende Authorised Version, die King James Version, asook die Nederlandse Statebybel of Statevertaling (Statenbijbel) en die Duitse vertaling van Luther is ruim deur vertalers in Suid-Afrika gebruik. Die taalagtergrond van die sendelinge uit Europese lande wat as Bybelvertalers opgetree het, het verder 'n bepalende rol gespeel in watter Bybels en ander hulpmiddele gebruik is.

Die vertalingsmetodiek het deur die jare gegroei en verandering ondergaan en tans word die dinamies/funksionele-ekwivalente vertalingsmetodiek gevolg. Bybels wat volgens hierdie metodiek vertaal is, en deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gepubliseer is, is onder andere die volgende : Afrikaanse Bybel (1983), Zulu Nuwe Testament en Psalms (1986), Suid-Ndebele Nuwe Testament en seleksie van Psalms (1986-eerste vertaling), Suid-Sotho in die Lesotho asook Suid-Afrikaanse ortografie (1989), Tsonga Bybel (1989), Xhosa Bybel (1996), Swati Bybel (1997 – die eerste vertaling) asook die Venda Bybel (1998). Die Noord-Sotho vertaling, wat hopelik in die loop van 2000 gepubliseer gaan word, volg ook hierdie vertalingsmetodiek (Vir 'n oorsig sien Hermanson 1999a:7).

Op die terrein van vertaling het veral dr E Nida, vertalingskonsultant en kenner verbonde aan die Wêreldbond van Bybelgenootskappe, 'n leidende rol gespeel en is talle vertalers in Suid-Afrika in bogenoemde vertalingsmetodiek opgelei. Nida (1980:97) se uitgangspunt ten opsigte van vertalings was deur die jare dat vertalings betekenisvol, akkuraat en van hoogstaande kwaliteit moet wees. Vertalings moet

betekenisvol wees sodat mense kan verstaan wat hulle lees. Verder moet vertalings akkuraat wees deur getrou te wees aan die mees oorspronklike en beste Hebreeuse en Griekse tekste wat beskikbaar is. Kwaliteit van vertalings is ononderhandelbaar en daarom moet daar erns gemaak word om die volle reikwydte van taal te gebruik.

Vertalings binne Suid-Afrika het nie noodwendig altyd aan Nida se standarde voldoen nie, wat veral sigbaar sal word vanuit die geweldige baie hervortalings wat deur die jare in die inheemse tale gedoen is. Wat egter duidelik navore kom is dat die vertalingsgeskiedenis in Suid-Afrika 'n definitiewe patroon gevolg het. Hierdie patroon is duidelik sigbaar en is dieselfde as wat Fenn opgemerk het. Vertalings het die pad gestap van eers 'n enkele boek wat gepubliseer is, daarna die Nuwe Testament en gewoonlik heelwat later die hele Bybel. Daar is in al die tale heelwat hervortalings en hersienings gedoen.

Smit het in die boek God het laat groei die aanvanklike vertalingsgeskiedenis baie deeglik bespreek. Ek sal nou 'n oorsigtelike beeld gee van hoe die vertalingsproses verloop het ten opsigte van al die amptelike tale, behalwe Engels. Engelse Bybels word onder kopiereg van die buiteland gedruk. Alle inligting aangaande publikasies sedert 1970 is afkomstig uit die Argief van die Bybelgenootskap te Kaapstad.

Hier volg 'n oorsigtelike bespreking van die vertalings met die datums waarop vertalings amptelik in druk verskyn het. Daar sal van tyd tot tyd opmerkings gemaak word aangaande die vertalers en spesifieke probleme wat ontstaan het met vertalings. Daar is gepoog om die vertalers met hulle kerklike en genootskaplike affiliasie sover moontlik te identifiseer. Hierdie gegewens sal juis die rol van die sendelinge in die vertalingsproses onderstreep.

4.8.1 Tswana

Tswana bestaan uit verskeie dialekte. Hierdie feit word erken deurdat daar twee verskillende Bybelvertalings in Tswana bestaan. Omdat die vertaling van die Bybel in hierdie taal deur die jare so 'n geweldige groot rol gespeel het, word albei hierdie vertalings se ontwikkelingsgeskiedenis bespreek.

In Suid-Afrika is daar volgens die bevolkingsensus van 1996 ongeveer 3,3 miljoen mense wat Tswana aandui as hulle huistaal. Gemeet teen die globale prentjie van Suid-Afrika is dit 8,2 % van die bevolking wat Tswana as huistaal besig. Die grootste konsentrasie van Tswanasprekers word in die Noordwes Provinsie aangetref, meer as 2,2 miljoen mense (Census in Brief 1998:10-15).

4.8.1.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Tswana Bybelvertaling

- 1830 – Die vertaling van die evangelie van Lukas verskyn. Hierdie vertaling is deur Robert Moffat (1795-1883), verbonde aan die Londense Sendinggenootskap gedoen. Hierdie vertaling is op Kuruman gedoen, maar te Kaapstad gedruk by die “Government Printing Office”.

Hierdie eerste grootse poging beskryf Gerdener aandoenlik as hy sê:

In 1830 het Moffat en sy vrou (Mary) die lang reis onderneem en wel om sekere dele van die Heilige Skrif, wat die sendeling vertaal het, te laat druk. Teleurstelling het op hom gewag omdat sowel goeie drukkers asook die nodige letters destyds nog skaars was in Kaapstad, en geen drukkerij kon gevind word om selfs die evangelie van Lukas en ’n klein gesangboekie se druk te onderneem nie. Gelukkig het die goewerneur hom ontferm en die Regeringsdrukkerij met die onderneming belas. Intussen het dr John Philip ’n klein drukpers aan die Sending in Betsjoeanaland geskenk wat met heelwat moeite vervoer is en vir baie jare nuttige dienste aldaar bewys het (Gerdener 1941:44).

Hierdie was die eerste Bybelvertaling wat ooit in ’n inheemse taal van Suid-Afrika gedoen en gepubliseer is. Van hierdie monumentale poging van Robert Moffat en daarmee saam die opoffering skryf Gerdener soos volg:

Hy het hom van die begin af met mening toegelê op die moeilike taalstudie. Dit was geen maklike taak nie, omdat ’n grammatika in daardie dae nie bestaan het nie, ’n goeie tolk nie te kry was en die tyd en stilte ontbreek het (Gerdener 1941:42).

Peters ego hierdie gevoel as hy baie jare na Gerdener soos volg skryf:

In 1816 Robert Moffat arrived in South-Africa, and without books, or an experienced teacher, set himself to learn the Tlhaping dialect of the Tswana language. By 1826 Robert Moffat had produced a spelling book and catechism (Peters 1982:xxi).

Sy waardering vir die werk van Moffat word nouliks weggesteek as hy soos volg berig:

In the history of translation of the Holy Scriptures into the various languages of the Bantu-speaking peoples the memorable achievements of Robert Moffat will never be forgotten. Not only was the Gospel according to saint Luke the first book of the Bible in any Bantu language, but the first complete Bible in a Bantu language of southern Africa was printed by a simple hand-press operated by missionaries, turned printers, in the historical mission at Kuruman (Peters 1982:xxii).

- 1840 - Die Nuwe Testament verskyn en is ook vertaal deur R Moffat.
- 1853 - Die eerste gedeelte van die Ou Testament verskyn. Genesis tot 2 Konings. R Moffat voltooi hierdie eerste gedeelte van die Ou Testament.
- 1857 - Die tweede gedeelte van die Ou Testament verskyn. William Ashton, 'n kollega verbonde aan die Londense Sendinggenootskap, was behulpsaam met die vertaling. Die volledige Bybel was dus nou beskikbaar, maar in twee bande. Hierdie monumentale werk kan gesien word as 'n keerpunt in die werksaamhede van sendelinge onder die Tswanas. Robert Moffat beleef die eindproduk van die taak wat hy op sy skouers geneem het met die verskyning van die hele Bybel in Tswana.
- 1872 - Die Bybel in een volume verskyn die eerste maal. Dit was 'n herdruk van die Bybel wat in 1857 verskyn het.
- 1908 - Herdruk verskyn met eerw AJ Wookey verbonde aan die Londense Sendinggenootskap as die eindredakteur. In hierdie poging was hy deur lede van

die plaaslike Tswanasprekende bevolking bygestaan en hierdie hervertaling is deur Britse en Buitelandse Bybelgenootskap (BBBG) uitgegee. Hierdie vertaling is vandag nog in gebruik, weliswaar was daar ortografiese veranderinge aangebring, maar die vertaling van die Bybel word nog met groot seën in die noordelike dele van die Noordwes Provinsie en in Botswana gelees.

- 1992 - Die hersiene uitgawe van die 1908-vertaling verskyn met 'n nuwe ortografie. Hierdie werk is gedoen deur rev JD Jones (UCC of SA) saam met mnr M Marolong en Z Matumo asook mev M Johnson en dr JL Reyneke (NG Kerk).

In totaal was daar 30 vertalings, hervertalings en herdrukke van die Bybel en Bybelgedeeltes en Nuwe Testamente sedert 1826 tot 1970 (Coldham II 1966:694-701).

Peters som hierdie pad wat die Tswana Bybel gevolg het soos volg op:

Before the close of the nineteenth century a number of revised versions of the Tswana Bible had made their appearance, notably in the years 1877 (Roger Price and John Brown), 1890 (John Mackenzie), and 1894 (The New Testament revision by Roger Price). In 1855 William Crisp's Rolong edition of the Gospels and Acts had been printed at the Wesleyan Mission Press at Thaba 'Nchu, and in 1894 his new Testament was published in London. The "Wookey Bible" (Alfred John Wookey) was published in 1908, the result of many years' work (Peters 1982:xxii).

Inderdaad sal die pad wat Moffat as pioniersending en vertaler gestap het nooit uit die annale van die geskiedenis van ons land kan verdwyn nie.

4.8.2 Sentraal Tswana (Setswana)

Die Tswana sprekendes in die Noordwes Provinsie versoek 'n Bybelvertaling wat eie is aan die taal soos dit in Suid-Afrika gepraat word. 'n Eie vertaling vir gebruik in

Suid-Afrika word 'n noodsaaklikheid en hierdie projek word uiteindelik aangepak om aan hierdie behoefte te voldoen.

4.8.2.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Setswana Bybelvertaling

- 1942 - Die evangelie van Mattheus verskyn in Setswana. Dit is voorberei deur pastors Ferdinand Jenson, Hermann Wenhold, Rudolph Tonsing, E Penzhorn en C Meyer, almal verbonde aan die Hermannsburgse Sendinggenootskap, asook di G Stegmann en JL Reyneke (NG Kerk), Johannes Baumbach en Ernst Müller van die Berlynse Sendinggenootskap en HH Firkins en die volgende moedertaalsprekers mnre N Motshumi, J Mess en Koos Segale.
- 1957 - Die Nuwe Testament en Psalms verskyn onder die redaksie van pastor H Pfitzinger, maar die voorsitter van die vertalingskommissie was pastor O Brümmerhoff, ook verbonde aan die Hermannsburgse Sendinggenootskap (Coldham II 1966:692).
- 1970 - Die Setswana Bybel verskyn sewe jaar nadat die projek alreeds in 1963 voltooi is. Hierdie projek staan onder leiding van pastor O Brümmerhoff wat opgetree het as voorsitter van die vertalingskommissie.
- 1987 - Hersiene uitgawe van die Nuwe Testament verskyn. Pastor H Pfitzinger het die ortografie hersien en pastor H Dehnke het die manuskrip geproeflees. Sendelinge verbonde aan die Hermannsburgse Sendinggenootskap het inderdaad hulle merk in Suid-Afrika gelaat (Reyneke 1987:Ongepubliseerde tikskrif).

Ten opsigte van hierdie taal is die hersiene uitgawe van die Nuwe Testament die laaste werk wat gedoen is in terme van hervertalings.

4.8.3 Xhosa (isiXhosa)

Die meeste Xhosasprekendes, meer as 5,2 miljoen, word in die Oos-Kaap Provinsie aangetref. Onder hierdie groep is daar heelwat verskillende dialekte, maar ongeveer 7,1 miljoen mense, ongeveer 17,9 % van die bevolking, noem Xhosa hulle huistaal.

Naas die Oos-Kaap is die grootste konsentrasie van Xhosasprekendes in die Wes-Kaap en in Gauteng Provinsie te vinde (Census in Brief 1998:10-15).

4.8.3.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Xhosa Bybelvertaling

- 1833 - Die evangelie volgens Lukas verskyn en die vertaling is hoofsaaklik deur William B Boyce gedoen, bygestaan deur William Shaw en WJ Shrewsbury, almal verbonde aan die Wesleyaanse Sendinggenootskap. Hierdie eerste vertaling word in Grahamstad gedruk. Die BBBG op versoek van die sendelinge besluit om hulle in die druk van 'n 1000 kopieë behulpsaam te wees, maar daar kom niks van nie, aangesien een van die betrokkenes by die administratiewe proses, ene mnr Greenfield van die BBBG in Engeland skielik sterf (Smit 1970:202).
- 1846 - Die Nuwe Testament verskyn. Die medewerkers of medevertalers was: eerwds HH Dugmore, William J. Davis, beide van die Wesleyaanse Sendinggenootskap, asook eerw CW Posselt, verbonde aan die Berlynse Sendinggenootskap. Eerwds JL Döhne en JC Warner het meegewerk aan die vertaling. Die werk begin in 1842 en word in 1846 afgehandel. Dit is op die sendingperse te Fort Peddie en Newton Dale gedruk (Coldham II 1966:732).
- 1859 - Die Ou Testament verskyn volledig. Hiervan skryf Coldham:

The Old Testament, composed of the four instalments published in 1857-1859, now bound in two volumes, with fresh titles (dated 1859), half-titles, list of books and list of errata. The BFBS (British and Foreign Bible Society) contributed £125 towards the cost of the binding (Coldham II 1966:734).

Daar is egter ook kopieë wat in enkelband gebind was. Die Wesleyaanse Sendinggenootskap het hierdie Bybel uitgegee en dit is soos vorige publikasies op die Sendingpers te Mount Coke gedruk.

- 1864 - Die volledige hersiene Bybel in Xhosa verskyn. Hierdie hersiening sou 'n kontroversiële vertaling word wat nie so geredelik deur mede-sendelinge en

sekere seksies van die Xhosagemeenskap aanvaar nie, alhoewel dit 'n vertaling was wat geskryf is in die spreektaal van die mense. Coldham skryf:

The Bible, a complete revision prepared by rev JW Appleyard (Wesleyan Missionary Society) who gives the date as 1860 – 64. The publication of this edition considerably reduced the selling-price of the Scriptures (Coldham II 1966:737).

- 1870 - The Bible of 1864, which came to be known as “Appleyard’s Version”, met with much criticism, and for a time it seemed likely that rival translations would be prepared. In September 1868, however, at the suggestion of BFBS, a Board of Revisers, representing the various Missions concerned, was appointed to revise the existing version. This Board consisted of the following representatives: HR Woodrooffe (SPG), JW Appleyard (WMS), Charles Brownlee (LMS), B Ross (Free Church of Scotland), Tiyo Soga (UPCSM), A Kropf (BMS), and H Meyer (Moravian Missionary Society). After a time JW Appleyard and H Woodrooffe resigned. The Board met for the first time in April 1869, to revise the New Testament. In 1870 this tentative edition of St Matthew, revised by the Board was printed at Mount Coke. The BFBS contributed towards the expense of preparing and publishing this as well as some other editions (Coldham II 1966:739).
- 1889 - Hersiene uitgawe van die Bybel waaraan in 1869 begin werk is word eers in 1889 deur die BBBG uitgegee. Die hersieningskomitee van hierdie vertaling was eensgesind en veral eerwds A Kropf, B Ross en T Chalmers verbonde aan die United Presbyterian Mission het groot insette gelewer (Coldham II 1966:742). Hierdie vertaling was 'n volledige hersiening van die Xhosa Bybel.

Hierdie vertaling het egter ook onder kritiek van sendelinge deurgeloop, maar daar is tog voortgegaan om die Appleyardvertaling te druk, veral omdat dit deur sommige van die sendelinge versoek is. Van hierdie ongelukkigheid skryf Peters soos volg:

In 1896 the SA Wesleyan Missionary Conference requested the British and Foreign Bible Society to reprint Appleyard’s version on the grounds that the

version of 1888/9 represented the Gaika dialect and contained words and phrases which were distasteful to the Fingoes, Tembu and Pondo (Peters 1992:xvii).

Nadat hierdie hersiene uitgawe van die Bybel in 1889 verskyn het, was daar deur die jare verskeie hersienings wat genoodsaak is deur nuwe ortografieë en 'n taal wat dinamies gegroei en ontwikkel het.

- 1975 – Weer eens 'n hersiene uitgawe van die Xhosa Bybel sien die lig. Dit bring die aantal hersiene uitgawes van die volledige Xhosa Bybel vanaf 1864 tot en met 1975 op 7 te staan.
- 1996 – 'n Nuwe Xhosavertaling verskyn. As vertalers van hierdie projek het opgetree: ds JC Oosthuizen (NG Kerk) as projekkoördineerder, saam met rev ZW Nkuhlu (Baptiste Kerk), rev EH Dike (Anglikaanse Kerk). Hulle is bygestaan deur mnr H Nabe (Metodiste Kerk), ds BF Mbenenge (NG Kerk in Afrika) en prof DH Odendaal (NG Kerk). Hierdie was 'n wonderlike dag omdat die Bybel nou beskikbaar is in moderne Xhosa en veral word die Bybel nou toeganklik vir die jonger en nuwe geslag van Bybellesers wat 'n nuwe taal praat.

Peters onderstreep die geweldige groot rol wat sendelinge in die geskiedenis van die Oos-Kaap gespeel het. Hy skryf:

the largest contribution to the provision of literature for the people of the eastern Cape was made by the missionaries. In order to spread the gospel they had to learn the language of the people concerned; determine a writing system for the languages; and provide schooling and suitable reading matters by the translation of the Scriptures, catechisms, tracts, hymns, school books, etc. (Peters 1992:xvii).

Hierdie siening van Peters is nie net ten opsigte van die Xhosataal geldig nie, maar die patroon van literatuurvoorsiening deur sendelinge was die norm ten opsigte van die ander tale. Pioniersendelinge het inderdaad gesorg vir die vestiging van die literêre tradisie van al die inheemse tale van Suid-Afrika.

4.8.4 Suid-Sotho (Sesotho)

Die grootste konsentrasie van Sothosprekendes word in die Vrystaat aangetref waar meer as 1,6 miljoen mense aantoon dat hulle Sotho as huistaal gebruik, terwyl daar ongeveer 1 miljoen mense in Gauteng Provinsie Sotho by hulle huise praat. In Suid-Afrika is daar ongeveer 3,1 miljoen mense wat Sotho tuis gebruik en dit verteenwoordig ongeveer 7,7 % van die bevolking samestelling in Suid-Afrika (Census in Brief 1998:10-15). Die Suid-Sothovertaling se ortografie is aangepas om die vertaling toeganklik te maak vir die inwoners van Lesotho wat 'n eiesoortige ortografie gebruik.

4.8.4.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Suid-Sotho Bybelvertaling

- 1839 - Die Evangelies van Markus en Johannes verskyn. As vertalers het onderskeidelik eerwds Eugène Casalis en Samuel Rolland, beide verbonde aan die PEMS, opgetree.
- 1855 - Nuwe Testament verskyn met E Casalis en S Rolland wat as vertalers hierdie projek voltooi. Hierdie kopie van die Nuwe Testament word by Berseba naby Smithfield gedruk.
- 1881 - Die volledige Bybel verskyn. As vertalers het Adolphe Mabile, DF Ellenberger en D de Verlin (miskien ook H Dieterlin, maar daar is onsekerheid aangaande sy rol) opgetree. By hierdie projek was die BBBG direk betrokke. Smit skryf van hierdie groot werk:

Die verskyning van die eerste volledige Sotho-Bybel in 1881 was 'n heugelike gebeurtenis, die bekroning van meer as 40 jaar (1839-'81) van toegewyde arbeid! Vanweë die destydse Basoeto-opstand teen ontwapening, kon die Bybel egter eers in September 1883 deur die Basoeto's feestelik in ontvangs geneem word (Smit 1970:210).

- 1909 - Nuwe vertaling van die Bybel verskyn. Die vertalers was eerwds Louis Mabile en C Christeller, albei van hierdie vertalers was verbonde aan die PEMS.
- 1961 - Nog 'n hersiene uitgawe verskyn van die 1909-vertaling, maar in 'n nuwe ortografie (Coldham II 1966:609-616).
- 1985 – 'n Nuwe Vertaling van die Bybel verskyn. Die finale redaksionele komitee het bestaan uit: dr AA Odendaal (NG Kerk) wat as projekkoördineerder opgetree het, met die volgende moedertaalsprekers: mnre BM Khaketla (Anglikaanse Kerk), EM Thakhodi (Lesotho Evangelical Church), ds M Mopeli en Biskop IM Phakoe (Reyneke September 1983:Ongepubliseerde tikskrif).

4.8.5 Zulu (isiZulu)

Hierdie taalgroepering is wyd oor Suid-Afrika verspreid. Die grootste konsentrasie wat aangedui het dat hulle Zulu as huistaal gebruik, word in KwaZulu Natal aangetref, naamlik 6,6 miljoen mense. Gauteng Provinsie met 'n raps meer as 1,5 miljoen mense en Mpumalanga is die provinsies waar groot getalle mense aangetref word wat Zulu as voertaal in die huise gebruik. Daar is globaal 9,2 miljoen mense wat Zulu in die huis gebruik wat weer 22,9 % van die bevolking uitmaak. Binne die globale beeld van Suid-Afrika is dit die grootste enkele taalgroepering (Census in Brief 1998:10-15).

4.8.5.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Zulu Bybelvertaling

- 1846 - Die eerste seleksies van Genesis word gedruk. Eerw Newton Adams, American Board of Commissioners for Foreign Missions (ABCFM), tree as hoofvertaler op en hy word bygestaan deur George Champion, Lewis Grant en JC Bryant, almal verbonde aan dieselfde Sendinggenootskap.
- 1848 - Mattheus verskyn as eerste volledige Bybelboek in Zulu. Eerw George Champion, (ABCFM) tree as vertaler op en hierdie eerste vertaling word deur eerw Newton Adams nagesien.

- 1865 - Die Nuwe Testament verskyn met die sendelinge verbonde aan die ABCFM as vertalers. Die ABS (American Bible Society) betaal vir die drukproses en die Hulpvereniging van die BBBG dra by tot die bindkoste van die Nuwe Testament.
- 1883 - Die Bybel verskyn. Hierdie vertaling is deur ongeveer twintig vertalers gedoen, en die hele Bybel is nagesien en versorg deur eerw SC Pixley. Al die medewerkers aan die vertaling van die Bybel was verbonde aan die ABCFM.
- 1893 - Hersiene uitgawe verskyn. Hierdie Bybel is tans nog in gebruik en is in druk. Met die oorspronklike drukproses het die ondenkbare gebeur deurdat 2 Samuel 18:24-33 in die oorspronklike teks uitgelaat is. Om hierdie fout te herstel, is die aantal verse ingevoeg na Maleagi met 'n verwysing om die leser daarop te wys om die verse wat weggelaat is te gaan opspoor na Maleagi. Aangesien die vertaling van die Bybel nog steeds in aanvraag is, en daarom nog in druk is, en dit verder 'n faksimilee is van daardie vertaling van 1893, word hierdie fout nog net so herdruk.
- 1922 – 'n Nuwe vertaling Nuwe Testament verskyn. Hierdie vertaling is voorberei deur sendelinge wat verbonde was aan die Hermannsburgse Sendinggenootskap. Hierdie sendelinge was ontevrede met die vertaling wat in 1917 deur eerw JD Taylor van die ABCFM gedoen is en volgens die Duitsers was daar onakuraathede en die ortografie was nie korrek nie. Daarom dan dat hulle voortgaan om 'n eie vertaling die lig te laat sien.
- 1959 – 'n Nuwe Vertaling van die Bybel verskyn wat deur die BBBG voorsien en uitgegee word. Deken O Sarndal verbonde aan die Sweedse Sendinggenootskap tree op as koördineerder van hierdie projek (Coldham II 1966:771-784).
- 1975 - Die vertalingspan vir die vertaling van die Nuwe Testament word saamgestel met eerw Nils Joëlson (Swedish Lutheran Mission) as projekkoördineerder met eerw Ernest HB Mkize (Anglikaanse Kerk) en mnr Bethuel Ndelu (Evangelical Lutheran Church of South Africa (ELCSA) - South Eastern Region) as moedertaalsprekers.

- 1984 - Die Nuwe Testament verskyn met Deken Joëlson as projekkoördineerder van die vertaalspan saam met mnre DT Maseko en K Magubane as moedertaalsprekers. Met die publikasie van die Nuwe Testament het hierdie vertaalspan die projek afgehandel. Hierdie projek was uitsluitlik 'n projek van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (Reyneke 1983:Ongepubliseerde tikskrif).

4.8.6 Tsonga (Xitsonga)

Van die meer as 1,7 miljoen mense wat aantoon dat Tsonga hulle huistaal is, word die grootste konsentrasie in die Noordelike Provinsie aangetref, naamlik 1,1 miljoen en in Gauteng Provinsie meer as 382 000. Die Tsongasprekendes verteenwoordig ongeveer 4,4 % van die taalspektrum in Suid-Afrika (Census in Brief 1998:10-15). Hierdie vertaling word ook met groot vrug gebruik deur die Tsongasprekende mense in die suide van Mosambiek, aangrensend aan die Noordelike-en Mpumalanga Provinsies.

4.8.6.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Tsonga Bybelvertaling

- 1883 – 'n Skrifseleksie verskyn. Ernest Creux en Paul Berthoud tree as vertalers op. Beide hierdie sendelinge was verbonde aan die Frans-Switserse Sendinggenootskap
- 1892 – Lukas en Handelingte verskyn. Dit is merendeels die werk van die broers Paul en Henri Berthoud, en hulle is bygestaan deur A Jacques, ook van die Frans-Switserse Sendinggenootskap.
- 1894 – Die Nuwe Testament verskyn twee jaar later as die voortgaande handewerk van Paul en Henri Berthoud asook A Jacques.
- 1907 – Die volledige Bybel verskyn as die eindproduk van sendelinge se visie en ywer en hierdie vertaling word versorg deur eerw E Thomas, van die Frans-

Switserse Sendinggenootskap en word gedruk in Lausanne, Switzerland, maar is uitgegee deur die BBBG.

- 1917 – Hersiene uitgawe verskyn, voorberei deur eerw Abel de Meuron.
- 1929 – Hersiene uitgawe verskyn en is voorberei deur René Cuenod, in samewerking met sy vrou, Marguerite en Joseph Mawelele as moedertaalspreker (Coldham II 1966:685-688).
- 1989 – Die nuwe vertaling Tsonga Bybel verskyn. As projekkoördineerder tree dr TR Schneider van die Switserse Sendinggenootskap op met ds SD Maluleke (NG Kerk in Afrika), mnr MJ Makuvela, dr DC Marivate (Switserse Sendinggenootskap) en mev AK Manyike.

Bill maak 'n evaluering van die werke wat in Tsonga gedoen is deur die jare en dan vat hy die literêre arbeid soos volg saam:

The total output of Tsonga publications up to the end of what we have called “the missionary era” was some 70 titles, a tribute to the zeal and dedication, not only of the Swiss missionaries, but of others also, from other societies and churches, who faced severe hardships, difficult climatic conditions, isolation, inter-tribal and inter-racial conflicts, and personal tragedy in the fulfilment of their calling to bring salvation, education and health to the Tsonga people of the Transvaal and Mozambique (Bill 1983:15).

4.8.7 Noord-Sotho (Sepedi)

Hierdie amptelike landstaal staan in die volksmond bekend as Noord-Sotho. Die Bybelgenootskap gebruik hierdie term, maar amptelik staan dit bekend as Sepedi, terwyl dit aan die Sotho groep van tale verwant is. In Suid-Afrika gebruik 9,2 % van die mense Noord-Sotho as huistaal. Dit verteenwoordig meer as 3,6 miljoen mense en hiervan is meer as 2,5 miljoen woonagtig in die Noordelike Provinsie terwyl meer as 688 000 mense in Gauteng Provinsie, Noord-Sotho as huistaal gebruik (Census in Brief 1998:10-15).

4.8.7.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Noord-Sotho Bybelvertaling

- 1890 – Die Nuwe Testament verskyn. Pastor JFC Knothe verbonde aan die Berlynse Evangeliese Sendinggenootskap (BES) pak hierdie groot taak aan, maar hy maak gebruik van die insette van ander sendelinge en moedertaalsprekers.
- 1904 – Die volledige Bybel verskyn onder redaksie van pastor RF Gustav Trümpelmann, ook verbonde aan die Berlynse Evangeliese Sendinggenootskap. Hy het die werk voltooi wat deur pastor Knothe begin is, maar wat die projek nie kon afhandel nie aangesien hy in 1892 sterf.
- 1951 – 'n Hersiene uitgawe van die Bybel met 'n nuwe ortografie verskyn. Pastor PE Schwellnus van die Berlynse Evangeliese Sendinggenootskap tree op as eindredakteur (Coldham II 1966:554–556).
- 1973 – Die Nuwe Testament verskyn as 'n hersiening in standaardortografie. As vertalers tree op Biskop PG Pakendorf, pastore R Hagens, P Sandner, W Johannsmeier, ds JM Louw (sr), mnr TJ Kriel, ds EM Phathudi, mnr M Rakoma, mnr EM Ramaila en ander medewerkers wat nie by name genoem word nie (Reyneke 1979:Ongepubliseerde tikskrif).
- 1975 – Die nuwe vertalingspan vir 'n nuwe vertaling word saamgestel met ds JM Louw (jr) as projekkoördineerder en eksegeet. Saam met hom begin ds PM Mamobogo en mnr SJ Mabitje as voltydse vertalers. Huidig is Vader M Teffo (Rooms Katolieke Kerk) as moedertaalspreker behulpsaam met die persklaarmaak van die vertaling (Reyneke 1979:Ongepubliseerde tikskrif).

Hierdie vertaling behoort na alle waarskynlikheid vanjaar, 2000, te verskyn.

4.8.8 Venda (Tshivenda)

Hierdie groep wat Venda as huistaal gebruik, is een van die kleiner taalgroeperinge in Suid-Afrika. Slegs 876 000 mense gebruik Venda as huistaal terwyl Venda maar

2,2 % van alle huistaalgebruikers in Suid-Afrika uitmaak. Hierdie huistaalgebruikers word primêr in die Noordelike Provinsie aangetref, ongeveer 757 000, terwyl amper 'n 100 000 mense in Gauteng Provinsie Venda as huistaal gebruik (Census in Brief 1998:10-15).

4.8.8.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Venda Bybelvertaling

- 1920 - Die Evangelies en Handelingte verskyn met eerw PE Schwellnus wat hierdie vertaling hanteer en dit word uitgegee deur die BBBG.
- 1923/25 - Die Nuwe Testament verskyn met eerw PE Schwellnus as vertaler.
- 1936 - Die volledige Bybel verskyn met dr PE Schwellnus as vertaler en eindredakteur (Coldham II 1966:720-721).
- 1998 - Die nuwe vertaling van die Vendavertaling verskyn met die eindredaksie wat bestaan uit prof JA van Rooy (Geref Kerke) as projekkoördineerder met die moedertaalsprekers mnr FC Raulinga (Rooms Katolieke Kerk) en ds AR Mbuwe (Geref Kerke). Daar was egter voor hulle vele medewerkers en persone wat deel gevorm het van die vertaalspan, maar wat om verskeie redes nie die projek kon voltooi nie. Hierdie projek het ongeveer 25 jaar geneem om te voltooi.

4.8.9 Afrikaans

Afrikaans as huistaal word deur meer as 5,8 miljoen mense gebruik, wat ongeveer 14,4 % verteenwoordig van die totale bevolking van Suid-Afrika. Die hoeveelheid mense wat Afrikaans as huistaal gebruik, verteenwoordig die derde grootste groepering binne die bevolkingsamestelling van Suid-Afrika. Die grootste konsentrasie Afrikaanssprekendes kom voor in die Wes-Kaap met meer as 2,3 miljoen mense en in Gauteng Provinsie gebruik net meer as 1,3 miljoen mense Afrikaans as huistaal. Hierdie taalgroepering word verteenwoordig deur die Blankes en die Kleurlinggemeenskappe (Census in Brief 1998:10-15).

Ten spyte daarvan dat Afrikaans 'n baie jong taal is, het dit vinnig gevorder om as 'n Bybeltaal gevestig te raak. Die opmerking van adv JH Conradie, toenmalige Administrateur van Kaapland, in 1933 onderstreep die pad wat Afrikaans as Bybeltaal moes loop toe hy gesê het:

Ons taal het nog nie in al sy dele 'n vaste vorm aangeneem nie en is meer dan die ouere tale aan verandering onderhewig. Die taal van die Bybel sal hiermee rekening moet hou, want dit sou 'n onhoudbare toestand wees dat die kinders in die skole één taalvorm sou leer, en 'n ander in die Bybel sou vind (Smit 1970:231).

Hierdie opmerking van Conradie was 'n korrekte opsomming van die pad vir Bybelvertaling en daarom is daar dadelik na die bekendstelling van die Bybel in 1933 met die hervertaling van die Bybel begin.

4.8.9.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling

- 1893 - Die eerste boek in Afrikaans verskyn, naamlik Genesis. Ds SJ du Toit tree op as vertaler. Aangesien Du Toit die grondtale magtig was, word daar uit Hebreeus gewerk met verwysings na tekste uit Hollands, Duits en Engels. Hierdie eerste boek word in die Paarl gedruk.
- 1929 - Die vier Evangelies en Psalms verskyn. Hierdie projek word aangepak onder voorsitterskap van dr JD Kestell en met dr JD du Toit as een van die hoofvertalers.
- 1933 - Die volledige Bybel verskyn met vyf eindvertalers wat optree as die vertalingskommissie, naamlik: dr JD du Toit (Geref Kerke), dr JD Kestell (NG Kerk), dr HC M. Fourie (Hervormde Kerk), prof EE van Rooyen (NG Kerk) en prof BB Keet (NG Kerk).
- 1953 - Hersiene uitgawe van die Bybel verskyn met dieselfde eindredakteurs as in 1933. Van hierdie poging skryf Smit:

In April 1934 het die vertalers in Potchefstroom byeengekom en besluit om met die hersiening te begin. Na verdere byeenkomste is ooreengekom om die werk aan die twee op te dra, tw Totius (dr JD du Toit) vir die Ou en dr BB Keet vir die Nuwe Testament. Aanvanklik is verwag dat die hersiening twee tot drie jaar sou duur. Maar dit sou oplaas 20 jaar in beslag neem. Slegs prof. BB Keet van die oorspronklike vertaalspan sou die bekendstelling van die hervertaling ervaar (Smit 1970:231).

- 1979- Die nuwe vertaling Nuwe Testament verskyn. (Coldham I 1966:4-8).
- 1983 – Die nuwe vertaling van die Bybel verskyn met die volgende persone wat as eindredakteurs optree: proff EP Groenewald (NG Kerk), AH van Zyl (NG Kerk), W Kempen (Hervormde Kerk), JP Oberholzer (Hervormde Kerk), JL Helberg (Geref Kerke) en PA Verhoef (NG Kerk).

Van hierdie vertaling skryf Hermanson:

The Afrikaans translation project operated in that there was a larger Editorial Committee, consisting of academics from the three sister Dutch Reformed Churches, all of whom were proficient in either in Greek or Hebrew and could therefore translate from the original text. Drafts were considered by a larger committee, and after publication a committee met regularly for a number of years to consider suggestions submitted by readers, and to reformulate the translation of certain key words and verses (Hermanson 1999a:4).

- 1998 – Die proefvertaling van Genesis en Markus verskyn. Dit is die eerste druk van die Bybel vir Doves. Die komitee van die ABD (Afrikaanse Bybel vir Doves) bestaan uit prof JP Oberholzer, wat as projekkoördineerder optree. Saam met hom werk mnr E Kleinschmidt, 'n dove, asook dr R Hough, predikant vir doves in Bellville, en mej E Roux, 'n afgetrede Afrikaanse onderwyseres vir Doves.
- 1998 – Die Verwysingsbybel verskyn met die volgende persone wat deel vorm van die Redaksionele Komitee: proff JP Oberholzer, wat as projekkoördineerder

optree, PA Verhoef, JJJ van Rensburg, HC van Zyl en JP Louw. In totaal was daar 57 medewerkers aan hierdie projek (Oberholzer 1998:Ongepubliseerde toespraak).

4.8.10 Swati (siSwati)

Met net meer as 1 miljoen huisgebruikers van die taal, maak dit ongeveer 2,5% van die taalspektrum uit in Suid-Afrika. Die grootste konsentrasie van huistaalsprekers kom in Mpumalanga voor, oor die 834 000 mense. Die tweede grootste hoeveelheid van Swatisprekers word aangetref in die Gauteng Provinsie (Census in Brief 1998:10-15). Swati word verder nie net binne die grense van Suid-Afrika gebruik nie, maar veral dan in Swaziland.

4.8.10.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Swati Bybelvertaling

- 1976 - Markus verskyn met mej Hedwig Eschen (Evangelies Lutherse Kerk) wat optree as projekkoördineerder. Mnr Andream F Simelane en mej Thandi Maphalala (later mev Zwane), beide lidmate van die Evangeliese Kerk, is as moedertaalsprekers voltyds deel van die vertaalspan.
- 1977 - Nuwe leserseleksies verskyn (Reyneke 1979:Ongepubliseerde tikskrif).
- 1980 - Die Nuwe Testament in Swati verskyn. Die vertaalspan bestaan uit: mej H Eschen as projekkoördineerder, en die moedertaalsprekers mnr AF Simelane en mev T Zwane.
- 1997 - Die volledige Bybel verskyn. Die vertaalspan was dieselfde as met die Nuwe Testament, naamlik: mej H Eschen as projekkoördineerder, mnr AF Simelane en mev T Zwane (Persoonlike onderhoud met Hermanson te Kaapstad, 23 Junie 1999).

4.8.11 Suid-Ndebele (isiNdebele)

Hierdie taal word deur die minste mense in Suid-Afrika as huistaal gebruik. Slegs 587 000 mense gebruik Suid Ndebele as huistaal en dit verteenwoordig 1.5 % van ons land se bevolking. Die grootste konsentrasie huistaalsprekers kom in Mpumalanga voor, ongeveer 346 000 mense terwyl meer as 114 000 mense Suid Ndebele in huise in die Gauteng Provinsie besig (Census in Brief 1998:10-15).

Vir baie jare moes hierdie mense tevrede wees om met Zulu oor die weg te kom aangesien huidig slegs die Nuwe Testament in Suid-Ndebele beskikbaar is.

4.8.11.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van die Suid-Ndebele Bybelvertaling

- 1977 - Markus verskyn. Die vertaalspan bestaan uit rev EA Hermanson (SA Baptiste Sendinggenootskap) as projekkoördineerder en mnr JS Mabena wat meewerk as moedertaalspreker (Reyneke 1979:Ongepubliseerde tikskrif).
- 1987 - Die Nuwe Testament verskyn. As projekkoördineerder tree die veeltalige mej H Eschen op, met mnr JS Mabena (African Orthodox Church) en rev EAS Mtshweni (Anglikaanse Kerk) wat as moedertaalsprekers mede verantwoordelik is vir die vertaling (Persoonlike onderhoud met EA Hermanson te Kaapstad, 23 Junie 1999b).
- 1999 - Die vertaling van die ou Testament word aangepak met prof APB Breytenbach van die Hervormde Kerk as projekkoördineerder. Deel van die vertaalspan is twee moedertaalsprekers, mnr Peter Mabena (Apostoliese Geloofsending) en pastoor David Mahlangu (Internasionale Evangeliese Kerk).

4.9 Buitelandse betrokkenheid

Dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika 'n groot rol buite ons landsgrense gespeel het, is nie te betwyfel nie. Nie net is daar in ons buurlande, Botswana, Zimbabwe en Mosambiek meegewerk nie, maar was Namibië vir baie jare die verantwoordelikheid

van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Daar is meegewerk aan vertalings, maar daar is ook Bybels vir hulle geproduseer.

Rondom samewerking tussen Bybelgenootskappe binne die Suider-Afrikastreek is dit interessant om daarop te let dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika die kopiereg hou van die Swati, Tswana (Wookey) en Suid-Sotho (Lesotho Ortografie - LO), maar is gesamentlike uitgewers van die Bybels met die Bybelgenootskappe in daardie lande wat hierdie vertalings gebruik.

Van hierdie medewerking skryf Van der Merwe:

The interlinking and –dependant relationship among the countries and areas of the sub continent together with linguistic, economic and social common denominators dictated proper co-ordination in order to avoid wasteful duplication and confusion especially in the field of Scripture translation and distribution. The Boards overseeing the neighbouring Bible Society operations confirmed through documentation addressed to BSSA in 1971 that they want to remain an integral part and indivisible constituent part of BSSA (Van der Merwe 1996 Ongepubliseerde tikskrif:103).

Tans bestaan daar 'n formele struktuur waarbinne die Bybelgenootskappe binne die Suider-Afrikastreek funksioneer. Dit staan bekend as UBSSAM of United Bible Societies Southern Africa Meeting. Hierdie vergadering vergader jaarliks om interstreek vraagstukke ten opsigte van Bybelgenootskapwerk te bespreek.

Vir die doel van hierdie proefskrif wil ek graag kortliks aandag gee aan die werk wat in Namibië gedoen is, aangesien die Bybelgenootskap direk verantwoordelik was vir hierdie buurland voor onafhanklikheid in 1990. Namibië is 'n land met 'n verskeidenheid van tale, soos wat duidelik sal blyk en daar is hard gewerk om aan al die vertalingsbehoefte te voldoen. Die proses is egter nog nie afgehandel nie, en dit is tans die verantwoordelikheid van die Bybelgenootskap van Namibië.

4.9.1 Hoogtepunte in die vertalingsgeskiedenis van Namibië

Die Bybel of gedeeltes van die Bybel is in die volgende tale vertaal:

4.9.1.1 Herero

- 1849 - Die eerste skrifgedeeltes verskyn. Eerwds CH Hahn en F Rath, beide verbonde aan die Rynse Sendinggenootskap, is betrokke by hierdie eerste poging.
- 1875 - Psalms verskyn. Eerw PH Brincker, Rynse Sendinggenootskapsending hanteer die vertaling en dit word gedruk met geld wat die Suid-Afrikaanse Hulpvereniging voorsien.
- Die Nuwe Testament verskyn en word deur eerw PH Brincker afgehandel in samewerking met eerw Bütner en eerw G Viehe (Biografiese Woordeboek I:124).
- Tussen 1879 verskyn daar drie hersienings van die NT en Psalms, 1912, 1926, 1950 (Coldham II 1966:217-219).
- 1980 - Die Pentateug verskyn. As projekkoördineerder tree Pastor HK Diehl (Lutherse Kerk) op saam met vader Ludwig Katjipu (Rooms Katolieke Kerk) en mnr Theodor Mahua.
- 1987 – Die Herero Bybel verskyn. As projekkoördineerder tree pastor Hans-Karl Diehl op saam met mnr Ludwig Katjipu en mnr Theodor Mahua. Hulle word bygestaan deur mnre W Mureko, Booyesen en vader Kangootui.

4.9.1.2 Nama

- 1831 - Die Evangelies verskyn en dit is vertaal deur Rev JH Schmelen, verbonde aan die Londense Sendinggenootskap en hy is deur sy vrou, wat Namasprekend was, bygestaan.
- 1866 - Die Nuwe Testament verskyn. Eerw JG Krönlein, van die Rynse Sendinggenootskap hanteer hierdie vertaling (Coldham II 1966:445-446).

- 1967 - Die volledige Bybel verskyn. Dr FH Pönnighaus, 'n Rynse sendeling het feitlik man alleen die werk aan hierdie vertaling gedoen. Hy is egter deur eerw JG Krönlein en mnr HS Isaak as moedertaalspreker bygestaan.
- Wat hierdie poging so besonders maak, is dat die Bybel eers 140 jaar nadat die eerste boeke, die Evangelies, verskyn het sy opwagting gemaak het. Verder was hierdie vertaling die lewenstaak van dr Pönnighaus wat dit op 82 jarige ouderdom afgehandel het (Smit 1970:193).

4.9.1.3 Ndonga

- 1886 - Enkele uittreksels uit die Evangelies verskyn.
- 1891 - Mattheus verskyn. Hierdie vertaling word deur eerw M Rautanen, verbonde aan die Finse Sendinggenootskap, voorberei.
- 1903 - Die Nuwe Testament verskyn as uitvloeisel van eerw M Rautanen se baanbrekerswerk met vertaling van die Bybel in Ndonga.
- 1925 – 'n Hersiene uitgawe van die Nuwe Testament verskyn. Die volgende Finse sendelinge werk aan hierdie projek: eerwds M Rautanen, A Hänninen, H Saari, K Petâja en V Alho.
- 1954 - Die volledige Bybel verskyn. Die vertaling is deur eerw M Rautanen gedoen, voorberei vir die pers deur eerw K Björklund in 1929, maar is na hersiening onder die toesig van eerw V Alho uitgegee (Coldham II 1966:457-460).
- 1987 - Nuwe vertaling Bybel verskyn. Die Ou Testament word gedoen deur mnr T Tirronen, pastor E Amaambo en pastor J Amakutuwa. Die Nuwe Testamentvertaling staan onder leiding van mej L Kivelä (Finse Sendinggenootskap), pastor E Amaambo en pastor M. Amadhila.

4.9.1.4 Kwanyama

- 1894 - Lukas verskyn. Eerw PH Brincker verbonde aan die Rynse Sendinggenootskap saam met moedertaalsprekers afkomstig uit die plaaslike bevolking, hanteer hierdie vertaling.
- 1927 - Nuwe Testament en Psalms verskyn. Weer eens is dit eerw PH Brincker, saam met van sy mede-sendelinge wat hierdie vertaling die lig laat sien (Coldham II 1966:316-318).
- 1974 - Die Bybel verskyn. Mej L Kivelä, verbonde aan die Finse Sendinggenootskap, tree op as projekkoördineerder en werk saam met die volgende moedertaalsprekers: pastors J Mufeti, I Whinda en P Heihambo.

4.9.1.5 Kwangali

- 1960 – Lukas verskyn. Mej. T. Jantunen, 'n vroulike Finse sendeling, saam met van die plaaslike moedertaalsprekers, is verantwoordelik vir hierdie vertaling (Coldham I 1966:322).
- 1974 – Die Nuwe Testament verskyn. Mej T Jantunen tree weer eens op as projekkoördineerder en saam met haar werk pastor A Lihongo en mnr E Khudumo as moedertaalsprekers.
- 1987 – Die Bybel verskyn. Pastor Lihongo en mnr Khudumo tree op as hoofvertalers terwyl die manuskrip geproeflees is deur mej T Jantunen.

4.9.1.6 Dhimba

- 1970 - Lukas Evangelie verskyn. Die werk word deur mnr TE Tirronen, ook van die Finse Sendinggenootskap, en J Tjiulja afgehandel.
- 1984 - Johannes Evangelie verskyn. Mnr Johannes Tolu en mej Maria Ndinemawowo doen die vertaalwerk.

4.9.1.7 Kung

Onder die Kung is daar verskeie dialekte wat soos volg geklassifiseer word: Kung (Tsumke), Kung (Gobabis), Kung (Ekoka). Die Kungtaal is van die moeilikste wat aangetref word, aangesien dit bestaan uit 'n klomp tongklappe, en om dit op skrif vas te lê, was 'n fenomenale prestasie na 'n lang toutrekkery. Hierdie taal word dan ook deur die nomadiese volk, die Boesmans gebesig. Dialekte verskil só van mekaar en word volgens die dorpe waar dit aangetref word, geklassifiseer.

4.9.1.7.1 Kung (Tsumke)

- 1974 – Die Nuwe Testament verskyn. Hierdie werk is 'n monumentale werk aangesien die publikasie verskyn as 'n multiglot bestaande uit Kung, Duits, Engels en Afrikaans. Verder is die teks as 'n interliniêre teks aangebied met Engels. Die werk is gedoen deur ds FH Weich, op daardie stadium verbonde aan die NG Kerk.
- 1981 - Nuwe Lesergedeeltes verskyn.

4.9.1.7.2 Kung (Gobabis)

- 1980 – 'n Nuwe Leserreeks verskyn. Die werk word deur ds PJWS van der Westhuizen (Geref Kerke) en mnr AS Abuse afgehandel. Die hele Bybel is reeds vertaal – nie gedruk nie, maar op band en elektronies beskikbaar.

4.9.1.7.3 Kung (Ekoka)

- 1976 – 'n Nuwe Leserreeks verskyn. Dit is die werk van juf T Heikkinen asook mnre Nghikefelwa en Junias Haixuxwa, wat haar as moedertaalsprekers bygestaan het.
- 1980 - Lukas Evangelie verskyn. Die werk word deur juf Terttu Heikkinen en mev K Mbaba en mnr J Haixuxwa gedoen.

4.9.1.8 #'Akhoe

- 1975 - Nuwe Leserreeks verskyn asook Psalm 100. Mej Terttu Heikkinen, 'n Finse sendeling in samewerking met van die plaaslike moedertaalsprekers, hanteer die vertaalwerk.
- 1975 - Mattheus Evangelie verskyn. Weer eens is dit mej T Heikkinen, saam met moedertaalsprekers wat die projek suksesvol afhandel.

4.9.1.9 Gciriku

- 1979 - Vier Evangelies verskyn. As projekkoördineerder tree vader Hermes Wirth op. Vader PM Baetsen, ook verbonde aan die Rooms Katolieke Kerk, en mnr K Shiyaka is medevertalers.

Alle kopiereg vir hierdie materiaal wat deur die jare deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gedoen is, is oorgedra aan die Bybelgenootskap van Namibië nadat Namibië in 1990 onafhanklikheid verkry.

4.10 Die resultaat van hierdie vertaalwerk?

Aan die begin van hierdie hoofstuk is die vraag gestel in watter mate die vertaalwerk van die Bybel die Kerk en Christelike gemeenskap in staat gestel het om hulle missionêre roeping te volvoer.

Inderdaad kan daar sonder vrees vir teenspraak gesê word dat die visie en passie van manne en vroue om die Woord vir moedertaalsprekers van tale anders as hulle eie tale toeganklik te maak, die sprong van 'n orale tradisie in die inheemse tale van Suid-Afrika na ook 'n literêre tradisie moontlik gemaak het.

Vanuit hierdie literêre tradisie wat deur sendelinge aanvanklik gevestig is deur die daarstelling van spelreëls en later boeke in die vorm van die Bybelgedeeltes en die volledige Bybel, het die kerk tot volwassenheid gekom.

Ek wil weer vir Barrett aanhaal wat hierdie punt baie sterk onderstreep:

The role of vernacular translations of the Christian scripture in this growth of organised Christianity has been very marked. The Scriptures have motivated the planting of Christianity in Africa at every stage; they had directly caused its expansion in countless regions; they have produced the strong and mature churches which we now observe in most parts of the continent, and they nurtured them throughout (Barrett 1982:6).

As die siening van Fenn in gedagte gehou word wat in punt 4.6 van hierdie hoofstuk bespreek en aangehaal is, dan is dit interessant dat die vertaalwerk in Suid-Afrika presies daardie weg gevolg het. Eers 'n enkele boek wat vertaal is, dan verskyn die Nuwe Testament en daarna die volledige Bybel. Nadat die Bybel verskyn, is daar gewoonlik 'n reeks van hervertalings alvorens 'n totaal nuwe vertaling aangepak word.

Die gesindheid waarin hierdie vertaalwerk deur die vertalers aangepak word, word vir my treffend weerspieël in die toespraak van prof JA van Rooy tydens die bekendstelling van die nuwe vertaling Venda Bybel op 10 Oktober 1998 te Thohoyandou.

In die Venda taal het hy gesê:

Geliefde broeder in Christus, ons het twintig jaar gewerk aan die vertaling van hierdie boek. Ons het die fleur van ons lewe daaraan gespandeer. Maar ons het dit nie gedoen om oor ons werk te kan praat nie, ons het dit gedoen sodat hierdie boek vir homself kan spreek.

Hierdie boek het geen advokaat nodig nie, hy is magtig genoeg om vir homself te praat, want hy is nie maar 'n gewone boek nie, hy is die Woord van die lewende God; hy is die swaard van die Gees; hy is die saad van die ewige lewe.

Ons gee hierdie boek vir u met die opdrag: Neem hom, vermenigvuldig hom, versprei hom, soos wat ons Here Jesus die menigte in die woestyn gevoed het, sodat hy vir elke Venda persoon beskikbaar sal wees.

Hierdie boek sal mense uit hulle geestelike dood tot geestelike lewe wek; dit sal kos wees waardeur geestelike babas tot geestelike volwassenes sal groei, dit sal die gemeente van Christus die toerusting gee om hierdie land vir Hom te verower: en wanneer die regering van die magte van die duisternis ooit weer hier kom, sal Venda-gelowiges sterf om die waarheid van hierdie boek te verdedig en te bevestig (Van Rooy 1998:Ongepubliseerde toespraak).

Sonder die geskrewe Woord sou die kerk, en dan by name die christelike gemeenskap, nooit gevestig geraak het nie. Hierdie sou 'n aanvegbare standpunt wees, maar die geskiedenis toon dat hierdie twee sake hand aan hand loop. Livingstone het alreeds in 1857 die opmerking gemaak dat die kerke in Suid-Afrika 'n groot klem plaas op die beskikbaarstelling van die Bybel. Hy skryf:

Protestant missionaries of every denomination in South Africa all agree on one point, that no mere profession of Christianity is sufficient to entitle the converts to the Christian name. They are all anxious to place the Bible in the hands of the natives, and with the ability to read that, there can be little doubt as to the future (Livingstone 1857:117-118).

Alhoewel die Bybel aangewend moes word om stabiliteit aan die hand te werk, het daar ook iets anders gebeur. AM Chirgwin raak hierdie verdere gevolg aan as hy in hierdie verband skryf:

However impressive it may be that the Bible has often been the instrument of the conversion of individuals, it is even more impressive that it has been used to bring whole churches and communities into being.

Hy gaan voort:

There is something too objective, too solid, even too stolid, about groups, to dismiss them as the subconscious functioning's. What is more, groups that claim a Bible origin are to be found in almost every part of the world. They are not a local phenomenon, due to the influences at work in one particular area or kind of society; they are to be found amongst people everywhere (Chirgwin 1954:79-80).

Sy opsomming is ook van toepassing in ons plaaslike situasie. Dat daar aan die ander kant egter wel deur die jare 'n interessante verhouding tussen die kerk en die Bybelgenootskap ontstaan het, sal in die volgende hoofstuk aan die orde gestel word. Hierdie verhouding het 'n bepaalde invloed uitgeoefen op die verspreiding en befondsing van die verskillende projekte rondom die vertaling van die Bybel.

Die invloed van die werk van Bybelvertalers moet verder gemeet word aan die geletterdheidsvlak van die mense vir wie hierdie vertaling gedoen is. Aangesien die Bybelvertalers in die reël die baanbrekers was ten opsigte van die op skrifstelling van die taal, moes daar 'n invloed uitgegaan het van hulle werk.

Hierdie invloed word onder andere weerspieël in die reaksie op die kolonialiseringproses en die groei van die inheemse kerke. Sanneh (1989:188-125) maak veel van die feit dat die beskikbaarstelling van die Bybel in die moedertaal van die plaaslike inwoners hulle juis gehelp het om die juk van die kolonialisme af te werp en selfstandig te begin optree. Die ontwikkeling van 'n moedertaal met 'n literêre tradisie was juis die direkte uitvloeisel van die sendelinge se arbeid, maar dit het uiteindelik meegewerk dat die mense van Afrika in hulleself begin glo het.

Wat bogenoemde onderstreep, is die feit dat in Suid-Afrika daar deur die jare heen deur onder andere die kerk en gelowiges erns gemaak is met die onderwys en die gepaardgaande daarstelling van skole. Soos alreeds aangetoon, was die model waarop die meeste vroeë sendelinge gewerk het, dié van die vestiging van sendingstasies wat uitgereik het na die onbereiktes via onder andere die mediese dienste wat gelewer is asook die daarstelling van skole om die plaaslike bevolking te leer lees en skryf. As

handboek het die Bybel 'n geweldige groot rol gespeel aangesien dit vir baie jare lank die enigste gedrukte medium in die taal van die plaaslike bevolking was.

In hierdie verband skryf Gerdener die volgende:

It is generally conceded that education of the heart as well as of the mind is an integral part of the task of Christian Missions. Ignorance is the seed-bed of fear and superstition, while knowledge and enlightenment fosters the qualities of mind and heart which lead to self-directing and self-supporting Churches (Gerdener 1958:241).

Hierdie patroon van skole rondom sendingstasies asook by buiteposte is 'n model wat nie net in Suid-Afrika redelik suksesvol toegepas is deur kerke en sendingorganisasies nie, maar ook in buurlande. Van die NG Kerk se pogings skryf Cronje: “Die eerste en grootste diens wat naas die geestelike werk in die veelvuldige benadering deur die NG Sending betrek word, is die onderwys” (Cronje 1981:45).

Ten opsigte van die onderwys aan die anderskleurige gemeenskappe geld dit dat onderwysers nie altyd voldoende opgelei was nie. Soos in Malawi, het hierdie tendens ook in Suid-Afrika na vore gekom. Cronje haal aan uit die sendinggeskiedenis van Malawi as hy sê:

In daardie dae word iemand wat kan lees, al het hy nie veel verder geleer nie, bekwaam geag om 'n onderwyser te wees wat ander help. Hulle moes natuurlik ook eers die Bybel en die leer van die Kerk bestudeer (Cronje 1981:45).

As die huidige statistieke onder die loep geneem word, dan is daar in Suid-Afrika 'n geletterdheidspeil wat tog aantoon dat die werk van die vertalers en hulle vennote, die kerk en gelowiges, nie tevergeefs was nie.

Ten spyte van bogenoemde positiewe stelling het 19,3 % van die bevolking ouer as 20 jaar geen formele opvoeding ondergaan nie. As die syfer van mense wat net 'n beperkte primêre fase opleiding ondergaan het, wat tot 'n swak leesvermoë kan lei, in

ag geneem word, dan styg hierdie syfer verder met 'n 16,7 %. In totaal is dit dus oor die 7,5 miljoen mense wat nie kan lees of skryf nie of baie beperk kan lees of skryf. Van hierdie groep wat ongeletterd is, is 24 % Swartmense, 10 % Kleurlinge, 7 % Indiërs en 1 % Blankes. Hierdie saak is so belangrik dat dit later weer aan die orde gestel sal word.

Alhoewel hierdie syfers negatiewe denke tot gevolg kan hê, moet daar in gedagte gehou word dat faktore soos apartheid, asook die gepaardgaande bevrydingstryd in Suid-Afrika, die tuislandbeleid, en die gepaardgaande druk op die ekonomie as gevolg van hierdie politieke denkpatrone tesame met die oorlog in Angola druk op onderwys geplaas het.

Dit is egter bemoedigend om daarop te let dat 64 % van die land se bevolking, ouer as 20 jaar, wel in staat is om die Bybel te kan lees. Uit 'n moontlike 22,1 miljoen mense is nagenoeg 14,5 miljoen mense in staat om die Bybel te lees (Census in Brief 1998:36-37).

Die destydse Sentrale Statistiekdiens in sy kernstatistieke van 1995 definieer volwasse geletterdheid as persone ouer as 15 jaar wat hul huistaal kan lees, skryf en praat. Aangesien hierdie geletterdheidsyfer volgens hierdie definisie huidig nie beskikbaar is nie, moet daar ongelukkig teruggeval word op die syfer komende uit die 1991-sensus en daarvolgens is daar 'n 82,1 % geletterdheidskoers in Suid-Afrika.

Hierdie syfer kan afgebreek word in die onderskeie rasgroeperinge wat dan soos volg lyk: Asiërs- 95,5 %; Kleurlinge- 91 %; Blankes- 99,5 % en Swartes- 76,6 % (Kernstatistieke 1995:7).

Daar kan met sekerheid gesê word dat die Bybelvertalers erns gemaak het met die opdrag van Jesus toe hy in Markus 16:15 sê: “Hy het vir hulle gesê: “Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom.”

Om hierdie opdrag volledige na te kom, moet die Bybel by die mense uitkom nadat dit vertaal is uit die oorspronklike tale. In die volgende hoofstuk sal daar in diepte aandag gegee word aan die verspreidingskomponent en later ook die finansiële

implikasie wat al hierdie werk ingehou het vir die Bybelgenootskap tesame met sy vennote, die kerk, sendingorganisasies en die breë christelike gemeenskap.

HOOFSTUK 5

DIE ROL VAN DIE KERKE EN DIE CHRISTELIKE GEMEENSAP IN DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE BYBELGENOOTSAP MET VERWYSING NA DIE PRODUKSIE EN VERSPREIDING VAN BYBELS

5.1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstuk is daar baie duidelik aangetoon dat met die pionierswerk van die sendelinge in ons land daar 'n literêre tradisie ontwikkel het ten opsigte van al die inheemse tale. Inderdaad is die juk van Engels en Nederlands as die enigste literêre tale afgegooi. Bybelvertaling het nuwe horisonne geopen vir die mense van ons land.

Hierdie nuwe horisonne wat deur hierdie nuwe kommunikasiemetodiek ontsluit is, wil ek verwoord in die woorde van Sogaard (1996:26-27), wat hierdie nuwe metodes en die implikasies daarvan soos volg omskryf:

God is by nature a communicator. There are many attributes of God we will never be able to understand or fully comprehend, but through a study of the Scriptures, and by analyzing results of his dealings with people, we can learn about his communications methods... God wants to be understood correctly so that the appropriate response can be obtained. He therefore uses communication symbols that are understood by us within our specific cultural contexts. He uses language, culture, and human form.

Inderdaad is die kerke en die breë christelike gemeenskap bemagtig om via die kerk en die onderwys mense te bereik met die evangelie in 'n gedrukte formaat. Op hierdie nuwe wyse van bemagtiging is daar meegewerk aan die vestiging van God se Koninkryk in Suid-Afrika. Hiervan skryf Verstraalen (1996:60) die volgende: "The church, the Christian community, is the place where the experience of this God of life is kept alive in vision, celebration and mission".

Om hierdie realiteit van God in die harte van mense te laat groei, is die Bybel nie net nodig nie, maar ook onontbeerlik. In hierdie proses speel beide die kerke en die Bybelgenootskap 'n geweldige groot rol. Inderdaad word daar hand aan hand meegewerk sodat kommunikasie tussen God en die mens kan realiseer.

In die verloop van hierdie hoofstuk sal daar indringend aandag gegee word aan die verhouding tussen die Bybelgenootskap en die kerk. Hierby word die breë christelike gemeenskap ingesluit sodat daar duidelik verstaan kan word wat hierdie unieke verhouding inhou. Daar sal verder indringend gevra word na die verantwoordelikheid wat so 'n verhouding inhou vir beide die partye. Verder is hierdie verhouding bepalend ten opsigte van die mandaat van die Bybelgenootskap om Bybels en ander verwante materiaal vir die breë kerklike struktuur en christelike gemeenskap in die algemeen te voorsien.

Onmiddellik moet die vraag gevra word of die Bybelgenootskap 'n "sending en evangelisasie organisasie is" of is hierdie die uitsluitlike taak van die kerk? Waar pas die Christelike gemeenskap binne hierdie verhouding in? Hoe moet die Christelike gemeenskap gedefinieer en verstaan word?

Shorter (1994:144) wend 'n baie goeie poging aan om die christelike gemeenskap en hulle funksionering soos volg te omskryf:

The basic Christian community is essentially a cell of committed Christians at the service of the Church and of the world. It is a group that draws fullness of life from Word and Sacrament in the midst of human realities – the joys and consolations of daily life, but particular the experience of oppression, suffering, sickness and death. The Word of God, read, reflected upon and celebrated in community, provides answers to such vital questions.

Gedagtig aan wat die Christelike gemeenskap se behoefte is, moet daar indringend gekyk word na die beskikbaarheid van die Bybel asook verwante materiaal soos Nuwe Testamente, Skrifdele en Skrifseleksies om in daardie behoeftes te voorsien.

Allereers sal daar gefokus moet word op die verhouding tussen die Bybelgenootskap en die kerk aangesien daar 'n vennootskap geïmpliseer word voordat die

besikbaarheid van Bybels vir die breë christelike gemeenskap aan die orde gestel kan word.

5.2 Verhouding: Kerk en Bybelgenootskap

5.2.1 Die rol van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe wêreldwyd (WBG)

Ten einde die verhouding kerk en Bybelgenootskap in sy volle omvang te begryp en na waarde te beoordeel, moet die rol van die koördinerende liggaam wêreldwyd, die Wêreldbond van Bybelgenootskappe belig word. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is sedert 1966 volle lid van hierdie liggaam. Dit sal egter goed wees om die Bybelgenootskap aan die hand van hierdie organisasie te evalueer en vas te stel of die Bybelgenootskap van Suid-Afrika 'n leier of 'n navolger is.

5.2.1.1 Chiang Mai, Thailand

Tydens die opening van die algemene vergadering van die liggaam in 1980 te Chiang Mai, Thailand verwys die Erepresident, Lord Donald Coggan, na die lang pad wat die Wêreldbond geloop het sedert sy ontstaan in 1946 toe net 13 Bybelgenootskappe deel was van hierdie organisasie. Met die vergadering in Chiang Mai, met die tema "God's Word: open for all", was 68 Bybelgenootskappe wêreldwyd deel van hierdie oorhoofse liggaam. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika was een daarvan.

In sy verwysing na die redes tot stigting van die wêreldliggaam, sê Lord Coggan dat dit in die eerste plek gegaan het oor die koördinering van die werk sodat gawes en bronne gedeel kan word. Tweedens het dit daarvoor gegaan dat daar uitvoering gegee moes word aan die opdrag om die evangelie aan al die nasies te bring. Sy derde rede is, en ek wil dit graag in detail aanhaal, aangesien dit na my mening rigtinggewend is in die taak van die Bybelgenootskappe:

The third motivation was that they realised that from the beginning of its history the church had gone to the world with a book in its hand. All you needed for equipment in the earliest days of the church was not a vast Gothic building but simply somewhere to meet, a bottle of wine, a loaf of bread, and a bit of Holy

Scripture. And the bit of Holy Scripture that the early church had was the Greek translation of the Old Testament Scriptures. Gradually there was added to it of course the letters - particularly the Pauline epistles - and then the gospels, and then the other parts of the New Testament canon. Thus the church went to the world with a bigger book than the earliest church had. The church always went to its evangelistic task with a book in its hand. The great motivation of the people who formed this fellowship was the desire to be servant of the church of the living God in that respect (Coggan 1980:10).

Lord Coggan het werklik die rigting aangedui. Sy siening dat die Bybelgenootskap in diens staan van die kerke en 'n dienskneg moet wees, is deur die jare heen deur baie ander herhaal.

By dieselfde vergadering tree Russel Self (1980:25), 'n WBG verspreidingskonsultant op, en hy neem as vertrekpunt die verspreiding van die Woord om die unieke verhouding tussen kerke en die Bybelgenootskappe te belig. Hy neem die gelykenis van die Saaier in Markus 14 as vertrekpunt. Die Saaier is welbekend by die Bybelgenootskappe, want die afbeelding daarvan word deur talle Bybelgenootskappe as logo gebruik. Hy omskryf dan die taak van die Bybelgenootskappe soos volg:

There are three points in the parable: seed, sowers and soil. The Bible Society supplies the seed for the church – the people of God. They are the sowers of the seed. The clarity of the text, and the suitability of the printing and format, are the responsibility of the Bible Society. In the past 20 or 30 years the Bible Societies have put considerable effort into developing the quality of the seed and into the training the sowers.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar by die Wêreldbond erns gemaak is met die toeganklikheid van die Woord vir alle mense, maar dat dit met 'n bepaalde modus operandi gepaard gegaan het.

Van hierdie modus operandi word daar gesê dat die Bybelgenootskappe die diensknegte van die kerk is in terme van die voorbereiding en publisering van Bybels. James Payne (1980:102), Hoofsekretaris van die Bybelgenootskap van Australië,

maak die baie sinvolle opmerking as hy Pascal aanhaal wat sou gesê het: “A servant can walk behind and carry the baggage or walk in front and carry the light”.

Tereg moet gevra word of die Bybelgenootskappe agter of voor moet stap. Hierdie vraag sal beantwoord moet word ten einde 'n duidelike standpunt te kan stel oor wat die verhouding van die kerke met die Bybelgenootskappe moet wees en dan veral ook spesifiek ten opsigte van Suid-Afrika.

5.2.1.2 Budapest, Hongarye

Tussen 14 en 21 September 1988 het die Wêreldbond weer sy lede in Budapest in Hongarye byeengebring met die tema: “God’s Word: hope for all”.

Tydens die opening van hierdie byeenkoms stel dr Oswald CJ Hoffmann, toe president van die WBG, die volgende perspektief wat rigtinggewend was vir die hele byeenkoms:

The Bible is God’s Word. It is not a book of magic, or a collection of ritual statements which represent esoteric religious knowledge. It does not lead us to think of ourselves as lords, to exercise authority over others with knowledge that is peculiarly our own. We have come together to help people find out for themselves, in their own language, the hope that makes alive – in the Bible. The world is not done with this Book, but the world is done without it. Without imposing our faith in Christ and the warmth of a love something like His, we proclaim this conviction: “The Bible, open to all, gives hope to all” (Hoffmann 1988:9-11).

Tydens die diskussie rondom die samewerking van kerke met die Bybelgenootskappe het dr Emilio E Castro, toe die Sekretaris-Generaal van die Wêreld Raad van Kerke, 'n besondere kenmerk van die Bybelgenootskappe uitgelig, wat as vanselfsprekend in baie kringe aanvaar is, maar nog nie werklik op die voorgrond geplaas is nie. Hy het naamlik gesê:

Let me first of all recognise the Bible Societies as a powerful manifestation of ecumenical life and as a bridge-building movement mainly locally, but later also internationally. It is around the Bible that churches of the most diverse traditions affirm the possibility of a common witness and assume a common responsibility for present and future generations, assuring for them the translation of the Bible, and arranging its distribution in order to make it accessible to the majority of Christians in the world. The collaboration with the Roman Catholic Church and with the Orthodox family of churches is no more than the logical continuation of a clear vocation to make access to the Word of God possible for all the peoples of the world (Castro 1988:49-50).

Hierdie brugboufunksie van die Bybelgenootskappe oor kerkgrense heen, maak die Bybelgenootskappe die grootste ekumeniese liggaam in die wêreld. In geen liggaam word daar soveel verskillende denominasies verteenwoordig as binne die strukture van die Bybelgenootskappe nie. 'n Feit wat later ten opsigte van die Suid-Afrikaanse situasie weer bespreek sal word.

Tydens hierdie samekoms tree Richard Worthing-Davies (1988:85), Uitvoerende Direkteur van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, op. Aangaande die rol van die Bybelgenootskappe in die toekoms het hy ook die rol van 'n Bybelgenootskap baie duidelik uitgelig toe hy gesê het dat Bybelgenootskappe uiteraard organisasies is wat die hele Bybel moet versprei en nie Nuwe Testamente of Skrifgedeeltes en seleksies nie. Hy sê: "Though we are concerned to distribute scriptures, our task, surely, is to enable and help people to encounter the whole Bible, for only in the whole Bible do we find the total revelation of God" (Worthing-Davies 1988:85). 'n Siening wat in Suid-Afrika ook sterk gehuldig word soos later uit verspreidingsyfers sal blyk.

Die Budapestverklaring raak ook die Bybelgenootskappe se verhouding met die kerke aan. Hierdie verhouding word uitgedruk in die volgende paragraaf: "We thank God for the growing interest in the effective use of the Bible by the Churches, and we commit ourselves again to our task of serving all Christian Churches and confessions, and also of challenging them with the task of both using and sharing the Bible in their work of evangelism and Christian nurture" (UBS 1988:109).

Robertson (1996:279) verwoord die ambisieuse verwagting wat tydens hierdie vergadering na vore gekom het rondom die rol van die WBG in die wêreld. Daar is gesê dat die WBG die verantwoordelikheid aanvaar om teen die jaar 2000 in al die Bybelbehoefes van die geskatte 450 miljoen gelowiges dwarsoor die wêreld te voorsien. Dit moet gedoen word in samewerking met al die kerke en ander organisasies wat betrokke is by Bybelwerk.

Hierdie was gewis 'n baie ambisieuse verwagting wat ongelukkig nooit gerealiseer het nie.

Wat egter van groot belang was, is dat die verhouding tussen kerk en Bybelgenootskap opnuut bevestig is as een van diens en wedersydse ondersteuning.

5.2.1.3 Mississauga, Kanada

By dié vergadering, wat plaasgevind het tussen 26 September en 3 Oktober 1996 te Mississauga in Kanada, was daar 135 lande met 346 afgevaardigdes teenwoordig. Dit was die grootste byeenkoms nog van die familie van Bybelgenootskappe. Die tema van die vergadering: Gods Woord: Lewe vir Almal.

Met die sluiting van die vergadering is daar 'n dokument saamgestel wat bekend staan as die Mississauga-dokument (1996) wat die pad vorentoe vir die lede van die Wêreldbond uitstippel. In hierdie dokument is die verhouding tussen kerke en Bybelgenootskappe aan die orde gestel en is bepaalde riglyne neergelê.

Onder seksie III van hierdie dokument wat handel oor die toekoms en die rol van die Woord, word onder punt 7 die verhouding kerk en Bybelgenootskap bespreek. Ek wil hierdie saak breedvoerig aanhaal aangesien hierdie siening opnuut die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika onder die loep plaas. Daar staan geskryf onder die hoof "Serving Together: The Bible Societies and the churches" die volgende:

Objective: To strengthen the involvement of all churches in the translation and distribution of the Holy Scriptures, and in the support of Bible Societies.

The Bible Societies see themselves as part of the life of the Church and their identity and role as both servant and partner to the churches in providing the essential tool for their life, witness, and mission. The Bible Societies have often found themselves to be a place where churches, even if divided by social, linguistic, confessional, and ethnic divisions, are unified in the single purpose of providing the Bible to the Church and the world.

Program:

- 7.1 To strengthen the active participation of churches in the dissemination of the Holy Scriptures for public reading in Christian worship, for catechetical classes and Christian education, for witness and mission.
- 7.2 To work with churches in developing programs that will replace a growing lack of biblical knowledge with active reading, listening and study of the Bible and with a conscious biblical faith.
- 7.3 To aid the churches in their witness, Bible Societies have a responsibility to incarnate the Word of Life in culture and bring biblical values into public domain.
- 7.4 To work with churches to meet the need for appropriately designed Scriptures among the growing number of Christians involved in serious Bible study in various traditions.
- 7.5 To strengthen cooperation and involvement of all Christian communions and denominations on the board, committees, and staff of Bible Societies at national, regional, and global levels.
- 7.6 To involve churches in the global mission of the UBS through active fundraising and sharing of resources.
- 7.7 To enlist the support of the clergy while in training and to develop programs for volunteers in local parishes and congregations to foster

prayer and financial support for Bible Society work, and involvement in distribution programs.

Uit bogenoemde is dit dus baie duidelik dat daar 'n baie spesiale verhouding tussen die kerk, en dan word alle denominasies by hierdie begrip ingesluit, en die Bybelgenootskap bestaan. 'n Verhouding wat te alle tye onderlinge ondersteuning en in die diens van mekaar staan beteken. Elkeen werk op sy eie terrein terwyl daar een gemeenskaplike visie en missie is, naamlik om mee te werk aan die uitbou van die Koninkryk van God op aarde. Hierdie uitbou kan alleen plaasvind deur die Woord beskikbaar te stel in die tale van die mense en in formate wat hanteer en gelees word. In hierdie proses is die kerk en die Bybelgenootskap onlosmaaklike en onvervreembare vennote.

By al drie hierdie byeenkomste was die Bybelgenootskap van Suid-Afrika verteenwoordig. By die vergadering in Chiang Mai was dr PM Bremer, voorsitter van die Nasionale Raad teenwoordig asook me A Eises van Namibië, wat op daardie tydstip onder die Bybelgenootskap van Suid-Afrika geressorteer het. By die vergadering te Budapest was dr PM Bremer asook die Hoofsekretaris en Adjunk-Hoofsekretaris, di GE van der Merwe en SP Boshoff teenwoordig. Die vergadering te Mississauga is bygewoon deur dr PM Bremer en die Hoofsekretaris, dr D Tolmie.

5.2.2 Die implementering van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe se besluite in Afrika

As 'n direkte uitvloeisel van die vergadering te Mississauga, het die Afrika Streeksvergadering van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe gedurende 14 – 19 September 1997 in Midrand, Suid Afrika vergader. Die tema van hierdie vergadering was: Gods Woord: Lewe vir almal in Afrika.

Tydens hierdie vergadering, waarby 152 afgevaardigdes van 35 lande teenwoordig was, het verskeie sprekers die verhouding van kerk en Bybelgenootskap aangeraak.

In die aanhef tot die vergadering word daar deur die vergadering verklaar:

We challenge ourselves at this Africa Regional Assembly to take the findings of the World Assembly as contained in the Mississauga Document, and translate them into an African context, in order that each National Bible Society may achieve its full potential for the maximum benefit of all in Africa and beyond.

We in Africa affirm our Mandate:

to reach every person, man, woman, young and old with the life-giving Word of God;

to ensure that each person has the right Scripture, at the right time, in the right format, and at the right price;

to enable each person to be effectively confronted with the claims of Christ (Unpublished Preamble at Africa Regional Assembly 1997).

Tydens sy openingsrede sê die voorsitter van die Afrika Streekkomitee of AFREC (African Regional Committee), rev Nlandu Mukoko, afkomstig van die Demokratiese Republiek van die Kongo, die volgende:

Africa, once called the dark continent, has continued to grope for light which can come only as men and woman turn to the one who is the Light of the World, men and women who are dead in trespasses and sins, can be regenerated and made alive only by the one who is Life himself, even the Lord Jesus Christ - The Living Word. As those who are committed to the task of making available the written Word, we are privileged to be co-workers with God (Mukoko 1997).

In 'n voordrag by dieselfde vergadering maak dr Paul Bitjick Likeng, toe vertalingskonsultant verbonde aan die Bybelgenootskap van Kameroen, die volgende stelling en dit belig hierdie verhouding kerk en Bybelgenootskap vanuit 'n ander hoek as hy sê:

The Bible, God's Word, is necessary for the life and the survival of the church and individual Christians just like blood is for human and animal organisms. This is to say that the church or Christians cannot do without the Bible else they would grow weak. Johan Albrecht Bengel expressed in these terms: "The Bible maintains the church and the church lives according to the Bible. If the church grows, it brings honour to the Bible. If the church is sick, it means that the Bible is covered with dust" (Likeng 1997).

Biskop Denis Sengulane van Mosambiek is baie duidelik in sy siening van die rol van die kerk in verhouding tot die Bybelgenootskappe as hy sê:

Africa, our beautiful Continent, was conceived in the mind of God, it was created by God to serve the purpose of God. Because our God is not a dictator, He wants people accept and serve him freely. In order to make such a choice clear, he created the Church to equip and facilitate the work of the Church with the right food for the mind, He created the Bible Societies (Sengulane 1997).

Tydens hierdie byeenkoms het die voormalige Hoofsekretaris van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, dr Donald Tolmie (1997), 'n referaat gelewer wat juis hierdie onderwerp onder die vergrootglas geplaas het. Die titel van die referaat is: "Kerklike betrokkenheid by Bybelgenootskapwerk" en hy het hom veral toegespits op die plaaslike situasie en dit as 'n moontlike rolmodel voorgedou.

Uit die aard van die saak kan sy hele ongepubliseerde referaat nie aangehaal word nie, dus sal ek volstaan deur enkele van sy belangrikste gedagtes uit te lig. As die enigste Bybelgenootskap in Afrika wat selfversorgend is, en wat finansiële bydra tot die Wêrelddiensprogram van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe, plaas dit Tolmie in die posisie om as kundige op hierdie terrein sy mening te lug. Hy het as vertrekpunt die unieke en lang verhouding tussen kerke en die Bybelgenootskap in Suid-Afrika geneem.

Hy begin deur te sê:

Die Kerk het met verloop van tyd in verskillende kerkverbande ontwikkel. Die Bybelgenootskap bly 'n outonome eenheid wie se taak dit is om in die Bybelbehoefte van die kinders van die Here, in watter kerkverband hulle Hom ook al dien, te voorsien.

Die rol van die Bybelgenootskap word nie altyd deur die Kerk verstaan nie. Die Bybelgenootskap is nie 'n susterkerk nie; dit neem geen dogmatiese standpunt in nie. Dit is ook nie 'n sendingorganisasie of 'n parakerklike liggaam nie. Dit verskil van hierdie belangrike Christelike instellings in dié opsig dat sy bestaan slegs daarop gemik is om dié kerklike organisasie, en alle Christene, te dien deur hulle van die een boek wat almal nodig het - die Bybel - te voorsien.

Tolmie maak verder die belangrike opmerking as hy sê:

Die inisiëring, implementering en aktiewe onderhouding van goeie kerklike betrokkenheid by alle aspekte van Bybelgenootskapwerk is noodsaaklik. Effektiewe en bekwame diens deur die Bybelgenootskap hang baie af van produktiewe kerklike betrokkenheid by en ondersteuning van Bybelgenootskapprogramme en -projekte.

Die volgende opmerking van Tolmie som vir my die verhouding tussen kerk en Bybelgenootskap raak op:

Die Christelike Kerk is daartoe verbind om die **Woord in die taal van die mense te verkondig**. Die Bybelgenootskap is daartoe verbind om die **Woord in die taal van die mense te voorsien**.

Tydens hierdie referaat het hy ook die kerk se betrokkenheid by Bybelvertaling, Bybelproduksie en Bybelverspreiding aangeraak.

Ten opsigte van kerklike betrokkenheid by Bybelvertaling het hy gesê:

Bybelgenootskappe kan nie in 'n vakuum vertaal nie en doen dit ook nie. Kerklike betrokkenheid by die hoogs tegniese veld van Bybelvertaling is

onontbeerlik. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, byvoorbeeld, begin geen vertalingsprojek tensy hulle deur die kerk of kerke wat aktief betrokke is in die area waar die taal gepraat word, gevra word nie.

Ten opsigte van kerklike betrokkenheid by Bybelproduksie het hy gesê:

Kerklike betrokkenheid by Bybelproduksie is noodsaaklik. Die Bybelgenootskap het wel die tegniese vaardigheid om Bybels te publiseer, maar vir fondse om die produksie van publikasies te finansier, is die Bybelgenootskap heeltemal afhanklik van Kerklike ondersteuning. Miskien behoort Bybelgenootskappe die kerke meer dikwels daaraan te herinner dat dit juis die goeie werk van die kerke is, wanneer hulle die goeie nuus van die Here Jesus verkondig, wat elke jaar tot 'n toenemende aanvraag na Bybels van die Bybelgenootskap lei.

Ten opsigte van kerklike betrokkenheid by Bybelverspreiding het hy gesê:

Aktiewe kerklike betrokkenheid by Bybelverspreiding kan sake baie bevorder. Die omvang van die uitdaging in die verspreidingsgebied moet gedurig aangespreek en met die kerke gedeel word. Vir effektiewe Bybelverspreiding om 'n werklikheid in Afrika te word, moet die Kerk, en die hele Christengemeenskap, gemobiliseer word.

Rondom die rol asook die plek van die Bybelgenootskap binne die breëre christelike en kerklike gemeenskap sê hy die volgende:

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is baie versigtig om nie op die terrein van die kerk inbreuk te maak nie. Ons sien ons funksie as streng beperk tot die beskikbaarstelling van die Heilige Woord in die formate en tale wat die Kerk verlang.

Ons sien die interpretasie van hierdie Bybels en Bybelgedeeltes, die bevordering van Bybellees, Bybelling, Bybelgebruik en evangelisasie as die taak en verantwoordelikheid van die kerk, nie van die Bybelgenootskap nie.

Ons sterk punt is die feit dat ons ons aktiwiteite beperk tot die taak waartoe ons geroep is. Ons onpartydigheid lei daartoe dat alle kerkverbande ons aanvaar, met ons saamwerk, en ons met vertroue ondersteun.

Van hierdie standpunte van Tolmie sal in die volgende paragrawe verder belig word.

5.2.3 Wet No. 15, 1970. Wet op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1970

Ten einde die volle omvang van Tolmie se siening te begryp, moet daar deeglik kennis geneem word van Wet 15 van 1970. Hierdie Wet speel 'n geweldige groot rol in die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, aangesien dit nie net die praktiese werksaamhede van die organisasie reël nie, maar ook bepalend is ten opsigte van die rol en plek van die kerk binne die werksaamhede van die organisasie.

Op 3 Maart 1970 word die Afrikaanse teks van Wet no 15 van 1970 deur die Staatspresident, mnr JJ Fouché, geteken.

Die kort motivering vir die Wet in die aanhef lui soos volg: “Om voorsiening te maak vir die inkorporasie van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, om sy oogmerke, bevoegdhede, pligte en werksaamhede te bepaal, en om vir ander bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak” (Wet No 15 1970).

Hierdie Wet stippel baie duidelik in punt 3 die oogmerke van die Genootskap uit. Ek wil enkele sake uit die Wet aanhaal aangesien dit uiteindelik die unieke verhouding tussen die kerk, in sy breedste moontlike sin van die woord, en die Bybelgenootskap uitklaar.

Onder punt 3 staan daar:

- (1) Die oogmerke van die Genootskap is om die Bybel te druk, in te bind en uit te gee, om die Bybel in alle tale en dialekte van die wêreld te vertaal, om die wyer verspreiding van die Bybel aan te moedig en om met 'n ander soortgelyke genootskap saam te werk met die doel om die Bybel te versprei.

- (2) Geen vertaling of uitgawe van die Bybel mag 'n dogmatiese of leerstellige aantekening bevat nie.

Rondom die bestuur van die Genootskap is daar baie duidelike riglyne neergelê wat onder punt 7 van die Wet aangeteken is:

- (1) Die bestuur en beheer van die sake van die Genootskap is gevestig in die Nasionale Raad van die Genootskap wat bestaan uit...
- (2) Die persone wat 'n Streeksraad verteenwoordig mag nie albei predikante wees nie en mag nie tot dieselfde kerkverband behoort nie.

Sedert 1965 word daar 'n bepaalde werkswyse deur die Bybelgenootskap gebruik. Die werkswyse bestaan daarin dat die land in verskillende streke verdeel is. Elke kantoor in die onderskeie streek het 'n streeksekretaris en organiserende sekretaris, sou dit nodig wees. Daarby word daar in elke streek 'n Streeksraad saamgestel. Elke denominasie kan na gelang van sy sinodale samestelling, verteenwoordiging kry op die Streeksraad. Hierdie verteenwoordiging bestaan uit een geordende leraar en een lekeverteenvoorder. Daar word verder voorsiening gemaak vir vroueorganisasies wat belang het by die Bybelgenootskap om 'n afgevaardigde na die Streekraadsvergadering te stuur.

Hierdie werkswyse waar belangegroep, ongeag hulle finansiële prestasie, sittingsreg verkry, beteken in praktyk dat die Bybelgenootskap die grootste ekumeniese liggaam in die land is en wel verteenwoordigend van die breë Christelike gemeenskap is.

Aangesien die Wet dit vereis, maar ook omdat verantwoordelike rentmeesterskap vir die Bybelgenootskap van groot belang is, word daar kwartaaliks verslag gedoen deur die onderskeie sekretaris aan die verskillende streekstate en sesmaandeliks deur die Streeksekretaris aan die Nasionale Raad. Rentmeesterskap wat inhou dat daar verslag gedoen word oor die hele breë spektrum van werksaamhede in die onderskeie streke.

Tolmie is na my mening korrek as hy sê die geloofwaardigheid van die Bybelgenootskap staan bo verdenking aangesien daar werklik 'n ernstige poging is om die breë christelike gemeenskap tot diens te wees, maar ook om hulle behoeftes aan te spreek. Die Bybelgenootskap is gefokus op sy taak en juis die feit dat daar geluister word na die behoeftes van die kerk, soos dit op die Streeksrade en uiteindelik by die Nasionale Raad verwoord word, maak dat die Bybelgenootskap aanvaarbaar en toeganklik is.

5.2.4 Die verhouding tussen kerk en Bybelgenootskap in Suid-Afrika

Die siening van Tolmie, soos alreeds vroeër aangetoon is, word versterk deur die Bybelgenootskap Wet asook die bepaalde werkswyse van die sekretariskorps wat deur die jare verfyn is.

Die sekretariskorps, wat bestaan uit geordende leraars en pastore van verskillende denominasies, se werksaamhede het 'n tweeledige doel. Eerstens dien hulle as skakel tussen hulle eie kerk en die Bybelgenootskap, maar in baie gevalle ook ander kerke wat deur hulle bedien word. Tweedens het so 'n sekretaris 'n bewusmaking- en fondsinsamelingsfunksie ten opsigte van die kerkverband of kerkverbande waarbinne gewerk word.

Voordat die unieke werkswyse van die Bybelgenootskap kortliks bespreek word is daar 'n paar sake wat in gedagte gehou moet word. Suid-Afrika is staatkundig sedert die eerste demokratiese verkiesing in 1994 herverdeel in nege provinsies. Die Bybelgenootskap het die land daarenteen in sewe streke verdeel met elke streek wat vanuit 'n Bybelhuis in daardie betrokke streek opereer.

Hierdie sewe streke is Kaapstad, Port Elizabeth, Durban, KwaZulu, Bloemfontein, Soweto en Johannesburg. Die Hoofkantoor in Kaapstad word nie as 'n streekkantoor gesien nie, maar wel as die administratiewe hart van al die werksaamhede.

Daar is egter nog 'n streek wat histories deel was van die Bybelgenootskap, maar wat met die beleid van onafhanklike state binne Suid-Afrika "onafhanklikheid" verkry het en wat vandag as 'n selfstandige Bybelgenootskap funksioneer binne die grense van

Suid-Afrika. Hierdie Bybelgenootskap is die Bybelgenootskap van Transkei. Die werk in Transkei is al deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika in 1963 begin.

Verder moet in gedagte gehou word dat, soos wat kerke dogmaties verskil, so verskil die streke van mekaar ten opsigte van werkswyse en klemme wat gelê word. Hierdie verskille hang saam met die demografiese verskille binne ons land en is dus nie 'n vreemde verskynsel nie. Dit moet egter net in gedagte gehou word dat streke nie eenvormig kan funksioneer nie en dat die krag van die Bybelgenootskap juis in sy diversiteit geleë is.

Die werkswyse rondom skakeling met die verskillende denominasies beteken in praktyk dat gemeentes, ringe en Streeksinodes op 'n gereelde basis besoek word ten einde verslag te doen oor die werksaamhede van die Bybelgenootskap. By sulke geleenthede word sake aan die orde gestel, soos nuwe vertalings wat gedoen word, projekte wat aangepak gaan word, finansiële verslaglewering, asook die stand van Bybelverspreiding. Deeglike finansiële verslaggewing is van die uiterste belang aangesien dit die vertroue skep dat fondse aangewend word waarvoor dit bedoel is. Bybelverspreiding as taak van die kerk word uitgelig aangesien kerke deurentyd bewus gemaak moet word van die nood en behoefte. Alhoewel daar fyn nuanse verskille is ten opsigte van die werkswyse deur die verskillende sekretarisse in kerkverband, is die beginsel in breë dieselfde.

Bosch (1991:368-378) wat die paradigmaskuif aandui wat plaasgevind het ten opsigte van die doen van sending, is heeltemal korrek. Inderdaad het die fokus van die kerke in Suid-Afrika verskuif van sinodale werksaamhede na die gemeentelike verantwoordelikheid ten opsigte van sending. Wat egter waar is ten opsigte van die werksaamhede van die Bybelgenootskap is dat die organisasie nog nooit afhanklik was van direkte sinodale befondsing en verspreiding nie. Meerdere vergaderinge soos byvoorbeeld 'n Sinode neem wel beginselbesluite ten opsigte van die ondersteuning van die Bybelgenootskap se werksaamhede, maar hierdie besluite word op gemeentelike vlak geïmplementeer. Dit is individuele lidmate asook kerkrade wat die Bybelgenootskap se aktiwiteite ondersteun.

Die Bybelgenootskap het geen reg tot aanspraak op ondersteuning nie, slegs 'n morele oproep tot ondersteuning kan vanuit sy visie en opdrag aan gemeentes en individue gemaak word. In hierdie proses om nuwe ondersteuning te werf en ou ondersteuners te behou, speel die sekretarisse 'n belangrike rol. Hierdie saak sal later weer aan die orde gestel word.

Dit is dan vanuit hierdie agtergrond dat Tolmie die opmerking maak dat Bybelgenootskap en die kerke onlosmaaklike vennote is. Hierdie siening van Tolmie word baie sterk deur hierdie studie bevestig.

As die sieninge van die WBG in gedagte gehou word, is dit verder duidelik dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika hierdie wêreldliggaam vooruit is. Ten spyte van die diversiteit van die kerklike spektrum binne Suid-Afrika het die Bybelgenootskap tog daarin geslaag om 'n werkbare model van samewerking daar te stel. Dit is tot voordeel van die kerke asook die Bybelgenootskap.

5.3 Bybelproduksie in Suid-Afrika

Voordat daar enigsins na Bybelverspreiding gekyk kan word, moet Bybelproduksie aan die orde gestel word.

Die Bybelgenootskap, vanuit sy missie, produseer Bybels, Nuwe Testamente, Bybelgedeeltes/Skrifgedeeltes asook Bybelseleksies/Skrifseleksies. Die onderskeid tussen Skrifgedeeltes en Skrifseleksies word later in hierdie hoofstuk gedefinieer. Hierdie is die totale spektrum van sy werksaamhede.

Wat egter belangrik is om te onthou, is dat die Bybelgenootskap nie sy eie drukpers besit nie. Alle drukwerk van die Bybelgenootskap word as opdragwerk gedoen deur kommersiële drukkers wat uit die aard van die saak gerat is om hierdie werk te doen. Die Bybelgenootskap het deur die jare drukwerk plaaslik asook oorsee laat doen ten einde aan die behoefte aan Bybels en verwante materiaal te voldoen.

Deur die jare het die Bybelgenootskap nie net in sy eie behoeftes voorsien nie, maar is drukwerk op bestelling vir Bybelgenootskappe van buurlande gedoen. Die tegniese

kundigheid asook kwaliteit van werk wat in Suid-Afrika gedoen word, is seker van die belangrikste redes hoekom drukwerk vir buitelandse Bybelgenootskappe gedoen word.

Die tabel hieronder toon aan die hoeveelheid materiaal wat vanaf die drukkers ontvang is deur die verloop van die jaar. Daar moet daarop gelet word dat dit alle materiaal insluit, vir sowel die plaaslike as buitelandse mark. Hierdie syfers, geneem oor die laaste tien jaar, toon interessante tendense.

PRODUKSIESYFERS (Vanaf drukkers ontvang)

Jaar	Bybels	Testamente	Bybelboeke Gedeeltes	Bybeldele Seleksies	Totaal
1990	748 449	113 005	200 880	86 219	1 148 553
1991	1 356 098	141 978	1 068 836	61 218	2 628 130
1992	1 099 172	159 102	574 908		1 833 182
1993	860 633	123 914	395 461		1 380 008
1994	1 208 253	46 278	336 433	96 600	1 687 564
1995	1 004 362	106 254	181 038	4 136	1 295 790
1996	765 530	34 601	270 449		1 070 580
1997	902 843	72 776	300 771	299 300	1 575 690
1998	568 548	74 617	268 256	78 590	990 011
1999	867 280	62 482	93 189	890 780	1 913 780

Hierdie syfers toon baie duidelik dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika die kapasiteit het om Bybels en aanverwante materiaal op groot skaal te laat produseer. Hierdie produksiesyfers sal in die volgende hoofstuk met die finansiële vermoë van die Bybelgenootskap in perspektief gebring word. Dit is verblydend dat daar erns gemaak word om die nodige materiaal beskikbaar te kry vir verspreiding.

Die erns wat daar gemaak word met Bybelproduksie onderstreep juis die feit dat daar by die Bybelgenootskap 'n erns is om die Woord geredelik beskikbaar te stel vir verspreiding aangesien dit daarvoor gaan dat Bybels geredelik beskikbaar is in formate en tale waaraan daar behoefte is. Hierdie syfers onderstreep verder die hipotese dat daar 'n inherente missionêre intensie by sy werksaamhede is.

Om egter die volle konsekwensie te beseef van hierdie grondwerk, sal die verspreidingsyfers onder oë geneem en bespreek moet word.

5.4 Bybelverspreiding in Suid-Afrika

Tolmie (1997) het tydens sy toespraak by Midrand die opmerking gemaak dat die Bybelgenootskap daartoe verbind is om die Woord in die taal van die mense te voorsien. En hierdie voorsiening van die Woord in al sy fasette is juis die kruks van die saak van Bybelverspreiding in Bybelgenootskapterme.

Om die begrip Bybelverspreiding in terme van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te verstaan, is nie so maklik nie. Trouens, hierdie begrip kan tot veel verwarring aanleiding gee en daarom moet hierdie begrip eers gedefinieer word.

Bybelverspreiding is een van daardie begrippe wat misbruik kan word deur mense om hulle eie doelstelling te bereik. Die Bybelgenootskap het dit dus goed gedink om hierdie term te registreer as 'n handelsmerk.

Bybelverspreiding, soos verstaan deur die Bybelgenootskap, is om die Woord beskikbaar te stel vir verspreiding deur kerke, sendingorganisasies, gelowiges en die handel. Laasgenoemde sluit so wel die sekulêre handel as die christelike handel in.

Die Bybelgenootskap is op baie beperkte skaal betrokke by die fisieke verspreiding van die Woord. Hierdie beperkte verspreiding geskied deur die winkels wat by elke Bybelhuis ingerig is. By hierdie winkels word Bybels en ander materiaal aan die breë publiek asook aan ander instansies verkoop. By hierdie winkels vind sowel groothandel as kleinhandelaankope plaas.

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat die Bybelgenootskap primêr 'n groothandelaar van Bybels en aanverwante materiaal is. Die Bybelgenootskap tree ook op as kleinhandelaar van Bybels en aanverwante materiaal, maar is nie in kompetisie met die handel nie.

Groothandel en massa-aankope word direk by Bybelhuise naaste aan klante gedoen. streekkantore is verantwoordelik om sy onmiddellike omgewing tot diens te wees ten opsigte van Bybels en verwante materiaal.

Vanuit sy missie is die Bybelgenootskap nie alleen geroep om die Woord beskikbaar te stel nie, maar dit is die plig van die Bybelgenootskap om die Bybels en verwante materiaal in hoeveelhede en formate vryelik beskikbaar te hê ten einde die behoefte van sy klante te bevredig. En hierdie klante word gedefinieer in terme van die breë christelike gemeenskap met al sy vertakkinge, asook die kerk in sy breedste moontlike sin. Die handel moet egter nooit vergeet word nie, aangesien dit die belangrikste vennoot van die Bybelgenootskap is ten opsigte van fisiese verspreiding.


Die Hoofkantoor van die Bybelgenootskap speel 'n belangrike rol in die hele proses om Bybels en ander materiaal beskikbaar te stel vir verspreiding. Hierdie rol is juis gerig op die spesiale behoeftes wat van tyd tot tyd deur kerke, christelike organisasies en die handel uitgespreek word. Verder hanteer die Hoofkantoor alle buitelandse werkopdragte en sien toe dat hierdie buitelandse bestellings bevredigend uitgevoer word.

Vervolgens sal die verskillende fasette van Bybelverspreiding, soos gedefinieer deur die Bybelgenootskap, aan die orde gestel word sodat 'n oorhoofse beeld van die werksaamhede verkry kan word.

5.4.1 Verspreidingsyfers volgens dekades

Voordat daar gekyk word na die resente verspreidingsyfers word eers 'n beeld gegee van die werk wat die afgelope eeu gedoen is. Om 'n oorhoofse beeld van die werk die afgelope eeu te kry, word die verspreidingsyfers van Bybels in terme van dekades weergegee. Hierdie syfers sal juis aantoon watter vordering of die gebrek daaraan gemaak is ten opsigte van Bybelverspreiding.

**Verspreidingsyfers van Bybels
volgens 10 jaar intervale**



Bogenoemde grafiek toon baie duidelik aan dat daar 'n geweldige styging in verspreiding was ten opsigte van alle materiaal wat die Bybelgenootskap voorsien.

Wat egter onthou moet word, is dat in sekere dekades die verspreidingsyfer ook die Buitelandse verspreidingsyfer inkorporeer. Dit is eers teen die middel van die sewentiger jare dat hierdie verspreidingsyfers gedifferensieer is ten opsigte van binnelandse en buitelandse verspreiding.

Om die volle omvang van die werk van die Bybelgenootskap verder te illustreer, toon die onderstaande grafiek die verspreidingsyfers aan van Bybels wat per enkele jaar in tienjaarperiodes versprei is. Die grafiek begin by 1898 aangesien dit die jaar was voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog, wat soos alreeds aangetoon, die werk van die Bybelgenootskap ernstig ontwrig het.

Hierdie grafiek toon aan hoe die verspreiding van volledige Bybels deur die jare bly styg het. Die syfer van 1889 is net vir die Kaap en dit sluit testamente in. Verslae in daardie tydperk maak nie onderskeid tussen Bybels en testamente nie. Die syfer van 1908 is net volledige Bybels en is die totaal vir die Kaap en vir die streek wat bekend gestaan het as Central South-Africa – dit het ingesluit Transvaal, Orange River Colony (Vrystaat), Swaziland, die destydse Rhodesië (Zimbabwe) en Bechuanaland (Botswana). Die syfer van Natal is nie weergegee nie, aangesien daar nie onderskei kan word of die 6013 artikels wat versprei is net Bybels was of Bybels en testamente nie. Die syfer vir 1918 sluit die syfer vir Natal in saam met die ander streke. In 1948 veroorsaak Natal se verspreidingsyfer weer probleme aangesien daar weer eens geen

onderskeiding gemaak kan word nie. In daardie jaar is 24 653 Bybels en/of Testamente versprei.

Dit is egter opmerklik om te sien dat die 700 000-kerf ten opsigte van die verspreiding van volledige Bybels die afgelope 5 jaar nog nie deurbreek kon word nie, soos te sien is op die volgende bladsy. Dit bly 'n ope vraag of dit die plafon ten opsigte van verspreiding van Bybels weerspieël of speel finansies hier 'n rol? Die aanvraag na Bybels behoort een of ander tyd wetenskaplik nagevors te word ten einde 'n realistiese behoefte bepaling te maak sodat daar 'n daadwerklike poging aangewend kan word om in so 'n behoefte te voorsien sou dit nodig wees.

5.4.2 Binnelandse Verspreidingsyfers

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is 'n geweldige organisasie wat omset van gedrukte materiaal asook ander materiaal soos oudiokassette betref. Om werklik die impak te beseef wat die Bybelgenootskap deur die jare gemaak het, sal die verskillende verspreidingsyfers uitgelig en belig word. Hierdie verspreidingsyfers behoort ook duidelik aan te toon of die Bybelgenootskap getrou was aan sy eie missie om Bybels vir elkeen in sy eie taal beskikbaar te stel.

Syfers sal in detail ten opsigte van die laaste dekade behandel word en in sommige gevalle sal daar sover teruggegaan word as 1965. Die terugkeer, asook die diskussie ten opsigte van die laaste dekade is belangrik aangesien die politiek en sosiale omstandighede in Suid-Afrika gedurende hierdie tydperk dramatiese en radikale veranderinge ondergaan het.

Aangesien die werk van die Bybelgenootskap in terme van Wet 15 van 1970 so duidelik gedefinieer is, sal verspreidingsyfers in die verskillende kategorieë weergegee word wat deur die Bybelgenootskap gebruik word. Hierdie manier van verslagdoen, is in lyn met die vereistes van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe.

In 1991 skakel die Bybelgenootskap oor na die Wêreldbond van Bybelgenootskappe se indeling ten opsigte van Skrifkategorieë. 'n Gebinde publikasie van 24 of meer bladsye tel nou as Skrifgedeelte en nie as 'n Skrifseleksie nie, en nou word Nuweleser-

gedeeltes afsonderlik aangedui. Waar daar na Testamente verwys word, beteken dit Nuwe Testamente. Bybels verwys deurentyd na volledige Bybels, sowel gesubsidieer as nie gesubsidieer.

Verder is dit nodig dat eers verduidelik word wat bedoel word met Bybels wat gesubsidieer en nie gesubsidieer is nie. Vanuit sy missie is die Bybelgenootskap daarop ingestel om Bybels teen 'n bekostigbare prys aan die kerke, christelike gemeenskap en die handel beskikbaar te stel. Sekere formate Bybels word onder produksiekoste verkoop ten einde die gewone man in die straat in staat te stel om 'n Bybel te besit. Hierdie Bybels word dus teen 'n verlies verkoop en hierdie verlies word deur die Bybelgenootskap self gedra, vandaar die term gesubsidieerde Bybel. Hierdie beginsel geld vir Bybels in al die tale van ons land, in standaarddruk asook in formate soos Grootdrukbybels. Hierdie Bybels is in die reël die swart Hardebandbybels.

Die Bybelgenootskap voorsien ook ander formate Bybels wat nie gesubsidieer word nie. Hierdie is Bybels wat in leer gebind is asook die semi-luukse Bybels wat in kunsleer en ander materiaal gebind word. Op hierdie artikels word daar 'n wins gemaak. Hierdie wins word weer teruggeploeg in die produksie van Bybels.

Vervolgens die Binnelandse verspreidingsyfers asook die hoeveelheid tale waarin Bybels en ander materiaal versprei is.

VERSPREIDINGSYFERS (Binneland)

Jaar	Bybels	Tale	Testamente	Bybelboeke/ Gedeeltes	Seleksies/ Nuwelesers	Totaal
1990	662 676	107	142 981	158 618	121 275	1 085 550
1991	723 449	99	104 475	97 046	372 875	1 297 845
1992	742 024	107	124 338	355 607	13 112	1 235 081
1993	984 927	107	86 742	446 973	6 795	1 525 437
1994	993 727	91	75 214	340 881	100 682	1 450 504
1995	664 374	93	99 690	213 700	3 986	981 750
1996	635 852	117	82 211	263 307	3 660	985 030
1997	661 791	104	101 716	454 791	265 956	1 484 256
1998	671 283	102	96 330	360 085	96 752	1 224 450
1999	606 421	106	76 520	193 528	861 761	1 738 230

Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat die verspreiding van Bybels en ander materiaal baie wissel. Die invloed van die twee spesiale projekte, Bibliathon '91 en '94, om geld in te samel vir die druk van 'n addisionele miljoen Bybels, is duidelik sigbaar. Dit is verder van belang om daarop te let dat in die jaar van die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika daar 'n ongelooflike hoeveelheid Bybels verkoop is.

As die totale verspreidingsyfers ontleed word, kom dit baie duidelik na vore dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se klem juis val op die verspreiding van die volledige Bybel en dat die verspreiding van Testamente, Skrifgedeeltes en Skrifseleksie as sekondêr beskou word.

Die volgende tabel weerspieël die verspreiding van Bybels sedert die Bybelgenootskap 'n outonome organisasie geword het.

JAAR	VOLLEDIGE BYBELS
1965	401 144
1966	357 084
1967	368 983
1968	355 809
1969	396 159
1970	419 872
1971	551 104
1972	517 048
1973	554 887
1974	598 961
1975	718 290
1976	688 350
1977	681 719
1978	634 202
1979	590 858
1980	693 035
1981	778 480
1982	799 531
1983	895 134
1984	1 341 975
1985	698 804
1986	697 190
1987	646 354
1988	588 636
1989	611 489



1990	662 676
1991	723 449
1992	742 024
1993	984 927
1994	933 727
1995	664 374
1996	635 852
1997	661 791
1998	671 283
1999	606 421
TOTAAL	22 871 622

Wat baie duidelik aangetoon word deur hierdie statistiek, is dat die Bybelgenootskap se verspreiding van Bybels ook op en af beweeg na gelang van die behoeftes van die gemeenskap. Dit is positief om te merk dat na 1970 daar nooit weer minder as 400 000 Bybels in 'n jaar versprei is nie. Bogenoemde syfers bewys dat met dié spesiale pogings van 1979, 1991 en 1994 wat daarop gemik was om meer Bybels te versprei, tog geslaagd is aangesien die verspreidingsyfers hierdie feit ondersteun.

Die bekendstelling van die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling in 1983, asook die twee jare na Bibliathon '91 en '94 waartydens daar 'n addisionele miljoen Bybels geproduseer is, bevestig die waarde van spesiale pogings ten opsigte van verspreiding. Die onsekerheid rondom die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika het die aanvraag na Bybels beslis aangehelp.

5.4.3 Verspreidingsyfers volgens streke

Om die impak van die verspreiding van Bybels en verwante materiaal soos Nuwe Testamente, Skrifgedeeltes en Skrifseleksies te beoordeel, is dit nodig om te sien hoe volgens die streke verspreiding geskied het. Aangesien die Bybelgenootskap die land met sy sewe streke probeer dek, sal hierdie syfers insiggewend wees. Die syfers wat weergegee word, sluit sowel gesubsidieerde as nie-gesubsidieerde materiaal in.

BYBELS (Binnelands)

Streke	1994	1995	1996	1997	1998	1999
Kaapstad	99 196	105 856	81 779	98 165	110 022	98 120
Durban	96 843	112 203	75 668	78 806	76 347	70 321
Johannesburg	604 750	315 705	373 722	379 172	384 303	344 673
Bloemfontein	47 945	45 059	46 739	51 176	46 657	43 749
Port Elizabeth	43 321	48 978	39 852	38 139	33 442	33 087
Soweto	20 267	21 210	8 309	5 864	8 225	8 413
KwaZulu	14 937	11 285	8 196	9 239	10 417	7 987
Hoofkantoor	6 469	4 078	1 587	1 230	1 870	71

NUWE TESTAMENTE (Binnelands)

Streke	1994	1995	1996	1997	1998	1999
Kaapstad	17 835	15 768	11 013	13 351	16 519	10 241
Durban	9 534	13 014	16 068	15 743	8 778	7 982
Johannesburg	31 827	32 405	34 653	48 288	60 621	49 263
Bloemfontein	7 839	3 946	2 732	8 674	3 148	2 825
Port Elizabeth	4 548	5 808	5 498	14 369	5 961	5 178
Soweto	475	131	170	94	90	129
KwaZulu	1 058	1 029	1 435	1 144	1 207	801
Hoofkantoor	2 100	27 589	10 642	53	6	101

NUWE LESER GEDEELTES (Binnelands)

Streke	1994	1995	1996	1997	1998	1999
Kaapstad	18 149	10 257	10 603	11 240	21 729	21 688
Durban	12 657	21 708	12 673	12 077	11 345	12 114
Johannesburg	44 065	33 777	23 507	29 165	31 949	28 462
Bloemfontein	4 742	4 229	3 199	2 721	2 090	2 192
Port Elizabeth	10 772	8 842	6 846	7 824	7 289	8 936
Soweto	114	363	129	71	36	51
KwaZulu	362	233	337	526	827	801
Hoofkantoor		5 203	10 642		4	

Uit bogenoemde is dit baie duidelik dat die groter streke soos Kaapstad en Johannesburg by verre die grootste las ten opsigte van verspreiding dra. As in gedagte gehou word dat Johannesburg die vier noordelike provinsies bedien en in die hart van die land se ekonomiese sentrum geleë is, dan behoort sy verspreidingsyfers die hoogste te wees, soos wat die geval is. Kaapstad, wat ook 'n groot populasie moet

bedien, het die verdere kenmerk dat hierdie streek 'n groot geografiese gebied met 'n diverse bevolking moet bedien.

Die kleiner streke soos KwaZulu en Soweto is onder druk as verspreidingsyfers vergelyk word. Omrede hierdie twee streke hoofsaaklik die tradisionele agtergeblewe gemeenskappe bedien, moet daar sekerlik nie te kras oor hulle werksaamhede geoordeel word nie. Die vraag kan egter met reg gevra word of hulle verspreidingsyfers in die toekoms gaan toeneem nou dat die politieke situasie genormaliseer het. Is daar regtig genoegsame groeipotensiaal as in gedagte gehou word die ligging van die ander Bybelhuise en wat met verspreiding bedoel word? Is daar genoeg sakeondernemings wat belangstel om hulle aankope direk by hierdie kantore te doen? Word die kleiner besighede genoegsaam aangespoor om Bybels te verkoop en hulle aankope by hierdie kantore te doen? Om antwoorde op hierdie vrae te kry, sal 'n studie op sy eie wees en is dit nie binne die bestek van die hierdie studie om antwoorde te verskaf nie.

Met bogenoemde vrae egter in gedagte, kan daar gevra word na die wenslikheid dat alle streke in Suid-Afrika die fasiliteit van 'n distribusiesentrum behoort te hê. Sal dit nie meer koste effektief wees as daar slegs enkele distribusiesentrums is en die streke sonder so 'n fasiliteit slegs toegerus word met 'n winkel vir verkope nie?

Ek is daarvan oortuig dat hierdie 'n moontlikheid is wat grondig deur die Bybelgenootskap ondersoek behoort te word. Effektiewe verspreiding is na my mening onlosmaaklik verbind aan koste effektiewe verspreiding.

5.4.4 Verspreidingsyfers volgens tale

Suid-Afrika met sy elf amptelike landstale bied 'n besondere uitdaging aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Indien daar 'n in die werksaamhede van die Bybelgenootskap missionêre visie aanwesig is behoort dit weerspieël te word, nie net in die vertalingsgeskiedenis nie, maar beslis ook in die verspreidingsyfers.

Vervolgens sal die verspreidingsyfers volgens taalgroeperings weergegee word om hierdie stelling te toets.



JAAR	TAAL	BYBELS	TESTA- MENTE	GEDEEL- TES	SELEK- SIES	TOTAAL
1990	Afrikaans	172 309	68 171	20 322	52 883	313 685
	Engels	131 082	38 916	21 676	53 042	244 716
	Noord-Sotho	26 697	6 305	8 525	837	42 364
	Suid- Ndebele		935	110	8	1 053
	Suid-Sotho	38 085	42	13 821	2 165	54 113
	Swati		297	1 758	176	2 231
	Tsonga	14 991		1 147	337	16 475
	Tswana	27 578	1 215	12 044	17	40 854
	Venda	12 575	742	404	82	13 803
	Xhosa	76 780	7 014	19 286	4 702	107 782
	Zulu	151 697	14 814	52 988	6 175	225 674

JAAR	TAAL	BYBELS	TESTA- MENTE	GEDEEL- TES	SELEK- SIES	TOTAAL
1991	Afrikaans	181 262	50 314	209 720	6 973	448 269
	Engels	145 192	19 513	135 901	8 845	309 451
	Noord-Sotho	28 283	3 845	14 694	20	46 842
	Suid- Ndebele		590	1 057		1 647
	Suid-Sotho	45 084	7	15 141		60 232
	Swati		996	435		1 431
	Tsonga	19 490	1	2 052	4	21 547
	Tswana	74 492	4 559	63		79 114
	Venda	18 679	1 452	863		20 994
	Xhosa	55 778	7 961	29 241	303	93 283
	Zulu	140 119	5 621	37 271		183 011

JAAR	TAAL	BYBELS	TESTA- MENTE	GEDEEL- TES	SELEK- SIES	TOTAAL
1992	Afrikaans	209 605	47 181	110 620	4 992	372 398
	Engels	136 954	36 406	125 462	5 590	304 412
	Noord-Sotho	43 533	3 544	11 799		58 876
	Suid- Ndebele		279	55		334
	Suid-Sotho	53 719	2 154	13 279		69 152
	Swati		1 899	2 051		3 950
	Tsonga	21 232	1 025	2 936		25 193
	Tswana	46 158	327	2 615		49 100
	Venda	11 563	1 074	182		12 819
	Xhosa	63 291	12 174	20 479	28	95 972
	Zulu	136 131	8 937	38 327		183 395



JAAR	TAAL	BYBELS	TESTA- MENTE	GEDEEL- TES	SELEK- SIES	TOTAAL
1993	Afrikaans	168 824	15 978	160 610	1 823	347 235
	Engels	147 523	26 970	127 060	2 462	304 015
	Noord-Sotho	52 351	2 236	10 205		64 792
	Suid- Ndebele		201	28		229
	Suid-Sotho	111 816	3 621	19 459		134 896
	Swati		1 237	473		1 710
	Tsonga	25 649	2 319	14 185		42 153
	Tswana	134 246	4 107	7 361		145 714
	Venda	13 233	2 349	681		16 263
	Xhosa	95 067	8 315	42 892	2	146 276
	Zulu	218 433	11 662	37 140		267 235

JAAR	TAAL	BYBELS	TESTA- MENTE	GEDEEL- TES	SELEK- SIES	TOTAAL
1994	Afrikaans	154 482	19 389	98 575	65 557	337 887
	Engels	318 230	24 776	96 329	34 003	473 290
	Noord-Sotho	43 044	2 023	13 172	22	58 261
	Suid- Ndebele		352	205		557
	Suid-Sotho	81 141	2 051	29 341		112 533
	Swati		814	169		983
	Tsonga	21 343	1 004	6 060	30	28 437
	Tswana	57 133	2 754	9 843		69 730
	Venda	11 868	241	852		12 961
	Xhosa	79 006	5 318	35 051	2	119 377
	Zulu	147 863	10 209	44 488		202 560

JAAR	TAAL	BYBELS	TESTA- MENTE	GEDEEL- TES	SELEK- SIES	TOTAAL
1995	Afrikaans	155 539	22 080	46 953	732	225 304
	Engels	156 622	41 694	62 190	1 363	261 869
	Noord-Sotho	29 610	1 782	4 724		36 116
	Suid- Ndebele		476	20		496
	Suid-Sotho	43 999	2 785	8 755	100	55 639
	Swati		871	194		1 065
	Tsonga	14 642	1 112	4 878	170	20 802
	Tswana	42 795	2 101	4 589		49 485
	Venda	9 177	564	1 238		10 979
	Xhosa	54 198	6 134	45 249	6	105 587
	Zulu	140 579	11 467	22 928		174 974



JAAR	TAAL	BYBELS	TESTA- MENTE	GEDEEL- TES	SELEK- SIES	TOTAAL
1996	Afrikaans	136 552	14 369	52 540	1 938	205 399
	Engels	168 489	27 583	61 783	1 436	259 291
	Noord-Sotho	40 594	726	8933		50 253
	Suid- Ndebele		388	238		626
	Suid-Sotho	41 818	1 794	18 841		62 453
	Swati		970	8 620		9 590
	Tsonga	29 327	1 711	11 367		42 405
	Tswana	46 591	2 862	9 005		58 458
	Venda	11 125	500	6		11 131
	Xhosa	49 485	7 490	57 817		114 792
	Zulu	95 079	12 990	23 096		131 165

JAAR	TAAL	BYBELS	TESTA- MENTE	GEDEEL- TES	SELEK- SIES	TOTAAL
1997	Afrikaans	142 401	22 183	61 764	130 936	357 284
	Engels	157 041	18 670	166 953	109 846	452 510
	Noord-Sotho	39 906	6 322	23 930	2 000	72 158
	Suid- Ndebele		398	147	1 500	2 045
	Suid-Sotho	4 6872	6 309	15 457	2 900	71 538
	Swati	7 909	889	1 709	3 400	13 907
	Tsonga	23 005	5 776	16 956	1 500	47 237
	Tswana	45 594	3 690	19 318	1 500	70 102
	Venda	13 668	5 297	1 219	1 500	21 684
	Xhosa	9 591	50 490	47 282	5 800	113 163
	Zulu	103 053	13 629	70 113	4 700	191 495

JAAR	TAAL	BYBELS	TESTA- MENTE	GEDEEL- TES	SELEK- SIES	TOTAAL
1998	Afrikaans	139 986	34 988	50 211	38 048	263 233
	Engels	163 459	19 853	58 669	32 737	274 718
	Noord-Sotho	35 645	2 620	37 337	2474	78 076
	Suid- Ndebele		490	7 683	1 200	9 373
	Suid-Sotho	50 179	2 880	25 869	3 920	82 848
	Swati	6 651	990	10 872	900	19 413
	Tsonga	22 937	1 475	70 603	800	95 815
	Tswana	49 331	3 349	27 965	4 250	84 895
	Venda	12 527	586	11 279	1 200	25 592
	Xhosa	54 434	3 953	12 060	2 550	72 997
	Zulu	106 641	17 333	32 820	7 750	164 544



JAAR	TAAL	BYBELS	TESTA- MENTE	GEDEEL- TES	SELEK- SIES	TOTAAL
1999	Afrikaans	116 751	9 598	41 020	589 610	756 979
	Engels	161 751	15 670	65 508	226 682	469 611
	Noord-Sotho	30 994	3 161	7 671	4 621	46 447
	Suid- Ndebele		584	1 054	1 900	3 538
	Suid-Sotho	53 844	19 788	7 046	2 836	83 514
	Swati	3 649	401	2 515	3 300	9 865
	Tsonga	18 690	2 172	3 977	704	25 543
	Tswana	37 120	4 438	9 242	5 400	56 200
	Venda	11 863	265	2 253	2 900	17 281
	Xhosa	46 833	5 847	15 139	10 352	78 171
	Zulu	100 097	7 614	27 829	13 400	148 940

Uit bogenoemde syfers en tabelle kan daar 'n verskeidenheid van afleidings gemaak word. Die belangrikste is seker dat na die eerste demokratiese verkiesing daar meer Engelse Bybels as in enige ander taal versprei is. Afrikaanse Bybels bly deur die jare sterk in aanvraag. Die verspreiding van Zulu Bybels vind sy hoogtepunt die afgelope dekade in die jaar net voor die eerste demokratiese verkiesing. Sedert 1997, nadat die Swati Bybel bekend gestel is, word hierdie Bybels redelik versprei. Daar moet egter in gedagte gehou word dat Swatisprekers die Zulu Bybel uit skool uit gebruik aangesien hierdie twee tale deel is van die Nguni taalgroeperings en onderling goed verstaanbaar is.

As hierdie verspreidingsyfers volgens tale bestudeer word, kan die vraag ontstaan hoekom daar nie meer Bybels onder die tradisionele Afrika taalsprekendes versprei word nie. Sou dit kan wees omdat hierdie mense merendeels blootgestel was aan van die praktyke van apartheid, naamlik 'n swak ekonomiese posisie en minderwaardige onderwys? Is daar 'n vertrouensbreuk tussen die Bybelgenootskap en daardie groeperinge? Kan dit wees dat die Bybelgenootskap gesien word as 'n blanke organisasie wat alleen die belange van daardie groep dien?

Na my mening lê die swak verspreiding van die Bybels in die inheemse tale, behalwe Afrikaans, op die terrein van die ekonomie asook swak verspreidingskanale.

Ten opsigte van die ekonomie is dit so dat die persone in die landelike gebiede die slagoffers is van armoede en swak sosio-ekonomiese omstandighede. As gevolg van hierdie omstandighede is die verspreidingskanale nie so geredelik beskikbaar nie aangesien die handel net ingestel is op winsneming. Daar sou met reg gevra kan word

of dit die verantwoordelikheid van die Bybelgenootskap is of dalk van die kerke, om toe te sien dat Bybels by die mense uitkom. Ek sou die voorsiening van Bybels aan lidmate as die verantwoordelikheid van die kerk beskou en daarom sou daar in gesprek met hulle getree kon word deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aangaande hierdie belangrike saak.

Verder is dit ook so dat Engels deur veral die jeug beskou word as die taal van die toekoms en word Engelse Bybels deur baie verkies bo 'n Bybel in die moedertaal. Hierdie punt kan nie genoeg onderstreep word nie, aangesien die invloed van hierdie feit oral oor na vore kom.

Hierdie probleme wat uitgelig is, behoort die kerke aan te spoor om meer en meer betrokke te raak by fisiese Bybelverspreiding. Kerke sal die uitdaging moet aanvaar en 'n groter rol moet begin speel aangesien daar nie op die georganiseerde handel staat gemaak kan word vir verspreiding in die agtergeblewe gebiede van ons land nie. Georganiseerde handel soos groot kettingwinkels en ander winkels is gesentreer in die metropolis en groot plattelandse dorpe. Die landelike gebiede bly dus tot 'n groot mate uitgesluit, en daarmee die tekort aan die Woord.

Die strukturele eenwording van kerke plaas verder 'n taal soos Engels in die sentrum van aanbidding aangesien dit beskou word as 'n taal wat deur almal verstaan word. Hierdie tendens is veral sigbaar in die stedelike gebiede waar die normaliseringsproses van ons samelewing makliker en gladder verloop.

Dit is my mening dat as verspreidingskanale uitgebrei kan word sodat die landelike gebiede vrylik toegang tot die Woord kan kry en die Bybels steeds bekostigbaar voorsien word, daar 'n positiewe styging in die verspreidingsyfers bespeur sal word. Daar sal egter deur die Bybelgenootskap erns met hierdie saak gemaak moet word ten einde steeds getrou aan sy missie te bly. Die vraag kan egter gevra word of dit die taak van die Bybelgenootskap is om hierdie kanale te skep.

5.4.5 Verspreidingskanale

Voordat daar enigsins verder na verspreidingsyfers gekyk kan word, moet die verspreidingskanale eers onder die loep geneem word.

Dit is belangrik om na hierdie kanale te kyk, want as voorsiener van Bybels en verwante materiaal aan diegene wat betrokke is by fisiese verspreiding, is dit insiggewend en verklarend ten opsigte van die hoe van verspreiding.

In die voorafgaande punt is daar veel gemaak van die potensiele uitbou van verspreidingskanale. Hierdie uitbou van verspreidingskanale bly seker die grootste enkele uitdaging vir die Bybelgenootskap. Dit is 'n gegewe dat Bybels by die mense moet uitkom en in hierdie proses het die Bybelgenootskap vennote nodig. Dit is hierdie vennote wat deel vorm van die verspreidingskanale, maar die vraag sal beantwoord moet word of hierdie kanale maksimaal en tot volle potensiaal funksioneer.

Vervolgens dan die tabel wat die verspreidingskanale en hulle markaandeel in verspreiding weerspieël.

VERSPREIDINGSKANALE VAN VOLLEDIGE BYBELS

Jaar	Algemene Handelaars	Christelike Boekwinkels	Kerke	Opvoedkundige Inrigtings	Ander	Allerlei	Totaal
1990	37%	41%	14%	4%	1%	3%	662 674
1991	36%	40%	15%	5%	1%	2%	723 449
1992	39%	39%	15%	3%	1%	3%	742 024
1993	41%	26%	10%	15%	7%	2%	984 927
1994	28%	28%	11%	31%	1%	2%	933 727
1995	35%	38%	16%	6%	1%	4%	664 374
1996	43%	34%	15%	3%	5%	0%	635 882
1997	39%	36%	16%	5%	4%	0%	661 791
1998	33%	42%	18%	4%	3%	0%	671 283
1999	31%	47%	18%	1%	3%	0%	606 421

Voordat bogenoemde tabel ontleed word, is daar enkele sake waarvan kennis geneem moet word. Hierdie syfers reflekteer net die aankope van Bybels vir verspreiding deur die onderskeie groeperinge. Die syfer van Kerke reflekteer net die direkte aankope van kerke en gemeentes by die Bybelgenootskap.


Opvoedkundige Inrigtings is die aankope wat vir skole deur die betrokke onderwysdepartemente gemaak is. Skole se direkte aankope word ook onder hierdie kategorie verreken.

In die proses van die Woord beskikbaar stel vir verspreiding, is die handel met hulle verskeie afsetpunte 'n vennoot wat die Bybelgenootskap nie mag vervreem nie. Die sekulêre handel en die christelike boekhandel se aankope by die Bybelgenootskap verteenwoordig meer as 75 % van die Bybelgenootskap se omset.

Dit is slegs in 1994 waar daar 'n ander patroon na vore gekom het, maar dit moet toegeskryf word aan 'n baie spesiale projek om Bybels in die hande van skoolkinders te plaas.

Die lewering van Bybels aan skole kan grafies soos volg geïllustreer word:

BYBELS DEUR SKOLE EN OPVOEDKUNDIGE INRIGTINGS VERSPREI



1994	1995	1996	1997	1998	1999
285 032	41 072	18 225	29 424	17 510	6 936

Hierdie kategorie van verspreiding het die afgelope dekade myns insiens nie aan die verwagting voldoen nie. Dit is baie duidelik sigbaar vanuit die grafiek. Die skole en kerke as verspreidingskanale is miskien twee terreine wat in die jare wat voorlê

geteiken kan word, aangesien hierdie verspreidingskanale nie aan die verwagting voldoen het nie. As die Bybel sy regmatige plek in skole en kerke kan inneem en die kerke opnuut erns maak met fisiese Bybelverspreiding, sal hierdie kategorieë se syfers dramaties styg.

Die invloed van die verspreiding wat deur skole en kerke gedoen kan word, sal na my mening 'n dramatiese invloed uitoefen op die breë gemeenskap. Met die moraliteit van die Suid-Afrikaanse samelewing wat opnuut onder die vergrootglas geplaas word met die HIV/Vigs krisis, behoort daar weer na die Bybel terugkeer te word. Die Bybel moet nie alleen vrylik beskikbaar wees nie, maar dit moet gelees word sodat die invloed daarvan kan deurwerk in ons gemeenskappe wat onder druk verkeer. Die brandende vraag weer eens is wie die verantwoordelikheid vir hierdie aksies gaan neem, die Bybelgenootskap of die kerke en sendingorganisasies.

5.4.6 Verspreidingsyfers volgens subsidie

Die Bybelgenootskap is deur sy missie genoop om Bybels teen 'n bekostigbare prys daar te stel. Bekostigbaar word deur die Bybelgenootskap gedefinieer as Bybels wat so goedkoop is dat selfs die armste persoon dit kan bekostig. Hierdie aanslag beteken dat sekere formate van die Bybel heelwat onder produksieprys beskikbaar gestel word vir verspreiding. Hierdie tekort op die Bybels word uit eie fondse gedra. Die formate wat so versprei word, is die swart Hardebandbybel, sowel standaard as in grootdruk.

Hierdie subsidiëring van Bybels is van toepassing op Bybels in al die tale van Suid-Afrika. Verder is dit nie net Bybels wat so gesubsidieer word nie, maar ook Skrifgedeeltes wat die Nuwe Leserreeks insluit en Skrifseleksies wat voorsiening maak vir die Nuwe Leserreeks.

Die tabel hieronder is totale verspreiding wat gedoen is en die verhouding tussen gesubsidieerde en nie-gesubsidieerde materiaal.



Jaar	Gesubsidieerd	%	Nie gesubsidieerd	Totaal
1990	1 016 182	94%	69 366	1 085 548
1991	1 194 614	92%	103 231	2 297 845
1992	1 141 312	94%	93 769	1 235 081
1993	1 291 395	85%	234 042	1 525 437
1994	1 373 360	95%	77 144	1 450 504
1995	934 110	95%	147 640	981 750
1996	916 424	93%	68 606	985 030
1997	1 428 115	96%	56 141	1 484 256
1998	1 167 517	95%	56 933	1 224 450
1999	1 686 441	97%	51 789	1 738 230

Bogenoemde tabel toon baie duidelik aan onder watter druk die Bybelgenootskap is om finansiëel te presteer ten einde Bybels en verwante materiaal steeds so goedkoop moontlik daar te stel. Ten tye van hierdie studie kos 'n standaard swart Hardebandbybel net R 29.50 en die standaard Grootdrukbybel slegs R 49.00. In enige terme sou dit beskryf kan word as bekostigbaar.

5.5 Verspreidingsyfers in die Transkei

Die rol van die Transkei ten opsigte van Bybelverspreiding in Suid-Afrika kan vir geen oomblik negeer word nie. Sedert die werk in 1963 begin is, met sy eie sekretaris en Bybelhuis in Umtata, was dit geseënde werk. As gevolg van die politieke situasie het Transkei in 1970 'n outonome Bybelgenootskap onder die vleuels van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe geword. Tot op datum is die Bybelgenootskap van Transkei 'n outonome Bybelgenootskap wat ressorteer onder die Suider-Afrika Streek van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe.

Om die volle impak van Bybelverspreiding in Suid-Afrika te verstaan, moet hierdie Bybelgenootskap se syfers in verband gebring word met die syfers van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Transkei is tans nie meer 'n polities onafhanklike staat of tuisland nie, maar is polities en staatkundig deel van die Oos-Kaap Provinsie. Vir alle vorme van administrasie is die ou Transkei deel van Suid-Afrika. Die implikasie van hierdie posisie sal later weer aangeraak word.

Die verspreidingsyfers van Transkei die afgelope dekade lyk soos volg. Die tale waarin die meeste Bybels versprei is, is Xhosa, Engels en Suid-Sotho.

TRANSKEI – VERSPREIDINGSYFERS

Jaar	Bybels	Testamente	Gedeeltes	Nuweleser Gedeeltes	Seleksies	Totaal
1990	27 287	998	1 218	67	2 544	32 114
1991	13 263	1 808	854	3 269		19 194
1992	11 811	296	2 192	6 472		20 771
1993	33 224	883	864	7 693	100	42 764
1994	14 951	318	17 691	4 135		37 095
1995	12 894	529	4 824	2 460		20 707
1996	12 656	307	3 285	1 126		17 374
1997	14 264	428	1 510	1 113		17 315
1998	8 867	542	2 577	676		12 662
1999	8 807	299	3 327	903		13 336

Uit hierdie tabel is dit duidelik dat die verspreidingsyfers redelik in verhouding staan met die ander streke in Suid-Afrika wat in die tradisionele agtergeblewe gebiede werksaam is. Die syfers van Transkei is hoër as Soweto en KwaZulu, maar substansieel minder as Port Elizabeth, wat ook die Oos-Kaap Provinsie bedien. Desnieteenstaande word daar groot werk ten opsigte van die beskikbaarstelling van die Bybel vir verspreiding gedoen.

Hierdie streek se verspreidingsyfers het soos die ander streke in Suid-Afrika ook met dalende verspreidingsyfers te doen gehad. Die presiese rede hiervoor is nie heeltemaal duidelik nie, maar dit kan wees dat dit met die normale aanvraag en aanbod van Bybels gepaard gaan.

5.6 Spesiale formate Bybels

5.6.1 Braillebybels en Skrifdele

Die missionêre werk van kerke en sendingorganisasies was deur die jare ook gekenmerk deur die werk wat onder gestremdes gedoen is. Die menige skole vir kinders met een of ander gestremdheid was nog altyd 'n getuie van kerke en gelowiges se liefde wat prakties geraak het.

Hierdie skole was veral gerig op die fisiese gestremdes, gehoorgestremdes en gesiggestremdes. Voorbeelde in verskillende dele van ons land is Tshilidzini Sendingstasie in Vendaland asook Pionierskool te Worcester in die Boland. Ten opsigte van die gesiggestremdes, wat sowel blindes as swaksiendes insluit, moes die Woord in Braille omgesit word of alternatiewelik moet daar van oudiokassette gebruik gemaak word.

Die Bybel in Braille het 'n baie interessante verloop wat juis die belangrikheid van hierdie behoefte onderstreep en die erns wat die Bybelgenootskap met hierdie behoefte gemaak het.

Smit (1970:99) skryf dat die eerste volledige Afrikaanse Bybel in Braille, na aanvanklik baie probleme, op 21 Oktober 1941 deur ds HPM Steyn in ontvangs geneem is. In die verslagjaar 1966-1967 verskyn die Lukas Evangelie in Braille vir die Xhosa-sprekendes. Ten spyte van die werk wat in die laat sestigerjare begin is om Skrifdele in Braille te skryf, is daar nog steeds net in Afrikaans, beide die 1953 en 1983 vertaling, en Engels die volledige Bybel in Braille beskikbaar. Daar is huidig Skrifdele beskikbaar in Venda (Lukas Evangelie), Xhosa (Johannes, Lukas Evangelies), Zulu (Lukas Evangelie), Noord-Sotho (Lukas Evangelie), Suid-Sotho (Johannes Evangelie), Suid-Ndebele (Markus Evangelie), Tsonga (Lukas en Johannes Evangelie) en Sentraal Tswana (Johannes Evangelie).

Die verspreidingsyfers van die Braille Bybels asook Testamente en Skrifdele die afgelope ses jaar lyk soos volg:

Jaar	Afrikaans			Engels			Zulu			Xhosa		
	Bybels	Testamente	Skrifdele	Bybels	Testamente	Skrifdele	Bybels	Testamente	Skrifdele	Bybels	Testamente	Skrifdele
94	49		323	13		269						
95	15		158	11	2				2		1	
96	11		11	19		77			35			2
97	22		5	14	3	37			1		2	
98	32		33	13	4	173		5	3		2	8
99	12		19	15	1	58			20			30

Jaar	Noord Sotho			Suid Sotho			Tsonga			Venda		
	Bybels	Testamente	Skrifdele	Bybels	Testamente	Skrifdele	Bybels	Testamente	Skrifdele	Bybels	Testamente	Skrifdele
94												
95												
96												
97												
98												
99			24			30			20			11

Bogenoemde tabel reflekteer die Braille Bybels en Skrifdele wat die afgelope ses jaar versprei is. Wat hierdie tabel uitlig, is dat daar materiaal beskikbaar is, maar wat vir baie jare nie 'n afset het nie. Hierdie tendens laat ontstaan die vraag hoekom daar nie meer Skrifdele in die ander tale behalwe Afrikaans en Engels versprei word nie? Is daar nie 'n behoefte aan moedertaalgeskrifte nie? Is daar werklik so 'n groot behoefte aan Braillegeskrifte dat die Bybelgenootskap die onkoste moet aangaan om hierdie Bybels voor te berei? Tans kos 'n volledige Braille Bybel oor die R 2000.00 om te produseer terwyl dit vir R 30.00 verkoop word. Los Skrifdele word teen R 1.00 per deel verkoop. Kan die Bybelgenootskap dit finansiële bekostig om sulke enorme verliese te ly?

Uit die aard van die Bybelgenootskap se eie missie is dit sy morele plig om voorsiening te maak vir hierdie aspek van Bybelverspreiding. As dit die behoefte van die kerk is, moet daaraan gehoor gegee word. Ek is egter van oortuiging dat die lae verspreidingsyfer van die Skrifdele in Braille te doen het met twee faktore. Eerstens hang dit na my mening saam met die geletterdheidsvlak van die Blindes in veral die agtergeblewe gemeenskappe. Verder moet die invloed van Engels as voertaal nie uit die oog verloor word nie. Die invloed is enorm en die jongmense van vandag verkies om in Engels onderrig te word.

Tweedens is dit na my mening die taak van die kerke en sendingorganisasies om hierdie besondere Skrifdele by die mense uit te bring. Ek is van oortuiging dat die bewusmaking by die breë christelike gemeenskap van Braille Skrifdele wat beskikbaar is, nie in die veld van die Bybelgenootskap se werksaamhede lê nie. Dit is primêr die taak van die kerke om na die geestelike welsyn van sy lidmate om te sien en daarom Skrifgebruik aan te moedig.

Ten spyte van bogenoemde wil ek tot die gevolgtrekking kom dat ten spyte van die geweldige verliese, die Bybelgenootskap steeds moet voortgaan met hierdie taak. Die behoefte sal altyd daar wees, alhoewel nie noodwendig in groot volumes nie.

5.6.2 Oudiobybels en ander materiaal

Nie alle gesiggestremdes is by magte om Braille te lees nie. Hierdie feit word veral sterk beklemtoon wanneer die verspreidingsyfers van oudio materiaal onder oë geneem word.

ODIIOBYBELS EN LOS DELE

Jaar	Afrikaans			Engels			Zulu			Tswana		
	Bybels	Testamente	Losdele	Bybels	Testamente	Losdele	Bybels	Testamente	Losdele	Bybels	Testamente	Losdele
94	67			27	75	19		3				
95	113			2	73	8		8		2		
96	145			12	73	7		4		1		
97	104			18	72	8		4		1		
98	151			46	55	9		5		1		
99	108			52	49	5		7				

Jaar	Xhosa		
	Bybels	Testamente	Losdele
94			
95		1	
96			2
97		2	
98		2	8
99		3	8

Hierdie oudio materiaal word aan die gesiggestremde teen 'n baie sterk gesubsidieerde prys beskikbaar gestel. Huidig kan 'n bona fide gesiggestremde 'n volledige Afrikaanse Bybel op oudiokassette aankoop teen R 90.00. Hierdie Oudiobybel bestaan uit 110 kassette. Die gewone siende persoon wat dieselfde produk wil aankoop, moet dit teen R 970.00 aankoop.

Die Bybel op oudio is beskikbaar in Afrikaans, 1953-en 1983-vertaling asook in verskeie Engelse vertalings. Dit is verder beskikbaar in Noord-Sotho (Nuwe Testament), Suid Sotho (Nuwe Testament), Sentraal Tswana (Nuwe Testament), Xhosa (Nuwe Testament) en Zulu (Nuwe Testament). Die Nuwe Testament word in hierdie tale tans aangekoop deur die gesiggestremde teen tussen R 25 en R 30. Andersins wissel die nie-gesubsidieerde prys tussen R 200 en R 450.

Weer eens is die aanvraag onder sekere van die tale nie so groot nie. Ten opsigte van oudio kan die gebrek aan die tegniese hulpmiddel soos die kasetopnemer om die bande te speel wel verhoed dat genoegsaam van hierdie kassette versprei word. Die rol wat kerke en sendingorganisasies behoort te speel ten opsigte van die bewusmaking van hierdie wonderlike hulpmiddel, kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die

voorlesing van die Woord kan vir die gestremde persoon tot ongelooflike stigting wees.

Hierdie hulp wat teen soveel verlies aan die blinde en swaksiende verleen word, onderstreep weer eens die Bybelgenootskap se passie om die Bybel beskikbaar te stel en om dit vir soveel mense toeganklik te maak.

Die Bybel in die inheemse tale van Suid-Afrika op band word vir die Bybelgenootskap voorberei deur verskillende organisasies, soos onder andere die Pionier Skool te Worcester. Die Engelse Bybels op band word deur die “Faith comes by Hearing”-organisasie voorberei en word deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika versprei.

Dieselfde beginsels wat geld ten opsigte van die normale Bybels en die verspreiding daarvan, geld ten opsigte van die oudio Bybels. In hierdie opsig is die Bybelgenootskap konsekwent in sy doelstelling om die Bybel bekostigbaar te voorsien.

Die las wat hierdie beginsel op die Bybelgenootskap plaas, sal in die volgende hoofstuk duidelik belig word.

5.6.3 Nuwe Lesergedeeltes

Daar is alreeds deur die loop van hierdie hoofstuk aandag gegee aan die Nuwe Lesergedeeltes en die mate waarin dit versprei is. Die vraag wat ek baie kortliks wil aanraak, is hoekom word hierdie materiaal so spesiaal behandel?

Die agenda van die Nasionale Raad van 21 Februarie 1991 werp lig op hierdie saak as daar geskryf staan:


Gedurende die laaste dekade van die twintigste eeu sal talle instansies wêreldwyd aandag bestee aan die probleem van ongeletterdheid. Daar word bereken dat een uit elke vier volwassenes in die wêreld nie met begrip kan lees nie. In Afrika is 156 miljoen (39%) van die inwoners bo 15 jaar ongeletterd.

Alhoewel dit nie die verantwoordelikheid van Bybelgenootskappe is om mense te leer lees nie, is dit noodsaaklik dat mense geletterd moet wees om (die beste) gebruik van die Bybel te maak. Bybelgenootskappe wêreldwyd sien dit dus as hulle taak om Skrifgedeeltes op verskillende vlakke van leesvermoë te produseer vir gebruik as brugmateriaal deur nuwe lesers. Dit beteken dat die eerste leesstof waarmee 'n nuwe leser kennis maak, 'n gedeelte van die Bybel is.

Die Bybelgenootskap het deur die jare kleurvol geïllustreerde materiaal in 10 van die elf amptelike tale voorberei om te dien as brugmateriaal vir diegene wat die wêreld van geletterdheid betree.

Die herhaling van die inligting soos in punt 5.4.3 toon juis die verspreiding van hierdie materiaal die afgelope klompie jare. Dit is egter jammer om te sien dat die verspreidingsyfer van hierdie brugmateriaal drasties afgeneem het. Aan die ander kant is dit tog verblydend dat hierdie materiaal wel gebruik word en 'n mens kan maar net bespiegel wat die effek van hierdie materiaal is op mense wat vir die eerste maal toegang verkry tot gedrukte materiaal. Ek is daarvan oortuig dat hierdie materiaal vir baie jare nog 'n handige en geseënde instrument in die hande van die kerke, sendingorganisasies asook opvoedkundige instansies gaan wees.

NUWE LESERS GEDEELTES



5.7 Bybels aan die Buiteland gelewer

Tot nou toe is die verspreidingsyfers ten opsigte van plaaslike verspreiding aan die orde gestel. Soos alreeds in 5.3 aangetoon is, voorsien die Bybelgenootskap van

Suid-Afrika nie net aan die plaaslike Bybelbehoefte nie, maar word daar werk gedoen vir Bybelgenootskappe in ons buurlande en tot hoog op in Afrika. Daar word nie net drukwerk gedoen nie, maar Bybels van dwarsoor die wêreld word aan hulle voorsien.

Die tabel toon juis hoeveel Bybels en verwante materiaal aan hierdie Genootskappe voorsien is en in hoeveel tale en na hoeveel bestemmings die Bybels gestuur is. Hierdie syfers sluit ook Bybels en verwante materiaal in wat aan die Bybelgenootskap van die Transkei gelewer is. Die syfers wat gebruik word, is sedert 1990.

BUITELANDS GELEWER AAN BYBELGENOOTSAPPE

Jaar	Bybels en Bybelgedeeltes	Tale	Bestemmings (Lande)
1990	399 547	48	18
1991	343 312	23	17
1992	312 810	24	22
1993	210 402	32	21
1994	322 066	28	20
1995	189 450	22	19
1996	142 367	28	20
1997	219 061	48	20
1998	206 353	39	20
1999	370 946	45	35

Hierdie syfers toon juis die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se vermoë om 'n leidende rol in Afrika te speel. Dit is verder uit hierdie gegewens duidelik dat ten spyte van die vorige politieke bestel die Bybelgenootskap Bybels en verwante materiaal vir die buiteland kon produseer. Hierdie feit onderstreep na my mening duidelik die sendingvisie wat aanwesig is in die werksaamhede van die Bybelgenootskap.

Die Bybelgenootskap het ten spyte van 'n politieke vyandige klimaat tydens die apartheidsjare uitgerek met die produksie van die Woord vir die buiteland. Die syfers onderstreep ook die vertroue wat hierdie ander Bybelgenootskappe gehad het en nog steeds het om van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se kundigheid ten opsigte van Bybelproduksie Bybelvoorsiening gebruik te maak. Veral die laaste jaar toon 'n dramatiese styging in voorsiening aan die Buiteland en veral die styging in die

hoeveelheid lande aan wie materiaal voorsien is, is 'n pluimpie vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Ten opsigte van hierdie nuwe uitreik moet die rol van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe se Suider-Afrika Streekkantoor wat in Johannesburg gesetel is, nie onderskat word nie. Met hierdie nouer bande tussen die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die wêreldliggaam is nuwe deure geopen.

Al die plaaslike werk wat in hierdie hoofstuk belig is, vra na fondse. Nie net moet die vertaling en druk van materiaal befonds word nie, maar ook die beskikbaarstelling van materiaal vir verspreiding. Daar moet nie vergeet word van die fondse wat nodig is om Bybels en ander materiaal steeds bekostigbaar te voorsien aan hulle wat daarom vra nie. In die volgende hoofstuk sal die finansiële aspekte van naderby bekyk word ten einde 'n geheelbeeld te kry van dit wat deur die jare vermag is.

HOOFSTUK 6

DIE FINANSIËLE ONDERBOU VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

6.1 Inleiding

Die voorafgaande hoofstuk is afgesluit met die opmerking dat om al die items soos Bybels en ander materiaal te produseer en om dit te versprei sodat mense dit in die hand kan neem, na fondse vra. Ek sal graag in hierdie hoofstuk aan die finansiële posisie en ondersteuningsbasis van die Bybelgenootskap aandag wil skenk. Dit is nodig ten einde 'n geheelbeeld te kry van die impak van sy werksaamhede, maar ook om vas te stel of 'n sendingvisie hierdie aspek van die werk van die Bybelgenootskap enigsins beïnvloed het.

In die inleidende paragraaf van die Jaarverslag (1999:3) van die Bybelgenootskap staan daar geskryf:

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika bestaan om in die Bybelbehoefte van alle mense te voorsien deur die Bybel geredelik beskikbaar te stel. Hierdie taak word uitgevoer in samewerking met die Christengemeenskap van wie die Bybelgenootskap finansiëel heeltemal afhanklik is.

Dit is hierdie afhanklikheid van die Christengemeenskap wat ek graag van nader wil bekyk omrede die Bybelgenootskap as 'n geloofsorganisasie juis aangewese is op die goedgesindheid van die kerke en die breë christelike gemeenskap.

Roland Allen (1971:112) maak baie van die term en gedagte wat deur Kanon Gairdner gemunt is, naamlik plaasvervangende sending (missions by proxy). Dit beteken die oordrag van jou sendingtaak aan iemand wat dit namens jou doen. Allen waarsku sterk teen die gebruik deur organisasies om gelowiges finansiëel te teiken deur hulle daarop te wys dat dit die gelowige se taak is om ander in staat te stel om sendingwerk te onderneem as hulle self nie kan nie. Op hierdie manier word die goedgeelowige christen emosioneel

geteiken vir sy finansiële ondersteuning. Is dit ook die werkswyse by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika? Kan fondse anders as met 'n emosionele oproep ingesamel word?

Gedagtig aan bogenoemde vrae is dit opvallend dat sedert die stigting van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap die werk van Bybelverspreiding en die befondsing daarvan, 'n geloofsaksie is. Hierdie feit word pragtig geïllustreer deur die pragtige bedrag van £700 wat tydens die stigtingsvergadering geïen is. Smit (1970:25) maak melding daarvan dat met die wederoprigting van die Suid-Afrikaanse Hulpvereniging in 1846 daar 'n kollekte by die deur opgeneem is wat die mooi bedrag van R 64 (die ekwivalent in 1970) opgelewer het. Die grondslag van vrywillige bydraes is toe alreeds gelê.

Met die stigting van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe het die befondsing van die werk van die onderskeie Bybelgenootskappe ook onder die loep gekom. Robertson (1996:28) haal Olivier Béguin aan, 'n voormalige Hoofsekretaris van hierdie wêreldliggaam, wat alreeds in 1949 sê dat die finansiële ondersteuning, wat van kerke kom, nie genoegsaam is om aan die honger vir die Woord te voorsien nie. Hy maak verder die volgende opmerking:

The Bible Societies are not free distributors of Scripture, but their prices are matched to the ability to pay. Thus, unlike other publishers, they could not calculate the costs of administration and production and fix the price to assure a profit. Subsidy meant raising money. This the Bible Societies had constantly to do, and each worked out its own method (Robertson 1996:28).

Dit is hierdie eiesoortige manier van fondsinsameling en die gepaardgaande finansiële posisie van die Bybelgenootskap wat Smit (1970:105) deeglik bespreek. Wat ek egter wil beklemtoon, is die unieke vergadering van ds van Arkel met die verteenwoordigers van sowat 55 Kerke en Sendingorganisasies in Johannesburg op 18 Februarie 1964. By hierdie geleentheid is die kerke en sendingorganisasies nie net aangespoor tot fisiese Bybelverspreiding nie, maar ook tot groter ondersteuning van die Bybelgenootskap sodat die verspreidingsyfer van Bybels en verwante materiaal drasties verhoog kan word. Op

hierdie manier is daar werklik gepoog om die kerke en sendingorganisasies aan te spoor om eienaarskap van die Bybelgenootskap te aanvaar. Die vennootskap tussen die Bybelgenootskap en die kerke en sendingorganisasies is op hierdie manier verstewig.

Dit is juis hierdie werksmetode van die Bybelgenootskap wat hierdie organisasie anders maak. Daarom is die siening van Allen nie regtig van toepassing op die Bybelgenootskap nie. Hierdie werksmetode sal later in die hoofstuk verder belig word.

Sedert daardie geskiedkundige vergadering in Johannesburg het daar by wyse van spreke baie water in die see geloop. Nie alleen op politieke en sosio-ekonomiese terrein het sake verander nie, maar soos alreeds in die voorafgaande hoofstuk aangetoon ook ten opsigte van vertaling en produksie van Bybels en verwante materiaal. Vervolgens 'n voëlvlug oor die finansies van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.


6.2 Finansiële posisie sedert 1965

Sedert 1 November 1965 het 'n nuwe tydvak vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aangebreek. Die Hulpvereniging van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap het 'n selfstandige Bybelgenootskap geword. Met hierdie onafhanklikheid het die volle verantwoordelikheid ten opsigte van finansies op die jong Genootskap se skouers kom rus. Nie alleen moes die nodige fondse gevind word nie, maar dit moes outonoom bestuur word.

Dit is hierdie ontwikkeling sedert 1965 wat ek graag sal wil belig, want dit behoort baie duidelik te toon of hierdie jong onafhanklike Bybelgenootskap werklik sy missionêre verantwoordelik kon nakom, veral as daar in gedagte gehou word dat volle lidmaatskap van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe in 1966 aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika toegestaan is. Hierdie voorreg het 'n verdere verantwoordelikheid op hierdie Genootskap se skouers gelaai.

Vervolgens 'n kykie na hoe die finansiële posisie van die Bybelgenootskap in tydperke van 5 jaar ontwikkel het. Daar sal eers na die inkomstes gekyk word.

Jaarlikse Totale Bydraes per 5 jaar periode sedert 1965



Die groei wat sedert 1965 plaasgevind het is, fenomenaal. Van 'n nederige 2,5 miljoen rand in die eerste 5 jaar het daar 'n konstante groei deur die jare plaasgevind. Hierdie groei vind 'n hoogtepunt in die periode 95/99. In die voorafgaande periode, 90/94 was daar twee Bibliathons wat plaasgevind het, en ten spyte daarvan dat daar nie spesiale fondsinsamelingspogings was nie, is daar in die laaste vyfjaarperiode oor die R 90 miljoen ingesamel. Die twee Bibliathons het by benadering 18 miljoen Rand addisioneel ingebring vir die Bybelgenootskap.


Dit is opvallend om te merk dat gedurende die laaste dekade die Bybelgenootskap daarin kon slaag om sy fondsinsameling radikaal te verhoog. Ek is van oortuiging dat die twee Bibliathons hiertoe meegewerk het. Hierdie grafiek toon baie duidelik dat die Bybelgenootskap wel die nodige fondse kon genereer om tred te hou met die finansiële uitdagings van Bybelverspreiding.

Wat hierdie grafiek nie toon nie, maar wat na my mening belangrike mylpale is, is dat in 1970 die Bybelgenootskap se inkomste die eerste keer die R1 miljoenkerf per jaar verbygesteek het. In 1989 is die R10 miljoenkerf deurbreek en in 1991 was die Bybelgenootskap se inkomste meer as 20 miljoen Rand vir 'n enkele jaar.

6.3 Finansiële posisie sedert 1990

In die vorige hoofstuk is die verspreidingsyfers vir Bybels en verwante materiaal sedert 1990 belig. Ek sal graag die afgelope dekade se inkomste volgens donasies onder die loep wil neem aangesien dit ook saamhang met die verspreidingsyfers en die groei of gebrek aan vordering kan toelig.

Jaarlikse Totale Inkomste sedert 1990



Hierdie grafiek toon baie duidelik dat die Bybelgenootskap ten opsigte van befondsing die afgelope dekade 'n op-en-afperiode beleef het. Die twee uitstaande jare is die twee waartydens daar 'n Bibliathon plaasgevind het. Van 'n inkomste van R12,5 miljoen in 1990 is daar gegroei tot waar daar vandag in 1999 gestaan word, R18,9 miljoen.

Om hierdie tipe inkomste te genereer, en dit vir 'n geloofsorganisasie, is in enige terme 'n formidabele prestasie. Dit op sigself getuig van groot genade en harde werk.

Hierdie grafiek beklemtoon ook die feit dat die Bybelgenootskap werklik in 'n vertrouensverhouding moet staan met die breë christelike gemeenskap, anders sou die vrywillige ondersteuning nie so fenomenaal wees nie. Die grafiek toon verder dat daar nie 'n stagnasie ten opsigte van inkomstes plaasgevind het nie. Stagnasie is en bly egter 'n gevaar en daarom sal daar deurentyd aan die werwing van nuwe donateurs aandag gegee moet word.

Dit is een saak om 'n produk aan te koop, maar 'n ander saak om finansiëel tot 'n saak by te dra. Dit blyk dus duidelik dat die ondersteuning van die Bybelgenootskap goed is.

Daar sal egter nie teruggesit kan word nie, aangesien daar 'n eskalاسie in uitgawes is soos later sal blyk.

6.4 Bronne van inkomste

In die voorafgaande paragrawe is daar aangetoon hoe die inkomste van die Bybelgenootskap die afgelope 35 jaar fenomenaal gegroei het en dan veral met rasse skrede die afgelope dekade. Om hierdie tipe van ondersteuning te genereer, beteken dat die Bybelgenootskap in 'n besondere verhouding met sy donateursbasis moet staan.

Inkomste word op verskeie maniere gegeneer. Die Bybelgenootskap verkry inkomste uit verkope van Bybels, donasies deur individue, kerke, besighede en ander skenkings. Wat egter nooit vergeet moet word nie is dat geen fondse van die Staat ontvang word nie. Nie in die verlede nie en ook nie huidig nie.

Die donateursbasis van die Bybelgenootskap bestaan histories uit Kerke en individuele gelowiges. Hierdie gelowiges ondersteun die Bybelgenootskap via hulle kerke, persoonlik deur donasies direk aan die Bybelgenootskap te stuur, asook deur middel van testamentêre bemakings. Gelowiges laat ook hulle invloed by besighede geld en op hierdie wyse word die Bybelgenootskap verder ondersteun. Die Bybelgenootskap orden sy inkomste volgens die volgende kategorieë: individue, kerke, boedels en ander (wat ook besighede insluit). Die afgeronde bydraes wat uit hierdie kategorieë die afgelope dekade ontvang is, lyk soos volg:

INDIVIDUE, KERKE, BOEDEL S EN ALLE ANDER BYDRAES AS 'N PERSENTASIE VAN TOTALE BYDRAE-INKOMSTE. BEDRAE AFGEROND NA HONDERDDUISENDE '000									
Jaar	Individue	%	Kerke	%	Boedels	%	Ander	%	Totaal
1990	5 013	40%	4 260	34%	2 019	16%	1 203	10%	12 495
1991	9 338	43%	6 245	29%	1 996	9%	3 980	18%	21 585
1992	6 226	40%	4 552	29%	2 932	19%	1 743	11%	15 455
1993	6 444	41%	47 127	31%	2 823	18%	1 403	10%	15 384



1994	10 684	43%	6 855	28%	3 601	15%	3 555	14%	24 695
1995	6 906	44%	49 909	31%	2 627	17%	1 303	8%	15 745
1996	8 631	45%	5 431	28%	3 520	18%	1 660	9	19 241
1997	6 045	35%	5 934	34%	4 216	24%	1 219	7%	17 414
1998	6 844	35%	6 393	33%	4 419	23%	1 738	9%	19 395
1999	6 862	36%	7 033	37%	3 197	17%	1 816	10%	18 907

Die syfers toon dat daar 'n tendens ten opsigte van die bydrae-patroon te bestudeer is. Die bydraes wat die afgelope drie jaar van individue ontvang is, toon die druk waaronder hierdie donateurs verkeer. Hierdie basis blyk kleiner te word. Bydraes die volgende aantal jare sal beslis aantoon of die verskuiwing wat in die ekonomiese sektor plaasvind met die demokratiseringproses van Suid-Afrika, so in die bydraes van die Bybelgenootskap gereflekteer sal word. Die verdere vraag wat in tyd beantwoord sal word is of die instelling van die staatslotery 'n wesenlike invloed op die donateurs van kleiner bydraes gaan uitoefen. Gaan die versoeking nie te groot wees om eerder die geld wat aan die Bybelgenootskap gestuur is, te spandeer op die staatslotery om sodoende 'n paar rand te wen nie? Die verdere en baie moeilike vraag is of die donateursbasis so deur die uittog van veral blankes na die buiteland beïnvloed is, dat die daling in individuele bydraes gaan bly voortduur? Die mees brandende vraag is of die opkomende swart middelklas met sy vinnige ekonomiese bemagtiging enigsins al vir die saak van Bybelverspreiding bereik is?

Die Bybelgenootskap steun verder baie swaar op testamentêre bemakings, wat 'n groot deel van die inkomste uitmaak. Hierdie is 'n kategorie wat sal wissel, soos gesien word in die laaste jaar se syfer, en dit is dus baie moeilik om hierdie kategorie te gebruik om te begroot. Die vraag kan met reg gevra word of hierdie kategorie deel van 'n inkomstebegroting moet wees? Wat egter verblydend en baie positief is, is dat gelowiges steeds bereid is om die Bybelgenootskap in hulle testamente te benoem. Weer eens sal die toekoms moet aantoon of die Bybelgenootskap daarin gaan slaag om die volle bevolking van Suid-Afrika in sy testamentêre inkomste gereflekteer te kry.

Sonder die ondersteuning van die kerke sou die Bybelgenootskap nie naastenby sy verpligtinge kon nakom nie. Dit is dus geen wonder dat die huidige Hoofsekretaris, ds GS Kritzinger in sy jongste jaarverslag aan die Nasionale Raad van die Bybelgenootskap

van Suid-Afrika wys op die belangrike vennootskap wat daar bestaan tussen die kerke en die Bybelgenootskap nie. Hierdie siening word onderstreep deur die groei wat daar besig is om plaas te vind in die kerke se finansiële ondersteuning aan die Bybelgenootskap.

Uit persoonlike omgang met leraars van verskillende denominasies blyk dit dat gemeentes onder druk verkeer as gevolg van die ekonomie. Veral die tradisionele blanke Afrikaanse kerke en sommige hoofstroom blanke Engelse kerke, wat vroeër relatief welgesteld was, verkeer tans onder druk.

6.5 Inkomste volgens streke

Vervolgens sal 'n oorhoofse beeld gegee word van die inkomste soos deur die onderskeie streke gegenereer.

INKOMSTE IN DUISENDE VOLGENS STREKE								
Jaar	Kaapstad	Durban	Johannesburg	Bloemfontein	Port Elizabeth	KwaZulu Natal	Soweto	Hoofkantoor
1990	3 278	608	5 864	1 962	656	100	10	19
1991	5 440	1 439	10 117	2 757	1 484	237	55	34
1992	4 118	158	7 038	1 608	1 038	108	13	23
1993	3 897	1 560	7 178	1 597	925	168	7	50
1994	5 902	1 825	11 886	3 098	1 520	341	168	8
1995	4 391	1 239	7 197	1 803	916	124	12	65
1996	5 810	1 221	8 406	2 247	1 272	263	15	4
1997	6 327	898	6 865	1 862	1 268	153	36	6
1998	6 430	1 234	7 996	2 082	1 457	151	45	
1999	5 117	1 057	8 694	2 466	1 385	160	28	

Hierdie vergelykende syfers toon baie duidelik die inkomstepatroon in Suid-Afrika. Soos vroeër alreeds aangetoon is, het die Bybelgenootskap van Suid-Afrika in sewe streke verdeel met elke streek wat werk vanuit 'n Bybelhuis wat in daardie streek gesetel is. Johannesburgstreek, wat veral vir die bediening van donateurs in die vier noordelike provinsies verantwoordelik is, genereer ongeveer 46% van die totale inkomste van die

Bybelgenootskap. Soos wat uit die syfers vir Bybelverspreiding na vore gekom het, is hierdie kantoor aan die voorpunt van die Bybelgenootskap se aktiwiteite.

Die verspreidingsyfers rondom die verspreiding van volledige Bybels het baie duidelik aangetoon dat die twee kantore wat toegespits in die tradisioneel agtergeblewe gemeenskappe werk onder druk verkeer. Dieselfde tendens is te bespeur ten opsigte van die finansies. Die KwaZulu-kantoor ontvang wel inkomstes wat van die noorde van KwaZulu-Natal daarheen gekanaliseer word, naamlik geld wat vanuit die tradisionele blanke kerke kom. Bo en behalwe hierdie bydraes word fondse gegenereer uit veral die Zulu sprekende gemeentes van die verskillende kerklike denominasies.

Die kantoor in Soweto bedien tradisioneel Soweto, maar daar word ook onder die verskillende kerklike denominasies buite Soweto gewerk, wat die Afrikaanse gemeentes van die Verenigende Gereformeerde Kerk insluit. As in gedagte gehou word dat al die ander kantore alreeds meer as 'n miljoen rand per kantoor insamel, moet daar indringend gevra word na die wenslikheid om kantore in stand te hou wat volgens alle standaarde nie die finansiële resultate lewer wat nodig is nie.

Die vraag kan met reg gevra word of hierdie kantore nie maar afgeskaal moet word tot depots nie en die personeel oorgeplaas en geïnkorporeer moet word by die kantore in Durban en Johannesburg nie? Dieselfde besinning sal gedoen moet word sou Transkei in die toekoms weer onder die vleuels van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika geplaas word. Kan onnodige uitgawes geregverdig word as daar 'n behoefte aan Bybels is? Hierdie is na my mening vrae waaraan die Nasionale Raad van die Bybelgenootskap en sy Uitvoerende amptenaar, naamlik die Hoofsekretaris, indringend aandag sal moet skenk.


6.6 Inkomste van Transkei

In Hoofstuk 5.5 is die verspreidingsyfers van die Transkei onder die loep geneem. Daar is uitgegaan van die standpunt dat Transkei 'n integrale deel van Suid-Afrika is. Hierdie

standpunt word ondersteun deur sy geografiese ligging en die feit dat die Transkei deel van die politieke opset in Suid-Afrika vorm.

Dit is egter nie net korrek om na die verspreidingsyfers te kyk nie, maar die finansiële posisie behoort ook belig te word. Tans word die Bybelgenootskap van Transkei deur die Wêreldbond van Bybelgenootskappe se Wêrelddiensprogram ondersteun. Hierdie Bybelgenootskap genereer tog ook sy eie fondse deur middel van fondsinsamelingspogings en deur huurinkomste.

Inkomstesyfers volgens US \$



Die jare waar daar 'n skerp styging aangetoon word, is die jare waarin die huurinkomste saam met die ander inkomste weerspieël word. Die syfers word in US \$ weergegee aangesien dit die wyse is waarop die WBG dit weergee in hulle jaarverslag. As 'n reël was die inkomste in die omgewing van US \$ 5000. Wat egter positief is, is dat daar 'n daadwerklike poging aangewend word om fondse te genereer. Ten spyte van hierdie pogings benodig Transkei jaarliks meer as US \$ 30 000 om in bedryf te bly.

6.7 Bibliathon 1991 en 1994

Tydens 1991 en 1994 het die Bybelgenootskap 'n baie spesiale fondsinsamelingpoging geloods. Hierdie poging het as Bibliathon bekend gestaan en dit het ten doel gehad om addisionele fondse in te samel sodat daar 'n addisionele 1 miljoen Bybels gedruk en versprei kon word. Soos alreeds aangetoon, was hierdie poging suksesvol gesien vanuit

die oogpunt van Bybelverspreiding. Die Bybelgenootskap het gedoen wat hulle onderneem het in die veldtog.

Die fokuspunt van beide hierdie aksies was 'n telethon op Hemelvaartdag. By daardie geleentheid kon gelowiges telefonies skakel om geld te belowe vir hierdie projek. Die gebeure is op nasionale Televisie gebeeldsend vir die hele dag. Die Bybelgenootskap was verantwoordelik vir die produksiekoste, maar lugtyd is kosteloos deur die destydse SAUK, nou die SABC, voorsien.

In beide die twee Bibliathons is daar meer ingesamel as wat deur die gelowiges belowe is. Die indeling hieronder toon aan hoe die donasie ingesamel is en in watter kategorie indeling gebruik is om die fondse te verdeel ten einde 'n beeld te kry van die hele proses.

BIBLIATHON '91 EN '94		
<i>Inkomsteverslag</i>		
Totaal	1991	1994
Individue	3 942 051	4 690 863
Kerke	1 641 060	2 391 955
Kerklike Organisasies	129 952	167 748
Kategeseskole	15 273	23 613
Kerkjeug	34 745	20 667
Opvoedkundige Inrigtings	377 758	410 096
Sake-ondernemings	867 553	1 351 489
Allerlei	1 449 191	742 893
Boedels	77 896	51 631
Totaal	8 535 478	9 850 954

Dit is eintlik ongelooflik om te dink dat een aksie op een dag soveel fondse kon genereer. Daar was wel aksies wat vooraf beplan en uitgevoer is, maar die grootste gedeelte van die fondse is op Bibliathondag gegeneer.

Daar word weer so 'n Bibliathon vir 2000 beplan. Hierdie Bibliathon neem 'n ander formaat aan aangesien dit 'n rollende aksie sal wees wat deur die jaar sal plaasvind. Daar sal wel weer 'n telethon plaasvind, hierdie keer op 2 September 2000, en daar sal net vir 4

ure uitgesaai word in teenstelling met die 8 ure in die verlede. Die geskiedenis sal uiteindelik aantoon in hoe 'n mate die mikpunt van hierdie Bibliathon bereik is.

6.8 Verkope van Bybels

Soos alreeds in hierdie proefskrif en deur die missie van die Bybelgenootskap aangetoon is, stel die Bybelgenootskap hom ten doel om bekostigbare Bybels vir verspreiding daar te stel. Daar is ook aangetoon dat sekere Bybels en verwante materiaal sterk gesubsidieer word ten einde Bybels bekostigbaar te hou. Die Bybelgenootskap voorsien egter nie net in die behoefte van gesubsidieerde Bybels en verwante materiaal nie, maar verskaf ook luukse Bybels wat in semi-leer en leer asook ander materiaal gebind word. Dat daar 'n bepaalde mark is vir hierdie "luukse" Bybels en verwante materiaal word weerspieël in die wins wat op die verkope van hierdie produkte gemaak word. Hierdie werkswyse skep 'n bron van inkomste wat belangrik is. Wanneer hierdie syfers bestudeer word, moet daar in gedagte gehou word dat slegs 3% van alle materiaal wat die Bybelgenootskap versprei, ongesubsidieerde materiaal is.

Alle syfers wat weergegee word, is in terme van duisende Rand. Die tekorte word in hakies aangedui.

Verkope van Gesubsidieerde en Nie-gesubsidieerde Items						
Gesubsidieerde Handel				Nie-gesubsidieerde Handel		
Jaar	Verkope	Koste van Verkope	Surplus/ Tekort	Verkope	Koste van Verkope	Surplus/ Tekort
1990	6 047	6 662	{ 615}	1 642	1 308	334
1991	6 868	10 106	{3 238}	2 562	1 869	693
1992	7 264	10 628	{363}	3 195	2 639	555
1993	9 253	12 277	{3 569}	4 397	3 079	1 266
1994	13 407	10 537	{3 577}	2 469	1 726	743
1995	10 669	8 872	{2 538}	2 988	2 084	903
1996	8 565	11 000	{2 855}	3 557	2 669	888
1997	11 000	13 000	{3 186}	3 711	2 969	742
1998	12 135	15 013	{2 878}	4 531	3 247	1 284
1999	15 569	18 536	{2 967}	3 827	2 741	1 087

Ten einde die volle implikasie van syfers te besef, moet dit saamgelees word met die tabel in hoofstuk 5 punt 5.4. Net in 1999 alleen was die tekort op die nagenoeg 1,6 miljoen Bybels en aanverwante gesubsidieerde materiaal wat vir verspreiding beskikbaar gestel is meer as R 2,9 miljoen. Die winste uit die ander nie-gesubsidieerde artikels kan nie vir hierdie verliese opmaak nie.

Hierdie tekort van miljoene rand per jaar gaan hand aan hand met die hoeveelheid materiaal wat versprei is, maar daar is tog nog die styging wat verreken moet word van publikasiekoste, koste van papier en bindmateriaal asook die praktiese verspreidingskoste. Hierdie verliese op gesubsidieerde materiaal moet verhaal word. Dit is hier waar die sekretarisse in diens van die Bybelgenootskap 'n belangrike rol speel. Hulle rol sal later in diepte aan die orde gestel word.

Inderdaad is die verspreiding van gesubsidieerde materiaal, wat 97% van die afset van die Bybelgenootskap uitmaak, 'n groot las om te dra. Die nie-gesubsidieerde materiaal aan die ander kant bring tog 'n inkomste wat werklik handig te pas kom. Ten spyte van hierdie inkomste word daar nog steeds 'n nettoverlies gedra ten opsigte van die materiaal wat deur die Bybelgenootskap voorsien word.

Die vraag bly hom gedurig herhaal en dit is hoe lank die Bybelgenootskap nog sal kan volhou met hierdie proses van subsidiëring?

6.9 Bedryfsuitgawes van die Bybelgenootskap

Om 'n organisasie so groot en omvangryk soos die Bybelgenootskap in bedryf te hou, kos baie geld, soos in die onderstaande tabel aangetoon word. Nie net was daar die styging in die produksiekoste van Bybels en verwante materiaal nie, maar die bedryfsuitgawes van die Bybelgenootskap kon ook nie hierdie stygende tendens vryspring nie.

Die syfers van die afgelope dekade toon baie duidelik hoe die uitgawes van die Bybelgenootskap van net oor die R 10,5 miljoen in 1990 gestyg het tot by amper R 22 miljoen in 1999. Hierdie uitgawes het na my mening te doen met die verslegtende


ekonomiese toestand binne Suid-Afrika en die gepaardgaande relatiewe verswakking van die rand. Die koste verbonde aan arbeid en die gepaardgaande uitgawes rondom mediese- en pensioenvoordele plaas geweldig baie druk op die Bybelgenootskap.

Die onderstaande grafiek toon baie duidelik die skerp styging ten opsigte van die bedryfsuitgawes van die Bybelgenootskap. Die styging in veral 1991 en 1994 het te doen gehad met die twee Bibliathons wat aangebied is, maar veral na 1995 was daar 'n skerp styging in die opwaartse kurwe.

Tot op hede kon die Bybelgenootskap met goeie bestuur die situasie hanteer, maar dat die druk aan die toeneem is, is gewis en seker. Die toekoms sal aantoon of die Bybelgenootskap daarin sal slaag om hierdie komponent van sy werksaamhede bevredigend te bestuur.

Vervolgens die grafiese voorstelling van die uitgawes.

**Uitgawes van Bybelgenootskap
(Uitgesluit Bybelverkope)**



Die finansies van die Bybelgenootskap is baie kortliks belig. Daar kan seker nog baie ander tendense uitgelig word, maar ten opsigte van die fokuspunt van hierdie proefskrif wil ek volstaan met dit wat bespreek is.

Gloobaal gesproke is die prentjie dramaties en wat uitstekend aantoon dat God hierdie finansiële poging nie net ryklik geseën het nie, maar dié medewerker is in die voorsiening van fondse. Dit is Hy wat deur sy Gees die harte voorberei om finansiëel by te dra tot hierdie werk. Daar is egter rolspelers wat die fondse gaan haal - die sekretariskorps van die Bybelgenootskap.

6.10 Rol van die Sekretariskorps in die werksaamhede van die Bybelgenootskap

6.10.1 Sekretariskorps

In die boek van Smit, God het laat Groei, word die rol van die Sekretariskorps van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die ontwikkelingsgeskiedenis van die korps baie volledig bespreek. Wat baie duidelik na vore kom uit sy boek is dat manne, predikante, pastore en ander evangelie-dienaars hulle lewens en bedieninge aan die Bybelsaak gewy het.

Smit (1970:60) skryf dat die sekretarisse in die negentiende eeu (1846-1897) nie voltyds in diens van die Bybelgenootskap was nie en dus gemeentes moes bedien terwyl hulle ook die Bybelsaak bevorder het. Met die aanstelling van ds GP van der Merwe in 1905 as eerste voltydse sekretaris kon deputasiewerk sy regmatige plek inneem in die werksaamhede van die Bybelgenootskap. Daarvandaan het deputasiewerk van krag tot krag gegaan.

Van 'n nederige begin van een voltydse sekretaris bestaan die sekretariskorps vandag uit 26 voltydse sekretarisse. Wanneer daar na die huidige Sekretariskorps gekyk word, is dit insiggewend om te sien hoe die samestelling ten opsigte van kerklike denominasies verander het en hoeveel verteenwoordig word. As net die predikante en pastore in berekening gebring word, is daar tans 10 leraars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 2 leraars elk van die Hervormde Kerk in Afrika, die Verenigde Gereformeerde Kerk, Baptiste Unie en die Apostoliese Geloofsending in diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Die volgende denominasies het net een leraar of pastoor voltyds in diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Gereformeerde Kerke in Suider-Afrika,

Volle Evangelie Kerk van God, Metodiste Kerk, Presbiteriaanse Kerk en die Church of England (nie die Church of the Province of South Africa nie). Daar is nog lidmate van ander kerke wat deel vorm van die Sekretariskorps, maar hulle is nie-geordendes. Ongelukkig is daar 'n vakature as gevolg van die afsterwe van 'n sekretaris verbonde aan die Anglikaanse Kerk (Church of the Province of South Africa). Die pos moet nog gevul word.

Uit bogenoemde blyk dit baie duidelik dat daar 'n ryke verskeidenheid van teologiese en dogmatiese denke in die Bybelgenootskap werksaam is. Hierdie wisselwerking en kruisbestuiwing is na my mening baie gesond, want daardeur word die behoeftes van die breë christelike publiek regtig verteenwoordig in die werksaamhede van die Bybelgenootskap.

So 'n verskeidenheid van Sekretarisse teiken ook 'n verskeidenheid van kerke. Sekere van die predikante en pastore is inter-kerklik werksaam terwyl van die groter tradisionele Afrikaanse kerke deur Sekretarisse in Kerkverband bedien word. Dit is egter nodig om deurentyd in gedagte te hou dat alle Sekretarisse voltyds in diens van die Bybelgenootskap staan en nie deur die kerke gesekondeer word nie – al behou hulle as 'n reël hulle bevoegdheid as leraar in hulle kerk.

6.10.2 Die definiëring van die sekretariskorps

Binne die Sekretariskorps is daar 'n bepaalde struktuur, wat hiërargies van aard is, om die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te bestuur. Hierdie struktuur word deur Wet 15 van 1970 in Artikels 10 en 12 aan die orde gestel en word verder gedefinieer deur die Reëls en Regulasies van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika wat kragtens Artikel 17(j) ingestel is.

Die struktuur bestaan uit 'n Hoofsekretaris met sy Adjunk en ander personeel verbonde aan Hoofkantoor. Verder is daar 'n Streeksekretaris wat binne elke streek werksaam is met Organiserende sekretarisse wat die voetsoldate van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is ten opsigte van skakeling met kerke en donateurs op plaaslike vlak.

6.10.2.1 Hoofkantoor

Die pligte en verantwoordelikhede van die Hoofsekretaris word in die Reëls en Regulasies van die Bybelgenootskap soos volg gedefinieer en sluit die volgende in:

Alle internasionale onderhandelings; langtermyn beplanning; alle sake van landswye en internasionale belang; alle onderhandelings en aangeleenthede in verband met bates van die Bybelgenootskap; alle sake rakende verhoudings tussen streke en streeksbeplanning; finale beslissings vir alle interkommunikasie en ekstra-kommunikasie sowel as monetêre beleidsake in belang van die Bybelgenootskap as geheel (Reëls en Regulasies 1970:7).

Saam met hom werk die Adjunk-hoofsekretaris wat sal waarneem sou die Hoofsekretaris nie sy take kan waarneem nie asook enige take waartoe die Nasionale Raad sal besluit.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika word egter nie net deur persone in hierdie twee poste bestuur nie. Die verdere personeel bestaan uit Assistent-hoofsekretarisse wat die volgende departemente bestuur: Bybelvertaling en Teksvorsing, Produksie en Voorrade, Finansies en stelsels, Kommunikasie en Inligting en Personeel.

Die Hoofsekretaris en sy personeel is vir die dag-tot-dagfunksionering van die Bybelgenootskap verantwoordelik. Die Hoofsekretaris, as hoof uitvoerende amptenaar van die Nasionale Raad, is te alle tye aan die Nasionale Raad verantwoordelik vir optredes en saam met die Uitvoerende Komitee verantwoordelik vir die dag-tot-dagsake. Die Hoofsekretaris verteenwoordig verder die Bybelgenootskap van Suid-Afrika op 'n verskeidenheid van komitees, onder andere ook by die Wêreldbond van Bybelgenootskappe. Uiteindelik is die Hoofsekretaris, saam met die ander personeel, verantwoordelik dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika uitvoering gee aan sy missie soos wat dit verwoord is in Artikel 3 van Wet 15 van 1970.

Die Hoofsekretaris asook die Adjunk-hoofsekretaris dien ampshalwe op die Nasionale Raad asook in die Uitvoerende Komitee. Ds GS Kritzinger beklee sedert 1998 hierdie

baie verantwoordelike pos van Hoofsekretaris. Soos al sy voorgangers, is hy ook 'n leraar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

6.10.2.2 Streekkantoor

Soos wat alreeds aangetoon is, is Suid-Afrika deur die Bybelgenootskap in sewe streke verdeel. Elke kantoor van die Bybelgenootskap in hierdie onderskeie streke word beheer deur 'n Streeksekretaris, wat primêr verantwoordelik is vir die dag tot dag administratiewe funksionering van daardie kantoor. As uitvoerende amptenaar in daardie kantoor hanteer hy alle sake wat daardie spesifieke kantoor raak. In die meeste gevalle tree die Streeksekretarisse ook tydens eredienste op en is gemeentelike besoeke deel van hulle program.

Die Reëls en Regulasies van die Bybelgenootskap omskryf die pligte van die Streeksekretaris soos volg:

Hy sal verantwoordelik wees vir die bevordering van die aktiwiteite van die Bybelgenootskap in alle aspekte van die werk en die voorsiening van geordende en effektiewe administrasie in die streek wat aan hom of haar toegewys is, in noue samewerking met die Streeksraad (Reëls en Regulasies 1970:7).

Saam met die Streeksekretarisse werk daar Organiserende Sekretarisse wat optree as skakel tussen Bybelgenootskap en kerke asook die breë donateurskorps en vice versa. Duidelikheidshalwe word die pligte van Organiserende Sekretarisse en Sekretarisse in Kerkverband kortliks weergegee sodat daar duidelikheid sal wees dat hierdie begrippe mekaar insluit en dat dit as 'n wisselterm gebruik sou kon word. Die pligte lui soos volg:

Organiserende Sekretaris – Verantwoordelik vir die bekendstelling van die aktiwiteite van die Bybelgenootskap in alle aspekte van haar werk in samewerking met en onder leiding van die Streeksekretaris en die Streeksekretaris in 'n besondere afgebakende gebied, ...

Sekretaris in Kerkverband – Verantwoordelik vir die bekendstelling van die werk van die Bybelgenootskap in al haar aspekte binne die grense van afgebakende kerkverbande, desverkiekend op landswye vlak, in konsultasie met en onder leiding van die betrokke Streeksraad en Streeksekretarisse (Reëls en Regulasies 1970:7).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die klemverskille tussen die twee poste nie so groot is nie, en daarom word daar vandag in die reël net verwys na Organiserende Sekretarisse.

Bo en behalwe hierdie poste is daar nog 'n pos wat bekend staan as Spesiale Sekretarisse. Soos die benaming aandui en in die Reëls en Regulasies verduidelik word, is dit nie noodwendig 'n permanente pos nie. Die Reëls en Regulasies omskryf hierdie pos soos volg:

Verantwoordelik vir sodanige spesiale aktiwiteite as waarop besluit word van tyd tot tyd en by aanstelling (Reëls en Regulasies 1970:8).

Dit is interessant dat daar deur die Bybelgenootskap ruimte gemaak is vir differensiasie ten opsigte van die werksterrein. Hierdie struktuur bevestig die hiërargiese struktuur ten opsigte van die dag-tot-dagwerkzaamhede. Alhoewel die Reëls en Regulasies so ver terug as 1970 daargestel is, het dit geen invloed op die effektiewe werkswyse van die Bybelgenootskap nie. Daar is wel aanpassings gemaak ten opsigte van die posomskrywings binne die struktuur by Hoofkantoor. Alhoewel die werkswyse binne die Bybelgenootskap met die tyd tred gehou het, was dit nie nodig om die struktuur te verander nie. Bestuurstyl en visie deur die onderskeie Hoofsekretarisse het wel deur die jare 'n invloed uitgeoefen op die werkzaamhede van die Bybelgenootskap. Dit is egter interessant om daarop te let dat die struktuur nooit aangepas is nie, maar net die bestuurstyl.



6.10.3 Werkswyse van Sekretarisse

Die posomskrywing ten opsigte van die Organiserende Sekretarisse is baie vaag en onduidelik gestel in die Reëls en Regulasies van die Bybelgenootskap. Wat baie duidelik na vore kom, is die feit dat die Organiserende Sekretarisse die persone is wat op voetsoolvlak die skakeling met die donateurskorps behartig. Wat met hierdie skakeling bedoel word, word nie verwoord in Wet 15 van 1970 of in die Reëls en Regulasies van die Bybelgenootskap nie en kan alleen vanuit persoonlike ondervinding belig word.

Smit (1970:150) skryf die volgende aangaande die organisasie:

Die Bybelgenootskap ontvang geen toesegging van geld onder 'n kwota- of puntestelsel van die kerk nie. Die sinodale kollekte van die verskillende kerke lewer weliswaar 'n groot bron van inkomste,... maar dit bly 'n feit dat die Genootskap vir sowat 60% van sy fondse afhanklik is van vrye gawes van die Christelike gemeenskap. En hierdie gawes moet ons invorder in 'n gemeenskap waar etlike ander instansies, soos gemeenskapskasse, liefdadigheidsfondse, universiteite en andere ook aanklop om steun.

Hierdie mededinging om fondse het sedert 1970 dramaties gegroei terwyl die christelike gemeenskap nie soveel groter geword het nie. Dit bly egter 'n feit dat die fondse gehaal moet word en hier speel die sekretariskorps 'n kritieke rol.

Daar is al verskeie kere in hierdie proefskrif gewag gemaak van die feit dat die onderskeie streke van mekaar verskil en so verskil die werkswyses van die onderskeie Organiserende Sekretarisse ook van mekaar.

Ten opsigte van die doen van die werk word daar verskil, maar ten opsigte van die einddoel van die werk, die werwing van donateure, is daar eenstemmigheid.

Ten opsigte van die bekendstelling van die werk van die Bybelgenootskap geskied dit op velerlei wyses. Primêr word die fokus gerig op gemeentelike besoek wanneer daar in en

tydens die erediens opgetree word. Aangesien al die sekretarisse tans geordendes binne bepaalde kerkverbande is, is daar as 'n reël vrye toegang tot die kansels van die kerke in die breë. Hierdie werkswyse maak die Bybelgenootskap nie noodwendig uniek nie, maar dit plaas hom in 'n vertrouensverhouding met die kerk.

Tydens sulke geleenthede word daar vertel van die werk van die Bybelgenootskap ten opsigte van vertaalwerk, produksie en verspreiding van Bybels. Die behoefte word gestel, en hierdie behoefte van die Bybelgenootskap kan gereduseer word tot twee behoeftes naamlik voorbidding en finansiële ondersteuning.

Om hierdie behoeftes te bevredig, word daar kontak gemaak met huidige donateure, daar word gepoog om onaktiewe donateure te aktiveer en om nuwe repeterende donateure te werf. Tydens die gemeentelike besoek word daar met Kerkrade gepraat oor praktiese Bybelverspreiding asook hulle finansiële ondersteuning en word die kinders by die Kategeseskole besoek om hierdie behoefte verder tuis te bring. Daar word veral gepoog om kinders by die werk van die Bybelgenootskap betrokke te kry deur middel van spesiale projekte aangesien hulle die donateure van die toekoms is.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die besoeke ten doel het om die Bybelgenootskap en sy werksaamhede naby die mense te bring en om hulle te motiveer om by Bybelverspreiding betrokke te raak. Die klem val op voorbidding, praktiese verspreiding asook die finansiële ondersteuning van die Bybelgenootskap.

Organiserende sekretarisse se taak eindig egter nie net daar nie. Die Vrouedienste, Bejaardes, Jeug en ander belange groepe word op uitnodiging besoek.

Sekretarisse is verder verantwoordelik vir die administrasie van donasies wat ontvang is. Bedankingsbriewe word aan donateurs geskryf, predikante word ingelig oor nuwe gebeure en daar word finansiële verslag gelewer aan Kerkrade, Ringe en Streeksinodes aangaande bydraes wat in die loop van die jaar ontvang is.

Uiteindelik is dit die Organiserende Sekretarisse wat die Bybelgenootskap in die kerk en by die donateurs 'n gestalte gee. Hulle is die skakel tussen die donateure en die Bybelgenootskap en die Bybelgenootskap en die donateure. Hierdie is 'n baie fyn lyn waarop daar beweeg word.

Die kerk as vennoot van die Bybelgenootskap vereis inligting en verantwoordelike rentmeesterskap, terwyl die Bybelgenootskap ondersteuning in die wydste moontlike sin van die woord verlang.

Die volgende grafiese voorstelling van die jongste uitgawes gee 'n baie goeie idee oor die uitgawes van die Bybelgenootskap verreken in terme van elke Rand wat ontvang is.



Dit is hierdie verantwoordelike spandering van donateurs se geld wat meewerk om vertroue te skep by gelowiges en die kerke en organisasies wat die Bybelgenootskap ondersteun.

Ek wil weer verwys na die aanhaling van Pascal deur James Payne (1980:102), toe hy gesê het: "A servant can walk behind and carry the baggage or walk in front and carry the light".

Hierdie beeld kan net so goed van toepassing gemaak word op die ondersteuning van die Bybelgenootskap. Rev Fergus Macdonald, tydens 'n toeligting van die Sekretariskorps van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, sluit aan by bogenoemde beeld en neem dit dan verder as hy die beeld van die saaiër op die Bybelgenootskap van toepassing maak. Volgens hom is die kerk die saaiër, met die Bybelgenootskappe die saadhandelaars wat saad moet voorsien aan die kerk.

In praktyk beteken dit dat die kerk behoeftes het ten opsigte van Bybels en verwante materiaal, maar aangesien dit die individuele kerke te veel sou kos om elkeen op hierdie pad van vertaling en produksie te loop, word die Bybelgenootskap as vennoot gebruik. Om verder hierdie taak as “slaaf” of as “saadhandelaar” te verrig, is daar fondse nodig. Of dit nou is om die bagasie van bestaande materiaal te dra, of om die lig van nuwe publikasies te laat skyn, fondse is nodig.

Gedagtig verder aan die missie van die Bybelgenootskap om Bybels teen ’n bekostigbare prys te voorsien, beteken dit in praktyk dat fondse geïen moet word. As die vergelykende syfers wat in die voorafgaande paragrawe, veral 6.2 tot 6.5 weerspieël is in ag geneem word, is dit baie duidelik dat die Sekretariskorps suksesvol was in hulle poging om fondse te genereer, maar die vraag bly vassteek - is dit genoeg?

Tot en met hierdie punt is daar baie klem gelê op die rol van Sekretarisse ten opsigte van fondsinsameling. Tereg kan gevra word of die skakelwerk van Sekretarisse dan net fondsinsameling impliseer? Moet die Bybelgenootskap van Suid-Afrika nie eerder van professionele fondsinsamelaars gebruik maak eerder as van hoogs gekwalifiseerde personeel, soos predikante, om fondse te genereer nie? Behoort fondsinsameling nie uitgekontraakteer te word ten einde die Bybelgenootskap in staat te stel om net op Bybelvertaling en Bybelverspreiding te konsentreer nie? Is predikante genoegsaam opgelei om as fondsinsamelaars op te tree?

Bogenoemde vrae is na my mening relevant vir hierdie studie aangesien daar juis gevra word na die aanwesigheid van ’n missionêre visie in die werksaamhede van die Bybelgenootskap, veral ten opsigte van Bybelvertaling en Bybelverspreiding.

Na my mening lê die uniekheid van die werksaamhede van die Bybelgenootskap juis in die feit dat sy donateursveld deur predikante en pastore bedien word. Aangesien die Bybel die belangrikste instrument in die hande van die kerk en breë christelike gemeenskap is, en alleen Christene geraak word deur die Bybel, is dit net logies dat leraars die Christelike gemeenskap sal bedien. Predikante en Pastore besit verder ’n geloofwaardigheid vanuit hulle amp wat positief sal inwerk op die denke van die

donateure, aangesien dit juis die bedienaars van die Woord is wat die Woord “bemark” - die behoefte stel en ondersteuning vra.

Fondsinsamelaars sal na my mening nie so maklik die nodige toegang tot kansels en kerklike meerdere vergaderings verkry nie. Die gebrek aan toegang sal fondsinsameling erg benadeel. Die kultuur van predikante en pastore wat in diens staan van die Bybelgenootskap is baie goed gevestig aangesien dit deur al die jare heen die werkswyse van die Bybelgenootskap was. Hierdie feit word ondersteun deurdat die eerste agent van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, dr George Thom (’n predikant) was, wat in die jare 1814-1818 groot werk gedoen het aan die Kaap (Smit 1970:113).

Weliswaar is predikante en pastore in die reël nie as fondsinsamelaars opgelei nie, maar uit die aard van die beroep is hulle “bemarkers” van die evangelie. En dit is juis in hierdie “bemarking” van die evangelie waar die missionêre roeping van die evangeliedienaar te sprake kom. Die Evangeliedienaar moet ’n missionêre roeping uitleef, anders sal die Koninkryk van God nooit op aarde gevestig kan word nie. En dit is hierdie missionêre visie van die evangeliedienaars wat oorgedra word wanneer die aktiwiteite van die Bybelgenootskap bevorder word.

Dit is juis hierdie missionêre visie wat na my mening die kerk asook die individuele gelowige beweeg om ’n donateur van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te word. Of dit nou eenmalig, repeterend of deur middel van ’n testamentêre bemaking is, fondse word bewillig sodat die Bybel vertaal, geproduseer en versprei kan word.

Naas besoeke aan gemeentes en kerklike organisasies is die belangrikste manier van kontak maak en behou met donateurs deur middel van korrespondensie. Deur middel van hierdie werkswyse moet donateure ingelig bly, nuwe sake en ontwikkelinge onder hulle aandag gebring word en nuwe behoeftes onder die aandag gebring word.

Om donateure deur middel van korrespondensie te motiveer, vra kreatiewe skryfwerk wat geloofwaardigheid moet weerspieël en feite so uitlig dat dit die donateur en potensiële donateure sal aanraak. Alhoewel nie alle mense hierdie besondere gawes besit nie,

behoort senior evangeliedienaars tog te weet wat in die harte van mense leef en behoort hulle te weet hoe om mense te benader. 'n Mens kan verwag dat senior evangeliedienaars pastorale sensitiwiteit sal hê.

Die modus operandi van die Bybelgenootskap rondom die keuse van sekretarisse is dat daar deur die jare heen van senior leraars en pastore gebruik gemaak word. Die Bybelgenootskap het deur die jare sy personeel probeer kies met die volgende kriteria in gedagte, (a) die vermoë om te kan kommunikeer en (b) algemene aanvaarbaarheid binne die kerk of kerke wat bedien moet word en (c) 'n passie vir die Bybel en Bybelverspreiding. Hierdie kriteria is nie amptelik vasgelê nie, maar is uit gesprekke met personeel afgelei.

As gevolg van hierdie werkswyse slaag die Bybelgenootskap daarin om geloofwaardigheid deur die jare op te bou, maar belangriker nog, dit te behou.

6.11 Donateurs

Gedagtig aan dit wat in die voorafgaande hoofstukke en paragrawe geskryf is aangaande die rol en plek van die Bybel in die kerke en lewens van mense en rondom die werk wat die Sekretariskorps verrig, bly die vraag: Wat motiveer mense om by te dra tot die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika?

Soos alreeds aangetoon is, word die donateure in kategorieë ingedeel. Vervolgens sal ek aan die hand van die indeling kortliks die verskillende kategorieë bespreek en probeer aantoon waarom daar bygedra word tot die werk.

6.11.1 Individue

Hierdie donateur is die mense wat deur die jare die Bybelgenootskap gedra het deur voorbidding en finansiële bydraes. Soos in die vergelykende syfers in paragraaf 6.4 na vore gekom het, is 36 % van die inkomste van die Bybelgenootskap uit hierdie kategorie

afkomstig. Vir die Bybelgenootskap is hierdie mense van die grootste belang en moet daar goed na hulle omgesien word, bedoelende genoegsame inligting en gereelde kontak.

6.11.1.1 Ontleding van skrywes

In die volgende paragrafe wil ek enkele skrywes wat die afgelope drie maande ontvang is, onder die loep neem, met weer eens die vraag of daar 'n sendingvisie onderliggend is aan hierdie donateure se offervaardigheid.

Die skrywes wat gebruik word, is hoofsaaklik afkomstig uit die twee NG Kerk departemente in die Johannesburgstreek. Hierdie is van die korrespondensie wat sporadies van donateure ontvang word en is die uitsondering op die reël aangesien daar van donateure nie normaalweg korrespondensie anders as donasies ontvang word nie.

Die gebruik bestaan by die verskillende departemente om korrespondensie van donateure slegs vir 3 maande te berg alvorens dit vernietig word. Die gebruik het ontstaan om moontlike navrae op te volg en om seker te maak dat spesifieke navrae beantwoord is. Briewe word vernietig omdat die berging van sodanige skrywes 'n probleem kan raak.

Aangesien die twee NG Kerk-departemente die grootste is, word daar meer korrespondensie as in enige van die ander departemente ontvang. Daarom die keuse om hoofsaaklik van hierdie twee departemente se korrespondensie gebruik te maak. Enkele skrywes uit die Engelse Multidenominale departement word gebruik.

Vervolgens aanhaling uit briewe wat ontvang is die afgelope drie maande:

Vanaf Pretoria – Ek het 2 operasies gehad en toe longontsteking en nou laat my geheue my in die steek. Hiermee my jaarlikse bydrae R600. Ek bid die Heer sal dit seën, ...

Vanaf Morgenzon – Omdat ek 'n Bybel besit stuur ek 'n posorder van R50 om te gebruik na die beste van u vermoë.



Vanaf Warmbad – Nogmaals baie dankie vir dit wat u deur die jare met Bybelverspreiding behaal het. Dankie ook dat u dit moontlik gemaak het sodat almal van ons die bybel kan lees. Ons kan maar net bid dat meer mense bereid sal wees om fondse aan die Bybelgenootskap te gee want soos ons weet is die koste van bybel pampier geweldig hoog en tog stel u dit teen 'n bekostigbare prys aan almal.

Vanaf Rietfontein – Ingesluit R20 vir die Bybelverspreiding. Ek is so dankbaar dat my druppeltjie ook vir iemand 'n Bybel kan voorsien.

Vanaf Kriel – Dankie vir die nuusbrief wat ek elke maand ontvang. Ek bid gereeld vir die lieflike werk wat u verrig.

Vanaf Witbank – Ons bid getrou vir u en die groot werk wat u doen.

Vanaf Pietersburg – U kan verseker wees dat daar gereeld gebid word vir u werk en arbeid vir die Here.

Vanaf Westonaria – We will pray for the need as indicated on the calendar. Please find enclosed a cheque for the amount of R400 towards the furtherance of your work.

Vanaf Pretoria – Herewith cheque for R80 as a contribution towards publishing the Word of God. Indeed, as Jesus said the truth sets free.

Vanaf Linden – Baie, baie dankie vir u briefie. Dit is altyd 'n geestelike versterking vir my; en die beloftes wat dit vir 'n mens inhou. Ek bid gereeld vir julle en ook vir al die genootskappe deur die hele wêreld. My dogter het verhuis na New Zeeland maar sy het nie haar God hier agter gelaat nie. Sy het Hom met haar saam geneem. Dankie dat ek dit met u kon deel.

Vanaf Mindalore – Meegaande is die bedrag van R50 per tjek ter ondersteuning van die belangrike werk wat deur die Bybelgenootskap gedoen word, om die Woord van God

beskikbaar te stel in die verskillende tale en uit dankbaarheid dat dit ook in ons eie taal beskikbaar is.

Vanaf Standerton – Baie dankie vir die werk wat u verrig deur die Woord aan hulle te bring deur Bybelverspreiding. Hulle wat nie die voorreg het om in hulle moedertaal die Bybel het en die wat so graag 'n Bybel wil hê.

Vanaf Lambton – Ons dink aan die Ndebele vertalingspan, ons kan maar net saam met hulle wees en hulle toebid – Laat heer U Seën op hul daal U Guns uit Sion hul Bestraal. Vir ou Afrika sing ons Gesang 9:4 vir ons toekoms hier en oor die hele wêreld.

Vanaf Schweizer-Reneke – Ek het begin om bydraes te soek. Soos u sien, moes ek self iets op die vorms skryf. Ingesluit is 'n tjek van R30 wat ek by bejaarde dames gekry het. Mag die paar “druppels in strome” verander.

Vanaf Vereeniging – Hiermee 'n klein bydrae om ook langs hierdie weg 'n bydrae te maak ten einde Gods Woord ook by die minderbevoorregtes te kry.

Hierdie skrywes beklemtoon baie duidelik die verhouding wat bestaan tussen die donateure en die leraars wat hierdie departemente behartig. Alhoewel sekere van die sake krom en skeef aan die orde gestel word, is dit baie duidelik dat die Woord vir die mense van die allergrootste belang is en daarom moet dit gedeel word. Donasies wat ontvang is, wissel van baie klein tot groot. Dit is baie duidelik uit die skrywes dat hierdie gelowiges deur die nood aan Bybels geraak is en op hulle beskeie manier iets probeer doen om uit te reik.

6.11.1.2 Kwalitatiewe ondersoek

Die aanhalings uit die briewe, soos in die voorafgaande paragrawe aangehaal is, beantwoord nie werklik die vraag waarom donateurs die Bybelgenootskap ondersteun nie. Gevolglik is daar besluit om 'n ondersoek te doen na die motivering van donateurs om tot die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika by te dra.

Hierdie ondersoek is sowel skriftelik as telefonies gedoen. Alle Departemente van die Johannesburgstreek is gevra om name van donateurs voor te lê wat genader kon word. Die donateurs is almal mense wat op 'n gereelde basis bydra tot die werksaamhede van die Bybelgenootskap. Die volgende kerke word verteenwoordig in die navorsing: NG Kerk, Hervormde Kerk, Gereformeerde Kerke, AP Kerk, Apostoliese Geloof Sending kerk en die Volle Evangelie Kerk.

Daar moes besluit word watter tipe ondersoek gedoen gaan word en die keuse het as gevolg van beperkte fondse asook as gevolg van die tipe antwoorde waarna gesoek is op 'n kwalitatiewe ondersoek geval.

'n Paslike definisie van 'n kwalitatiewe ondersoek is dat dit by magte is om die vraag hoekom te beantwoord. Robson & Foster (1989:24) se beskrywing van 'n kwalitatiewe lui soos volg: "Through its inherent flexibility, its detailed and direct approach it provides an explanation and understanding of the consumer as an individual". Die kwalitatiewe ondersoek poog om te verstaan, in plaas daarvan om te meet. In wese is die kwalitatiewe ondersoek verduidelikend van aard.

Aan die ander kant is daar die kwantitatiewe ondersoek wat gedoen sou kon word. Robson & Foster (1989:24) beskryf hierdie navorsingsmetodiek soos volg: "Quantitative research is statistical and numerical measurements answering the question how many. It can provide a clear picture of the market, of consumers en masse". Daar is teen hierdie navorsingsmetodiek gekies omdat die Bybelgenootskap se donateurs nie net bestaan uit repeterende donateurs nie, maar ook uit mense wat by kerke en ander organisasies bydra sowel as mense wat deur middel van 'n testamentêre bemaking gaan bydra. Dit sal dus baie moeilik wees om na te vors. Die behoefte bestaan om te begryp waarom daar bygedra word eerder as om 'n statistiese ondersoek te doen.

Daar is 'n begin gemaak deur 50 repeterende donateurs uit te sonder as deel van die kwalitatiewe navorsing. Hierdie 50 donateurs is daarna gekontak. Hulle is afkomstig van oor die hele land en almal is Afrikaanssprekend.

Drie vrae is aan hulle gestel:

1. Wat motiveer u om spesifiek die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te ondersteun?
2. Hoekom is die verspreiding van die Bybel vir u belangrik?
3. Beskou u die ondersteuning van die Bybelgenootskap as die uitlewing van u sendingroeping?

Op die eerste vraag was die response uiteenlopend en het soos volg gewissel:

- Die sinvolle missie van die Bybelgenootskap: Die Bybel in jou moedertaal en teen 'n bekostigbare prys.
- Die Woord is belangrik
- Bybels beskikbaar te stel vir mense
- Liefde vir die Woord van die Here
- Sodat die Woord en evangelie bedien kan word
- Die Here se opdrag om sy Woord te laat hoor
- Die verspreiding van die Bybel oor die wêreld aan te help
- Om die Bybel – “die ewige ware Woord van God” aan alle mense beskikbaar te stel
- Ek weet my donasie word gebruik om Gods Woord te help versprei
- Ek lees dat baie mense nie Bybels kan bekostig nie, daarom dra ek by

Op die tweede vraag was die antwoorde soos volg:

- Omdat elkeen in sy eie taal moet hoor van die groot daad van God (Hand 2)
- Om die saak van die Here te bevorder
- Die Bybel is vir alle mense en tale bedoel

- As die Woord in mense se harte groei verander die mense
- As iemand die Bybel lees kan hy die Woord verstaan wat ek self nie kan oordra nie
- Die Woord moet deur die hele wêreld gaan
- Sodat God se Woord in elke stam, taal en nasie gelees sal word
- Ons Christelike plig en opdrag
- Dis die Woord van God en die kanaal waardeur Hy hom bekend stel
- As elkeen Hom ken bespoedig dit die koms van die Here

Op die derde vraag was die antwoord altyd 'n ja. Vanaf, absoluut Ja, tot 'n gedeeltelike Ja. Enkele donateurs het gewys op die verdere verantwoordelikheid om self te getuig.

Hierdie ondersoek het beslis 'n antwoord verskaf op die vraag hoekom donateurs die Bybelgenootskap van Suid-Afrika ondersteun. Hierdie kwalitatiewe navorsing bevestig die hipotese: dat die kerk, sendingorganisasies en gelowiges juis by die Bybelgenootskap betrokke raak as gevolg van 'n missionêre visie wat by hulle aanwesig is. Veral die motivering van die individuele gelowige om 'n bydrae te maak, word bevestig

6.11.1.3 Kontak met donateurs

Donateurs word deur die sekretariskorps bedien deur bedankingsbriewe wat aan hulle gerig word saam met die kwitansie wat uitgereik is vir elke donasie wat ontvang is. Mense wat debietorders geteken het, ontvang kwartaaliks bedankingsbriewe wat ook soos in die geval van gewone donasies van 'n inligtingstuk voorsien word. Die inligtingstukke word deur die Sekretarisse saamgestel om meer spesifieke en relevante gebeure uit te lig. Hierdie gebruik wissel van streek tot streek.

Alle donateurs ontvang jaarliks die Gebedsboekie, opgestel deur die Wêreldbond van Bybelgenootskappe, waarin die wêreldwye werk van Bybelgenootskappe bekend gestel word en waarvoor daar voorbidding gedoen kan word. Donateurs kry deur hierdie publikasie 'n aanvoeling van die werk wat buite ons landsgrense gedoen word en die behoeftes aldaar. Hierdie publikasie word aangepas vir die Suid-Afrikaanse lesers.

Die Saaier, die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se kwartaalblad, verskyn 4 keer per jaar met nuus en inligting wat gefokus is op gebeure wat alreeds plaasgevind het en wat nog gaan plaasvind. In hierdie publikasie word daar erkenning verleen aan afgestorwe donateurs wat testamentêre bemakings gemaak het. Daar word ook so ver moontlik 'n fotobeeld gegee van die werksaamhede en hoogtepunte gedurende die kwartaal, plaaslik asook internasionaal.

Alle donateurs ontvang jaarliks 'n Jaarverslag waarin daar in kort verslag gedoen word van die werksaamhede van die Bybelgenootskap. Gewoonlik word hierdie verslag saam met die Saaier uitgestuur.

Van tyd tot tyd, soos wat die behoefte ontstaan, word spesiale briewe aan donateurs gerig om fondse te probeer genereer vir spesifieke sake. Hierdie is 'n werkswyse wat egter nie op 'n baie gereelde grondslag gebruik word nie.

Dit is vir die Sekretariskorps van die Bybelgenootskap van groot belang om sy donateurskorps ingelig te hou ten einde betrokkenheid by hierdie saak lewendig te hou.

Die promosiemateriaal van die Bybelgenootskap word sover moontlik in al die landstale van ons land gedruk, maar dit is nie altyd moontlik nie. Die Saaier, Jaarverslag en Gebedsboekie verskyn net in Afrikaans en Engels. Sekretarisse rig korrespondensie in die taal waarmee daar met hulle gekommunikeer word. Die vraag kan gevra word of dit koste effektief sal wees om Die Saaier, Gebedsboekie en Jaarverslag in al die amptelike tale te vertaal en te versprei of moet daar met die huidige werkswyse volstaan word.

Ten einde hierop 'n wetenskaplike antwoord te kry, sal daar 'n ontleding van die donateurskorps gedoen moet word en taalvoorkeur sal definitief ondersoek moet word. Hierdie is 'n saak wat na my mening deur die Hoofkantoor van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika ondersoek behoort te word sou dit nodig blyk te wees. Daar kan egter tans met die huidige werkswyse volstaan word aangesien die twee tale wat gebruik word na my mening die donateurskorps van die Bybelgenootskap tevrede hou.

6.11.2 Kerke

Die vergelykende syfers toon baie duidelik die tendens dat kerke besig is om dié belangrikste bydraer te raak tot die werksaamhede van die Bybelgenootskap. Met meer as 37% van die Bybelgenootskap se inkomste wat afkomstig is uit die bydraes van gemeentes kan daar met reg gevra word of dit genoegsaam is? Kan kerke nie meer bydra tot hierdie saak nie?

Wat met kerke bedoel word, moet eers gedefinieer word. As daar van kerke gepraat word ten opsigte van fondsinsameling deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, word daarmee bedoel die plaaslike gemeentes van die verskillende kerklike denominasies wat werksaam is in Suid-Afrika.

Gedagtig daaraan dat 54 verskillende kerklike denominasie verteenwoordig word op die Nasionale Raad van die Bybelgenootskap dan behoort kerklike bydraes die meeste te wees.

Die vraag kan gevra word of die kerke wel hulle deel doen ten opsigte van die ondersteuning van hierdie groot saak. Kan daar nie meer bygedra word tot die werksaamhede van die Bybelgenootskap nie? Dit lê egter nie op die terrein van hierdie studie om die finansiële ondersteuning volgens denominasie krities te beoordeel nie.

Wat wel blyk, is dat alhoewel kerke 'n groot las dra, daar wel ruimte is vir groei. Die beeld van Pascal van die dienskneg wat die bagasie kan dra of die lig kan dra is net so van toepassing op die verhouding tussen die kerk en die Bybelgenootskap ten opsigte van die finansies.

Ek wil hierdie beeld uitbrei deur te sê dat die Bybelgenootskap en die kerke vennote is. Die mate waarin die kerke die finansies kan verskaf, in daardie mate kan die Bybelgenootskap die materiaal vir die kerke voorsien om hulle Godgegewe roeping te volvoer. Die finansiële ondersteuning van die kerke is dus van kritieke belang. Die mate

waarin kerke eienaarskap vir die werksaamhede van die Bybelgenootskap aanvaar, in daardie mate sal hulle finansiële ondersteuning dit weerspieël.

Deur die jare het daar egter 'n unieke werkswyse ten opsigte van die kerke ontstaan. Smit(1970:27) verduidelik die werkswyse van die pas herstigte Hulpvereniging en maak veel van die feit dat gemeentes uit eie beweging tot die werksaamhede van die Bybelgenootskap toegetree het. Gedagtig daaraan dat die NG Kerk in daardie stadium die enigste Afrikaanse kerke was, was daardie betrokkenheid van die grootste belang. Smit skryf oor hoe daar oor Bybelverspreiding gepreek is en kollektes ten bate van hierdie saak opgeneem is. Die patroon van kerklike betrokkenheid is alreeds so vroeg as 1846 vasgelê. Hierdie werkswyse wat uniek aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is, is steeds in die nuwe millennium van krag.

Tydens die Sekretarisse-konferensie te Kaapstad, 14 tot 16 Februarie 2000, meld die Hoofsekretaris van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe, rev F Macdonald, dat die patroon van fondsinsameling in Engeland een is van kollektante en besoeke aan gemeentes deur emeriti leraars om veral testamentêre bemakings te werf.

Soos alreeds vroeër vermeld is, word gemeentes nie sinodaal verplig om finansiël tot die werk van die Bybelgenootskap by te dra nie. Sinodes en meerdere kerklike vergaderinge kan alleen die beginsel van Bybelverspreiding ondersteun en 'n beroep op gemeentes doen om hierdie saak te ondersteun. Die meeste van die kerke wat die Bybelgenootskap ondersteun, werk vanuit die beginsel dat daar van lidmate gevra word om die verlies wat op 'n gesubsidieerde Bybel gelei word, te dra. Huidig beloop hierdie verlies R 15 per Bybel.

Kerke dra by deur middel van kollektes wat opgeneem word, deur die reël van spesiale projekte, byvoorbeeld Bybelse feesmale en handgeskrewe Bybelprojekte asook die insameling van koeverte vir Bybelverspreiding wat deur die Bybelgenootskap voorsien word. Gemeentes vir wie hierdie werk belangrik is, is inderdaad baie kreatief in hulle betrokkenheid by fondsinsameling vir die Bybelgenootskap. Die laaste dekade is veral sportaksies soos fietstoere, Bybelstappe asook marathons en half marathons baie gewild.

Met die afskaffing in September 1996 van die voorreg om bydraes aan die Bybelgenootskap van persoonlike inkomstebelasting af te trek, het die bydraepatroun 'n verskuiwing ondergaan. Uit kontak met donateure was dit duidelik dat daar nou deur gemeentes bygedra gaan word. Daar was aanvanklik 'n dramatiese afname in bydraes, maar bydraes het weer in 1998 gestyg.

Wat egter nie weg te redeneer is nie, is dat waar die plaaslike leraar die Bybelgenootskap goedgesind is, in daardie gemeente word die Bybelgenootskap finansiël goed ondersteun. Gemeentes verlang egter dat die personeel van die Bybelgenootskap op 'n gereelde basis daar besoek aflê. Aangesien Sekretarisse 'n geweldige werkslas het ten opsigte van gemeentes wat besoek moet word, kan daar nie geredelik aan hierdie versoek voldoen word nie.

Die verhouding tussen die NG Kerk en die Bybelgenootskap was nog altyd baie besonder. Tot op hede was die Hoofsekretarisse almal geordende leraars van die kerk. Deur die jare was daar nog nooit 'n formele ooreenkoms tussen die NG Kerk en die Bybelgenootskap ten opsigte van die beskikbaarstelling van leraars vir diens by die Bybelgenootskap nie. Met die Algemene Sinode (Oktober 1998), is daar vir die eerste keer amptelik besin oor die plek en rol van die Bybelgenootskap in die kerk se werksaamhede. In hierdie bespreking het die Bybelgenootskap vir die eerste maal amptelik "tuis" gekom en hierdie hele verhouding is amptelik gestruktureer.

Die strukturering vind plaas in die goedkeuring van die ooreenkoms tussen die Bybelgenootskap en die NG Kerk. Die Bybelgenootskap word amptelik ingeskakel onder die Algemene Kommissie vir Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding (AKBV).

Voor die besluit wat in 1999 tydens die ASK-vergadering geneem is om die hele verhouding tussen die NG Kerk en die Bybelgenootskap te struktureer, het die Bybelgenootskap self predikante benoem om by die Bybelgenootskap te kom werk. Die behoud van bevoegdheid was nooit 'n probleem nie tot en met die Algemene Sinode van

1994. Tydens daardie Sinode is 'n besluit geneem om predikantsbevoegdheid te koppel aan gemeentelike bediening.

Hierdie besluit het die Bybelgenootskap genoop om die verhouding tussen die NG Kerk en die Bybelgenootskap op 'n formele basis te plaas. Die ooreenkoms tussen die NG Kerk en die Bybelgenootskap reël nie net alleen die beroepingsprosedure nie, maar ook die bevestiging van sodanige predikante wat beroep sou word. Proponente wat beroep sou word, sal egter nie predikantsbevoegdheid ontvang nie (Notule van ASK-vergadering 16 Maart 1999).

Ander kerke het soortgelyke besluite wat die verhouding tussen die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en daardie kerke formeel uitspel.

6.11.3 Testamentêre Bemakings

Soos vantevore aangedui is, toon die inkomstesifers dit baie duidelik dat die Bybelgenootskap al hoe swaarder steun op testamentêre bemakings om sy begroting aan te vul en te laat klop. Donateurs word vanaf kansels en veral deur middel van promosiemateriaal aangespoor om 'n bemaking aan die Bybelgenootskap te maak.

Die afgelope drie jaar is bemakings ontvang wat gewissel het in omvang. In 1997 is 'n bedrag van oor die R1 miljoen in ontvangs geneem en vanjaar, in 2000, 'n bedrag van oor die R900 000.

Bemakings bly egter 'n baie persoonlike saak en na my mening kan donateure alleen bewus gemaak word van die moontlikheid om 'n bemaking te doen.

6.11.4 Besighede

Sakeondernemings bly 'n bron van inkomste vir die Bybelgenootskap. Dit lê veral op die terrein van die Streeksekretarisse om maatskappye en ander besighede te teiken om

donasies. Van die groot firmas wat nasionaal werk, word vanuit Hoofkantoor genader vir bydraes tot die groot werk van Bybelverspreiding.

Met die demokratiseringsproses wat in Suid-Afrika aan die gang is en met die gelykluidende godsdiensgelykstelling en met die aanstelling van mense met ander geloofsoortuigings in maatskappye, het hierdie bron van inkomste ernstig onder druk gekom.

Waar stadsrade en plaaslike owerhede in die verlede gewillig was om finansieel by te dra, het die prentjie drasties verander. Geld word nou vir ander organisasies soos onderwysinstellings en ander nie-regeringsorganisasies geskenk waar 'n inkomstebelastingvoordeel verkry kan word. Verder het godsdiens te kontensieus geword. Die gevaar bestaan dat die vrees om aanstoot te gee en polities korrek op te tree, te ver gevoer word.

Wat egter verblydend is, is dat daar nog Christensakemanne- en organisasies is wat nie skroom om standpunt in te neem nie. Geld word nog steeds vir die Bybelgenootskap bewillig en word sonder enige omhaal oorbetaal.

Hierdie kategorie van donateure maak 'n groot persentasie uit van die kategorie "ander" in die verslae van die Bybelgenootskap.

6.12 Terugblik: Die Bybelgenootskap en sy fondsinsamelingspogings

Roland Allen, die gewese sendeling van die Anglikaanse Kerke in China, in sy boek The spontaneous expansion of the Church is geweldig krities aangaande die ontwikkeling en die rol van sendingorganisasies. Alhoewel die feit baie duidelik gekonstateer is dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika nie 'n sendingorganisasie is nie, kan daar gevra word of van sy vrese en kritiek nie van toepassing is op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika nie.

Hy begin sy relaas deur te verwys na die rol van sending in die vroeë kerk en deur wie dit gedoen is. Hy maak die volgende opmerking:

If we compare our modern missionary work with the missionary work of the Early Church, this is what differentiates them: with us missions are the special work of a special organization, in the Early Church missions were not a special work, and there was no special organization (Allen 1971:96).

Hy gaan verder deur kritiek te lewer op die feit dat die sendingorganisasies die praktiese werk uit die hande van die kerk geneem het. Kritiek wat hy uitspreek op die feit dat die gevaar kan bestaan dat organisasies later net vir hulleself bestaan en nie aan hulle roeping meer gehoor gee nie, is nie net baie reguit nie, maar ook relevant. Hy neem hierdie punt verder as hy sê die organisatoriese struktuur kan later so belangrik raak dat dit as steunpunt gesien en behandel word. Die oordrewe klem op finansies kan veroorsaak dat die visie van sodanige organisasie totaal in onbruik verval.

Allen se kritiek op finansies sny egter baie dieper. Hy skryf (1971:112) die volgende en haal in hierdie proses Kanon Gairdner van Kairo aan:

Canon Gairdner, of Cairo, has warned us against 'missions by proxy', and has suggested that there is a terrible danger that we shall beget native communities in our likeness, who will also insist before long on doing their work by proxy. He might have gone further. We have created and are creating, and must create, such communities because we carry everywhere the stipendiary system on which the work of the Societies is based and teach all our converts that it is the duty of Christians to evangelize by paying evangelists. Our missionary organization is essentially organization of missions by proxy.

Hierdie kritiek, soos alreeds vermeld, is skerp kritiek, maar dit bring 'n bepaalde besinning. Die vraag kan dan gevra word in watter mate die Bybelgenootskap nog op sy missie toegespits is en hoe hierdie missie nagejaag word? Die verdere vraag kan gevra word of die Bybelgenootskap nie die werk van die kerk uit sy hande gevat het nie. Die vraag kan verder gevra word na die aanslag om finansies te genereer en of die klem wel daar is om mense so te benader dat hulle as gevolg van skuldgevoelens betrokke raak?

Die meeste antwoorde op hierdie vrae is alreeds beantwoord deur wat in al die voorafgaande hoofstukke geskryf is. Die Bybelgenootskap het na my mening nie die taak van kerk uit sy hande geneem ten opsigte van Bybelvertaling en Bybelverspreiding nie. Inteendeel, die kerke en die Bybelgenootskap is volle vennote in hierdie proses, maar die Bybelgenootskap tree op as agent vir die kerke om hierdie duur proses te administreer en te voltooi, terwyl die kerke die mannekrag voorsien wat die werk kan doen.

Die Bybelgenootskap slaag daarin om in die behoeftes aan Bybels en verwante materiaal te voorsien. Watter formate benodig word, berus by die behoefte van die kerke wat via die bestaande strukture gekommunikeer word.

Die mening is vroeër uitgespreek dat die Bybelgenootskap daarin geslaag het om sy donateursbasis nie net te behou nie, maar deur die jare te vergroot. Die Bybelgenootskap moes waarskynlik iets reg gedoen het.

Tom McCabe, 'n kenner op die gebied van fondsinsameling, skryf in 'n artikel "Understanding the ministry of Fundraising" dat daar volgens hom drie kritieke beginsels is waarvolgens fondsinsamelings pogings moet plaasvind. Hy praat van verhoudingsbouende (relationship-building fundraising) fondsinsamelings pogings. Sy hele beredenering word gebou op 2 Korintiërs 8 en 9.

Die beginsels soos deur McCabe uitgespel is, bevat nog praktiese toepassings wat die volgende insluit:

1. **Meaningful giving comes from the heart not the wallet** (2 Corinthians 8:1-6). It is God's desire that people give themselves to Him and *then* to His work... both are in keeping with his will.

Application: 1.1 Pray for your fundraising efforts, that hearts will be moved to respond as God leads.

1.2 Communicate real stories of the results of your ministry.

- 1.3 Communicate real needs and how - by meeting those needs
- lives will be changed by God.

2. God expects reasonable giving commitments, not unrealistic emotional responses (2 Corinthians 8:10-12). Donors are to give reasonably, from available resources.

- Application:**
- 2.1 No high-pressure arm twisting.
 - 2.2 No guilt-inducing appeals.
 - 2.3 Regular communication of needs, so donors can give reasonable amounts from available sources.

3. We are accountable to each other, not just to God (2 Corinthians 8:20-21). We speculate that Paul recognized that although God sees the heart, and hence the motives, man doesn't have that ability. Therefore, it is necessary to meet the often arbitrary rules of men, even when it may cost more money or take more time, so that we can represent ourselves faultless as much as humanly possible.

- Application:**
- 3.1 Practice financial accountability.
 - 3.2 Perform annual audits. This communicates care and prudence in handling money.
 - 3.3 Comply with all state requirements.

The third principle includes absolute integrity in *what* is communicated as well as how finances and resources are managed (McCabe 1997:25-28).

Gedagtig aan die bogenoemde siening van Tom McCabe kom die ingesteldheid van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika telkens baie sterk na vore.

Die eerste beginsel wat McCabe uitlig, is juis die vertrekpunt ten opsigte van deputasiewerk. Hierdie beginsel word ook onderstreep deur die briewe van die donateure

wat bespreek is. In deputasiewerk gaan dit juis oor gebed en die oordra van die behoeftes van die Bybelgenootskap.

Die tweede beginsel word juis deur die Sekretarisse toegepas. Niemand beter as die Sekretarisse weet watter druk daar op donateurs is nie, aangesien almal uit die gemeentelike bediening na die Bybelgenootskap oorgekom het.

Die derde beginsel is iets waarop die Bybelgenootskap baie trots is. Die besef dat met donateurs se geld gewerk word, rus swaar op die gewete, en daarom word daar baie versigtig met die geld omgegaan. Jaarliks verskyn daar 'n Jaarverslag waarin daar 'n bondige finansiële oorsig verskyn. Alle finansiële state van die Bybelgenootskap is ter insae vir enige donateur van die Bybelgenootskap.

Die goeie naam van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is die genadegawe aan die Bybelgenootskap en daar word vanaf die Hoofsekretaris se kantoor tot op voetsoolvlak erns gemaak om dié goeie naam in stand te hou.

Na my mening is dit die toepassing van hierdie beginsels wat verseker het dat die Bybelgenootskap vir so baie jare kon bly voortbestaan.

Die vraag nou is watter uitdagings daar vir die Bybelgenootskap in die nuwe millennium voorlê. Die volgende hoofstuk behoort 'n aanduiding te gee van dit wat dalk oor die pad van die Bybelgenootskap kan kom.

HOOFSTUK 7

DIE BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA EN DIE UITDAGINGS VAN DIE TOEKOMS.

7.1 Uitdagings ten opsigte van die toekoms

Daar is aangetoon hoe die Bybelgenootskap gepoog het om die uitdagings van die verlede aan te spreek. Daar was aanvanklik probleme rondom die voortbestaan van die Hulpvereniging, maar met die latere groei van hierdie organisasie het die Bybelgenootskap van Suid-Afrika in 1965 tot 'n outonome Bybelgenootskap ontwikkel.

Daar is ook gepoog om die dinamika aan te toon wat agter die verskillende vertalings van die Bybel in die inheemse tale aan die werk was. Die rol van die sendelinge is uitgelig en beklemtoon.

Die produksiesyfers en die verspreidingsyfers in terme van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, het juis aangetoon dat daar sowel plaaslik as internasionaal, 'n bepaalde sendingdimensie in sy werksaamhede teenwoordig was. Daar is werklik gepoog om soveel moontlik materiaal te produseer en vir die mense van Suid-Afrika beskikbaar te stel.

Die finansiële posisie het aan die ander kant die unieke verhouding waarbinne die Bybelgenootskap met sy donateurskorps staan baie sterk belig. Die stand van die finansies het verder aangetoon dat die mense van Suid-Afrika 'n passie vir die Woord openbaar. Donateurs se offervaardigheid het meegewerk dat miljoene Bybels deur die jare vir verspreiding beskikbaar gestel kon word.

Uiteindelik bly daar een brandende vraag oor: Watter uitdagings lê daar in die toekoms vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika opgesluit?

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika word, soos enige organisasie, ook noodwendig met die toekoms gekonfronteer. Die vraag is egter hoe die Bybelgenootskap hierdie uitdaging gaan aanvaar en in watter gees hy die pad gaan stap. Aangesien die Bybelgenootskap so 'n besondere lang en trotse geskiedenis het, moet die toekoms met dieselfde toegewydheid aangepak word.

Na my mening word die uitdagings vir die toekoms in die huidige werksaamhede van die Bybelgenootskap gereflekteer. Ek sal die uitdagings vir die toekoms onder die aspekte van vertaling, produksie en verspreiding hanteer. Ek sal nog 'n punt wil byvoeg, naamlik die van fondsinsameling, aangesien die uitdagings ten opsigte van die finansies onderliggend aan al die werksaamhede is.

Ten opsigte van die uitdagings sal ek 'n verskeidenheid van sake wil aanroer. Nie al hierdie sake sal in detail bespreek word nie, aangesien al die uitdagings nie noodwendig binne hierdie studieveld lê nie.

7.2 Uitdagings ten opsigte van Vertalings

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is tans besig met 'n vertaalprogram wat na alle waarskynlikheid tot diep in die eeu gaan duur.

7.2.1 Afrikaanse Bybel vir Dowes

Die Bybelgenootskap is tans besig met 'n baie ambisieuse program om die Bybel te vertaal sodat dit vir die dowegemeenskap toeganklik sal wees. Nagenoeg 5 000 Afrikaans doofgebore persone sukkel om die Bybel in die huidige formaat te lees.

Dowes se taal, wat as 'n volledige dialek van Afrikaans beskou word, verskil dramaties van gewone Afrikaans. Die verskil lê daarin dat dowetaal net op die visuele gebaseer is met die gevolg dat die woordeskat baie beperk is. In die dowetaal het woorde gewoonlik net een betekenis en die taal moet sodanig wees dat dit deur middel van gebaretaal of vingertaal gekommunikeer kan word.

In 1998 het die eerste proefvertaling van Genesis en Markus verskyn. Hierdie proefvertaling is uniek aangesien daar heelwat van woordverklarings gebruik gemaak word. Sketse word gebruik om gebeure en sake meer verstaanbaar toe te lig.

Na alle waarskynlikheid sal 'n verdere proefvertaling deur die loop van hierdie jaar verskyn. Volgens prof JP Oberholzer is die klein profete gereed om as proefvertaling te verskyn.

Die vraag kan met reg gevra word of die klein potensiële lesertal so 'n groot projek regverdig. Kan hierdie fondse nie elders beter aangewend word nie?

Die antwoord lê na alle waarskynlikheid in die missie van die Bybelgenootskap opgesluit. Dit is die Bybelgenootskap se selfopgelegde plig om die Bybel aan alle mense te voorsien in 'n taal en formaat wat hulle kan verstaan. Dit is my siening dat hierdie Bybel nie noodwendig net deur die dowegemeenskap gebruik gaan word nie. Die ooreenkomstige Engelse vertaling word gebruik vir die dowes, maar word ook bemark as 'n "easy read Bible" vir kinders.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika kan definitief ten opsigte van hierdie saak by die Amerikaners leer. As hierdie perspektief gehuldig word, kan so 'n projek geregverdig word. Dit bly egter 'n ope vraag of dieselfde behoefte by die ander taalgroeperings binne Suid-Afrika bestaan. Gedagtig aan die styging in die verkope van Engelse Bybels sou daar tog geredelik geredeneer kan word dat daardie mense met Engels tevrede moet wees. Aangesien hierdie Bybel vanuit Amerika ingevoer word en dit nie 'n plaaslike Bybelgenootskap produk is nie, sal daar na maniere gekyk moet word om hierdie produk meer toeganklik vir die dowe gemeenskap te maak.

Aan die anderkant bly daar tog die behoefte om in jou moedertaal te aanbid. Ek sou wou sien dat deeglike marknavorsing gedoen sal word wat omvattend en wetenskaplik van aard sal wees voordat daar enige ander vertaalwerk in 'n inheemse taal vir Dowes aangepak word. So 'n projek is te eksklusief om geld op te spandeer as die produk nie gebruik word nie.

Ek wil aansluit by die siening van Smith (1930:8), soos aangehaal in Hoofstuk 4 punt 6, wat soos volg lui:

Men need two kinds of language, in fact; a language of the home, of emotion, of unexpressed associations; and a language of knowledge, exact argument, scientific truth, one in which words are world-current and steadfast in their meanings. Where mother tongue does not answer both needs, the people must inevitably become bilingual; but however fluent they may succeed in being in the foreign speech, its words can never feel to them as their native words. He may bargain in the other, or pass examinations in it, but he will pray in his home speech. If you wish to reach his heart you will address him in that language.

Hierdie siening van Smith is beslis stof tot nadenke, ook wat die gehoorgestremde betref.

Die huidige vertaalspan van die Afrikaanse Bybel vir Dowes bestaan uit prof JP Oberholzer as projekkoördineerder, mnre A Kleinschmidt wat optree as tolk vir sy vader E Kleinschmidt (’n Dowe), dr R Hough (predikant vir Dowes), mej E Roux (Afrikaanse-onderwyseres vir Dowes) en mej R Scheffler (senior direkteur: Teksversorging en notulerende skriba vir die komitee).

7.2.2 Suid-Ndebele vertaling

Soos vroeër aangetoon is, besit hierdie moedertaalsprekers nie die hele Bybel in hulle taal nie. Dit is slegs die Nuwe Testament wat alreeds vertaal is, en daarom het die Bybelgenootskap ’n vertaalspan aangewys wat aan die begin van 1999 begin het met hulle werksaamhede om die Ou Testament te vertaal. Hierdie projek sal na alle waarskynlikheid in die omgewing van 10 jaar duur.

Die aanpak van hierdie projek, wat in enige terme ’n finansiële las op die skouers van die Bybelgenootskap plaas, is juis die praktiese uitlewing van sy missie om Bybels aan alle mense te voorsien. Die Bybelgenootskap was moreel verplig om hierdie saak aan te pak

namens die nagenoeg 600 000 moedertaalsprekers. Soos wat die geval is, word hierdie saak as 'n prioriteit beskou.

7.2.3 Die ongeletterdes

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het ISWEN versoek om navorsing te doen oor die wenslikheid vir die Bybelgenootskap om betrokke te raak by die uitgee van Bybels in oudioformaat in die tale van Suidelike Afrika.

Prof D Crafford lê in April 1998 'n verslag aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika voor oor die gebruik van oudio-visuele media in die verspreiding van die Skrif en Skrifgedeeltes, en oor die produksie en verspreiding van die Bybel in oudio-formaat. Hierdie studie is gedoen namens die Instituut vir Sendingwetenskaplike en Ekumeniese Navorsing (ISWEN).

Sonder om die deeglike en noukeurige verslag van Crafford oor te skryf, sal ek enkele belangrike tendense uitlig wat in hierdie verslag na vore gekom het.

Crafford identifiseer die kern van die probleem naamlik dat ongeletterdheid, half-geletterdheid en post-geletterdheid in die wêreld eerder aan die toeneem is as aan die afneem. Ongeveer die helfte van die wêreld se bevolking, wat neerkom op byna drie miljard mense, kan nie lees nie. Daarby moet gelet word die groot getal mense wat verskillende grade van geletterdheid besit, maar dit selde in die praktyk toepas (Crafford 1997:1).

Crafford haal Ansre aan wat sê dat in lande met 'n lae literêre tradisie, soos in Afrika, slegs 11% van alle mense wat kan lees, werklik gereelde lesers van die Bybel is. Wat hierdie situasie nog verder kompliseer, is dat in veral Westerse lande met hulle 100% geletterdheid mense al hoe meer op die elektroniese medium staat maak om inligting te bekom. Die televisie, radio, klank-en videokassette neem die plek in van boeke, tydskrifte en koerante.

Crafford kom aan die einde van die ondersoek tot die konklusie dat daar basies 4 groepe mense is wat 'n behoefte het aan die Bybel in oudio-of oudio-visuele formaat. Hierdie groepe is (a) Ongeletterdes, wat uit 'n kultuursituasie kom waar lees en skryf nie algemeen in gebruik is nie. (b) Mense wat wel leer lees en skryf het, maar nie ver genoeg gevorder het om die Bybel vlot te kan lees nie, en derhalwe selde of ooit lees. (c) Mense wat wel goed geskoold is en vlot kan lees en skryf, maar wat in die elektroniese era waarin ons leef so aan die elektroniese media gewoon geraak het dat hulle die lees van boeke en dokumente daarmee vervang het. (d) Blinde en swaksiende mense wat uit die aard van die saak nie kan lees nie of slegs braille-skrif kan lees (Crafford 1997:20).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die behoefte aan materiaal so uiteenlopend is dat dit kan wissel van gedramatiseerde tekste met meervoudige stemme wat gekombineer kan word met tradisionele vorme van drama, poësie en musiek tot gesofistikeerde materiaal in oudio-visuele vorm.

Wat egter vanuit 'n missionêre perspektief verontrustend is, is dat daar tussen 7,5 – 10 miljoen mense in ons land is wat nooit werklik leer lees het nie. Voeg daarby die na raming 10 miljoen mense wat wel 'n elementêre lees kennis het, maar wat sukkel om die Bybel te lees. Crafford maak die stelling dat baie van hierdie ongeletterde mense aan die Onafhanklike Swart Kerke behoort. Hierdie kerke stel nie geletterdheid as 'n voorwaarde tot kerklidmaatskap nie. Hierdie mense is uitgelewer aan dit wat deur die voorgangers aan hulle oorgedra word, deur middel van sang en voorlesing uit die Bybel deur iemand wat soms wel genoegsaam geletterd is. Tot hiertoe, in kort, die verslag van Crafford.

Op die Nasionale vergadering van Februarie 1998 is daar met dank kennis geneem van die verslag, maar terselfdertyd is groot onrus verwoord. Voortspruitend uit hierdie verslag is daar aan ISWEN opdrag gegee om hierdie studie verder te neem en sekere sake te ondersoek.

ISWEN het teen die einde van 1999 'n verslag aan die Hoofsekretaris van die Bybelgenootskap vir oorweging voorgelê. Tydens die Nasionale Raadsvergadering in Februarie 2000 te Kaapstad is hierdie verslag nie voorgelê nie. Dit is dus voortydig om

na hierdie verslag te verwys as 'n amptelik goedgekeurde dokument van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Ek wil egter in my studie daarna verwys aangesien dit die problematiek rondom ongeletterdheid aanraak en verder moontlikhede verskaf ten opsigte van die adressering van die behoefte van die ongeletterde.

Die verslag beklemtoon die feit dat daar 'n hele verskeidenheid van “orale kontekste” of mondelinge kulture is, soos:

- primêre oraliteit (die tradisionele orale kultuur)
- sekondêre oraliteit (waar orale poësie, kultuur en religie deel word van kulturele en politieke verset)
- tersiêre oraliteit (globale, elektroniese orale kommunikasie)
- subkulture wat mondelinge kommunikasie-patrone gebruik.

Die verdere stelling word gemaak dat daar in die tussengebied tussen orale en literêre kulture steeds 'n wisselende proses van konflik en kombinasies heers, wat tipies is van die interaksie tussen komplekse stelsels.

Die verslag het verder bevind dat hierdie saak groot uitdagings vir vertalers inhou. Groot gedeeltes van die Bybel het oorspronklik in 'n orale vorm bestaan en het later eers oorgegaan in 'n literêre vorm. Hierdie oorgang van die orale na die literêre vorm het verandering in betekenis meegebring. Die uitdaging is dus om die Bybelse betekenis of literêre inhoud te behou as die proses omgekeer word en die Bybel weer in 'n orale vorm beskikbaar gestel word.


Uiteindelik sal daar na 'n benadering gesoek moet word wat die historiese aard van die teks respekteer en die lewegewende boodskap terselfdertyd in die huidige konteks werksaam laat wees.

Die verslag stel verder voor dat die teikengehoor verander van “ongeletterd” na “verskillende mondelinge kulture” (soos byvoorbeeld, waar geletterde mense tipies orale kommunikasievorme gebruik).

Die interessante van hierdie verslag is dat daar 'n paradigmaskuif voorgestel word sodat die voorgestelde medium verander van 'n bandopname na die gepaste medium vir 'n spesifieke konteks en teikengehoor.

Die volgende diagram word deur die verslag voorgehou om 'n strategie daar te stel om die uitdagings rondom die verskillende vorme van oraliteit aan te spreek.

Diagram - Voorgestelde strategie om die Bybel aan te bied vir die Suid-Afrikaanse gemeenskap



Soos alreeds opgemerk is, is hierdie laaste verslag van ISWEN nog nie deur die Bybelgenootskap se Nasionale Raad bespreek nie en kan daar geen amptelike kommentaar vanaf die Hoofsekretaris se kant verkry word nie.

Dit is verblydend dat daar erns gemaak word met die behoefte van die miljoene mense van verskillende mondelinge kulture. Ek is daarvan oortuig dat die aanspreek van die behoefte by die mense binne die tradisie van primêre oraliteit die hoogste prioriteit by die Bybelgenootskap behoort te wees. Soos die studie bevind het, het hierdie mense min of geen toegang op persoonlike vlak tot die Bybel nie.

As die visie van die Bybelgenootskap in gedagte gehou word, moet die proses 'n aanvang neem om hierdie saak te spreek. Ek noem dit 'n proses, want soos blyk uit die studie, is daar geen klinkklare antwoorde en werkswyses nie. Hierdie is en bly 'n nuwe terrein wat ondersoek sal moet word.

Crafford spreek hierdie uitdaging aan tydens 'n seminaar rondom Bybelvertaling in Februarie 1999 en onder die tema van sy referaat: Die vertaling van die Bybel gerig op die individue en kultuurgroepe wat in 'n pre-literêre milieu leef. Hy sê onder andere die volgende:

Die uitdaging vir Bybelwetenskaplikes sal dus wees om 'n teks te selekteer wat vir die ongeletterde sin sal uitmaak en wat tog die volle boodskap van die Bybel sal oordra. Die tekste wat geselekteer word sal steeds so na as moontlik aan die oorspronklike teks vertaal moet word, maar dan in 'n idioom en taalvorm wat vir die ongeletterde sin sal maak. Die bedoeling is dat nie alles gereduseer moet word tot verhale soos in 'n kinderbybel nie of dat slegs vrye parafrases van 'n teks gemaak moet word nie. Daar sal 'n norm gevind moet word op grond waarvan die seleksie gedoen word om op die ou end 'n samehangende geheel te vorm. Die eie aard en literatuurvorm van elke bepaalde teks moet egter in die vertaling so ver moontlik gehou word. So kan narratiewe dele in storienvorm vertel word, liedere

gesing word, dialoog in verskillende stemme gelees word en Spreuke kan deur inheemse wysheidspreuke weergegee word (Crafford 1998).

Alhoewel die voorsiening van die Bybel en verwante materiaal vir gebruik deur kerke en sendingorganisasies die werksterrein van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is, is ek van mening dat dit nie die taak en roeping van die Bybelgenootskap is om die kwessie van ongeletterdheid aan te spreek nie. Dit lê vir my op die vlak van die kerke, sendingorganisasies en organisasies wat hulle kennis en energie spesifiek op hierdie probleem rig.

Die taak van die Bybelgenootskap is en bly om die Woord op so 'n wyse voor te berei dat hierdie en alle ander mense volle toegang kan verkry tot die Bybel, in watter formaat ook al.

Die aanspreek van die verdere orale kulture, soos deur die verslag van ISWEN gedefinieer, is na my mening sake wat nie so dringend is nie. Daar is alreeds op die rakke by die Bybelgenootskap materiaal vir nuwe lesers, die Nuwe Lesergedeeltes en verskeie vertalings van die Bybel is beskikbaar. Daar is ook seleksies beskikbaar wat handel oor spesifieke probleme, byvoorbeeld die HIV/VIGS seleksie "Leef in Hoop". Die Bybelgenootskap het verder pro-aktief opgetree deur vroegtydig die Bybel op CD-Rom beskikbaar te stel. Dit word gedoen in samewerking met Logos Library Systems (LSS). Tans is daar 'n wye verskeidenheid van Bybels in verskeie tale op CD-Rom beskikbaar.

Crafford huldig die volgende siening wat na my mening 'n nuwe uitdaging voor die deur van die kerke, sendingorganisasies en die Bybelgenootskap lê as hy sê:

Die Christendom moet as't ware losgemaak word van die kettings van die gedrukte boek en die geskrewe teks en wye teuels gegee word om deur mondelinge getuienisse van mense verder gedra te word. Die persepsie dat slegs geletterdes Christene kan wees, moet deurbreek word en die basis van leierskap in kerke moet verbreed word. Daar moet 'n bron geskep word wat die spontane

getuienis van die Evangelie sal stimuleer deur die gebruik van orale kommunikasiekanale (Crafford 1998).

Ek sou baie sterk wou aanbeveel dat die Bybelgenootskap nie hierdie belangrike behoefte op die agtergrond skuif nie, aangesien ook hierdie werksaamheid aan die wortel van sy missie lê.

7.2.4 Ander Godsdienste

Die probleem binne Suid-Afrika is dat dit nie 'n land met 'n homogene godsdienskultuur is nie. Nie alleen is daar Christene in ons land nie (na beraming meer as 70%), maar daar is ander groepe soos die Moslems en Hindoes, wat veral sedert 1994 prominent op die voorgrond getree het met sekere aansprake ten opsigte van gelykstelling en gelyke beregtiging.

Die globaliseringsproses en die demokratisering van Suid-Afrika se politieke situasie het veroorsaak dat daar 'n geweldige instroming van mense van dwarsoor die wêreld na Suid-Afrika is. Wat met hierdie proses gebeur, is dat die sendingveld inderdaad op ons voorstoep beland het. Daar word reeds op verskeie plekke vir bekeerdes uit die Islam dienste gehou. Immigrante, baie keer onwettig, uit Afrika en Pakistan skakel in.

Daar word dienste gehou vir die Franssprekendes uit Afrika wat in groot getalle na Suid-Afrika gestroom het.

Hierdie mense het bepaalde behoeftes ten opsigte van die Bybel. Hierdie is 'n uitdaging wat voor die deur van die Bybelgenootskap geplaas word, want as vennoot van die kerk moet daar meegewerk word aan die voorsiening van materiaal wat in die sendingpoging gebruik kan word.

Ten opsigte van die Islam is daar materiaal beskikbaar afkomstig uit Australië. Die vraag is of die kerk genoegsaam bewus is van hierdie materiaal en of daar nie dalk ander of addisionele materiaal beskikbaar gestel moet word nie. As die Bybelgenootskap dan

“klant-georiënteerd” is, sal dit nie goed wees sou daar ’n landswye konferensie gereël word ten einde hierdie belangrike saak te bespreek en te ondersoek nie? Moet die kerke of die Bybelgenootskap die inisiatief neem?

Aangesien die doen van sending, soos alreeds aangetoon, die taak en plig van die kerk is, behoort hulle die inisiatief te neem ten opsigte van die reël van so ’n byeenkoms. Dit sal egter goed wees as die Bybelgenootskap die proses kan begin sodat die kerke en sendingorganisasies se hande gesterk kan word.

7.3 Uitdagings ten opsigte van produksie

7.3.1 Produksie vir die buiteland

Ten opsigte van die produsering van die Bybel het die Bybelgenootskap ’n baie trotse geskiedenis. Die produksieprogram van die Bybelgenootskap getuig van ’n goeie vennootskap met die drukkers wat die produksie behartig.

Die vraag is egter hoe die pad vorentoe lyk veral nou dat die deur na Afrika oop gegaan het en met die vestiging van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe se Suider-Afrika Streekkantoor in Kempton Park. Soos alreeds in hoofstuk 5 gesien is, het die aanvraag na Bybels wat in Suid-Afrika gedruk is, toegeneem. Die gevaar bestaan dat hierdie werk sodanig kan uitbrei dat dit die produksie vir die plaaslike mark negatief kan beïnvloed en tekorte laat ontstaan. Hierteen sal daar gewaak moet word.

Wat wel in Hoofstuk 6 geblyk het, is dat die Bybelgenootskap wel ’n bron van inkomste het in die verkope van die luukse en semi-luukse artikels. Die vraag is of die produksie van hierdie artikels nie uitgebrei moet word ten einde te help om die verliese op die ander gesubsidieerde Bybels te help dra nie? Uit ondervinding blyk dit dat daar van tyd tot tyd ernstige tekorte ten opsigte van sekere luukse en semi-luukse artikels is.

Die vraag is tydens 'n onderhoud aan die Hoofsekretaris gevra aangaande die produksie vir die Buiteland en of dit nie sal inmeng met die drukprogram vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika nie en sy antwoord, wat verbatim aangehaal word, was soos volg:

Dit is die hele gedagte van ons verantwoordelikheid natuurlik, eerste teenoor ons eie land, ons eie tale, en mense, maar ons is tweedens deel van 'n groter familie, die Wêreldbond van Bybelgenootskappe. Ons onmiddellike verantwoordelikheid lê teenoor ons buurlande en die streek Suidelike Afrika waarby ons ingedeel is, en dan ook verder wêreldwyd. Dit is werklik een van ideale dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika verder as net plaaslik betrokke sal wees. Die Here is vir ons goed, ons het 'n infrastruktuur, ons het deskundiges, en ons doen dit reeds. Ek is nie net gemaklik daarmee nie, ek dink ons het 'n verantwoordelikheid, ons het 'n opdrag om maar terug te kom na Handeling 1:8 “*Jerusalem tot aan die uiterste van die aarde*”, ons het 'n verantwoordelikheid daarteenoor en ons kan iets beteken ook vir die wêreld (Kritzinger 2000).

Met hierdie siening kan daar uit die aard van die saak nie fout gevind word nie. Na my mening weerspieël dit juis die missionêre onderbou in die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

7.3.2 Buiteblaaie van produkte

Alhoewel hierdie proefskrif nie handel oor die dag-tot-dagwerksaamhede van die Bybelgenootskap nie, veral nie ten opsigte van die produksieprogram nie, wil ek tog enkele opmerkinge maak aangaande die verskillende formate Bybels wat beskikbaar is.

Deur die jare heen het die Bybelgenootskap van Suid-Afrika Bybels geproduseer wat hoofsaaklik in enkele verpakkings voorgekom het. Daar was die luukse leer Bybels wat aanvanklik net in swart leer gebind was. Hierdie is later verander na rooi Bisonleer en later weer na die Jongbloedleerkleur. Die standaard gesubsidieerde Bybel was in die reël 'n swart Hardebandkopie met of wit- of rooisnee, afhangende in watter taal die Bybel is.

Met die verskyning van die Grootdrukbybels was daar enkele nuwe verwickelinge. Die Bybel verskyn ook nou in omslae van PVC en ander materiaal wat nie so hard is nie. Dit is veral die semi-luukse formate wat hierdie “nuwe baadjies” aangetrek word.

Met die verskyning van die plaaslik geproduseerde Engelse Grootdrukbybel, die New International Version (NIV), is hierdie produk in ’n nuwe en byderwetse omslag gebind wat dit ’n treffende publikasie maak. Die Engelse Bybels veral is in verskillende en soms baie kleurvolle omslae gebind. Die tradisionele publikasies is nog beskikbaar, maar daar word ruimte gemaak vir vernuwing. Daar word veral ruimte geskep vir die moderne jongmens met sy behoefte aan kleur en produkte wat sosiaal aanvaarbaar sal wees.

Die vraag is wat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika doen om die Bybel in ’n formaat te bind wat die kinders en jongmense van vandag opgewonde sal maak oor die Bybel? Die inhoud opsigself is veronderstel om die jongmens opgewonde te maak, maar is die verpakking aantreklik genoeg? In die terminologie van vandag se kind: “Is dit cool?”

Dr Bernie van Zijl, leraar van die NG Kerk, het ’n navorsingsverslag geskryf met die titel: “Branding, the key to marketing leisurewear to teenagers”. Hierdie verslag wat duidelik op ’n ander mark as boeke gerig is, toon parallelle wat net so op die voorsiening van Bybels aan jongmense van toepassing gemaak kan word.

Ek wil drie van sy bevindinge aanhaal wat na my mening die Bybelgenootskap ernstig behoort te motiveer om die Bybel in omslae te bind wat die jeug sal aanspoor om dit te koop, maar ook om te gebruik, want dit is “cool”.

Die drie bevindinge van Van Zijl wat relevant is :

- Boys and girls would however say that the design of the clothing is more important than the brand (Van Zijl 1999:45).
- Today’s children are no longer the market for the future. As shown, today’s children have big piggy banks, which the marketers of the day cannot ignore. Marketers can only be successful if they employ well-thought marketing

strategies that acknowledge children as special people in their own right (Van Zijl 1999:50).

- Van der Walt (1998:579) et al, see teenagers as an important homogenous consumer group in the world. Teenagers throughout the world buy similar products. Shiffman & Kanuk (1994:360) make it clear, teenagers are not only important for what they buy for themselves and for the influence on family consumption decisions, but “also because the teenage years are a formative period in terms of later adult consumption patterns” (Van Zijl 1999:26).

Voordat daar verder beweeg kan word, moet die vraag gevra word wat beteken “cool”, of wat is die inhoudelike van “cool”?

Sinonieme vir “cool” kan die volgende wees:

Enjoyable to have fun, interesting interest, something interesting, new, something that is fashion, something daring, something nice, it’s an expectation, something nice that you can buy (Van Zijl 1999:38)

Hierdie is sieninge soos deur die kinders self gedefinieer. Die vraag wat beantwoord moet word, is of die kind van vandag die swart Hardeband Bybel sal koop as daar vir hom ’n alternatief op die tafel geplaas word?

Na my mening sal hierdie een van die uitdagings vir die toekoms wees aangesien die Bybelgenootskap van Suid-Afrika met sy produk iemand kan wen, nie net as ’n verbruiker nie, maar ook as ’n donateur.

7.4 Uitdagings ten opsigte van verspreiding

Op hierdie terrein van die werk van die Bybelgenootskap is daar vele uitdagings. Na my mening lê die primêre uitdaging daarin opgesluit dat die Bybelgenootskap as ’n organisasie wat klant-georiënteerd is in plaas van produk-georiënteerd, die produkte op die vinnigste en mees koste effektiewe wyse by die klante moet uitkry. Dit sal in die

praktyk moet beteken dat die verspreidingskanale van so 'n aard is dat die klante nie op die voorsiening van produkte hoef te wag nie.

Aangesien die Bybelgenootskap van Suid-Afrika van kontrakteurs en van die openbare vervoerstelsel afhanklik is, bly die verspreiding van materiaal na die onderskeie Bybelhuise en daarvandaan verder, 'n geweldige uitdaging.

In 'n vorige hoofstuk is die vraag gevra rondom die twee distribusiesentrums te Soweto- en KwaZulu-Streke. Ten spyte van die Hoofsekretaris se siening aangaande die voortbestaan van beide streke, is ek tog van mening dat daar indringend gekyk moet word na die noodsaaklikheid van die instandhouding van die huidige distribusiesentrums in hierdie streke. Ek is van mening dat net 'n winkel genoegsaam sou wees by beide hierdie Bybelhuise. Die kantore in Kempton Park en Durban, wat beter toegerus is om groot volumes produkte te hanteer, sal hierdie taak gemaklik by hierdie streke kan oorneem en hulle streke kan bedien.

Daar is tydens 'n onderhoud met die Hoofsekretaris van die Bybelgenootskap vroe gevra oor die lewensvatbaarheid van twee streke, naamlik die Soweto en KwaZulu-Streke. Die uitgangspunt was dat hulle verspreidingsyfers en finansiële prestasies nie in lyn was met die van die ander streke nie. Aangesien hierdie 'n baie kontensieuse saak is, haal ek die Hoofsekretaris verbatim aan:

Heel aan die begin het ek genoem wat ons missie is, om die Bybel uit te kry by al die mense, en ons moet dit nooit vergeet nie. Een van die doelwitte van Streke is om die Bybel naby die gebruiker te kry. Die doelwit van 'n streek is nie net fondsinsameling nie. Streke het twee take, die een is promosie en fondse, maar die ander een is distribusie. Met ander woorde dit gaan gebeur dat daar kruis subsidiëring is.

Jy het genoem daar is twee Streke wat onderpresteer, daar is meer Streke, sou jy net na koste effektiwiteit kyk. Natuurlik is dit vir my belangrik dat daar koste effektiwiteit moet wees, maar daar is ander faktore ook. Die belangrike punt is,

ons moet 'n balans kry. 'n Balans tussen om die Bybel uit te kry en wat dit ons kos om die Bybel daar uit te kry, en dan, ja natuurlik, ons moet van tyd tot tyd ons struktuur evalueer. Ons moet kyk is ons werklik koste effektief. Koste effektief beteken nie altyd dat 'n streek 'n wins moet lewer nie. Ek sê daar gaan altyd kruis subsidiëring wees anders gaan ons miskien sê daar gaan net een of twee streke of een of twee kantore wees en jy kan dink wat verlore sal gaan. Ons hele sigwaarde gaan verlore, met ander woorde, hier moet 'n balans gekry word.

Wat ons miskien wel moet aanspreek, is al die Streke, kom hulle werklik hulle plig na as dit by verspreiding kom? Kan ons nie, en dit is 'n uiters belangrike saak, ons distribusie verhoog nie? Moet ons nie kyk na ander verspreidingskanale, ander verspreidings moontlikhede nie? Ek dink dit sluit aan by die heel eerste vraag wat jy gevra het, as dit kom by ons taak ons visie, 'n visie wat ons vir onself het, is dat ons werklik moet kyk na ons distribusiekanale.

Miskien totale ander wyses hoe ons die Bybel kan versprei en dit sluit ook aan by bemarking, ek dink ons doen nog te min ten opsigte van bemarking. Ons moet net baie versigtig wees, ons is nie 'n gewone uitgewer nie. Ons mag nooit 'n gewone uitgewer word nie, maar ek dink bemarking het ook sy plek binne die Bybelgenootskap om die pragtige produkte wat ons het, bekend te stel. Die mense weet nie almal van hierdie produkte nie. So bemarking is iets waaraan ons ook verseker in hierdie millenium, die volgende jaar of twee moet aandag gee (Kritzinger 2000).

Gedagtig aan bogenoemde siening aangaande die twee kantore is ek tog daarvan oortuig dat die Bybelgenootskap 'n lewensvatbaarheidstudie behoort te doen ten opsigte van die moontlike vestiging en uitbreiding van die bestaande depots in van die meer landelike gebiede, soos die Laeveld, Noordelike Provinsie en die Noordwes Provinsie. Sou daar nog depots gevestig kan word, bo en behalwe dié op Klerksdorp en Middelburg (MP), sal dit na alle waarskynlikheid die verspreiding van Bybels bevorder, en sal dit die Bybelgenootskap meer toeganklik maak. Kleiner handelaars sal daardeur ook aangemoedig word om Bybels in hulle winkels te dra. Of dit koste effektief is en sal

wees, kan net 'n ondersoek aan die lig bring, maar dat sulke depots sal meewerk om missionêre aktiwiteite aan die hand te werk, is gewis.

Die hele ontwikkeling van die sogenaamde e-handel is 'n terrein wat geweldig vinnig in die wêreld aan die ontwikkel is. Die ontwikkeling van die Internet en die gepaardgaande handel wat plaasvind, is beslis 'n uitdaging vir die Bybelgenootskap. Die vraag is hoe die internet tot die maksimale voordeel van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gebruik gaan word. Informasietegnologie is vandag onontbeerlik in 'n wêreld waar daar klem gelê word op vinnige en koste effektiewe handel en inligting wat amper tot op die minuut op datum is. Webbladsye is aan die orde van die dag om potensiële klante te werf. In terme van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika beteken dit onder andere die werwing van nuwe donateurs. Donateurs kan oorbetalings van donasies met die druk van 'n knoppie maak, produkte kan geadverteer word en resente informasie kan beskikbaar gestel word. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika kan op sy Webbladsy besoek word by: <http://www.biblesociety.co.za>.

Uiteindelik is die wagwoord vir die nuwe eeu koste effektiewe verspreiding, aangesien fondse nie vermors darf word nie. Verkwiste fondse beteken minder Bybels en dit op sy beurt beteken weer dat mense wat 'n Bybel sou wou aankoop, daardie geleentheid ontnem is.

7.5 Uitdagings ten opsigte van fondsinsameling

Ten opsigte van hierdie saak sal dit in die volgende dekade, eeu en millennium een van dié belangrikste agendapunte wees aangesien die Bybelgenootskap 'n geloofsorganisasie is. Dit impliseer reeds dat fondse gegenerer sal moet word sodat die werk ten opsigte van Bybelverspreiding kan voortgaan.

Nie alleen sal fondse gegenerer moet word nie, maar die donateursbasis sal in stand gehou moet word en verder nog sal dit moet uitbrei ten einde die Bybelgenootskap in staat te stel om lewensvatbaar te bly.

Tot op hede het die Bybelgenootskap van Suid-Afrika die onderskeiding dat hy in staat is om by te dra tot die werksaamhede van die WBG. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is tans die enigste Bybelgenootskap in Afrika wat 'n finansiële bydrae lewer tot die Wêrelddiensprogram (WSP) van die WBG.

Om hierdie werk te kan doen, om fondse by te dra tot die WBG en om steeds voort te gaan met die voorsiening van Bybels en ander materiaal teen meestal onder kosprys, sal die finansiële druk laat toeneem.

'n Verdere probleem rondom die insameling van fondse sal geleë wees in die verskuiwing wat sal moet plaasvind ten opsigte van die teikengehoor. Dit is 'n saak van dringendheid dat die opkomende swart middelklas by die werk van die Bybelgenootskap betrokke sal raak. Dat daar 'n skuif ten opsigte van die finansiële basis plaasgevind het, is gewis en seker. Die vraag bly egter hoe hierdie mense gemotiveer gaan word om by die werk van die Bybelgenootskap betrokke te raak.

Die grootste uitdaging vir die Bybelgenootskap gaan wees om die diverse kultuurgroepe in Suid-Afrika te motiveer en te aktiveer, sodat hulle 'n finansiële bydrae tot die Bybelgenootskap kan lewer. Daar is aan die een kant die tradisionele Afrikakultuur, met sy klem op die groep, waar alles binne groepsverband geskied en die individu by daardie patroon moet inval. Aan die anderkant is daar die Westerse kulturele model van die klem op die individue en die besluitneming wat lê by die individu (Van Niekerk en Pauw 1999:A3 1-2).

Hierdie uitbreiding van die donateurskorps onder die swart middelklas is ook iets wat swaar op die hart van die Hoofsekretaris van die Bybelgenootskap lê. In die onderhoud wat gevoer is, word dié feit sterk beklemtoon:

As dit kom by ons promosiewerk, het ek werklik die visie dat ons die gemeenskap en die taalgroepe wat nog nie betrokke is nie, of wat nog nie halfpad betrokke is nie, om hulle meer betrokke te kry. Ek dink dit is 'n geweldige uitdaging vir ons. Daar is 'n opkomende swart bevolkingsgroep, 'n middelklas wat ons moet bereik

op een of ander wyse. Ons moet sê: julle moet deel van hierdie span wees, met ander woorde, ek het regtig 'n visie dat ook as dit kom by ons promosiewerk, sal ons die groepe wat nog nie bereik is nie, moet bereik (Kritzinger 2000).

Vanuit 'n fondsinsamelingsperspektief gaan dit nie maklik wees om nuwe donateurs vanuit die swart middelklas te werf nie, tensy die groep eienaarskap vir die werk van die Bybelgenootskap aanvaar. Hierdie sal 'n geweldige uitdaging bly en net die toekoms sal aantoon of die Bybelgenootskap van Suid-Afrika daarin geslaag het om hierdie mense te betrek.

Die Bybelgenootskap sal ook in die toekoms gekonfronteer word met die vraag of daar nog van die dienste van hoogs gekwalifiseerde personeel soos predikante gebruik gemaak kan word om fondse te genereer. Daar is reeds aangetoon dat hierdie opsie die Bybelgenootskap van Suid-Afrika uniek maak en dat samewerking met en toegang tot die kerke die Bybelgenootskap tot voordeel strek. Sal kollektante of fondsinsamelaars nie dieselfde werk kan doen nie? Sal die gebruik van professionele fondsinsamelaars nie die mark beter kan teiken nie, aangesien daar daadwerklik oor kerkgrense heen gewerk sal kan word?

My eerste reaksie op sulke vrae is negatief. Alhoewel dit klaarblyklik duur is om van geordende leraars gebruik te maak, is die vertrouensverhouding waarbinne hulle as 'n reël met en binne die kerk staan van onskatbare waarde. Die feit dat leraars op kansels kan klim en nie net die saak van die Bybelgenootskap stel nie, maar ook die Woord bedien, plaas hulle in 'n besondere posisie tot die kerke en gelowiges. Hulle word nie net gesien as mense wat geld kom soek nie, maar ook as bedienaars van die Woord.

Hierdie opsie van fondsinsamelaars moet egter deurentyd in gedagte gehou word veral waar daar nuwe donateursvelde ontgin moet word.

Van hierdie baie belangrike saak sê die Hoofsekretaris, ds Gerrit Kritzinger (2000), die volgende:

Die Bybelgenootskap is 'n besigheid, maar nie 'n normale besigheid nie, en hier het ons te make met die kern van ons werk. Bybelgenootskapwerk is spanwerk. Ons het donateurs nodig. Ons het die kerk nodig. Hulle is deel van hierdie span. Sodra ons die boodskap aan hulle gaan begin oordra dat ons kan ons publikasies befonds uit verkope, gaan daardie kraan toegedraai word. Dit maak dan ons hele etos as 't ware tot niet, dit gaan totaal daarmee heen. So ek is glad nie daarvoor te vinde nie, anders word ons 'n uitgewer, en is ons nie een nie.

Daar is ander Bybelgenootskappe wat hierdie pad loop en hulle is uitgewers, maar dit is ons vir seker nie. Dit gaan 'n geweldige leemte laat by die mens wat graag by Bybelverspreiding betrokke wil wees. Dit bring my by wat ek heel aan die begin gesê het, ons missie is om Bybels so goedkoop en bekostigbaar as moontlik te hou. Ons sal dit nie uit ons gewone verkope laag kan hou nie, ons het die donasies nodig. So, daardie donasies moet dramaties verhoog word. Dit is een van die ander doelwitte. Die groot uitbreiding van ons donateursbasis is absoluut iets waaraan ons moet aandag gee. Om dit dramaties te vergroot, verhoog en daarmee saam met die hele blootstelling van die Bybelgenootskap.

Wat na my mening in die tussentyd moet gebeur, is dat die Sekretariskorps in die beginsels van fondsinsameling opgelei sal word. Skoling is van kardinale belang sodat die werk deeglik en koste effektief gedoen kan word.

Die toerusting van die Sekretariskorps is na my mening een van die sake wat baie hoog op die agenda van die Hoofsekretaris behoort te wees. As hy toesien dat dit gebeur, sal die Bybelgenootskap sy mannekrag met hulle potensiaal ten volle kan benut.

Sal die WBG se Suider-Afrika Streekkantoor 'n rol kan speel in die opleiding en toerusting van hierdie personeel? Ek glo nie, aangesien die Bybelgenootskap al te lank besig is om 'n bepaalde modus operandi te volg, wat vir die WBG vreemd is. Daar sal egter van ander professionele mense en instellings gebruik gemaak kan word.

7.6 Uitdagings ten opsigte van internasionale betrekkinge

Tydens die onderhoud met die Hoofsekretaris van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het dit baie duidelik geblyk dat hy 'n bepaalde visie ten opsigte van die Bybelgenootskap se Buitelandse betrokkenheid het.

Ek wil enkele van sy opmerkings verbatim weergee:

Ons doen dit reeds (om in die buiteland betrokke te wees). Ons het verlede jaar 185% meer volledige Bybels gedruk vir Afrika. Oor die 300 duisend meer Bybels is vir lande in Afrika gedruk teenoor verlede jaar en dit neem nog steeds toe. Ons het nou begin, intendeel ons het goedgekeur dat ons Departement Teksversorging betrokke kan wees by die Ndau Bybelvertalings projek in Zimbabwe, met ander woorde, buite ons grense is ons met Bybelvertaling besig. Is ons met Bybelproduksie vir hulle besig. Ons dra jaarliks by tot die sogenaamde World Service Program met die donasie van 'n sekere bedrag wat aangewend word vir wêreldwye werk (Kritzinger 2000).

Tydens die Nasionale Raadsvergadering van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika op 17 Februarie 2000 is besluit om R250 000 by te dra tot die Wêreldbond van Bybelgenootskappe se fondsinsamelingpoging, wat bekend staan as "Opportunity 21".

7.6.1 Opportunity 21 (O-21)

Tydens die Nasionale Raadsvergadering van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het rev Fergus Macdonald, Hoofsekretaris van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe, die hele konsep van Opportunity 21 verduidelik.

Hierdie poging is vir my geweldig belangrik, aangesien dit juis die argument van Allen (1971:96) weerlê wat beweer dat sendingorganisasies maklik net vir hulle self kan bestaan en sodoende stagneer en in die proses word die struktuur in stand gehou. Na my

mening het rev Macdonald juis nuwe lewe in die werksaamhede van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe geblaas deur die Opportunity 21 projek.

Ek sal die projek kortliks bespreek.

Macdonald begin sy voorlegging met die volgende stelling:

As the growing Church moves into the new millennium of Christ's birth, there is a critical shortfall in the availability of God's Word. The increase in the numbers of Christians has outpaced the world supply of Scripture, depriving millions of the chance to read and hear the Good News.

Na beraming, sê Macdonald, kon daar verlede jaar aan 67 miljoen versoeke om Bybels in 80 lande nie voldoen word nie. Volgens hom sal miljoene mense met hierdie projek, Opportunity 21, die eerste keer toegang kry tot die Woord.

Macdonald haal Eugene B Habecker, President van die Amerikaanse Bybelgenootskap aan wat die doelwit van Opportunity 21 soos volg definieer:

Opportunity 21 will use the Scriptures as the cornerstone for evangelization and discipleship in more than 60 countries. Our goal is to bring the power and promise of God's Word to an increasingly post-modern, post-literate, and spiritually searching world.

Uiteindelik word daar sewe areas vir hierdie besondere geleentheid geïdentifiseer. Dit is:

- om mense van ander geloofsoortuigings te bereik
- om voorheen ontoeganklike gebiede in te gaan
- om Bybelvertaling te versnel
- om die opkomende en groeiende kerke tot hulp te wees
- om die nie-leser te bereik
- om die agtergeblewe gemeenskappe tot diens te wees
- om die bande binne die familie van Bybelgenootskappe te versterk

Die lande van die volgende streke wat vir hierdie projek geormerk is, is die volgende:

- Engelstalige Afrika Streek: Ghana, Kenia en Nigerië
- Franstalige Afrika: Kameroen, Burkina Faso en Ivoorkus
- Suider-Afrika: Madagaskar en Malawi
- Karibiese Eilande/Noord Amerika: Haiti, Jamaika/Wes-Indiese Eilande
- Sentraal-Amerika: Argentinië, Bolivië en Colombië
- Oos-Asië: China en Thailand
- Indo-Pasifiese Streek: Indië, Indonesië en Stille Oseaan Eilande
- Europa-Midde-Ooste: Rusland, Oekraïne, Romenië en NAWAT

Uiteindelik is daar 65 lande wêreldwyd wat moontlik gehelp sou kon word. Hierdie hulp is egter van beskikbare fondse afhanklik.

Die WBG is van plan om hierdie projek met ander vennote aan te pak. Vennote soos die Hosanna/Faith comes by Hearing, die Jesus Filmprojek en nog vele ander. Belangrik is die feit dat daar saam met ander organisasies gewerk gaan word. Daar sal ook interstreek binne die familie van die WBG gewerk word. Dit sal gedoen word ten opsigte van fondsinsameling, skoling, opleidingsgeleenthede vir vertalers. Daar sal leiers aangestel word vir projekte waar daar so 'n behoefte bestaan en die Informasietegnologie sal binne streke opgeskerp word. Bestuursondersteuning sal verder 'n baie belangrike komponent van hierdie wedersydse hulp uitmaak.

Hierdie Opportunity 21, asook die gelykluidende projek: die Millennium Inisiatief, is twee geweldig ambisieuse projekte. Die gedagte om nuwe Skrifmateriaal te ontwikkel, om uitreike na onbekeerdes te organiseer, om nuwe nie-gedrukte materiaal vir diegene wat vasgevang is in 'n primêre orale kultuur te ontwikkel, om die fondsinsamelingspotensiaal van Bybelgenootskappe te vergroot, is gedagtes wat enige gelowige baie opgewonde sal maak. Die visie van die WBG is nie net groots nie, maar in sy wese totaal missionêr gerig.

Die vraag is of fondse, of moet daar eerder gesê word, die gebrek aan fondse, nie hierdie geweldige geleentheid kan kelder nie.

Volgens Macdonald sal die befondsing van Opportunity 21 'n gesamentlike projek van die Amerikaanse Bybelgenootskap, die Wêreldbond van Bybelgenootskappe en sekere sakeondernemings in Amerika wees. As die O-21 lande, asook die addisionele “Blou Boek-lande” in berekening gebring word, sal daar in 'n totaal van 65 lande nuwe inisiatiewe geneem word. Ter verduideliking is die “Blou Boek-lande”, lande wat geormerk is om deel te vorm van Millennium Inisiatief. Hierdie lande en hulle inisiatiewe word bespreek in 'n boek wat as gevolg van sy buiteblad onder die WBG personeel as die “Blou Boek” bekendstaan. In hierdie lande word daar rondom die nuwe millennium spesifieke projekte aangepak. Rev Macdonald is vol vertroue dat die US\$ 90 miljoen ingesamel sal word om hierdie projekte ten volle te finansier.

John Stott word deur Macdonald aangehaal wat gesê het:

Without the Bible the evangelization of the world would be an impossible task because we would not have any gospel to bring to the nations. In the Bible we find the mandate, the message, the model and the power we need for global evangelization (Macdonald 2000).

Dit is tot hierdie wêreldwye kersteningspoging wat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika R250 000 bygedra het. Die bydrae onderstreep na my mening die missionêre onderbou wat in die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aanwesig is.

7.6.2 Buitelandse betrokkenheid

Soos alreeds vroeër in hierdie Hoofstuk aangedui is, is daar by die Hoofsekretaris van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika 'n opgewondenheid ten opsigte van die Bybelgenootskap se buitelandse betrokkenheid.

Hierdie opgewondenheid is na my mening heeltemal geregverdig as daar gekyk word na die vordering wat gemaak is ten opsigte van deel wees van die Suider-Afrika Streek van die WBG. Nie alleen is daar uitbreiding ten opsigte van behulpsaamheid met produksie van Bybels en verwante materiaal nie, maar daar word ook binne die WBG 'n rol gespeel.

Tans dien ds GS Kritzinger, Hoofsekretaris van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, in twee strukture van die WBG by name die Financial Structures Review Group en ANGLOSEC. Rev NN Turley, Assistent-Hoofsekretaris: Kommunikasie, dien in die UBS Fundraising Task Force en World Assembly Task Team. Dr EA Hermanson, Assistent-Hoofsekretaris: Teksversorging is tans lid van die Africa Regional Translation Consultation Meeting en tree verder op as vertalingskonsultant vir die Ndaou Ou Testamentvertalingsprojek in Zimbabwe.

Verder lewer die Bybelgenootskap van Suid-Afrika jaarliks 'n bydrae van ongeveer R400 000 tot die Wêrelddiensprogram (World Service Program) van die WBG. Die finansiële ondersteuning van die WBG eindig nie daar nie. Bybels word aan ons buurlande voorsien teen dieselfde prys as waarvoor Bybels in Suid-Afrika beskikbaar is. By implikasie beteken dit dat die Bybelgenootskap nog verder R200 000 moet "afskryf" vir hierdie gebaar van welwillendheid.

'n Groot eer wat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te beurt geval het, is om op te tree as gasheer vir die WBG se Algemene Vergadering wat later vanjaar by Midrand, Johannesburg gaan plaasvind. Hierdie byeenkoms sal DV tussen 10 en 14 Oktober 2000 geskied. Ongeveer 400 afgevaardigdes en gaste sal hierdie geleentheid bywoon en nagenoeg 137 Bybelgenootskappe oor die lengte en breedte van die Wêreld sal verteenwoordig word. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika sal deur prof AH Snyman, die voorsitter van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en ds GS Kritzinger, verteenwoordig word.

Vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, wat in die bevoorregte posisie is om wel tot die WBG se programme te kan bydra, sal dit beslis 'n uitdaging wees om hierdie bydraes te kan volhou. Om in die volgende eeu steeds 'n leidende rol in Suidelike Afrika te speel,

sal van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika toegewyde leierskap vra met 'n visie, nie net vir die plaaslike situasie nie, maar ook vir die wyer wêreld soos wat ds GS Kritzinger uitgespel het. Uiteindelik gaan geloofwaardigheid afhang van opregtheid en eerlike bemoeienismaak met die saak van Bybelverspreiding.

7.6.3 Transkei

Dat daar 'n bepaalde uitdaging op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika wag ten opsigte van die Transkei is 'n voldonge feit. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die Bybelgenootskap daar kan nie langer as twee onafhanklike Bybelgenootskappe binne dieselfde land funksioneer nie. Dit is nie moreel eties regverdigbaar nie. Ek is verder van oortuiging dat die integrering van die Bybelgenootskap van Transkei by sy "moeder", die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, nie 'n maklike proses gaan wees nie. Ten spyte van hierdie skynbare moeilike pad sal dit een of ander tyd moet gebeur. My gevoel en aanbeveling is dat hoe gouer, hoe beter, sodat daar vanuit 'n gekonsolideerde front gewerk kan word.

7.7 Uitdagings ten opsigte van die dag-tot-dagaktiwiteite

Uit die aard van die proefskrif is die dag-tot-dagbedryf van die Bybelgenootskap nie bespreek nie. Daar is wel oorsigtelik aandag gegee aan die bedryfsuitgawes van die Bybelgenootskap en die wyse waarop die fondse spandeer is.

As werknemer van die Bybelgenootskap is daar by my die besef dat die toekoms van die Bybelgenootskap en die leidende rol wat dit as ekumeniese liggaam moet speel gaan afhang van sy leierskorps en die visie en waagmoed wat hulle saam met die Nasionale Raad gaan openbaar.

Om die Bybelgenootskap in staat te stel om steeds as dienskneg van die kerk in hulle behoeftes ten opsigte van die Woord te voorsien, gaan vra dat die kerk nog meer eienaarskap vir die Bybelgenootskap sal aanvaar. Dit sou dalk raadsaam wees as die Hoofsekretaris 'n blaadjie kan neem uit die geskiedenis en soos 'n voorganger, ds van

Arkel (Smit 105), weer 'n interkerklike vergadering reël met die tweeledige doel om uit te vind of die kerke besondere behoeftes het en om die kerke te vra om hulle self opnuut toe te wy aan die saak van Bybelverspreiding, maar ook aan die finansiële ondersteuning van die Bybelgenootskap.

As die Hoofsekretaris saam met sy personeel daarin kan slaag om uitgawes binne aanvaarbare perke te hou, en met die genade van die Here, kan die Bybelgenootskap vir baie jare nog die rol vervul wat dit tans vervul.

7.8 Slot

Aan die begin van hierdie proefskrif is daar bepaalde hipoteses gestel wat getoets moes word. Hierdie hipoteses is die volgende:

- a) dat die kerke en sendingorganisasies nie hulle missionêre taak en roeping sonder die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika sou kon volvoer nie;
- b) dat die Bybelgenootskap nie sy missie kan volvoer sonder die ondersteuning van die kerke, sendingorganisasies en van medegelowiges nie; en
- c) dat die kerk, sendingorganisasies en gelowiges juis by die Bybelgenootskap betrokke raak as gevolg van 'n missionêre visie wat by hulle aanwesig is.

Ek huldig die siening dat al drie bogenoemde hipoteses korrek is en dat daar onteenseglik aangedui is dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika vanuit homself 'n baie sterk missionêre onderbou openbaar en daarom dat hy as voorsiener van die Woord of Bybel 'n onmisbare vennoot van die kerk en van sendingorganisasies is. Ek wil die volgende aanhaal uit die voorlegging van rev Fergus Macdonald aan die Nasionale Raad van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, hy haal weer aan uit die ABS Founders' Address, 1816.



Die aanhaling lui soos volg:

The Bible is the best of missionaries: “It will reach where no preacher can penetrate; it will preach where he cannot be heard. It will reprove, alarm, advise, console, in solitude, when no passion interferes to drown its voice” (Macdonald 2000).

Met die ingesteldheid van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika om die Bybel steeds bekostigbaar aan mense te voorsien, bly die ondersteuning van die donateurs ’n moet wat deurentyd nagejaag moet word. Dit het uit die syfers duidelik geblyk dat verkope alleen die Bybelgenootskap nie likied kan hou nie. Die rol van die donateurs, die kerke, die individue, die besighede en nog vele ander is onontbeerlik vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Die kwalitatiewe ondersoek wat gedoen is, bevestig die derde hipotese onteenseglik. Na my mening sou ’n uitgebreide kwantitatiewe ondersoek dieselfde resultaat gelewer het. Die kerke en gelowiges beskou die Bybelgenootskap as deel van die uitvoering van hulle missionêre roeping.

Omdat dit so is, moet daar sonder vrees vir teenspraak gesê word dat daar in die werksaamhede van die Bybelgenootskap, ’n missionêre intensie asook ’n missionêre dimensie teenwoordig is wat nooit te gering geskat of ontken moet word nie. Die sendingvisie soos gedefinieer in Hoofstuk 2 punt 2.6.1, was inderdaad van die begin af in die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika teenwoordig.

Ten slotte kan die stelling gemaak word dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika ’n integrale deel van die missionêre speelveld in Suid-Afrika is, ook ten opsigte van die toekoms.

Jesaja 40:8 “Gras verdor en blomme verwelk, maar die woord van ons God bly vir ewig.”

BIBLIOGRAFIE

GEPUBLISEERDE WERKE

Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 1988. Handboek vir die Erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Allen, R. 1965. The Ministry of the Spirit. Grand Rapids: Eerdmans.

Allen, R. 1971. The Spontaneous Expansion of the Church. Grand Rapids: Eerdmans.

Anderson, GH. 1961. The Theology of Christian Mission. New York: McGraw-Hill Book Company.

Ansre, G. 1995. The crucial Role of oral Scripture: Focus Africa, International Journal of Frontier Missions 12 (2), 65-68.

Arichea, DC. 1990. Theology and Translation: The implications of certain theological issues to the translation task, in Stine, PC (ed), Bible Translation and the Spread of the Church. The last 200 years. Leiden: EJ Brill, 40-67.

Barrett, DB. 1982. The Spread of the Bible and the growth of the Church in Africa. UBS Bulletin 128/129, 1-25.

Barrett, DB. 1987. Evangelize. A Historical Survey of the Concept. Birmingham: New Hope.

Battles, FL. 1980. Analysis of the Institutes of the Christian Religion of John Calvin. Grand Rapids: Baker Book House.

Bavinck, JH 1949. The Impact of Christianity on the Non-Christian World. Grand Rapids: Eerdmans Publishing Company.

Bavinck, JH 1960. An Introduction to the Science of Missions, translated by DH Freeman. Philadelphia: The Presbyterian and Reformed Publishing Co.

Bavinck, JH 1977. Our Reasonable Faith, translated by H Zylstra. Grand Rapids: Baker Book House.

Berkouwer, GC 1975. Studies in Dogmatics. Holy Scripture, JB Rogers (ed). Grand Rapids: William Eerdmans Publishing Company.

Berkouwer, GC en AS van der Woude (reds) 1968. Gaan en Staan. Plaats en taak van de Christelike Gemeente. Amsterdam: W ten Have NV.

Beyerhaus, P 1972. Shaken Foundations. Theological foundations for mission. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

Beyerhaus, P 1974. Bangkok '73. The beginning or the end of world mission? Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

Beyerhaus, P 1992. Towards one World Religion. Kwasizabantu: Kwasizabantu Mission.

Beyerhaus, P 1996. Er Sandte Sein Wort. Theologie der christlichen Mission. Band 1: Die Bibel in der Mission. Darmstadt: Weihert-Druck.

Beyers, CJ (red) 1981. Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. Deel IV. Durban: Butterworth & Kie. (SA).

Beyers, CJ (red) 1987. Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. Deel V. Pretoria: Creda Press.

Bill, MC and SH Masunga (eds) 1983. Mbita Ya Vutivi.Tibuku ta Xitsonga. 1883-1983. Tsonga Bibliography. Braamfontein: Sasavona Publishers and Booksellers.

Boer, HR 1961. Pentecost and Mission. Grand Rapids: Eerdmans.

Bosch, DJ 1979. Heil vir die Wêreld. Die Christelike Sending in Teologiese Perspektief. Pretoria: N.G.Kerkboekhandel.

Bosch, DJ 1991. Transforming Mission. Paradigm Shifts in Theology of Mission. New York: Orbis Books.

British and Foreign Bible Society 1901. Ninety-sixth Report of the British and Foreign Bible Society for the year ending March 1900. London: British and Foreign Bible Society.

British and Foreign Bible Society 1910. Hundred and fifth Report of the British and Foreign Bible Society for the year ending March 1909. London: British and Foreign Bible Society.

British and Foreign Bible Society 1920. Hundred and fifteenth Report of the British and Foreign Bible Society for the year ending March 1919. London: British and Foreign Bible Society.

British and Foreign Bible Society 1930. Hundred and twenty fifth Report of the British and Foreign Bible Society for the year ending March 1929. London: British and Foreign Bible Society.

British and Foreign Bible Society 1940. Hundred and thirty fifth Report of the British and Foreign Bible Society for the year ending March 1939. London: British and Foreign Bible Society.

British and Foreign Bible Society 1950. Hundred and forty fifth Report of the British and Foreign Bible Society for the year ending March 1949. London: British and Foreign Bible Society.

Britse en Buitelandse Bybelgenootskap 1959. Van Hand tot Hand: Suid-Afrikaanse verslag van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, 1958. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

Burger, C 1991. Die Dinamika van 'n Christelike Geloofsgemeenskap. Nuut gedink oor gemeentes. Gemeente en Bediening. Kaapstad: Lux Verbi.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1969. Jaarverslag, 1968. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1968.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1979. Honderd agt en vyftigste Jaarverslag, 1978. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1989. Honderd agt en sestigste Jaarverslag, 1988. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1994. Genade in Oorvloed. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1999. Honderd agt en sewentigste Jaarverslag. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Canton, W 1904. The Story of the Bible Society. London: John Murray.

Castro, EE 1988. Serving all churches, Bulletin United Bible Societies 152/153, 49-50.

Chidester, D 1996. Savage Systems. Colonialism and Comparative Religion in Southern Africa. Charlottesville: University Press of Virginia.

Chirgwin, AM 1954. The Bible in World Evangelism. New York: Friendship Press.

Coggan, D 1971. Word and World. The story of the English Bible and the spreading of Christian literature throughout the world. London: Hodder and Stoughton.

Coggan, D 1980. Looking back and looking to the future, Bulletin United Bible Societies 120/121, 9-11.

Coldham, GE 1966. A Bibliography of Scriptures in African Languages. Volume I Polyglot. Acholi - Mousgoum. London: British and Foreign Bible Society.

Coldham, GE 1966. A Bibliography of Scriptures in African Languages. Volume II Mpama-Zulu. Indexes. London: British and Foreign Bible Society.

Crafford, D 1982. Aan God die Dank. Die Geskiedenis van die Ned Geref Kerk binne die Republiek van Suid-Afrika en enkele aangrensende Buurstate. Deel 1. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Crafford, D 1996. Tradisionele Godsdienste in Afrika, in PGJ Meiring (red), Suid-Afrika, Land van baie Godsdienste. Pretoria: Kagiso Uitgewers, 1-28.

Cronje, JM 1981. Aan God die Dank. Geskiedenis van die Sending van die Ned Geref Kerk. Deel 2. Buite die Republiek van Suid-Afrika. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Cronje, JM 1990. Wat is 'n Sendeling. Iswen Kommunikasie, 12 (2), 10-11.

Cronje, JM en JA van Wyk 1982. Van Mens tot Mens. Kerklike kommunikasie in teorie en praktyk. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Darlow, MA and MA Moule (eds) 1903. Historical Catalogue of the Printed Editions of Holy Scripture in the Library of the British and Foreign Bible Society. Vol I – English. London: Spottiswoode and Co Ltd.

Darlow, MA and MA Moule (eds) 1911. Historical Catalogue of the Printed Editions of Holy Scripture in the Library of the British and Foreign Bible Society. Vol II – Polyglots and Languages other than English. London: Spottiswoode and Co Ltd.

Darlow, MA and MA Moule (eds) 1911. Historical Catalogue of the Printed Editions of Holy Scripture in the Library of the British and Foreign Bible Society. Vol II (cont.) Languages other than English:- Greek to Opa. London: Spottiswoode and Co Ltd.

Darlow, MA and MA Moule (eds) 1911. Historical Catalogue of the Printed Editions of Holy Scripture in the Library of the British and Foreign Bible Society. Vol II (cont) Languages other than English:- Ora to Zulu. London: Spottiswoode and Co Ltd.

d'Assonville, VE 1981. Bakens vir die Dogmageskiedenis. Potchefstroom: Marnix.

De Gruchy, JW 1979. The Church Struggle in South Africa. Cape Town: David Philip Publisher.

De Jong, OJ 1980. Geschiedens der Kerk. Nijkerk: Uitgeverij GF Callenbach.

de Kock, WJ (red) 1976. Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. Deel I. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

de Kock, WJ en DW Krüger (red) 1976. Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. Deel II. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

De Ridder, RR 1975. Discipling the nations. Grand Rapids: Baker Book House.

Departement Handel en Nywerheid Handelsmerkregisterblad. B77/5452 en B77/5453.
Pretoria.

Dreyer, A 1924. Euufest-Album van de Nederduits Gereformeerde-Kerk in Zuid-Afrika. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.

Dreyer, Y 2000. Postmoderne teologie. Moderne en postmoderne denke. Konteks 11(3), 33.

Du Plessis, J 1911. A History of Christian Missions in South Africa. London: Longmans, Green and Co.

Du Plessis, J 1929. The Evangelisation of Pagan Africa. Cape Town: JC Juta & Co.

Du Preez, J, CM Pauw en PJ Robinson (reds) 1986. Sendinggenade. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Du Preez, JJ 1985. Tiendimensionele Sending. ISWEN Kommunikasie 7 (2), 1-20.

Du Toit, HDA 1967. Die Kerstening van die Bantoe. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Escobar, J and J Driver 1978. Christian Mission and Social Justice. Scottdale: Herald Press.

Eybers, IH, A König en JA Stoop 1982. Inleiding in die Teologie. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Fernhout, F 1997. Heilige Skrifte as fenomene in die lig van confessies. Theologia Reformata 40 (3),1997.

Gaum, FM (red) 1997. Die verhaal van die Ned Geref Kerk se Reis met Apartheid 1960 - 1994. 'n Getuigenis en 'n Belydenis. Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Geloofsverklaring 2000 1999. Die Kerkbode. Deel 163, Nommer 14. Kaapstad: Tydskriftemaatskappy van die Ned Geref Kerk.

Gerdener, GBA 1941. Baanbrekers onder die Suiderkruis. Biografiese Sketse van enige voortreflike Voorlopers op Sendinggebied in Suid-Afrika. Stellenbosch: CSV Boekhandel.

Gerdener, GBA 1958. Recent Developments in the South-African Mission Field. Cape Town: NG Kerk-Uitgewers.

Gerdener, GBA 1964. Ons taak in die Nuwe Afrika. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

Glasser, AF and DA McGavran 1983. Contemporary Theologies of Mission. Grand Rapids: Baker Book House.

Glasser, AF, PG Hiebert, CP Wagner and RD Winter 1978. Crucial Dimensions in World Evangelization. Pasedena: Willian Carey Library.

Greenslade, SL (ed) 1963. The Cambridge History of The Bible. The West from the Reformation to the Present Day. London: Cambridge University Press.

Handboek vir die Erediens 1988. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Hanekom, TN 1959. Helperus Ritzema van Lier. Die Lewensbeeld van 'n Kaapse Predikant uit die 18de eeu. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Hedlund, Roger E 1991. The Mission of the Church in the World. Grand Rapids: Baker Book House.

Heppe, H 1978. Reformed Dogmatics, (ed) by E Bitzer, translated by GT Thomas. Grand Rapids: Baker Book House.

Hermanson, EA 1999c. Bible Translation as Mission. A South African Perspective. South African Baptist Journal of Theology, Missions 2000 8, 1-16. Cape Town: P O Box 38473, Gatesville, 7766.

Heron, AIC 1980. A Century of Protestant Theology. Guildford: Lutterworth Press.

Heyns, JA 1955. Karl Barth. Wie is hy en wat wil hy? Bloemfontein: Sacum Beperk.

Heyns, JA 1972. Lewende Christendom. 'n Teologie van Gehoorsaamheid. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk.

Heyns, JA 1977. Die Kerk. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Heyns, JA 1978. Dogmatiek. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Heyns, JA 1989. Teologiese Etiek. 2/2. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Hoffmann, OCJ 1988. Opening worship service, Bulletin United Bible Societies 152/153, 8-11.

Hope, E 2000. A Scripture in the Hands. United Bible Societies World Report 348, 11-12.

Jongeneel, JAB 1991. Missiologie. Deel 11 Missionaire Theologie. Gravenhage: Uitgeverij Boekencentrum B.V.,s.

Jonker, WD 1976. DieWoord as Opdrag. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Joubert, PP (red) 1932. Na Vyftig Jaar. 'n Jubileum-Gedenkboek van die Ned.Geref.Sendingkerk in Suid-Afrika, bevattende gegewens van sy ontstaan en ontwikkeling. Paarl: Paarlse Drukkers.

Kane, Herbert J 1975. The Making of a Missionary. Grand Rapids: Baker Book House.

Kane, Herbert J 1976. Christian Missions in Biblical Perspective. Grand Rapids: Baker Book House.

Kane, Herbert J 1978. A Concise History of the Christian World Mission. A panoramic view of missions from Pentecost to the present. Grand Rapids: Baker Book House.

Knitter, Paul F 1995. No Other Name? A Critical Survey of Christian Attitudes Toward the World Religions. New York: Orbis Books.

Kraemer, H 1938. The Christian Message in a Non-Christian World. London: The Edinburgh Press.

Kritzinger, JJ 1971. Die missionêre gemeente. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Kritzinger, JJ 1980. Die Ned Geref Kerk en die Sending in die tagtiger jare - Swart Afrika. ISWEN Kommunikasie 2(2), 58-83.

Kritzinger, JJ 1988. Die Onvoltooide Sendingtaak in Suid-Afrika. Universiteit van Pretoria: Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN).

Kritzinger, JJ 1988. The South-African Context for Mission. Cape Town: Lux Verbi.

Kritzinger, JJ, PGJ Meiring and WA Saayman 1984. You Will be My Witnesses. An Introduction to the Methods of Mission. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Krüger, DW en CJ Beyers (reds) 1977. Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. Deel III. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

- Livingstone, D 1857. Missionary Researches and Travels in South Africa. London: John Murray.
- McCabe, T 1997. Understanding the Ministry of Fundraising. Stewardship Matters 1 (1), 25-28.
- Meiring, PGJ (red) 1996. Suid-Afrika, Land van baie Godsdienste. Pretoria: Kagiso Uitgewers.
- Mulders, A 1957. Missiegeschiedenis. Bussum: Uitgeverij Paul Brand.
- Neely, A 1995. Christian Mission. A case study Approach. New York: Orbis Books.
- Neill, Stephen 1964. A History of Christian Missions. Aylesbury: Hazell Watson & Viney Limited.
- Newbigin, L 1978. The Open Secret. Sketches for a Missionary Theology. Grand Rapids: Eerdmans.
- Newsletter on African Old Testament Scholarship. Issue 6. May 1999. Washington: The Catholic Biblical Association.
- Nida, EA 1980. The translation challenge, Bulletin United Bible Societies 120/121, 92-101. Reading: United Bible Societies World Service Center.
- Oberholster, JAS 1958. Die Bybel in Afrikaans. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- Odendaal, DH 1988. Sendingvisie in die bediening en die teologiese opleiding. Ned Geref Teologiese Tydskrif 24(2), 204-210.
- Payne, JR 1980. Relationships with other churches and cooperation with other organizations, Bulletin United Bible Societies 120/121, 102.

Peters, George W 1972. A Biblical Theology of Missions. Chicago: Moody Press.

Peters, MA, GT Sirayi 1992. Bibliography of the Xhosa Language to the Year 1990. Pretoria: The State Library.

Peters, MA and MM Tabane 1982. Bibliography of the Tswana Language. Pretoria: The State Library.

Praamsma, L 1980. De kerk van alle Tijden. Verkenningen in het landschap van die kerkgeschiedenis. Dele I tot IV. Franeker: T Wever.

Prozesky, M and JW de Gruchy (eds) 1995. Living Faiths in South Africa. Cape Town: David Philip Publishers.

Renwick, AM 1958. The Story of the Church. London: Intervarsity Press.

Rhymer, J (eds) 1973. The Bible is for All. Glasgow: William Collins Sons & Co Ltd.

Robertson, EH 1996. Taking the Word to the World. 50 Years of United Bible Societies. Atlanta: Thomas Nelson Publishers.

Robinson, CH 1915. History of Christian Missions. Edinburgh: T&T Clark.

Robson, S and A Foster 1989. Qualitative Research in Action. London: Edward Arnold.

RSA Sentrale Statistiekdiens 1995. Kernstatistieke. Parow: CTP Book Printers.

Sanneh, L 1989. Translating the Message. The missionary impact on culture. Maryknoll: Orbis Books.

Sanneh, L 1993. Encountering the West. Christianity and the Global Cultural Process: The African Dimension. New York: Orbis Books.

Sanneh, L 1996. Religion and the Variety of Culture. A study in origin and practise. Valley Forge: Trinity Press International.

Scherer, James A 1964. Missionary, Go Home. A Reappraisal of the Christian World Mission. Englewood Cliffs: Prentice Hall.

Self, R 1980. Effective and responsible distribution, Bulletin United Bible Societies 120/121, 23- 24. Reading: United Bible Societies World Service Center.

Senior, D and C Stuhlmueller 1983. The Biblical Foundations for Mission. London: SCM-Press.

Shorter, A 1994. Evangelization and Culture. New York: Geoffrey Chapman.

Sizoo, A 1956. Johannes Calvijn Instituut of Ondewijzing in de Christelike Godsdienst. Eerste Deel. Delft: Naamloze Vennootschap WD Meinema.

Smalley, WA 1967. Readings in Missionary Anthropology. Michigan: Cushing-Malloy.

Smit, AP 1970. God het laat Groei. Geskiedenis van die Bybelgenootskapsbeweging in Suider-Afrika, 1820 - 1970. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Smit, AP 1970. God made it Grow. History of the Bible Society in Southern Africa, 1820 – 1970. Cape Town: Bible Society of South Africa.

Smit, JH 1980. Die Sending van die Ned Geref Kerk in die jare tagtig. ISWEN Kommunikasie 2(2), 3-17.

- Smith, E 1930. In the Mother Tongue. London: British and Foreign Bible Society.
- Smith, NJ 1980. Elkeen in sy eie taal. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Smith, OJ 1994. Wêreldewangelisasie. Die Uitdaging. Pretoria: Promedia Drukkers en Uitgewers.
- Søgaard, V 1996. Research. In Church and Mission. Pasadena: William Carey Library.
- Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika, no 365 van 6 Maart 1970. Wet No 15 van 1970. Pretoria, Staatsdrukker.
- Statistics South Africa 1998. The people of South Africa: population census 1996. Census in brief. Pretoria: Statistics South Africa.
- Stine, PC (ed) 1990. Bible Translation and the Spread of the Church. The last 200 years. Leiden: EJ Brill.
- Sundkler, GM 1961. Bantu Prophets in South Africa. London: Oxford University Press.
- Thomas, NE 1995. Classic Texts in Mission & World Christianity. New York: Orbis Books.
- Thomas, Norman E (eds) 1996. Classic Texts in Mission and World Christianity. Grand Rapids: Orbis Books.
- Tippett, AR 1987. Introduction to Missiology. Pasadena: William Carey Library.
- United Bible Societies 1991. World Annual Report. Bulletin 158/159. Reading: United Bible Societies World Service Center.

United Bible Societies 1992. World Annual Report. Bulletin 162/163. Reading:
United Bible Societies World Service Center.

United Bible Societies 1993. World Annual Report. Bulletin 164/165. Reading:
United Bible Societies World Service Center.

United Bible Societies 1994. World Annual Report. Bulletin 168/169. Reading:
United Bible Societies World Service Center.

United Bible Societies 1995. World Annual Report. Bulletin 172/173. Reading:
United Bible Societies World Service Center.

United Bible Societies 1996. Mississauga Document. Mississauga World Assembly.
God's Word: Life for All. Reading: United Bible Societies World Service Center.

United Bible Societies 1996. World Annual Report. Bulletin 176/177. Reading:
United Bible Societies World Service Center.

United Bible Societies 1997. World Annual Report. Bulletin 180/181. Reading:
United Bible Societies World Service Center.

United Bible Societies 1998. World Annual Report. Bulletin 184/185. Reading:
United Bible Societies World Service Center.

United Bible Societies 1999. World Annual Report. Bulletin 186/187. Reading: United
Bible Societies World Service Center.

United Bible Societies Council Meeting 1988. The Budapest declaration, Bulletin
United Bible Societies 152/153, 107-109. Reading: United Bible Societies World
Service Center.

United Bible Societies 1999. Millennium Project Book. Supplement to: Program 1999.
Reading: United Bible Societies World Service Center.

Van der Merwe, H 1981. Verwagting en Voleinding. Pretoria: N.G.Kerkboekhandel.

Van der Merwe, Michiel 1995. Nuwe treë saam met God. Riglyne en programme oor spiritualiteit en gemeentevernuwing. Gemeente en bediening 5. Kaapstad: Lux Verbi.

van der Watt, PB 1976. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652 -1824. Deel 1. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

van der Watt, PB 1977. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1834 - 1866. Deel Twee. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

van der Watt, PB 1980. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1824 - 1905. Deel Drie. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Van Engen, C 1996. Mission on the way. Issues in Mission Theology. Grand Rapids: Baker Book House.

Van Wyk, DJC (snr) 1999. Twintigste-eeuse kerk-en wêreldgeskiedenis. Karl Barth. Konteks 10(9),10-11.

Vergeer, W 1999. Die Postmodernisme – ’n “gevaarlike reus”. Die Kerkblad 101(3056), 12-14.

Vergeer, W 1999. Postmodernistiese Skrifuitleg – ’n doodloopstraat -. Die Kerkblad 101 (3056), 15-16,24.

Verkuyl, J 1978. Contemporary Missiology. An Intoduction. Grand Rapids: William B Eerdmans Publishing House.

Verstraelen, FJ 1996. Christianity in a New Key. New Voices and Vistas through Intercontinental Communications. Gweru: Mambo Press.

Vorster, JM 1999. Die ontwikkeling van die postmoderniteit. Die Kerkblad 101 (3056), 10-12.

Waliggo, JM 1990. Christianity and Liberation in Africa: Some Obstacles, in L Namwera e.a. (ed), Towards African Christian Liberation. Nairobi: St Paul Publications-Africa.

Walls, Andrew F 1996. The Missionary Movement in Christian History. Studies in the Transmission of Faith. New York: Orbis Books.

Webber, Robert E 1986. The Church in the World. Opposition, Tension, or Transformation? Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

Webster, W 1972. Mission in Time and Space, in C Peter Wagner (ed), Church-Mission Tensions Today. Chicago: Moody Press.

Worthing-Davies, R 1988. What kind of people are we to be?, Bulletin United Bible Societies 152/153, 79-86. Reading: United Bible Societies World Service Center.

AGENDAS EN NOTULES

Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1991. Agenda vir die Nasionale Raadsvergadering gehou te Kempton Park, 21 Februarie 1991.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1992. Agenda vir die Nasionale Raadsvergadering gehou te Kaapstad, 4 Maart 1992.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1993. Agenda vir die Nasionale Raadsvergadering gehou te Kempton Park, 18 Februarie 1993.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1994. Agenda vir die Nasionale Raadsvergadering gehou te Bloemfontein, 17 Februarie 1994.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1995. Agenda vir die Nasionale Raadsvergadering gehou te Kaapstad, 16 Februarie 1995.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1996. Agenda vir die Nasionale Raadsvergadering gehou te Kempton Park, 15 Februarie 1996.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1997. Agenda vir die Nasionale Raadsvergadering gehou te Durban, 20 Februarie 1997.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1998. Agenda vir die Nasionale Raadsvergadering gehou te Kaapstad, 19 Februarie 1998.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1999. Agenda vir die Nasionale Raadsvergadering gehou te Kempton Park, 18 Februarie 1999.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2000. Agenda vir die Nasionale Raadsvergadering gehou te Kaapstad, 17 Februarie 2000.

Nederduitse Gereformeerde Kerk 1999. Notule van Algemene Sinodale Kommissie gehou op 16 Maart 1999. Pretoria.

ONGEPUBLISEERDE WERKE

Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1970. Reëls en Regulasies. Uitgevaardig kragtens Artikel 17 (j). Goedgekeur deur die Nasionale Raad 19 Augustus 1970.

Crafford, D 1997. Die Bybel in oudio-formaat. Verslag aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Pretoria: ISWEN.

- Crafford, D 1998. Die vertaling van die Bybel gerig op individue en kultuurgroepe in 'n pre-literêre milieu. Ongepubliseerde voordrag by die Bybelvertalings Seminaar van die Universiteit van Pretoria, 23-25 Februarie 1999 te Hammanskraal.
- Du Plessis, MJG 1996. Die Sendingbetrokkenheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Sri Lanka 1900 tot 1995. 'n Sendinghistoriese beoordeling. Universiteit van Pretoria: Ongepubliseerde DD - verhandeling.
- Fourie, R 1968. 'n Sosiologiese ondersoek van die sendingtaak van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gesien in die lig van die ontwikkeling in Afrika met spesiale verwysing na die Republiek van Suid-Afrika. Universiteit van die Oranje Vrystaat: Ongepubliseerde Ph D verhandeling.
- Hermanson, EA 1999a. A Brief Overview of Bible Translation in South Africa. Ongepubliseerde voordrag by die Bybelvertalings Seminaar van die Universiteit van Pretoria, 23-25 Februarie 1999 te Hammanskraal.
- Likeng, PB 1997. Bible study helps in the perspective of the United Bible Societies. Paper delivered at the Africa Regional Assembly of the UBS, Midrand.
- Möller, DF 1995. Kerk en Ontwikkeling. Met verwysing na die Misionêre roeping van die Kerk. Universiteit van Pretoria: Ongepubliseerde DD - verhandeling.
- Mukoko, N 1997. Keynote Address. Paper delivered at the Africa Regional Assembly of the UBS, Midrand.
- Oberholzer, JP 1998. Ongepubliseerde toespraak gelewer tydens die bekendstelling van die Afrikaanse Verwysingsbybel op 31 Julie 1998 in die Sentrum vir die boek te Kaapstad. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Reyneke, JL 15 Mei 1987. Ongepubliseerde tikskrif wat handel oor die Tswana (Sentraal) vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Reyneke, JL 19 September 1983. Ongepubliseerde tikskrif wat handel oor die Suid-Sotho vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Reyneke, JL 19 September 1983. Ongepubliseerde tikskrif wat handel oor die Zoeloe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Sengulane, D 1997. The Church and Bible Society work in tomorrow's Africa. Paper delivered at the Africa Regional Assembly of the United Bible Societies, Midrand.

Tolmie, D 1997. Kerklike betrokkenheid by Bybelgenootskapwerk. Referaat gelewer by die Afrika Streekvergadering van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe, Midrand.

United Bible Societies 1997. African Regional Assembly Statement. God's Word: Life for all in Africa. Preamble. Unpublished document of the African Regional Assembly, Midrand.

Van der Merwe, GE 1996. Ongepubliseerde tikskrif wat handel oor sake rakende die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Van Niekerk, AS en C Pauw 1999. A Strategy to make the Bible available in oral contexts. Audio-Bible project. 1999 Investigation. ISWEN: University of Pretoria.

Van Rooy, JA 1998. Ongepubliseerde toespraak gelewer by die oorhandiging van die nuwe vertaling Venda Bybel aan die Hoofsekretaris van die Bybelgenootskap te Thohoyandou op 10 Oktober 1998. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Van Zijl, B 1999. Branding, the key to marketing leisurewear to teenagers. A Research report presented to the Graduate School of Business Leadership. Pretoria: University of South Africa.

ONDERHOUDE

Hermanson, EA 1999b. Onderhoud met navorser. Kaapstad.

Kritzinger, GS 2000. Onderhoud met navorser op 6 Maart 2000, Kempton Park.
(Kassetopname in besit van outeur)

Macdonald, F 2000. Mondelinge mededelings aan die Nasionale Raad van die
Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die outeur op 15-17 Februarie 2000, Kaapstad.

Turley, M 1999. Onderhoud met navorser. Kaapstad.

OPSOMMING

Die beskikbaarstelling, deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, van die Bybel in die inheemse tale van Suid-Afrika – 'n Missiologiese studie.

Die Vlootkommissaris, Jahleel Brenton, se ywer en passie vir Bybelverspreiding lei tot die stigting van die tweede Hulpvereniging van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap in Afrika. Hierdie stigtingsvergadering vind plaas onder voorsitterskap van die luitenant-goewerneur aan die Kaap, sir Rufane Donkin, op 23 Augustus 1820.

Dit is eers in 1965, dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika 'n selfstandige Bybelgenootskap word en sy plek kan inneem by die Wêreldbond van Bybelgenootskappe as 'n finansiële bydraende Genootskap tot die Wêrelddiensprogram.

In 1970 verskyn die publikasie, God het laat groei, wat die geskiedenis van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika beskryf vanaf 1820 tot 1970. Sedert hierdie publikasie verskyn het, is daar nog nie weer so 'n uitgebreide studie uitgevoer nie. Jaarverslae is elke jaar gepubliseer, maar dit was gerig op die donateurskorps, met inligting wat by wyse van opsommings weergegee is.

Dit is egter opmerklik dat daar nog nooit 'n missiologiese studie gedoen is oor die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika nie. As gevolg van die feit dat die Bybelgenootskap die enigste organisasie in Suid-Afrika is wat die Bybel amptelik vertaal, produseer en versprei in al die inheemse tale van ons land, moet daar gevra word na die relevansie van hierdie organisasie se werksaamhede vir die sendingontwikkeling in Suid-Afrika asook Suider-Afrika.

Betrokkenheid deur die Bybelgenootskap by vertalingsprojekte in die inheemse tale van ons land, het deur die jare baie gewissel. Tans word vertaalspanne in diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gestel en hulle doen die vertaalwerk namens die kerk, sendingorganisasies en breë Christelike gemeenskap.



Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika staan in 'n baie unieke verhouding met die kerk, sendingorganisasies en die breë Christelike gemeenskap. Samewerking geskied op 'n wye spektrum van terreine. Die Bybelgenootskap is afhanklik van die kerke, sendingorganisasies en die breë Christelike gemeenskap, vir menslike hulpbronne en finansiële ondersteuning. Die kerke, sendingorganisasies en die breë Christelike gemeenskap is weer van die Bybelgenootskap afhanklik vir Bybels in die inheemse tale van ons land, asook ander verwante materiaal.

Hierdie studie het aangetoon dat daar 'n missionêre visie aanwesig is in die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, maar ook by die donateurskorps. Hierdie missionêre visie het inderdaad daartoe gelei dat die Christendom in Suid-Afrika gevestig kon word. Hierdie studie toon baie duidelik aan dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika 'n integrale deel van die missionêre speelveld in Suid-Afrika is, ook ten opsigte van die toekoms.

SUMMARY

The publication, by the Bible Society of South Africa, of the Bible in the indigenous languages of South Africa – a Missiological study.

The Naval Commissioner, Jaheel Brenton's passion and diligence regarding Bible distribution leads to the founding of the second Auxiliary of the British and Foreign Bible Society in Africa. This founding meeting takes place on 23 August 1820 under the chairmanship of the lieutenant-governor at the Cape, Sir Rufane Donkin.

Only in 1965 does the Bible Society of South Africa become an independent Bible Society and became immediately a contributing Society towards the World Service Programme of the United Bible Societies.

In 1970 the publication, God made it grow appears, describing the history of the Bible Society of South Africa from 1820 to 1970. A comprehensive study of this has not hitherto been executed. Reports are published annually but are directed at the contributing donors of the Bible Society of South Africa with relevant information conveyed in the form of summaries.

It is, however, remarkable that a missiological study has never been done on the activities of the Bible Society of South Africa. Considering the fact that the Bible Society is the only organization in South Africa which officially translates, produces and distributes the Bible in all our indigenous languages, one must question the relevance of this organization's activities towards the development of missionary actions in South Africa and Southern Africa.

Over the years the Bible Society's involvement regarding translation projects into the indigenous languages of our country has changed considerably. Nowadays, teams of translators are appointed in the service of the Bible Society. They do the translation on behalf of the Church, missionary organizations and the broader Christian community.

The Bible Society of South Africa maintains a unique relationship with the Church, missionary organizations and with the broader Christian community and a wide spectrum of co-operation exists. The Bible Society is dependant on the churches, missionary organizations and the broader Christian community for human resources and financial support. Accordingly, churches, missionary organizations and the broader Christian community are dependant on the Bible Society for Bibles and other related material in the indigenous languages of our country.

This study has indicated the presence of a missionary vision in the activities of the Bible Society of South Africa as well as their donors. Indeed this missionary vision has resulted in the establishment of Christianity in South Africa. This study clearly indicates that the Bible Society of South Africa is an integral part of the missionary playing-field in South Africa, also with regard to the future.